

**'n Verkennende studie na die vroulike adolessent met anoreksia
nervosa se belewenis van haar self**

deur

Hester Helena van der Spuy

Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad

Magister in Verbruikerswetenskap: Voedselbestuur

in die

Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe
Departement Verbruikerswetenskap
Universiteit van Pretoria

Junie 2003

Studieleier: Prof. Dr. Helena Maria de Klerk
Mede-studieleier: Dr. Rozanne Kruger



Opgedra aan Annamari

Hierdie studie is gedoen in volle afhanklikheid van die Here. My dank en lof aan Hom vir geleenthede, genade, gesondheid en die deernis vir mense in leed wat Hy my gegee het.

Ek wil graag die volgende persone bedank wat dit vir my moontlik gemaak het om die studie te doen:

- ❖ Professor Elmarie de Klerk, promotor, vir haar bekwame leiding, inspirasie, dryfkrag, stiptelikheid, motivering en veral haar aansteeklike entoesiasme. Dit was 'n groot voorreg om saam te werk
- ❖ Dokter Rozanne Kruger, mede-promotor vir waardevolle insette en aanmoediging.
- ❖ *Jana, Elna en Johlene* vir jul onskatbare bydrae tot hierdie studie. Daarsonder sou dit nie moontlik gewees het nie. Mag jul begeerte om ander sodoende te help, verwesenlik raak
- ❖ Kollegas vir bemoediging en in besonder vir Martha wie se saam-swaarkry menige dae van groot waarde was
- ❖ Trudie Strauch vir uiters bekwame tegniese versorging van die verhandeling. Dankie dat jy altyd gewillig was en nooit gekla het nie.
- ❖ Professor Piet de Kock vir taalversorging. U entoesiasme oor taal was aansteeklik.
- ❖ Raine smit en Nadine Marx, ondersteunende personeel. Jul bereidheid om altyd te help word opreg waardeer
- ❖ Vriendinne, vir volgehoue belangstelling en aanmoediging
- ❖ Ma Rina en skoonouers Dirk en Joy en vir baie gebede en aanmoediging
- ❖ My kinders, Karien, Dirkie, Talita en Teodor wie se aansporing, geduld, liefde en te-aandra kosbaar was. Jul eie toewyding en sukses in jul studies, beroepe en sport was 'n groot inspirasie
- ❖ Dirkie, my man. Sonder jou gebede, geduld, dryfkrag en begrip was dit nie moontlik nie.

BEDANKINGS.....	iii
LYS VAN FIGURE.....	xii
LYS VAN BYLAE	xiii
SUMMARY	xiv
HOOFSTUK 1: DIE STUDIE IN PERSPEKTIEF	1
1.1 INLEIDING	1
1.2 KONSEPTUELE RAAMWERK EN SPESIFIEKE DOELWITTE.....	6
1.3 BENADERING TOT EN VERLOOP VAN DIE STUDIE	9
HOOFSTUK 2: OORSIG VAN DIE LITERATUUR MET BETREKKING TOT DIE ADOLESSENT MET ANOREKSIA NERVOSA EN KONSEPTUA- LISERING BINNE DIE GEKOSE TEORETIESE PERSPEKTIEF.....	12
2.1 INLEIDING	12
2.2 DIE ADOLESSENTE ONTWIKKELINGSFASE.....	13
2.2.1 Fisieke ontwikkeling tydens adolessensie	14
2.2.2 Psigo-sosiale ontwikkeling tydens adolessensie.....	15
2.2.3 Kognitiewe ontwikkeling tydens adolessensie.....	17



2.3	VOEDSELKEUSE EN EETGEDRAG VAN DIE ADOLESSENT	18
2.3.1	Inleiding	18
2.3.2	Invloed van bepaalde psigologiese faktore op die eetgedrag van die adolessent	19
2.3.3	Invloed van bepaalde sosiale faktore op die eetgedrag van die adolessent	22
2.3.4	Invloed van bepaalde kognitiewe faktore op die eetgedrag van die adolessent	24
2.3.5	Samevatting	24
2.4	DIE ONTWIKKELING VAN 'N SOSIAAL-KOGNITIEWE KONSEPTU- ELE RAAMWERK.....	25
2.4.1	Fokus op die simboliese interaksionisme	25
2.4.2	Fokus op 'n sosiaal-kognitiewe perspektief.....	27
2.5	KONSEPTUALISERING BINNE 'N GEÏNTEGREERDE RAAMWERK....	29
2.5.1	Die adolessent met anoreksia nervosa in interaksie met haar self	29
2.5.1.1	Belewenis van die fisieke self	30
2.5.1.2	Belewenis van die materiële self	31
2.5.1.3	Belewenis van die geestelike self	32
2.5.1.4	Belewenis van die sosiale self	33
2.5.2	Die adolessent met anoreksia nervosa in interaksie met ander	34
2.5.2.1	Interaksie met betekenisvolle ander	34
2.5.2.2	Interaksie met verwysingsgroep ander.....	35
2.5.2.3	Interaksie met veralgemene ander	37
2.6	GEVOLGTREKKING EN IMPLIKASIES	39
HOOFSTUK 3:	NAVORSINGONTWERP	40
3.1	INLEIDING	40
3.2	GEKOSE KONSEPTUELE RAAMWERK EN SPESIFIEKE DOELWITTE	41

3.3	DIE KEUSE VAN 'N NAVORSINGSTRATEGIE EN -STYL VIR DIE STUDIE	42
3.4	KEUSE VAN STEEKPROEF	43
3.4.1	Eenheid van analise	43
3.4.2	Steekproefseleksie	43
3.5	KEUSE, BESKRYWING EN TOEPASSING VAN DATAHANTERING	44
3.5.1	Data-insamelingsmetodes	44
3.5.1.1	Onderhoudvoering	45
3.5.1.1.1	Ongestruktureerde onderhoudvoering aan hand van 'n skedule	45
3.5.1.1.2	In-diepte onderhoudvoering	45
3.5.1.2	Persoonlike dokumentasie	46
3.5.1.2.1	Stimulusmateriaal	47
3.5.2	Datavaslegging.....	47
3.5.2.1	Veldnotas	47
3.5.2.2	Bandopnames.....	48
3.5.3	Data-insamelingsprosedure	48
3.6	DATA-ANALISE	50
3.6.1	Oop-kodering.....	50
3.6.2	Aksiale kodering.....	52
3.6.3	Selektiewe kodering (tema-kodering)	52
3.7	GELOOFWAARDIGHEID VAN DIE STUDIE	53
3.8	DATA-AANBIEDING.....	53
 HOOFSTUK 4: RESULTATE, BESPREKING EN INTERPRETASIE:		
	RESPONDENT EEN	54
4.1	INLEIDING	54

4.2	PROFIEL VAN JANA	55
4.3	DIE VERLOOP VAN DIE ONDERSOEK	55
4.3.1	Eerste ontmoeting.....	55
4.3.1.1	Doel van ontmoeting.....	55
4.3.1.2	Die navorser se waarneming.....	56
4.3.2	Tweede ontmoeting	56
4.3.2.1	Doel van ontmoeting	56
4.3.2.2	Die navorser se waarneming.....	57
4.3.2.3	Aflewering van brief.....	58
4.3.3	Derde ontmoeting	58
4.3.3.1	Doel van ontmoeting.....	58
4.3.3.2	Die navorser se waarneming.....	58
4.3.3.3	Brief wat sy geskryf het.....	59
4.3.4	Vierde ontmoeting.....	60
4.3.4.1	Doel van ontmoeting.....	60
4.3.4.2	Verloop van ete-afspraak	61
4.4	BESPREKING VAN RESULTATE.....	63
4.4.1	Jana se belewenis van haar fisieke self	63
4.4.2	Jana se belewenis van haar sosiale self	67
4.4.3	Jana se belewenis van haar geestelike self	68
4.4.4	Jana se belewenis van haar self in interaksie met die gesin as betekenisvolle ander.....	74
4.4.5	Jana se belewenis van haar self in interaksie met die portuurgroep as verwysingsgroep ander.....	77
4.4.6	Jana se belewenis van haar self in interaksie met die media as veralgemene ander	79
4.4.7	Jana se belewenis van haar self in interaksie met haar self in interaksie met stereotipe as verwysingsgroep ander	80
4.4.8	Jana se gebruik van haar liggaam as simbool van bepaalde aspekte van haar geestelike self.....	81
4.4.9	Jana se gebruik van voedsel as simbool van bepaalde aspekte van haar self.....	82
4.4.10	Die gebruik van self-attribusie in die begrip van haar self.....	83

4.5	INTERPRETASIE MET BETREKKING MET JANA	84
HOOFSTUK 5: RESULTATE, BESPREKING EN INTERPRETASIE:		
	RESPONDENT TWEE	89
5.1	INLEIDING	89
5.2	PROFIEL VAN ELNA.....	89
5.3	DIE VERLOOP VAN DIE ONDERSOEK.....	90
5.3.1	Eerste ontmoeting.....	90
5.3.1.1	Doel van ontmoeting.....	90
5.3.1.2	Die navorser se waarneming.....	90
5.3.2	Tweede ontmoeting.....	92
5.3.2.1	Doel van ontmoeting.....	92
5.3.2.2	Die navorser se waarneming.....	92
5.3.3	Derde ontmoeting.....	93
5.3.3.1	Doel van ontmoeting.....	93
5.3.3.2	Die navorser se waarneming.....	93
5.3.3.3	Brief wat sy geskryf het.....	93
5.3.4	Vierde ontmoeting.....	94
5.3.4.1	Doel van ontmoeting.....	94
5.3.4.2	Verloop van ete-afspraak.....	94
5.4	BESPREKING VAN RESULTATE	95
5.4.1	Elna se belewenis van haar fisieke self.....	95
5.4.2	Elna se belewenis van haar sosiale self.....	98
5.4.3	Elna se belewenis van haar geestelike self.....	99
5.4.4	Elna se belewenis van haar self in interaksie met haar gesin as betekenisvolle ander.....	105
5.4.5	Elna se belewenis van haar self in interaksie met die portuurgroep as verwysingsgroep ander.....	111
5.4.6	Elna se belewenis van haar self in interaksie met haar sportafigter as betekenisvolle ander.....	113
5.4.7	Elna se belewenis van haar self in interaksie met haar	

	onderwysers as betekenisvolle ander	113
5.4.8	Elna se belewenis van haar self in interaksie met die media as veralgemene ander.....	114
5.4.9	Elna se belewenis van haar self in interaksie met stereotipe as veralgemene ander.....	115
5.4.10	Elna se gebruik van haar liggaam as simbool van bepaalde aspekte van haar geestelike self	115
5.4.11	Elna se gebruik van voedsel as simbool van bepaalde aspekte van haar self	116
5.4.12	Elna se gebruik van self-attribusie in die begrip van haar self.....	119
5.5	INTERPRETASIE MET BETREKING TOT ELNA	120
HOOFSTUK 6: RESULTATE, BESPREKING EN INTERPRETASIE:		
	RESPONDENT DRIE.....	124
6.1	INLEIDING	124
6.2	PROFIEL VAN JOHLENE	124
6.3	DIE VERLOOP VAN DIE ONDERSOEK.....	125
6.3.1	Eerste ontmoeting.....	125
6.3.1.1	Doel van ontmoeting.....	125
6.3.1.2	Die navorser se waarneming.....	125
6.3.2	Tweede ontmoeting.....	127
6.3.2.1	Doel van ontmoeting.....	127
6.3.2.2	Die navorser se waarneming.....	127
6.3.2.3	Voorbeeld van brief wat geskryf is.....	127
6.3.3	Derde ontmoeting.....	132
6.3.3.1	Doel van ontmoeting.....	132
6.3.3.2	Die navorser se waarneming.....	133
6.3.4	Vierde ontmoeting.....	133
6.3.4.1	Doel van ontmoeting	133
6.4	BESPREKING VAN RESULTATE.....	134



6.4.1	Johlene se belewenis van haar fisieke self	134
6.4.2	Johlene se belewenis van haar sosiale self	140
6.4.3	Johlene se belewenis van haar geestelike self	144
6.4.4	Johlene se belewenis van haar self in interaksie met die gesin as betekenisvolle ander.....	155
6.4.5	Johlene se belewenis van haar self in interaksie met haar portuurgroep as verwysingsgroep ander	160
6.4.6	Johlene se belewenis van haar self in interaksie met die media as veralgemene ander.....	161
6.4.7	Johlene se belewenis van haar self in interaksie met stereotipe as verwysingsgroep ander	162
6.4.8	Johlene se gebruik van haar liggaam as simbool van bepaalde aspekte van haar geestelike self.....	162
6.4.9	Johlene se gebruik van voedsel as simbool van bepaalde aspekte van haar self	163
6.4.10	Johlene se gebruik van self-attribusie in die begrip van haar self ...	164
6.5	INTERPRETASIE MET BETREKKING TOT JOHLENE.....	165
HOOFSTUK 7:	GEVOLGTREKKING, HIPOTEESES, EVALUERINGS EN AANBEVELINGS	169
7.1	INLEIDING	169
7.2	GEVOLGTREKKINGS	170
7.2.1	Agtergrond met betrekking tot die aanbieding van die gevolgtrekkings.....	170
7.2.2	Gevolgtrekking met betrekking tot die adolessent met anoreksia nervosa se belewenis van haar self.....	171
7.3	VERDERE NAVORSINGSMOONTLIKHEDE	183
7.4	EVALUERINGS	184
7.4.1	Inleiding	184
7.4.2	Geloofwaardigheid van die studie.....	184
7.4.3	Evaluering van die data-insamelingsmetodes en die	



	bruikbaarheid daarvan vir ander navorsers	186
7.4.4	Die bereiking van die doelwitte wat vir hierdie navorsing gestel is..	187
7.4.5	Bydraes tot die voedingteorie	188
7.4.5.1	Die simboliese interaksionisme en 'n sosiaal-kognitiewe perspektief vir die bestudering van mense se eetgedrag.....	189
7.4.5.2	Die rol van bepaalde geestelike eienskappe van die adolessent in die ontstaan en ontwikkeling van anoreksia nervosa	192
7.4.5.3	Die rol van die fisieke self in die ontstaan en ontwikkeling van anoreksia nervosa by die vroulike adolessent.....	193
7.4.5.4	Die rol van ander in die ontstaan en ontwikkeling van anoreksia nervosa by die vroulike adolessent.....	196
7.5	AANBEVELINGS	198
7.5.1	Aanbevelings met betrekking tot navorsing op die gebied van eetversteurings met spesifieke verwysing na anoreksia nervosa	198
7.5.2	Aanbevelings met betrekking tot die terapeutiese program van die adolessent met anoreksia nervosa	198
	LITERATUURVERWYSINGS	199

LYS VAN FIGURE



FIGUUR 1:	KONSEPTUELE RAAMWERK	8,41
-----------	----------------------------	------



BYLAAG A.....	206
---------------	-----

THE EXPLANATORY STUDY OF THE ADOLESCENT FEMALE WITH ANOREXIA NERVOSA IN EXPERIENCING HER SELF

by

HESTER HELENA VAN DER SPUY

Supervisor: Prof. Dr. Helena Maria de Klerk
Co-supervisor: Dr. Rozanne Kruger
Department: Consumer Science
Degree: Master in Consumer Science: Food Management

SUMMARY

The experiencing by the female adolescent, with anorexia nervosa, of her self was studied from the perspectives of symbolic interactionism and social cognition.

Aspects from theory and literature that were significant and formed the foundation of the study were:

- the respondent's experience of her physical, social and spiritual self
- the role of her family as significant other in her experiencing of her self
- the role of her peer group as referral group other in her experiencing of her self
- the role of the media as generalized other in her experiencing of her self
- the role of stereotypes in her experiencing of her self
- the respondent's use of her body as symbol of specific aspects of her spiritual self
- the respondent's use of food / the eating of food as symbol of specific aspects of her self
- the function of self attribution in her experiencing of herself

The study concerned three women aged 23 who, according to acknowledged criteria, had been diagnosed in their teens with anorexia nervosa.

A qualitative research style was selected with in-depth interviews as the main method for collecting the data. Specific stimulation techniques were used to put the participants in a responsive position in which they could give spontaneous expression to their experiences without being directed by the researcher. Verbatim transcriptions of the interviews as well as descriptions of the interview situations were used for discussions and interpretations of the results, taking into account the specific, set goals for the study.

With regard to the three respondents, it was determined for each that:

- she had a specific, unique experience of her spiritual self and is abundantly aware of aspects of her spiritual self
- the father as significant other plays a noteworthy part in her experiencing of her spiritual self
- the physical self serves as symbol of specific aspects of her spiritual self
- food serves as symbol of specific aspects of her spiritual self
- self attribution has a role in her understanding of her self and her behaviour
- she experiences her social self negatively
- she persists in her own mental process of the stereotype: "to be thin is to be good"
- it is possible that the peer group does not have such an important part in the experiencing of her self.

The following recommendations were made:

- that this choice of perspectives and accompanying methods could be used more often by researchers in studying eating disorders and specifically anorexia nervosa
- that therapists should keep in mind that negative remarks about the physical self and eating behaviour will not have the desired results and that the nutrition therapy should not be started immediately
- that therapy could be based on the adolescent's wish to be in control and that the required respect should be allowed for her religious views about food.

HOOFSTUK 1

DIE STUDIE IN PERSPEKTIEF

1.1 INLEIDING

Eetversteurings word beskryf as versteurings in eetgedrag wat 'n persoon se fisieke en psigologiese gesondheid benadeel (Whitney & Rolfes, 1999:282). Eetversteurings is 'n kategorie van ernstige versteurings in eetgedrag en sluit onder meer anoreksia nervosa in. Anoreksia nervosa kan beskryf word as 'n eetversteuring wat gekenmerk word deur ekstreme uithongering, die weiering om 'n minimale liggaamsmassa te behou en 'n versteurde persepsie van liggaamsmassa en liggaamsvorm (Whitney, Cataldo, De Bruyne & Rolfes, 2001:160). Anoreksia nervosa is een van die eetversteurings wat onder adolessente voorkom en word deur verskeie teoretici as 'n wesenlike probleem bevestig (Fabian & Thompson, 1989; Neumark-Sztainer & Story, 1998; McIntosh, 1999; Kowalski, 2000; Field, Camargo, Taylor, Berkey, Roberts & Colditz, 2001). Eetversteurings hou uiters gevaarlike komplikasies in vir 'n persoon se gesondheid en word geassosieer met betekenisvolle mortaliteit en morbiditeit (McIntosh; 1999:6, Kowalski, 2000; Position statement of the American Dietetic Association: 1998). Psigologies is dit ook uiters afbrekend (Kowalski, 2000). Die behepthed met slankheid wat dikwels deur die portuurgroep en massamedia versterk word, hou verband met eetversteurings wat veral tydens adolessensie aangetref word (Thom, Louw, van Ede & Ferns, 1998:389).

Die aard en etiologie van die manifestering van eetversteurings blyk multifaktoraal van aard te wees. "Eating disorders are complex disorders involving two sets of issues and behaviours: those directly relating to food and weight and those involving the relationship with oneself and others" (Position statement of the American Dietetic Association: 1992). Bloom (1999:45) verduidelik die kompleksiteit as volg: "Therapists who work with clients on food issues know that our relationship with food affect us on every level of our existence: physically, mentally, emotionally ... and spiritually. Because when we feed our bodies, we feed our souls as well". Volgens Barlow en Durand (1999:237) kan biologiese, psigologiese en sosiale faktore tot die ontwikkeling van ernstige eetversteurings bydra.

Die abnormale eetgedrag, pre-okkupasie met voedsel en massa, en 'n wanpersepsie aangaande voedsel en liggaamsbeeld wat by hierdie persone manifesteer, vestig die aandag op die rol wat die voedingspesialis moontlik in die voorkoming van hierdie afwykings kan speel. Moore (1993) pleit dat die identifikasie van adolessente wat betrokke is by dié onaanvaarbare praktyke, in roetine gesondheids instandhoudingsondersoeke moet plaasvind om sodoende geskikte voeding- en psigologiese intervensie te kan toepas. Kirkley (1986) beklemtoon ook die voedingkundige se rol in die identifisering van individue wat 'n hoë risiko het om eetversteurings te ontwikkel. Barlow en Durand (1999:246) bevestig die belang van voorkomende metodes in die ontwikkeling van anoreksia nervosa omdat die behandeling daarvan uiters gekompliseerd is. Eetversteurings word beskou as die derde hoogste mees algemene chroniese siektetoestand by vroulike adolessente. Vyf persent van vroue en een persent van mans ly aan eetversteurings (Position statement of the American Dietetic Association: 1998).

Alhoewel daar reeds heelwat navorsing gedoen is oor moontlike oorsake vir die ontstaan van anoreksia nervosa, is meeste van die navorsing kwantitatief van aard (Thompson & Chad, 2000; Hill & Bhatti, 1995; Bloom, 1999; Fabian & Thompson, 1989). Min kwalitatiewe navorsing is tot op hede gedoen om die probleem van eetversteurings in 'n geheel te sien en te verstaan. Die gevolg is dat enkele faktore of oorsake dikwels uitgelig word as redes vir die ontstaan van anoreksia nervosa sonder dat die verskynsel in die geheel verstaan word. Die doel van hierdie studie is dus om die probleem in geheel te sien en meer insig te kry oor die belewenis van die adolessent met anoreksia nervosa van haar self. Daar word nie gesoek na enkele veroorsakende faktore nie, maar wel na die verweefdheid van al die moontlike oorsake.

Vanuit die literatuur met betrekking tot die ontwikkeling van die adolessent blyk dit duidelik dat die adolessent op fisieke, psigo-sosiale en kognitiewe vlakke vinnig ontwikkel en verander (Thom *et al*, 1998). Dit blyk verder dat bepaalde psigologiese, sosiale en kognitiewe faktore 'n invloed mag hê op die adolessent en spesifiek ook die adolessent met anoreksia nervosa se voedselkeuse en eetgedrag (Fabian & Thompson, 1989).

Dit is duidelik dat die adolessent met anoreksia nervosa dikwels oor bepaalde psigologiese kenmerke beskik wat moontlik haar eetgedrag kan beïnvloed. Sy is jonk en prestasie-georiënteerd. Sy het 'n oorweldigende gevoel van onbevoegdheid en oneffektiwiteit, maar het 'n sin vir verantwoordelikheid (alhoewel dit nie geld vir haar gesondheid nie). Adolessente met anoreksia nervosa beskou hulself as reaktief eerder as proaktief (Fieldhouse, 1995:190). Superieure prestasie beteken vir hierdie adolessent om 'n baie maer

figuur volgens die mode-ideaal te hê (Kaiser, 1990:104; Tiggemann & Dyer, 1995). Die weiering om genoeg te eet, is die uitstaande kenmerk van die siektetoestand (Wardlaw, 1999:351). Sy toon dus 'n baie sterk wilskrag. Dit word gesien in haar vermoë om normale, fisiologiese behoeftes aan voedsel (honger) in 'n groot mate te ignoreer. Sy is kompetend van aard en soms obsessief. In baie gevalle is daar konflik in die gesinstruktuur en word daar hoë verwagtings van haar gekoester (Hart & Kenny, 1997; Bloom, 1999; Blades, 2001). Hierdie eetversteuring stel haar in staat om kontrole uit te oefen in 'n andersins kragtlose bestaan. Om massa te verloor is moontlik haar eerste sukses wat sy onafhanklik behaal (Wardlaw, 1999:352). Wardlaw (1999:352) beklemtoon ook haar sin vir perfeksionisme en die feit dat sy haar geestelike selfwaarde ooreenkomstig haar selfkontrole evalueer. Deur die grootte van haar liggaam te manipuleer, ervaar sy kontrole oor haar lewe (Kaiser, 1990:104). Adolessent met anoreksia nervosa ervaar dikwels 'n gevoel van mislukking met betrekking tot menslike verhoudings en isoleer hulself sosiaal. Hul vervang die wêreld van sosiale verhoudings met 'n wêreld van voedsel, eet en massabeheer (Kaiser, 1990:104; Wardlaw, 1999:352).

Adolesente en spesifiek die adolessent met anoreksia nervosa se voedselkeuse en eetgedrag word ook deur eksterne faktore, soos byvoorbeeld ander individue en groepe waarmee sy van dag tot dag in haar sosiale lewe te doen kry, beïnvloed.

Ouers se voedselkeuses en voedselbereidingmetodes beïnvloed die gesin se voedselvoorkeure en voedselkeuse (Blades, 2001). Adolesente kan byvoorbeeld sekere voedsels weier om sodoende te illustreer dat hul ouers nie meer beheer het oor hulle nie (Blades, 2001). Die langtermyn, intieme assosiasie tussen ouers en kinders het 'n sterk invloed op die voedselkeuse van kinders (McKee & Harden, 1990). Field *et al* (2001) het bevind dat die invloed van ouers kan lei tot besorgdheid oor massa wat gepaard gaan met verslankingsdiëte op gereelde grondslag. Volgens Bloom (1999) kan sommige individue eetsteurnisse ontwikkel in 'n poging om ouers se onredelike verwagtings (ook met betrekking tot voedselkeuse) te hanteer.

Dit is duidelik dat die portuurgroep ook 'n belangrike invloed op die adolessent se voedselkeuse en eetgedrag kan hê. Interaksie met die portuurgroep is vir adolessente 'n belangrike sosiale aktiwiteit. Tergery oor oormassa, veral in die preadolessente stadium, kan soms aanleiding gee tot eetsteurnisse en moet nooit onderskat word nie. Hierdie uiters skadelike vorm van terugvoering kan selfs tot op die volwasse stadium 'n uiters skadelike uitwerking hê (Burns, 1981:153; Fabian & Thompson, 1989). 'n Kenmerk van adolessente portuurgroepverhoudings is die toename in konformiteit. Konformiteit verwys na die neiging

om toe te gee aan sosiale druk. Oormatige konformering met die portuurgroep kan onder andere daartoe lei dat adolessente by hoë-risikogedrag betrokke raak (Thom *et al*, 1998:458).

Die massamedia se siening asook dié van individue soos sportafrigters, modelle in die modewêreld en televisiepersoonlikhede kan tydens adolessensie 'n belangrike faktor in die adolessent se voedselkeuse en eetgedrag wees (Kaiser 1990:104). Daar word dikwels geweldige druk geplaas op hierdie groep deur afrigters en deur die adolessent self om aan onrealistiese eise te voldoen. Uit vrees dat sy sal misluk of moontlik haar posisie in 'n span sal verloor, sal sy selfs bereid wees om lewensgevaarlike eetpraktyke en gepaardgaande voedselkeuses te beoefen (Bealls & Manore, 1998).

Dit is duidelik dat die adolessent wat ook kognitief ontwikkel, geneig is tot egosentrisme en om haarself en haar probleme as uniek te ervaar, en haarself te verbeeld dat ander mense net so bewus en begaan oor aspekte van haarself is (byvoorbeeld haar fisieke self) soos wat sy self is. Sy dink ook nie net meer konkreet nie, maar toenemend abstrak (Gormly & Brodzinsky, 1989:311; Thom *et al*, 1998:423). Dit kan lei tot nuwe denkpatrone met betrekking tot haar voedselkeuse en eetgedrag.

Ten spyte van heelwat navorsing met betrekking tot anoreksia nervosa het min van die navorsing tot dusver vanuit 'n sosiaal-kognitiewe perspektief gefokus op die innerlike belewenis van die adolessent met anoreksia nervosa asook die identifisering van eetgedrag en eienskappe wat kan aanleiding gee tot hierdie eetversteuring (Fabian & Thompson, 1989; Field *et al*, 2001). Met 'n benadering wat fokus op die sosiaal-kognitiewe belewenisse van die vroulike adolessent met anoreksia nervosa kan 'n waardevolle bydrae gemaak word tot 'n beter begrip van hierdie persoon se optrede (Fabian & Thompson, 1989). Die simboliese interaksionisme en 'n sosiaal-kognitiewe perspektief word dus vir hierdie studie as vertrekpunte geneem. Aangesien die studie van die adolessent met anoreksia nervosa se belewenis van haarself vanuit die simboliese interaksionistiese en 'n sosiaal-kognitiewe perspektief 'n relatief nuwe benadering is, behoort die gebruik van die perspektiewe in hierdie studie ook lig te werp op die nut en sinvolheid daarvan vir die bestudering van eetversteurings.

Die simboliese interaksionisme fokus veral op sosiale interaksie en op die dinamiese, sosiale aktiwiteite wat tydens interaksie-situasies tussen mense asook binne die individu self plaasvind (Charon, 1998: 27-28). Simboliese interaksionisme met onderliggende aannames en bepaalde konsepte, belig dit wat in interaksie nie net tussen individue gebeur nie, maar

ook in die individu self. Die simboliese interaksie teorie is 'n mikro-vlak teorie wat fokus op subjektiewe interpersoonlike betekenisse en die wyse waarop daar interaksie tussen persone deur middel van verbale en nie-verbale simbole plaasvind. Die volgende aannames en konsepte is vir hierdie studie ter sprake:

- Menslike handeling word nie net deur sosiale interaksie bepaal nie, maar ook deur interaksie met die self wat gesien kan word as 'n objek bestaande uit die fisieke self (die liggaam), die materiële self (kleding, besittings, voedsel en so meer), die geestelike self (wat aspekte soos die persoonlikheidskenmerke, waardes, houdings en so meer insluit) en die sosiale self (die persoon as deel van die groep, gemeenskap, en so meer).
- Die self ontwikkel tydens interaksie met ander mense wat nie net aan die individu terugvoering gee met betrekking tot die self nie, maar met wie die individu haarself ook vergelyk (Festinger & Cooley in Kaiser, 1990:165,172). Hierdie ander mense sluit in: betekenisvolle ander (gesin en geliefdes), verwysingsgroep ander (groepe waaraan die individu behoort en graag aan wil behoort en persone/groepe met wie sy identifiseer) en veralgemene ander (mense in die algemeen, kultuurgroep, stereotipes, mode-ideaal, en so meer). Vir die vroulike adolessent met anoreksia nervosa kan die ander met wie sy haar self vergelyk en van wie sy terugvoering kry 'n betekenisvolle rol speel in haar ontwikkeling en belewenis van haarself, wat weer haar gedrag in 'n bepaalde rigting mag stuur.
- Sosiale interaksie met ander en met die self binne 'n gedefinieerde situasie is dus sentraal tot die perspektief.

In aansluiting by die simboliese interaksionisme lê 'n sosiaal-kognitiewe benadering veral klem op die kognitiewe prosesse wat mense tydens interaksie met die self en met ander gebruik ten einde bepaalde persepsies te vorm. Sodoende kan sy ander en haar eie gedrag moontlik beter verstaan, sin daaruit maak en uiteindelik dan weer haar eie gedrag dienoreenkomstig rig (Baron & Byrne, 1987:76). Die volgende aannames en konsepte is vir hierdie studie ter sprake:

- Objekte soos klere, voedsel en persoonlike voorkoms word dikwels gebruik om sosiale interaksie te vereenvoudig en sin daaruit te maak. Hierdie objekte dien dikwels as simbole en kan betekenend wees met betrekking tot die self en ander asook bydra tot die proses van persepsievorming (Kaiser, 1990:165).

- Mense streef na 'n mate van eenvormigheid en kontinuïteit in hul persepsies en gebruik verskeie kognitiewe kortpaaie en strategieë soos self-skemata en stereotipering ten einde 'n persepsie redelik vinnig en akkuraat te kan vorm. Denkkortpaaie en strategieë wat die mens mettertyd ontwikkel stel hom in staat om die omstandighede waarin hy verkeer te hanteer en om op 'n effektiewe wyse sin te maak uit die komplekse sosiale wêreld waarin hy leef en dan sy eie gedrag weer daarvolgens te rig (Baron & Byrne, 1987:77).
- Skematas is kognitiewe strukture of raamwerke wat die mens in staat stel om groot hoeveelhede diverse informasie omtrent hulself, ander en gebeure op 'n effektiewe wyse te organiseer (Fiske & Taylor aangehaal in Baron & Byrne, 1987:77). Hierdie kognitiewe raamwerke besit informasie relevant tot die spesifieke situasie, gebeure of persoon, byvoorbeeld 'n self-skemata wat volgens Baron en Byrne (1987:95) die individu se eie, georganiseerde prentjie is van alle aspekte van sy self.
- Kategorisering is die eerste kognitiewe stap wat lei tot stereotipering. 'n Stereotipe sou volgens Baron en Byrne (1987:101-103) gesien kan word as 'n vaste, georganiseerde en onbuigsame skemata van bepaalde rolle en gebeure.
- Die mens is gemotiveer om sosiale gebeure en uitkomst te verduidelik ooreenkomstig mense en situasies. Die mens het 'n basiese, ingebore behoefte om te weet waarom dinge gebeur en waarom mense en die persoon self optree soos hulle optree. Hierdie sogenaamde proses van attribusie en self-attribusie is nie net intern van aard nie, maar eksterne informasie word gebruik om mee te weeg en te evalueer.

Vanuit die voorafgaande, bondige redenasies met betrekking tot die gebruik van die simboliese interaksionisme en 'n sosiaal-kognitiewe perspektief as vertrekpunt in die bestudering van die vroulike adolessent met anoreksia nervosa, is die volgende skematiese konseptuele raamwerk vir hierdie studie voorgestel.

1.2 KONSEPTUELE RAAMWERK EN SPESIFIEKE DOELWITTE

In die ontwikkeling van die sosiaal-kognitiewe raamwerk van hierdie studie is daar dus van die standpunt uitgegaan dat die vroulike adolessent met anoreksia nervosa:

- 'n aktiewe dinamiese wese is wat verantwoordelikheid neem vir haar eie gedrag
- 'n self het wat uit verskillende aspekte bestaan, wat in interaksie met haarself en ander individue en groepe ontwikkel en wat rigting gee aan haar gedrag


- in staat is om haar self en haar gedrag te evalueer en 'n bepaalde persepsie daaromtrent te ontwikkel
- van kognitiewe strukture en strategieë gebruik maak om haarself en haar gedrag, die situasie waarin sy haar bevind, asook ander persone en hulle gedrag te verstaan ten einde weer haar eie gedrag daarvolgens te rig.

So 'n benadering bied aan die navorser die geleentheid om die vroulike adolessent met anoreksia nervosa in totaliteit te bestudeer met die doel om haar gedrag te verstaan, in stede daarvan om enkele faktore of moontlike oorsake vir haar gedrag te probeer identifiseer. Dit gee aan die navorser die geleentheid tot ryke beskrywing van haar gedrag, in stede daarvan om slegs tot 'n oorsaak-en-gevolg gevolgtrekking te kom. Dit bied laastens aan die navorser die geleentheid tot 'n kwalitatiewe benadering tot die studie asook die gebruik van kreatiewe, kwalitatiewe data-insamelingsmetodes as deel van die navorsingsontwerp.

Die vraag waarom dit dus in hierdie studie gaan is: Hoe beleef die vroulike adolessent met anoreksia nervosa haar self?

Subvrae wat dus vanuit die voorafgaande vir hierdie studie na vore kom en as spesifieke doelwitte dien is:

- Hoe beleef die vroulike adolessent met anoreksia nervosa haar fisieke self?
- Hoe beleef die vroulike adolessent met anoreksia nervosa haar sosiale self?
- Hoe beleef die vroulike adolessent met anoreksia nervosa haar geestelike self?
- Watter rol speel die gesin as betekenisvolle ander in die vroulike adolessent met anoreksia nervosa se belewenis van haar self?
- Watter rol speel die portuurgroep as verwysingsgroep ander in die vroulike adolessent met anoreksia nervosa se belewenis van haar self?
- Watter rol speel die media as veralgemene ander in die vroulike adolessent met anoreksia nervosa se belewenis van haar self?
- Watter rol speel stereotipe as veralgemene ander in die vroulike adolessent met anoreksia nervosa se belewenis van haar self?
- Gebruik die vroulike adolessent met anoreksia nervosa haar liggaam as simbool van bepaalde aspekte van haar geestelike self?
- Gebruik die vroulike adolessent met anoreksia nervosa voedsel/die eet van voedsel as simbool van bepaalde aspekte van die self?



FIGUUR 1.1: KONSEPTUELE RAAMWERK

- Funksioneer self-attribusie by die vroulike adolessent met anoreksia nervosa in die begrip van haar self?

1.3 BENADERING TOT EN VERLOOP VAN DIE STUDIE

Na 'n deeglike bestudering van die literatuur en navorsing op die gebied van anoreksia nervosa by die adolessent, die simboliese interaksionisme asook 'n sosiaal kognitiewe perspektief, is 'n kwalitatiewe navorsingstyl vir hierdie studie gekies. Sodoende kon daar gekonsentreer word op die adolessent met anoreksia nervosa se beleweniswêreld. Daar is van twee tipes data-insamelingsmetodes gebruik gemaak naamlik in-diepte onderhoude en persoonlike dokumentasie. Stimulustegnieke is gebruik tydens die onderhoude om spontane respons te ontlok. Deur gebruik te maak van 'n verskeidenheid data-insamelingsmetodes is intermetodiese kruisvalidasie in die studie ingebou. Die vernaamste data-insamelingsmetode was die in-diepte onderhoud aangesien dit buigsaam en aanpasbaar was. Dit word beskou as 'n kunsvorm en die navorser se vaardigheid, kennis, intuïsie en aanpasbaarheid maak belangrike elemente daarvan uit (Kvale, 1996:312).

Met die literatuur en die doelwitte van hierdie studie in gedagte is drie jong volwasse vroue (23 jaar oud) wat tydens adolessensie gediagnoseer is met anoreksia nervosa gebruik as steekproef. 'n Volledige beskrywing en motivering van die steekproef, die keuse en aard van die data-insamelingsmetodes asook die geloofwaardigheid van die studie word in **HOOFSTUK 3** gegee.

Parafrases van die onderhoude sowel as situasiebeskrywings en profielbeskrywings word in die hoofstukke wat handel oor resultate (**HOOFSTUK 4**, **HOOFSTUK 5** en **HOOFSTUK 6**) aangebied. Die parafrases het gedien om die resultate met betrekking tot spesifieke doelwitte te verifieer. Vervolgens is daar 'n interpretasie gemaak met betrekking tot elke respondent. In **HOOFSTUK 7** is daar met betrekking tot die drie respondente tot 'n gevolgtrekking gekom.

Die skriftelike weergawe weerspieël in effek die praktiese ontwikkeling van die navorsing. Dit word in 7 hoofstukke aangebied naamlik:

HOOFSTUK 1: DIE STUDIE IN PERSPEKTIEF

**HOOFSTUK 2: OORSIG VAN LITERATUUR MET BETREKKING TOT DIE
ADOLESENT MET ANOREKSIA NERVOSA EN KONSEP-
TUALISERING BINNE DIE GEKOSE TEORETIESE PERSPEKTIEF**

HOOFSTUK 3: NAVORSINGSONTWERP

HOOFSTUK 4: RESULTATE EN INTERPRETASIE: RESPONDENT EEN

HOOFSTUK 5: RESULTATE EN INTERPRETASIE: RESPONDENT TWEE

HOOFSTUK 6: RESULTATE EN INTERPRETASIE: RESPONDENT DRIE

HOOFSTUK 7: GEVOLGTREKKING, HIPOTEESES, EVALUERINGS EN AANBEVELINGS

Die volledige verbatim transkripsies van al drie respondente is op aanvraag beskikbaar. Die verbatim transkripsies wat gebruik is om die resultate met betrekking tot spesifieke doelwitte te verifieer, is feitlik onveranderd geplaas. Minimale taalversorging is gedoen om sodoende die rykheid daarvan weer te gee en nie aan die betekenis van die data te verander nie. Die direkte aanhalings van die respondente is kursief en in vet letterskrif gedruk terwyl die gedeeltes wat deur hul geskryf is op dieselfde wyse weergegee is, maar ook tussen hakies geplaas is.

Die wyse waarop die data-analise gedoen is, word in 'n voorbeeld in **BYLAAG A** uiteengesit.

Soms word na die adolessent met anoreksia nervosa verwys om onnodige herhaling uit te skakel. Die leser moet aanvaar dat daar eintlik na die vroulike adolessent verwys word. In al drie gevalle is daar van skuilname gebruik gemaak.

Aangesien die studie vanuit die simboliese interaksionisme gedoen is, word die konsep "haar self" in sommige gevalle as twee woorde geskryf. Die taalversorger verduidelik dit as volg: "Die losskryf van hierdie konsep kom ter sprake waar dit gaan om 'n beskouing / interpretasie van die 'self' as 'n entiteit, as die voorwerp wat nader toeligting benodig".

Weens die rykheid van die sensitiewe data is voldoende verbatim aanhalings uit die getranskribeerde onderhoude in die resultate gebruik omdat dit bydra tot begripvorming van die adolessent met anoreksia nervosa se belewenis van haar self.



Gevolgtrekkings in HOOFSTUK 7 het slegs betrekking op die respondente wat deel gehad het aan die studie en kan nie veralgemeen word nie. Alhoewel daar gepraat word oor die adolessent met anoreksia nervosa hou dit net verband met die drie respondente wat deelgeneem het aan die studie.

OORSIG VAN DIE LITERATUUR MET BETREKKING TOT DIE ADOLESENT MET ANOREKSIA NERVOSA EN KONSEPTUALISERING BINNE DIE GEKOSE TEORETIESE PERSPEKTIEF

2.1 INLEIDING

Eetversteurings word beskryf as versteurings in eetgedrag wat 'n persoon se fisieke en psigologiese gesondheid benadeel (Whitney & Rolfes, 1999:282). Eetversteurings is 'n kategorie van ernstige versteurings in eetgedrag en sluit onder meer anoreksia nervosa in. Anoreksia nervosa kan beskryf word as 'n eetversteuring wat gekenmerk word deur ekstreme selfuithongering, die weiering om 'n minimale liggaamsmassa te behou en 'n versteurde persepsie van liggaamsmassa en liggaamsvorm (Whitney *et al*, 2001:160). Volgens menige skrywers en navorsers, waaronder Fabian en Thompson (1989), Neumark-Sztainer en Story (1998), McIntosh (1999), Kowalski (2000) en Field *et al*, (2001) is eetversteurings 'n wesenlike probleem by adolessente en is anoreksia nervosa een van die eetversteurings wat onder adolessente voorkom. Fieldhouse (1995:188) beweer dat obesiteit en anoreksia nervosa toestande is wat ontstaan as gevolg van, of kan lei tot abnormale voedselinnamepatrone wat totaal geskei is van die werklike fisiologiese behoefte. Anoreksia nervosa word verder deur die Dorland's Pocket Medical Dictionary (1982:43) gedefinieër: as "...a psycho-physiologic condition, usually seen in girls and young women, characterised by severe and prolonged inability or refusal to eat, sometimes accompanied by spontaneous or induced vomiting, extreme emaciation, amenorrhea (impotence in males), and other biological changes". Volgens die American Psychiatric Association, Fourth Edition soos aangehaal deur onder meer "The Position statement of the American Dietetic Association" (1998) en Wardlaw en Kessel (2002:602) word die volgende diagnostiese kriteria gebruik om pasiënte met anoreksia nervosa te diagnoseer:

- 'n liggaamsmassa van minder as 85% van die ideaal

- 'n Intense vrees vir enige massatoename
- 'n versteuring in die wyse waarop die persoon haar liggaam, massa of liggaamsbou evalueer of ontkenning van die erns om 'n liggaamsmassa volgens die liggaamsmassa-indeks te hê
- amenoree in drie agtereenvolgende menstruele siklusse.

Ten einde die verskynsel van anoreksia nervosa tydens adolessensie te verstaan en dit vir hierdie studie te integreer met 'n gekose teoretiese perspektief, word daar aandag gegee aan die volgende aspekte:

- die adolessente ontwikkelingsfase
- voedselkeuse van die adolessent
- die ontwikkeling van 'n sosiaal-kognitiewe konseptuele raamwerk
- konseptualisering van die teorie met betrekking tot anoreksia nervosa binne 'n sosiaal-kognitiewe raamwerk
- gevolgtrekking en implikasies vir die navorsing.

2.2 DIE ADOLESSENTE ONTWIKKELINGSFASE

Adolessensie is die ontwikkelings stadium tussen die kinderjare en volwassenheid. Die aanvangsouderdome wat vir adolessente gegee word, wissel tussen 11 en 13 jaar terwyl die einde van die adolessensie as tussen 17 en 21 jaar aangedui word (Thom *et al*, 1998:388). Aldus menige teoretici is dit meer sinvol om adolessente se ontwikkelingsfase met verwysing na spesifieke fisieke, psigo-sosiale en kognitiewe ontwikkelingskenmerke te beskryf, as bloot op grond van kronologiese ouderdom (Thom *et al*, 1998:388).

Vervolgens word dus aandag geskenk aan die ontwikkeling van die adolessent soos wat dit moontlik met die ontstaan van anoreksia nervosa verband mag hou. Dit sluit die volgende in:

- fisieke ontwikkeling tydens adolessensie
- psigo-sosiale ontwikkeling tydens adolessensie
- kognitiewe ontwikkeling tydens adolessensie.

2.2.1 Fisieke ontwikkeling tydens adolessensie

Adolessensie gaan gepaard met omvangryke fisieke ontwikkeling. Vroeë adolessensie word gekenmerk deur vinnige en omvattende fisieke groei en die ontwikkeling van seksuele rypheid. Hierdie periode staan as puberteit bekend (Gormly & Brodzinsky, 1989:295; Thom *et al*, 1998:393). Hoewel al die liggaamsdele vinnig groei, is die groeitempo van die verskillende liggaamsdele oneweredig. Hierdie verskynsel staan bekend as asinchroniese groei (Gormly & Brodzinsky, 1989:296; Steinberg & Meyer aangehaal in Thom *et al*, 1998:396). Wanneer verlenging van die skelet begin afneem, word liggaamskontoere meer gerond weens verbreding van die heupe. Dogters toon 'n groter toename in vetweefsel in die voorbereiding van swangerskap en laktasie (Gormly & Brodzinsky, 1989: 296; Thom *et al*, 1998:394; Thompson & Chad, 2000).

Die massatoename is vir sekere adolessente totaal onaanvaarbaar en kan lei tot onaanvaarbare eetgedrag. Die gevolg van hierdie liggaamsveranderinge tydens die periode van vinnige fisieke ontwikkeling is dikwels 'n behepthed met massa wat tydens adolessensie 'n wesentliche probleem kan word (Wardle, Marsland, Sheikh, Quinn, Pedodroff & Ogden, 1992). Norme van 'n spesifieke samelewing bepaal die skoonheidsideaal. In Westers-georiënteerde kulture word aantreklikheid by die vrou geassosieer met 'n slanke liggaamsbou (Thom *et al*, 1998:391, 397; Senekal, Steyn, Mashego & Nel, 2001; Paxton, Schutz, Wertheim & Muir, 1999; Jung, Lennen & Rudd, 2001). Melamed (1994:689) stel dit as volg: "Positive physical features, such as having a slim figure or being tall, are expected to increase the individual's confidence and esteem". Die adolessente dogter wat op 'n later stadium puberteit bereik, word gewoonlik liggaamlik as meer aantreklik, lewenslustig en gesellig beskou en is oor die algemeen meer populêr as diegene wat vroeg ryp word (Bulcroft, aangehaal in Thom *et al*, 1998:400). Dit hou moontlik verband met haar maer (onontwikkelde) figuur. Adolessente gaan dus soms tot uiterstes in hul eetpatrone om dié dun figuur te behou. "Appearance does, in fact, affect development and has actual correlates with behavior" (Lerner & Lerner aangehaal in Kruckenberg, 1987:62).

Onsensitiewe aanmerkings oor kinders en meer spesifiek adolessente se voorkoms kan verreikende gevolge hê met betrekking tot die ontstaan van eetversteurings. Die adolessent met anoreksia nervosa is dikwels obsessief oor haar fisieke voorkoms. Ekstreme eetgedrag kan ook ontstaan as gevolg van ouers se houding teenoor kinders en adolessente se natuurlike fisieke ontwikkelingsproses. Adolessente weerhou hulself dikwels van voedsel om

'n kinderlike (anoreksiese) voorkoms te behou ter wille van ouers (wat moontlik self 'n massaprobleem het) se goedkeuring (Furnham & Hume-Wright, aangehaal in Bloom, 1999).

Adolescente is intens bewus van die fisieke veranderinge wat hul ondergaan en is uiters besorgd oor hul fisieke voorkoms. Alhoewel 'n vermeerdering in liggaamsvet en die verandering in morfologie gedurende puberteit 'n natuurlike biologiese proses is, kan dit onder meer lei tot 'n negatiewe ervaring van liggaamstevredenheid en uiteindelik ook tot 'n negatiewe liggaamsbeeld (Gormly & Brodzinsky, 1989:300). "It should be recognized that eating disorders lie on a continuum that begins with girls feeling fat" (Thompson & Chad, 2000:210). Fisieke verandering kan dus ook 'n effek hê op die adolescent se psigo-sosiale ontwikkeling.

2.2.2 Psigo-sosiale ontwikkeling tydens adolessensie

Daar is gevind dat menarg (verskyning van eerste menstruasie) 'n kritiese stadium vir die psigo-sosiale ontwikkeling asook die ontwikkeling en verandering van liggaamspersepsie van die adolessente dogter is (Gormly & Brodzinsky, 1989:297; Thom *et al*, 1998:395). Daar is 'n sterk verwantskap tussen liggaamsbeeld, eetversteurings, selfagting, depressie en terg. Hierdie verwantskap is sterker postmenargaal as premenargaal. Daar is veral 'n positiewe korrelasie gevind tussen die vlak van depressie by adolessente en die oorskatting van hul middellyne, heupe, dye, en algemene voorkoms (Fabian & Thompson, 1989). Menarg kan dus 'n baie kritiese stadium wees in die ontwikkeling van eetversteurings.

Volgens Adams (aangehaal in Thom *et al*, 1998:400) kan die fisieke veranderinge by dogters tydens puberteit en die aanvang van menstruasie aanleiding gee tot 'n toename in sosiale volwassenheid en prestige binne die portuurgroep. Dit gaan gepaard met 'n verhoogde gevoel van eiewaarde en toenemende bewustheid van die liggaam, maar ook tot selfbewustheid (Thom *et al*, 1998:400; Gormly & Brodzinsky, 1989:301). Vir sommige dogters kan menstruasie 'n negatiewe ervaring wees, veral as die dogter se vroulike identiteit nog nie gevestig is nie. Haar aandag word teen wil en dank gevestig op die feit dat sy 'n vrou is (Thom *et al*, 1998:400). Volgens Schneider, Cooper en Halmi (1989) toon jong volwasse dogters met anoreksia nervosa 'n weersin om te ontwikkel in 'n vrou. Moontlik dien dit as 'n beskermingsmeganisme teen die manlike geslag weens onaangename ervarings soos seksuele teistering uit die verlede. As die probleem nie aangespreek word nie, kan dit lei tot eetversteurings.

Adolescente word nou ook toenemend bewus van hul seksualiteit. Gedurende hierdie fase ontdek adolessente hul seksuele oriëntasie. Seksuele aangetrokkenheid kom gewoonlik tussen lede van die teenoorgestelde geslag voor (Thom *et al*, 1998:402; Gormly & Brodzinsky, 1989:302). 'n Belangrike ontwikkelingstaak van adolessente is om hul seksuele behoeftes op sosiaal aanvaarbare wyse uit te leef sodat dit positief tot hul identiteitsontwikkeling kan bydra (Thom *et al*, 1998:392). Die wyse waarop die jeudige haar seksualiteit ervaar (verwarring, ongemak, skuld) is nie slegs 'n psigiese aangeleentheid nie, maar is sterk onderhewig aan sosiale faktore byvoorbeeld opvattinge van opvoeders, leeftydgenote en die samelewing (Pretorius, 1981:175).

Adolescente se selfgating sluit alle aspekte van hulself in, dit wil sê hul kognitiewe, sosiale en fisieke vaardighede sowel as veranderde fisieke ontwikkelings, seksualiteit, veranderinge in hul sosiale verhoudings en verhoudings met die teenoorgestelde geslag, wat nuwe evalueringe verg (Thom *et al*, 1998:438). 'n Gebrek aan ouerlike liefde en ondersteuning sowel as 'n gebrek aan betekenisvolle verhoudings met die portuurgroep, kan 'n adolessent se selfgating en uiteindelijke selfkonsep negatief beïnvloed (Thom *et al*, 1998: 439). Die adolessent met anoreksia nervosa het gewoonlik 'n swak selfkonsep wat gepaard gaan met swak sosiale verhoudings en 'n oorbeklemtoning van liggaamsvorm en liggaamsmassa as bepalende faktor (Taylor, Sharpe, Shisslak, Bryson, Estes, Gray, McKnight, Crago, Kraemer & Killen, 1998). Barlow en Durand (1999:245) stel dit as volg "Despite her accomplishments and success she felt that her continuing popularity and selfesteem would be determined, to a large extent, by the weight and shape of her body. There is a emphasis of thinness as a determinant of self-worth, happiness and success".

Die feit dat adolessente geneig is om op hulself te fokus, veroorsaak dat hulle meer dikwels komplekse emosies soos angstigheid, skuld, skaamte en verleentheid ervaar as jonger kinders. Adolessente se identiteitsontwikkeling het 'n invloed op hul selfkonsep. Namate hul identiteit ontwikkel, sal hulle sienings van hulself dienooreenkomstig verander. Hierdie veranderings word duidelik in hul selfbeskrywings en selfevaluering (Thom *et al*, 1998:438). Hul selfbeskrywing sluit al hoe minder fisieke en al hoe meer psigiese eienskappe in. Dit raak minder konkreet en meer abstrak. Hul raak toenemend bewus van hulself en verwys dikwels na hul gevoelens (Thom *et al*, 1998:438). Hul beskryf hul ook al meer met verwysing na sosiale vaardighede aangesien dit vir hulle belangrik is om deur ander aanvaar te word. Hul selfbeskrywing sluit positiewe sowel as negatiewe kenmerke in en kan selfs weersprekende eienskappe insluit (Thom *et al*, 1998:438). Adolessente is ook toenemend geneig om persoonlike en morele waardes in hul selfbeskrywings in te sluit (Harter aangehaal in Thom

et al, 1998:438). Diegene wat identiteitsverwarring ervaar is geneig om apaties en passief te wees en 'n gevoel van hopeloosheid te ervaar. Hulle swig maklik onder groepsdruk en loop die gevaar om in negatiewe gedragspatrone soos dwelmmiddel- en alkoholmisbruik verstrengel te word (Thom *et al*, 1998:434).

Alle aspekte van adolessente ontwikkeling vind egter binne sosiale konteks plaas, wat ontwikkeling kan bevorder of strem. Tydens adolessensie word hierdie sosiale konteks deur onder andere die ouers en portuurs gevorm (Thom *et al*, 1998:449). Die adolessent met anoreksia nervosa is egter geneig om haarself sosiaal te onttrek: "Psychologically, the person experiences depression, irritability, outbreaks of rage, increased anxiety, social withdrawal and loss of sexual interest" (Reiff & Reiff, 1992:126). Haar sosiale onttrekking kan dus haar sosiale ontwikkeling strem.

2.2.3 Kognitiewe ontwikkeling tydens adolessensie

In teenstelling met fisieke veranderinge wat opvallend en universeel plaasvind, is kognitiewe ontwikkeling minder opvallend en is daar groter individuele verskille tussen adolessente (Thom *et al*, 1998:417). Die kind se konkrete denkvermoë verander nou na 'n omvattende meer volwasse vermoë om byvoorbeeld te analiseer en logies te redeneer oor konkrete en abstrakte begrippe (Gormly & Brodzinsky, 1989:308; Thom *et al*, 1998:418). Gedurende identiteitsontwikkeling vind daar 'n interaksie plaas tussen die kognitiewe, sosiale en persoonlikheidseienskappe. Die kognitiewe komponent speel 'n belangrike rol in die sin dat dit die interaksie tussen die verskillende komponente organiseer en integreer: "It is the overall organization unit that structures the interrelation between thought, perception and social interaction" (Adams, aangehaal in Thom *et al*, 1998:435).

Deel van die kognitiewe ontwikkeling is adolessente egosentrisme. Adolessente dink dat ander hul op dieselfde wyse waarneem as wat hulle hulself waarneem. Hulle glo ook verkeerdelik dat hul gedagtes deur ander gedeel word en dat hul prominent in die gedagtes van ander is en dat ander net so besorgd is oor aspekte wat vir hulself belangrik is (Gormly & Brodzinsky, 1989:311; Thom *et al*, 1998:423). Adolessente is ook konstant besig om vir hul 'n denkbeeldige gehoor te skep. Hulle dink hul is die middelpunt van ander se belangstelling en aandag. Deur hul kleredrag, die musiek waarna hulle luister en moontlik hul eetgedrag skep hul 'n beeld waarna ander kyk en wil hulle iets van hulself openbaar (Gormly & Brodzinsky, 1989:311; Thom *et al*, 1998:423). Aangesien adolessente hulself as spesiaal en uniek beskou, glo hul dat dinge met ander kan gebeur, maar nie met hulself nie. Hul beskou

hulself as onkwesbaar en onvernietigbaar. Hierdie verskynsel word die persoonlike fabel genoem (Thom *et al*, 1998:424). Die persoonlike fabel hou ook verband met hoë-risikogedrag wat dikwels by adolessente opgemerk word, byvoorbeeld alkoholisme en dwelmmisbruik. Hoë-risiko- eetgedrag kan moontlik ook hierby ingesluit word. Hul glo dat hul nie daardeur negatief geaffekteer sal word nie (Gormly & Brodzinsky, 1989:311; Thom *et al*, 1998:424).

2.3 VOEDSELKEUSE EN EETGEDRAG VAN DIE ADOLESENT

2.3.1 Inleiding

Die mens se voedselkeuse is baie kompleks van aard en daar is geen eenvoudige manier om dit te verstaan en te voorspel nie. Die enigste wyse waarop die vraag oor waarom mense eet soos hul eet beantwoord kan word, is om al die verskillende komponente van die komplekse sisteem van voedselkeuse in aanmerking te neem en om ook die interverwantskap daartussen te verstaan (Kronld & Coleman; 1988, Shepherd & Sparks, 1994:202).

Talle eksterne en interne faktore is by voedselkeuse betrokke wat dit uniek maak vir elke persoon. Huidige omstandighede sowel as ervarings uit die verlede en selfs 'n spesifieke toekomsverwagting kan 'n invloed hê op persoonlike voedselkeuse en voorkeure. "A basic and universal factor that provided the groundwork for food choices was the life course, which included past influences of personal experiences and historical eras, current involvement in trends and transitions and anticipations of future events" (Furst, Connors, Blisogni, Sobal & Falk, 1996:252). 'n Natuurlike uitvloeisel van voedselkeuse is 'n spesifieke eetpatroon of eetgedrag. Een van die grootste probleme in die studie van eetpatrone en eetgedrag, is die individuele aard van voedselkeuse en die komplekse interaksie van die faktore wat dit beïnvloed (McKee & Harden, 1990). "The study of human response to food is a complex and rapidly evolving field. It encompasses a wide range of scientific disciplines, ranging from food science and technology to nutrition, biochemistry, physiology, psychology, marketing and catering. The sources of the higher-order information may include bodily states (hunger, thirst), learning and memory, psycho-social and cultural influences, and a variety of cognitive variables" (Cardello, 1996:254).

Voldoende nutriëntinname gedurende adolessensie is van uiterste belang om voldoende groei en op die langtermyn goeie gesondheid te verseker asook om goeie eetgewoontes lewenslank aan te leer (Neumark-Sztainer, Storey, Perry & Casey, 1999). Ten spyte van die belang van gesonde eetpatrone gedurende adolessensie, is adolessente se strewe om aan sosiale norme van slank wees te voldoen so sterk dat hul nutriëntinname dikwels nie genoegsaam is om aan die fisiologiese vereistes van hierdie ontwikkelingstadium te voldoen nie. Gesondheidswaarde van voedsel word dikwels deur adolessente erken, maar nie toegepas in hul eetgedrag nie. Gesonde voedsels word geassosieer met ouers en die huis en "junk food" word geassosieer met pret, vriende en onafhanklikheid (Denisson & Shepherd, 1995).

Ten einde dus 'n begrip te kry vir die onderskeie interne en eksterne faktore wat die adolessent en spesifiek ook die adolessent met anoreksia nervosa se voedselkeuse en eetgedrag kan beïnvloed, word daar vervolgens aandag geskenk aan:

- die invloed van bepaalde psigologiese faktore
- die invloed van bepaalde sosiale faktore
- die invloed van bepaalde kognitiewe faktore.

2.3.2 Invloed van bepaalde psigologiese faktore op die eetgedrag van die adolessent

Eetgedrag is dikwels 'n wyse waarop die individu uiting gee aan sy gevoelens of 'sy gemoedstoestand of is die gevolg van die werking van verskeie psigologiese faktore vanuit die individu self. Dit vind bewustelik of onbewustelik plaas: "Eating behavior can be used actively, to express a particular feeling or state of mind, or passively as a reflection of an emotional state. In the first instance the behavior is usually quite deliberate and its effect is calculated; in the latter case it is a subconscious response in internal needs" (Fieldhouse, 1995:185). Dit is duidelik dat verskeie psigologiese faktore vanuit die individu self die adolessent met anoreksia nervosa se voedselkeuse en uiteindelijke eetgedrag kan beïnvloed, waaronder spesifiek die individuele persoonlikheid, gemoedstoestand, selfagting en liggaamsperspeksie.

Dit is duidelik dat die adolessent met anoreksia nervosa dikwels oor bepaalde psigologiese kenmerke beskik wat moontlik haar eetgedrag kan beïnvloed. Sy is jonk en prestasie-georiënteerd. Sy het 'n oorweldigende gevoel van onbevoegdheid en oneffektiwiteit, maar het 'n sin vir verantwoordelikheid (alhoewel dit nie geld vir haar gesondheid nie).

Adolescente met anoreksia nervosa beskou hulself as reaktief eerder as proaktief. "They are well-educated, responsible and dependable. They have perfectionistic attitudes and a desire to please. They have a struggle for control. They deny adult sexuality" (Fieldhouse, 1995:190). Superieure prestasie beteken vir hierdie adolessent om 'n baie maer figuur volgens die mode-ideaal te hê (Kaiser, 1990:104; Tiggemann & Dyer, 1995). Die weiering om genoeg te eet, is die uitstaande kenmerk van die siektetoestand (Wardlaw, 1999:351). Sy toon dus 'n baie sterk wilskrag. Dit word gesien in haar vermoë om normale fisiologiese behoeftes aan voedsel (honger) in 'n groot mate te ignoreer. Sy is kompetender van aard en soms obsessief. In baie gevalle is daar konflik in die gesinstruktuur en word daar hoë verwagtings van haar gekoester. Hierdie eetversteuring stel haar in staat om kontrole uit te oefen in 'n andersins kragtlose bestaan. Om massa te verloor is moontlik haar eerste sukses wat sy onafhanklik behaal (Wardlaw, 1999:352). Wardlaw (1999:352) beklemtoon ook haar sin vir perfeksonisme en die feit dat sy haar geestelike selfwaarde in terme van selfkontrole evalueer. Deur die grootte van haar liggaam te manipuleer, ervaar sy kontrole oor haar lewe (Kaiser, 1990:104). Adolescente met anoreksia nervosa ervaar dikwels 'n gevoel van mislukking met betrekking tot menslike verhoudings en isoleer hulself sosiaal. Hul vervang die wêreld van sosiale verhoudings met 'n wêreld van voedsel, eet en massabeheer (Kaiser, 1990:104; Wardlaw, 1999:352). Al genoemde eienskappe kan 'n belangrike rol uitoefen op haar voedselkeuse. Met dieselfde mate wat sy 'n wanpersepsie oor haar liggaam het, sal sy 'n wanpersepsie oor voedsel hê. Dit is veral die sogenaamde vetmaakeienskappe van voedsel, volgens haar persepsie, wat 'n rol gaan speel. Gesien in die lig van haar perfeksonisme sal sy ten alle koste daardie tipe voedsel en persone vir wie dit aanvaarbaar is, vermy of selfs alle voedsel vermy.

Dit blyk verder dat gemoedstoestand 'n invloed op mense se eetgedrag kan hê. Sommige voedsels word op grond van emosionele redes of gemoedstoestande gekies: "Although consumers may not consider why they turn to a particular food when they are sad or happy or nervous or tense, many times this behavior has an emotional basis" (McKee & Harden, 1990:28). Daar kan dus om verskillende gemoedsredes geëet word, naamlik:

- Om verveeldheid te verlig of te voorkom. Honger en aptyt speel dikwels nie 'n rol nie terwyl daar net geëet word om besig te kan bly. Dit word ook soms gedoen in plek van oefening of as 'n ander aktiwiteit lank en uitgereg is (reis, studeer) (Fieldhouse, 1995:186). Dit kan aanleiding gee tot sogenaamde "binge eating", veral as dit gepaard gaan met ander emosionele probleme.

- 'n Emosioneel-onseker persoon kan eet as 'n plaasvervanger vir die soeke na liefde en toegeneentheid, of om eensaamheid te verlig. As niemand omgee nie, maak dit nie saak hoe die persoon lyk nie. Herhaalde gedrag van hierdie aard kan lei tot skuldgevoelens.
- Voedsel kan gebruik word om depressie teë te werk of om die persoon op te beur. Voedsel kan ook gebruik word om frustasie te verlig of dit word simbolies gebruik om herinneringe uit die verlede te versterk (Fieldhouse, 1995:186). Voedsel wat aangename herinneringe inhou, sal in hierdie geval gekies word.
- Voedsel kan ook gebruik word om te kompenseer vir verligting van angs. Adolescente gebruik dikwels voedsel om emosionele balans te gee na 'n krisis. Dit gee tydelike verligting. Kroniese angs of depressie kan lei tot kompulsiewe eet. Hierdie tipe uitkomst kan lei tot obesiteit. Soet, hoë kilojoule voedsels is dikwels die keuse van adolessente in so 'n situasie omdat dit makliker verteerbaar is. Die emosionele konnotasie aan hierdie tipe voedsels is dié van troos (Fieldhouse, 1995:186).
- Skuldgevoelens kan ontstaan as adolessente voel dat hul nie aan hul ouers se verwagtinge kan voldoen nie. Voedsel word ook gebruik as 'n soenoffer. 'n Doos sjokolade word gebruik om 'n oortreding te probeer regstel of 'n voedselgeskenkpakke as substituuat vir 'n besoek (Fieldhouse; 1995:187).
- Voedsel kan as 'n emosionele wapen gebruik word. Om nie te eet nie is 'n manier om aandag te kry. Ouers, wie se kind weier om te eet, beskou dit as 'n verwerping van liefde en ouerlike gesag. Adolescente probeer hul onafhanklikheid toon deur vorige aanvaarbare voedsel te verwerp (Fieldhouse, 1995:187). Die adolessent met anoreksia sal moontlik voedsel as 'n emosionele wapen gebruik, maar moontlik ook as simbool om iets van haar geestelike self te openbaar.

Dit blyk ook verder dat liggaamspersepsie en selfagting 'n invloed mag hê op die adolessent se eetgedrag. 'n Verwonge liggaamspersepsie is dikwels een van die belangrikste eienskappe van die adolessent met anoreksia nervosa. Sommige anoreksia nervosa-lyers ontken die uitgeteerde toestand van hul liggaam en beskou hul uiters maer figure as normaal en begeerlik. Sodoende verwerp hul die behoefte om te eet (Fieldhouse, 1995:190). Vroulike adolessente is gedurig besig om gebruik te maak van sogenaamde opwaartse vergelyking of vergelyking met diegene wat hul idealiseer. Weens hul swak selfbeeld ervaar hulle die vergelyking uiters negatief. Volgens hul eie oordeel skiet hul ver tekort. Dit lei tot 'n verdere negatiewe liggaamspersepsie (Heinberg & Thompson, 1992; Gulas & McKeage, 2000). Adolescente se selfagting word dus in 'n groot mate bepaal deur fisieke voorkoms of hul

persepsie daarvan. 'n Positiewe selfbeeld korreleer sterk met 'n aanvaarding van die fisieke liggaam. Die ideale liggaamsbeeld is gebaseer op aangeleerde kulturele norme en stereotipes. Haar liggaamspersepsie, hetsy positief of negatief, kan die adolessent se voedselkeuse beïnvloed. Die moeder se houding en selfs beheptheid met liggaamspersepsie sowel as haar selfagting, het moontlik 'n invloed op haar adolessente dogter se eetpatroon (Bloom, 1999).

2.3.3 Invloed van bepaalde sosiale faktore op die eetgedrag van die adolessent

Die adolessent en spesifiek die adolessent met anoreksia nervosa se voedselkeuse en eetgedrag word nie net deur interne psigologiese faktore beïnvloed nie. Dit word ook deur eksterne faktore, soos byvoorbeeld ander individue en groepe waarmee sy van dag tot dag in haar sosiale lewe te doen kry, beïnvloed.

Ouers se voedselkeuses en voedselbereidingmetodes beïnvloed die gesin se voedselvoorkeure en voedselkeuse (Blades, 2001). Adolessente kan byvoorbeeld sekere voedsels weier om sodoende te illustreer dat hul ouers nie meer beheer het oor hulle nie (Blades, 2001). Die langtermyn, intieme assosiasie tussen ouers en kinders het 'n sterk invloed op die voedselkeuse van kinders (McKee & Harden, 1990). Field *et al* (2001) het bevind dat die invloed van ouers kan lei tot besorgdheid oor massa wat gepaard gaan met verslankingsdiëte op gereelde grondslag. Volgens Bloom (1999) kan sommige individue eetsteurnisse ontwikkel in 'n poging om ouers se onredelike verwagtings (ook met betrekking tot voedselkeuse) te hanteer. Adolessente se pogings om onafhanklik te funksioneer word soms gekortwiek deur streng, rigiede kontrole deur ouers. Adolessente het dikwels 'n begeerte om weg te breek van die gesin en die invloed van hul ouers. Adolessente met anoreksia nervosa het dikwels baie streng en rigiede ouers wat vir die dogter 'n gevoel van magteloosheid kan laat ervaar omdat sy nie onafhanklik mag funksioneer nie. Deur voedsel te weier, ervaar sy 'n mate van mag (Norris, 1986; Bloom, 1999).

Dit is duidelik dat die portuurgroep 'n belangrike invloed op die adolessent se voedselkeuse en eetgedrag kan hê. Interaksie met die portuurgroep is vir adolessente 'n belangrike sosiale aktiwiteit. Tergery oor oormassa, veral in die preadolessente stadium, kan soms aanleiding gee tot eetsteurnisse en moet nooit onderskat word nie. Hierdie uiters skadelike vorm van terugvoering kan selfs tot op die volwasse stadium 'n uiters skadelike uitwerking hê (Burns, 1981:153; Fabian & Thornpson, 1989). 'n Kenmerk van adolessente portuurgroep-verhoudings is die toename in konformiteit. Konformiteit verwys na die neiging om toe te gee

aan sosiale druk. Oormatige konformering met die portuurgroep kan onder andere daartoe lei dat adolessente by hoë-risikogedrag betrokke raak (Thom *et al*, 1998:458). As die adolessent haarself vergelyk met haar portuurgroep met betrekking tot massa en liggaamsbou en nie aan die norme voldoen nie, sal sy uiterste praktyke (byvoorbeeld eetpraktyke) beoefen om te voldoen aan die norme. Groepsdruk is dus 'n risikofaktor in die ontstaan van eetversteurings (Field *et al*, 2001). Ongewilde adolessente is dikwels emosioneel ontwrig, behep met hulself en toon 'n negatiewe selfkonsep (Thom *et al*, 1998:457). Dit skep 'n goeie klimaat vir die ontwikkeling van eetversteurings, veral as dit gepaard gaan met ander veroorsakende faktore. Haar portuurgroep se skynbaar positiewe terugvoering kan haar probleem versterk. Aanmerkings soos "ek wens ek was so maer soos jy" en "ek wens ek het so 'n sterk wilskrag soos jy" kan as motivering dien om te volhard in haar eet-wanpraktyke en word deur die adolessent met anoreksia nervosa beskou as 'n sosiale beloning (Kaiser, 1990:105; Denisson & Shepherd, 1995). Die obsessie met maer wees lei tot eetversteurings soos anoreksia nervosa wat gepaard gaan met ekstreme veranderinge in eetpatrone (McKee & Harden, 1990). "Peer influence, as an external social cue, may induce changes in values and affect the rationale for assigning status value in foods" (Kronld & Coleman, 1988:62). Blootstelling aan die portuurgroep wat sekere voedsels verkies kan 'n groot invloed op die voedselkeuse van kinders uitoefen. Prestige en groeppaanvaarding kan dus 'n groot rol in voedselvoorkeure van adolessente speel (McKee & Harden, 1990; Blades, 2001).

Die massamedia se siening asook dié van individue soos sportafrigters, modelle in die modewêreld en televisiepersoonlikhede kan tydens adolessensie 'n belangrike faktor in die adolessent se voedselkeuse en eetgedrag wees. Kaiser (1990:104) stel dit as volg: "Particularly vulnerable to the disease are ballet dancers, gymnasts, and models who are apt to maintain an artificially low weight for professional reasons". Daar word dikwels geweldige druk geplaas op hierdie groep deur afrigters en deur die adolessent self om aan onrealistiese eise te voldoen. Uit vrees dat sy sal misluk of moontlik haar posisie in 'n span sal verloor, sal sy selfs bereid wees om lewensgevaarlike eetpraktyke en gepaardgaande voedselkeuses te beoefen (Beals & Mannore, 1998). Haar interaksie met hierdie groep bepaal ook haar rolspel in die lewe (Charon, 1998:67,157). Die sogenaamde ideale vrou wat deur die media gepropageer word, is baie ver van die werklikheid. Die kykers en lesers word mislei deur die voorstellings van die media. Sulke wanvoorstellings plaas geweldige druk op adolessente en as hul voel dat hul nie aan die voorskrifte kan voldoen nie, lei hul selfbeeld geweldig daaronder en kan dit in sommige gevalle lei tot eetversteurings (McClelland, 2000; Kowalski, 2000). Stereotipering is hier ter sprake. Dit is 'n natuurlike, kognitiewe tendens om, onder

meer, mense te kategoriseer en dit word dikwels onbewustelik gedoen. Kategorisering is die eerste kognitiewe stap wat lei tot stereotipering. Persone word in kategorieë geplaas (Kaiser, 1990:256-257). Stereotipering van gedrag sowel as gewildheid word geassosieer met liggaamstipes (Burns, 1981:153). Stereotipering kan gevaarlik word wanneer die adolessent nie presies inpas in die kategorie nie, maar sy steeds deel is van die groep. Sy sal voedselkeuses toepas wat nie bevordelik is vir haar gesondheid nie ten einde by die groep in te pas (McKee & Harden, 1990).

2.3.4 Invloed van bepaalde kognitiewe faktore op die eetgedrag van die adolessent

Dit is duidelik dat die adolessent wat ook kognitief ontwikkel, geneig is tot egosentrisme en om haarself en haar probleme as uniek te ervaar, en haarself te verbeel dat ander mense net so bewus en begaan oor aspekte van haarself is (byvoorbeeld haar fisieke self) soos wat sy self is. Sy dink ook nie net meer konkreet nie, maar toenemend abstrak (Thom *et al*, 1999:423-424, 435). Dit kan lei tot nuwe denkpatrone met betrekking tot haar voedselkeuse en eetgedrag.

Voedsel word moontlik as 'n simbool gebruik deur die adolessent met anoreksia nervosa om haar sterk wilskrag te illustreer (onthouding) of in ander gevalle van eetversteurings om spanning te verwerk. Wanneer 'n nuwe voedsel geëet word, veroorsaak dit 'n emosionele respons weens vorige positiewe of negatiewe ervarings wat 'n invloed uitoefen op onmiddellike en toekomstige aanvaarbaarheid daarvan (Fieldhouse, 1995:184). Die spesifieke betekenis wat gekoppel word aan voedsel wek sekere emosies wat 'n verskeidenheid van response ten opsigte van voedsel kan ontlok (Furst *et al*, 1996).

2.3.5 Samevatting

Vanuit die voorafgaande is dit duidelik dat voedselvoorkeure van adolessente kompleks van aard is. Daar is verskeie faktore wat 'n invloed uitoefen op die voedselvoorkeure en voedselkeuse van adolessente. Adolessente met eetversteurings het egter wanpersepsies oor voedsel, hul liggaamsvoorkoms en die gebruik van voedsel. Hul sal eerder voedsel vermy in 'n poging om beheer uit te oefen oor hul hongerdrange. Natuurlike fisiologiese drange of behoeftes word as 'n swakheid beskou en hoe meer sy kan afstand doen van voedsel, hoe meer suksesvol beleef die adolessent haarself. Sy het dus dikwels 'n baie beperkte voedselkeuse en sal slegs die voedselitems eet waarvoor sy veilig voel met betrekking tot vetmaakeienskappe. Sekere persoonlikheidseienskappe soos perfeksionisme,

depressie, angstigheid en 'n sterk wilskrag is ter sprake. Die portuurgroep en haar ouers het 'n sterk invloed op haar voedselkeuse. Indien 'n groter begrip ten opsigte van die voedselkeuse van adolessente met eetversteurings ontwikkel kan word, kan daar beter beplan word vir voorkomende optrede. Die ontwikkeling van onderrigprogramme om wanpersepsies oor voedsel en eetpraktyke uit te skakel, kan oorweeg word.

Die aard en etiologie van die manifestering van eetversteurings blyk dus baie kompleks en multifaktoraal van aard te wees. In die "Position statement of the American Dietetic Association" (1992) word dit as volg gestel: "eating disorders are complex disorders involving two sets of issues and behaviors: those directly relating to food and weight and those involving the relationship with oneself and others". Bloom (1999:45) verduidelik die kompleksiteit as volg: "Therapists who work with clients on food issues know that our relationship with food affect us on every level of our existence, physically, mentally, emotionally and spiritually. Because, when we feed our bodies, we feed our souls as well".

Min navorsing het tot dusver vanuit 'n sosiaal-kognitiewe perspektief gefokus op die adolessent met anoreksia nervosa se innerlike belewenis van haar self (Fabian & Thompson, 1989; Field *et al*, 2001). Met 'n benadering wat fokus op die sosiaal-kognitiewe belewenisse van die vroulike adolessent met anoreksia nervosa kan 'n waardevolle bydrae gemaak word tot die identifisering van faktore wat moontlik mag aanleiding gee tot hierdie eetversteuring.

2.4 DIE ONTWIKKELING VAN 'N SOSIAAL-KOGNITIEWE KONSEPTUELE RAAMWERK

2.4.1 Fokus op die simboliese interaksionisme

Die simboliese interaksionisme fokus veral op sosiale interaksie en op die dinamiese sosiale aktiwiteite wat tydens interaksie situasies tussen mense asook binne die individu self plaasvind (Charon, 1998: 27-28). Simboliese interaksionisme, met onderliggende aannames en bepaalde konsepte, belig dit wat in interaksie nie net tussen individue gebeur nie, maar ook in die individu self. Die simboliese interaksie teorie is 'n mikro-vlak teorie wat fokus op subjektiewe interpersoonlike betekenis en die wyse waarop daar interaksie tussen persone deur middel van verbale en nie-verbale simbole plaasvind. Die volgende aannames en konsepte is vir hierdie studie ter sprake:

- Menslike handeling word nie net deur sosiale interaksie bepaal nie, maar ook deur interaksie met die self wat gesien kan word as 'n objek bestaande uit die fisieke self (die liggaam), die materiële self (kleding, besittings, voedsel en so meer), die geestelike self (wat aspekte soos die persoonlikheidskenmerke, waardes, houdings en so meer insluit) en die sosiale self (die persoon as deel van die groep, gemeenskap, en so meer). Die self as objek kan dan ook beoordeel, gekritiseer en geëvalueer word. "The self is something we judge, evaluate, like, reject, love or hate. We may feel good as we look at ourselves; we may feel bad" (Charon, 1998: 82-83). Die self as objek kan dus vir die individu betekenis kry en as simbool dien wat sy so aan haarself en aan ander kan kommunikeer. In die geval van die anoreksia nervosa adolescent sou dit beteken dat sy haar self in interaksie met haarself en ook in interaksie met ander beleef en dat aspekte van haar fisieke, materiële, sosiale en geestelike self, byvoorbeeld haar liggaam of die weiering om te eet, betekenis vir haar kry en dat sy dit dan as simbool so aan haarself en aan ander mense kan kommunikeer.
- Die self ontwikkel tydens interaksie met ander mense wat nie net aan die individu terugvoering gee met betrekking tot die self nie, maar met wie die individu haarself ook vergelyk (Festinger en Cooley in Kaiser, 1990:165,172). Hierdie ander mense sluit in betekenisvolle ander (gesin en geliefdes), verwysingsgroep ander (groepe waaraan die individu behoort en graag aan wil behoort en persone/groepe met wie sy identifiseer) en veralgemene ander (mense in die algemeen, kultuurgroep, stereotipes, mode-ideaal, en so meer). Vir die vroulike adolescent met anoreksia nervosa kan die ander met wie sy haar self vergelyk en van wie sy terugvoering kry 'n betekenisvolle rol speel in haar ontwikkeling en belewenis van haar self, wat weer haar gedrag in 'n bepaalde rigting mag stuur.
- Sosiale interaksie met ander en met die self en 'n definisie van die situasie is dus sentraal tot die perspektief. Die anoreksia nervosa lyster voortdurende interaksie met haar self speel 'n belangrike rol in haar persepsie en evaluering van haarself. Interaksie met ander en met die self impliseer verder dat die individu aktief betrokke is by situasies en verantwoordelik is vir eie gedrag. Charon (1998:73-75) stel dit duidelik dat sonder 'n self, die mens nie in staat sou wees om met ander te kommunikeer nie. Mead (1934:149) stel dit onomwonde dat "What is essential to communication, is that the symbol should arouse in one's self what it arouses in the other individual". Wanneer die individu met haarself kommunikeer, analiseer en definieer sy die bepaalde situasie waarin sy haar bevind vir haarself. Informasie

omtrent ander, die situasie en haar self word uitgewys en stel haar in staat om haar bepaalde posisie in die situasie te verstaan. Sy kry dus 'n persepsie van haar self en is in staat om self-kontrole toe te pas en haar gedrag in 'n bepaalde rigting te rig. Uitsonderlike selfkontrole is 'n uitstaande kenmerk van die anoreksia nervosa lyster en sy toon 'n sterk wilskrag en neem onwrikbare besluite met betrekking tot haar eetpraktyke (Slabber, 1985; Wardlaw, 1999:351, Field *et al*, 2001).

2.4.2 Fokus op 'n sosiaal-kognitiewe perspektief

In aansluiting by die simboliese interaksionisme lê 'n sosiaal-kognitiewe benadering veral klem op die kognitiewe prosesse wat mense tydens interaksie met die self en met ander gebruik ten einde bepaalde persepsies te kan vorm, ander en eie gedrag te kan verstaan, sin uit die situasie te kan maak en uiteindelik dan weer eie gedrag dienooreenkomstig te rig (Baron & Byrne, 1987:76). Die volgende aannames en konsepte is vir hierdie studie ter sprake:

- Objekte soos klere, voedsel en persoonlike voorkoms word dikwels gebruik om sosiale interaksie te vereenvoudig en sin daaruit te maak. Hierdie objekte dien dikwels as simbole en kan betekenend wees met betrekking tot die self en ander asook bydra tot die proses van persepsievorming (Kaiser, 1990:165).
- Mense streef na 'n mate van eenvormigheid en kontinuïteit in hul persepsies en gebruik verskeie kognitiewe kortpaaie en strategieë soos self-skemata en stereotipering ten einde 'n persepsie redelik vinnig en akkuraat te kan vorm. Denkkortpaaie en strategieë wat die mens mettertyd ontwikkel, stel hom in staat om die omstandighede waarin hy verkeer te hanteer en om op 'n effektiewe wyse sin te maak uit die komplekse sosiale wêreld waarin hy leef en dan sy eie gedrag weer daarvolgens te rig (Baron & Byrne, 1987:77).
- Skematas is kognitiewe strukture of raamwerke wat die mens in staat stel om groot hoeveelhede diverse informasie omtrent hulself, ander en gebeure op 'n effektiewe wyse te organiseer (Fiske & Taylor aangehaal in Baron & Byrne, 1987:76). Hierdie kognitiewe raamwerke besit informasie relevant tot die spesifieke situasie, gebeure of persoon, byvoorbeeld 'n self-skemata wat volgens Baron en Byrne (1987:95) die individu se eie georganiseerde prentjie is van alle aspekte van sy self. Dit help die mens om inligting omtrent homself te organiseer, die spesifieke situasie waarby hy

betrokke is te interpreteer en sy eie gedrag weer daarvolgens te rig (Baron & Byrne, 1987:77). Navorsing deur Fairburn en kollegas het die belang van kognitiewe en affektiewe strukture in eetversteurings beklemtoon (Fairburn & Garner, aangehaal in Eldredge, Wilson & Whaley, 1990). 'n Geskikte benadering vir die bestudering van liggaamsbeeld is volgens Jung, Lennon en Rudd (2001) die skema-teorie wat deel uitmaak van die kognitiewe perspektief. Skema-teorie fokus dus op kognitiewe prosesse wat verwant is aan persoonlikheid, die invloed en kognitiewe organisasie op selfpersepsie en gedrag (Bem aangehaal in Eldredge *et al*, 1990). 'n Self-skemata kan dus gesien word as 'n kognitiewe veralgemening van die self wat afgelei is uit vorige ondervinding en leer. Die anoreksia nervosa-lyer met 'n negatiewe liggaamsbeeld sal dus inkomende informasie selektief prosesseer en moontlik negatief oor haarself voel. Vir hierdie individue staan aannames, houdings en oortuiginge oor die betekenis van liggaamsmassa, sentraal tot self-evaluering (Eldredge *et al*, 1990). Dit mag wees omrede haar liggaamsbeeld opgemaak word of totaal bestaan uit slegs haar persepsie van haar liggaamsgrootte.

- Kategorisering is die eerste kognitiewe stap wat lei tot stereotipering. 'n Stereotipe sou volgens Baron en Byrne (1987:101-103) gesien kan word as 'n vaste, georganiseerde en onbuigsame skemata van bepaalde rolle en gebeure. Die gebruik van stereotipes as kognitiewe kortpaaie kan dan tot gevolg hê dat die persoon kennis omtrent gebeure of situasies selektief gebruik en enkodeer en in stede van om deur die proses van persepsievorming te gaan, 'n kortpad of die oorvereenvoudigde en dikwels rigoristiese skemata (stereotipe) as kortpad gebruik in die vorming van 'n bepaalde prentjie van die persoon self, van ander en van gebeure. Stereotipering van gedrag sowel as gewildheid word geassosieer met liggaamstipes (Burns, 1981:153). Volgens Westerse norme is 'n maer figuur 'n skoonheidsideaal van feitlik elke adolessent. Vir die adolessent met anoreksia nervosa is dit moontlik die enigste wat sin maak en sy sal haarself dikwels tot uiterstes dryf in 'n poging om daardie ideaal te bereik. Stereotipering soos "maer is mooi en maer is goed" word dikwels hierdeur versterk en plaas geweldige druk op adolessente. As hulle voel dat hulle nie aan die voorskrifte kan voldoen nie, ly hul selfbeeld geweldig daaronder en kan dit in sommige gevalle tot eetversteurings lei (Kowalski, 2000). Stereotipering kan gevaarlik word wanneer die adolessent nie presies inpas in die kategorie nie, maar sy steeds deel is van die groep. Met dieselfde mate wat sy 'n wanpersepsie oor haar liggaam het, sal sy 'n wanpersepsie oor voedsel hê.

- Die mens is gemotiveer om sosiale gebeure en uitkomst te verduidelik deur middel van mense en situasies. Die mens het 'n basiese, ingebore behoefte om te weet waarom dinge gebeur en waarom mense en die persoon self optree soos hulle optree. Hierdie sogenaamde proses van attribusie en self-attribusie is nie net intern van aard nie, maar eksterne informasie word gebruik om mee te weeg en te evalueer. Die adolessent met anoreksia nervosa is ook in interaksie met haar eie self. Selfkommunikasie help haar om haar self te sien en te verstaan. Sy praat met haarself oor haar self en sy praat met haarself oor hoe sy in spesifieke situasies moet optree of wat die redes vir haar optrede was, byvoorbeeld waarom sy nie eet nie (Charon, 1998:81). Attribusie en self-attribusie handel dus oor die oorsake (hetsy intern of ekstern tot die individu) wat aanleiding gee tot spesifieke gedrag, dus om te weet waarom mense en die persoon self onder sekere omstandighede op 'n spesifieke wyse optree. Die adolessent evalueer haar eie gedrag rondom eet en massabeheer en probeer om haar gevoel, houdings en gedrag te verstaan. Sy is in 'n sekere sin in gesprek met haarself. Sy maak moontlik gebruik van simbole soos voedsel en klere om haar fisieke, geestelike, sosiale, en materiële self te evalueer en 'n persepsie van haar self te vorm.

Vanuit die voorafgaande bondige redenasies met betrekking tot die gebruik van die simboliese interaksionisme en 'n sosiaal-kognitiewe perspektief as vertrekpunt in die bestudering van die anoreksia nervosa adolessent, sou die skematiese raamwerk soos voorgestel in **FIGUUR 1** gebruik kon word.

Vervolgens word die raamwerk bespreek en met die teorie rondom die adolessent met anoreksia nervosa integreer.

2.5 KONSEPTUALISERING BINNE 'N GEÏNTEGREERDE RAAMWERK

2.5.1 Die adolessent met anoreksia nervosa in interaksie met haar self

Uit die konseptuele raamwerk is dit duidelik dat die vroulike adolessent met anoreksia nervosa voortdurend met haar self in interaksie is waartydens sy dan 'n belewenis van die verskillende aspekte van die self ervaar. Vanuit 'n sosiaal-kognitiewe perspektief sou daar verder geredeneer kon word dat sy tydens interaksie met die self kognitiewe prosesse in werking stel, soos om aspekte van die self as simbool van bepaalde ander aspekte van die

self te gebruik, om 'n self-skemata of stereotypes as kortpaaie te gebruik of om in die proses van self-attribusie redes en oorsake vir haar eie gedrag te probeer kry. Hierdie interaksie met die self en die gebruik van bepaalde kognitiewe prosesse en strategieë stel haar in staat om 'n persepsie van die self te ontwikkel, die self te verander en ook haar gedrag daarvolgens te rig. Dit stel haar ook in staat om die verskillende aspekte van die self te evalueer en dit positief of negatief te beleef (Festinger & Cooley in Kaiser, 1990:165, 172).

2.5.1.1 Belevenis van die fisieke self

Volgens Tiggemann & Dyer (1995) is dit duidelik dat adolessente bewus en besorgd oor hul fisieke voorkoms is. Die positiewe punte sowel as die tekortkominge (dit wat werklik bestaan sowel as dit wat hul glo) in hul fisieke voorkoms speel 'n belangrike rol in die ontwikkeling en belevenis van die self (Burns, 1981:6,151). Dieselfde skrywer beweer dat liggaamsbeeld (body image) 'n baie belangrike konsep in die belevenis van die self is. "Body image refers to the mental picture one has of his or her body at any given moment in time" (Kaiser, 1990:98). 'n Positiewe liggaamsbeeld korreleer sterk met 'n aanvaarding van die fisieke liggaam. Die vroulike adolessent met anoreksia nervosa se liggaamsbeeld (body image) is dus in wese die belevenis van haar fisieke self. Die ideale liggaamsbeeld is gebaseer op aangeleerde kulturele norme en stereotypes. "The closer the match between the existing body image and the ideal held by the individual, then the more likely will that person manifest high self esteem generally as well as feel positive about his appearance" (Burns, 1981:156). Adolessente met anoreksia nervosa of 'n geneigdheid tot versteurde eetpatrone het dikwels 'n verwronge liggaamsbeeld wat gepaard gaan met 'n baie swak siening van hulself en selfs depressie. Hul sien hulself groter as die ideale liggaamsbeeld wat hul idealiseer (Touyz, Beaumont, Collins, McGabe & Jupp, 1984; Fabian & Thompson, 1989; Moore, 1993; Hill & Bhatti, 1995; Thompson & Chad, 2000; Tiggemann, 1992), en wil altyd nog maerder wees as die huidige (Kruckenberg, 1987; Drewnowski, Kurth & Krahn, 1995). Hierdie wanpersepsie word versterk deur die massamedia en mode-industrie wat volhard in die gebruik van baie maer modelle om klere te modelleer wat uitsluitlik vir die vel-en-been liggaam geskik is (Kaiser, 1990:104; Barlow & Durand, 1999:237). Volgens Kilbourne (aangehaal in Benokraitis, 1999:417) word vrouens in sekere kultuurgroepe gekondisioneer om vet te vrees: "Prejudice against fat people, especially against fat women, is one of the few remaining prejudices that are socially acceptable". Volgens Benokraitis (1999:417) probeer vrouens volgens die Westerse stereotipe, dat skoonheid en slankheid ekwivalent is, leef. Hy beskou dit as die vernaamste oorsaak van anoreksia nervosa en bulimie en stel dit as volg: "Anorexics and bulimics become obsessed with living up to an image of beauty promoted by

the media and fashion industry". Verder weerhou vroeë-adolescente hulself dikwels van voedsel om 'n kinderlike (anoreksiese) voorkoms te behou (Furnham & Hume-Wright, aangehaal in Bloom, 1999).

In die interaksie met haar self, blyk dit asof sy 'n versteurde persepsie van haar fisieke self vorm en dat kulturele norme en stereotipes wat as kognitiewe skemata in kortpaaie gebruik word in die beoordeling van die fisieke self, moontlik ook 'n rol mag speel. Omrede haar belewenis van haar fisieke self waarskynlik primêr gekoppel word aan haar liggaamsmassa en –grootte, mag dit dan lei tot versteurde eetpatrone.

2.5.1.2 Belewenis van die materiële self

Kaiser (1990:95) aanvaar James se siening van die materiële self as die fisiese aspekte wat tot die self bykom in die vorm van besittings soos klere en voedsel en wat dan deel van die self word en ook gebruik kan word om die fisieke self te manipuleer en op 'n sekere manier aan die persoon self en aan ander te projekteer. Die adolessent met anoreksia nervosa gebruik moontlik voedsel en klere as simbool om betekenis aan haar gedrag te gee, 'n gebruik tipies in simboliese interaksionisme en aansluitend by 'n sosiaal-kognitiewe perspektief. Die mens is in staat om simbole te skep, te manipuleer en in sy kommunikasie en interaksie met homself en ander aan te wend. Simbole impliseer altyd betekenis – in hierdie geval moontlik betekenis met betrekking tot die self. Die adolessent met anoreksia nervosa gebruik soms klere om haar uitgeteerde liggaam te versteek (Slabber, 1985; Kaiser, 1990:104). Fisher en Cleveland se siening in Kaiser (1990:106) dat 'n oorbeklemtoning van sekere aspekte van die fisieke self, soos liggaamsgrootte en –massa kan lei tot 'n versteurde persepsie van die grense van die liggaam, is ook hier ter sprake. Die adolessent met anoreksia nervosa het moontlik ook 'n versteurde persepsie van haar liggaamsgrense soos wat dit van die omliggende spasie onderskei word. Fisher en Cleveland soos aangehaal deur Kaiser (1990:106) wys daarop dat ontevredenheid met die liggaamsgrense kan lei tot die behoefte om die fisieke self te manipuleer en op 'n ander wyse aan ander voor te stel in sosiale interaksies. Aspekte van die materiële self soos voedsel en klere kan moontlik deur die adolessent met anoreksia nervosa vir dié doel gebruik word. "The whole concept of body-image boundaries has implicit in it the idea of the structuring of one's relations with others. It would seem to follow that if the body-image concept has something to do with the kind of defensive barriers an individual establishes... an understanding of these barriers should tell us something about the nature of the person's interactions with others" (Fisher en Cleveland aangehaal in Kaiser, 1990:106). So 'n siening wys op die wisselwerking tussen die

verskillende dele van die self en ondersteun dus die siening van die simboliese interaksionisme dat die mens, in hierdie geval adolessent met anoreksia nervosa en haar gedrag, in totaliteit en in interaksie met ander bestudeer moet word en dat enkele redes en oorsake vir bepaalde gedrag nie geïsoleer moet word nie.

Verder het die vroulike adolessent met anoreksia nervosa 'n versteurde siening van die rol van voedsel in haar lewe. Sy het 'n obsessiewe pre-okkupasie met voedsel, maar terselertyd gun sy dit nie aan haarself om dit te geniet nie (Kaiser, 1990:104; Kowalski, 2000). Vir haar beteken voedsel 'n groot bedreiging want sy assosieer dit met massatoename. Haar obsessiewe vrees vir vet word dryf haar om feitlik sonder kos te leef en sodoende letterlik te vergaan van honger (Barlow & Durand, 1999:240; Kowalski, 2000). Sy ervaar 'n opwindende verhouding met kos en beskou eet as 'n interne ervaring wat sy met niemand wil deel nie (Slabber, 1985). Haar manipulerings van haar materiële self (voorkoms en voedselgedrag) kan vir haarself dien as simbool van bepaalde aspekte van byvoorbeeld haar geestelike self – soos dat sy die afleiding maak dat sy 'n sterk wilskrag het (Wardlaw, 1999:352; Bloom, 1999).

Vanuit die voorafgaande is die fyn wisselwerking tussen die fisieke en materiële aspekte van die self en die individuele interaksie met ander duidelik asook die feit dat aspekte van die materiële self soos voedsel en kleding moontlik deur die adolessent met anoreksia nervosa gebruik kan word, nie net in die manipulerings en aanbiedings van die liggaam (fisieke self) nie, maar ook as simbool en betekenisvol met betrekking tot ander aspekte van die self.

2.5.1.3 Belevens van die geestelike self

Die geestelike self handel oor denke en gevoelens met betrekking tot dit wat innerlik tot die persoon is, byvoorbeeld waardes, vermoëns, houdings en persoonlikheids eienskappe (Burns, 1981:7; Kaiser, 1990:289). Al die ander vorms van die self sentreer rondom die geestelike self. Dit is die bron van belangstelling, pogings, aandag, wil en keuse. Dit is 'n samevatting van intellektuele, godsdienstige en morele aspirasies (Burns, 1981:7). Vanuit die simboliese interaksionisme is dit duidelik dat die geestelike self 'n belangrike aspek van die self is wat 'n definitiewe rol in gedrag speel (de Klerk, 1995). "Values are self-organizing principles that guide our thoughts and actions. Values are linked to self-concept and self-evaluation - values are abstract" (Kaiser, 1990: 289). Waardes as deel van die geestelike self help die mens om dit wat belangrik vir hom is te definieer en dit rig sy keuses en voorkeure (Kaiser, 1990:289). Afhangende van die adolessent met anoreksia nervosa se waardes, sal

sy belangrike besluite neem rakende haar eetgedrag. Die geestelike self van die anoreksia nervosa lyster kan moontlik beter verstaan word deur te kyk na die profiel van 'n tipiese anoreksia nervosa lyster:

- Sy is gewoonlik jonk, intelligent en prestasie-georiënteerd en superieure prestasie beteken vir haar om 'n baie maer figuur te hê. Sy toon 'n baie sterk wilskrag, is kompetierend van aard en soms obsessief (Barlow & Durand, 1999:237; Kaiser, 1990:104; Tiggemann & Dyer, 1995).
- Daar word meestal hoë verwagtings van haar gekoester en die eetversteuring stel haar waarskynlik in staat om kontrole uit te oefen in 'n andersins magtelose bestaan.
- Om massa te verloor is moontlik haar eerste sukses wat sy onafhanklik behaal (Bloom, 1999; Wardlaw, 1999:352).
- Sy is perfeksonisties en sy evalueer haar geestelike selfwaarde ooreenkomstig haar selfbeheersing (Barlow & Durand, 1999:237; Wardlaw, 1999:352; Gardner aangehaal in Tiggemann & Dyer, 1995).
- Deur die grootte van haar liggaam te manipuleer, ervaar sy kontrole oor haar lewe (Kaiser, 1990:104).
- Die adolessent met anoreksia nervosa ervaar dikwels 'n gevoel van mislukking met betrekking tot menslike verhoudings, isoleer haarself sosiaal en vervang dan die wêreld van sosiale verhoudings met 'n wêreld van voedsel, eet en massa (Kaiser, 1990:104; Wardlaw, 1999:352).

Die klem wat die simboliese interaksionisme op die wisselwerking tussen die verskillende aspekte van die self lê, is weereens duidelik asook die feit dat een aspek van die self as simbool van ander aspekte van die self kan dien. Die gebruik van kognitiewe prosesse soos self-attribusie en die gebruik van simbole om betekenis aan sosiale interaksie situasies te gee, kom ook duidelik na vore.

2.5.1.4 Belewenis van die sosiale self

Die sosiale self kan gedefinieer word as die self as deel van ander of as deel van 'n groep of gemeenskap. Vanuit die simboliese interaksionisme is dit duidelik dat die totale self 'n sosiale objek is wat in interaksie met ander persone, byvoorbeeld betekenisvolle ander, veralgemene ander en verwysingsgroep ander, ontwikkel (Charon, 1998:71). Charon (1998:81-82) stel dit duidelik dat die individu, in hierdie geval die adolessent met anoreksia nervosa, in staat is om haarself in ander se skoene te stel, hul rol aan te neem en die eie self

vanuit ander se perspektief, of soos sy meen hul perspektief is, te beoordeel. Ander persone speel dus 'n belangrike rol in die ontwikkeling van die totale self van hierdie adolessent.

2.5.2 Die adolessent met anoreksia nervosa in interaksie met ander

Met die simboliese interaksionisme as agtergrond is dit uit die konseptuele raamwerk duidelik dat die adolessent met anoreksia nervosa voortdurend ook met ander persone in interaksie is en dat haar self ontwikkel in interaksie met ander. Hierdie ander met wie sy aspekte van haar self voortdurend vergelyk en van wie sy terugvoering oor haar self kry, sluit in betekenisvolle ander (ouers, gesin en familie), veralgemene ander (mode, stereotipes en massamedia se siening) en verwysingsgroep ander (portuurgroep en ander groepe met wie sy identifiseer). Vanuit 'n sosiaal-kognitiewe perspektief kan daar bygevoeg word dat sy nie net van die ander terugvoering ontvang, haar met ander vergelyk en hul rolle aanneem nie, maar dat sy ook tydens interaksie met ander persone kognitiewe prosesse in werking stel ten einde die interaksie situasie, haar eie gedrag en ander se gedrag beter te verstaan en uiteindelik 'n persepsie van haar totale self te kan vorm.

2.5.2.1 Interaksie met betekenisvolle ander

Dit blyk asof die adolessent met anoreksia nervosa se interaksie met betekenisvolle ander persone soos ouers, broers en susters, 'n bepalende rol in haar persepsie van haar self asook in haar uiteindelige eetgedrag kan speel. Teoretici en navorsers soos Gormly en Brodzinsky (1989:307-315) wys daarop dat die kognitiewe en sosiale ontwikkeling tydens die adolessente jare dikwels lei tot konflik in die gesin en versteurde ouer-kind verhoudings wat vir die adolessent problematies kan wees. Dit is gewoonlik in hierdie lewensfase dat die adolessent die behoefte tot groter outonomie kry en begin rebelleer teen rigiede reëls, regulasies en druk van buite, hetsy vanaf die gesin, die skool of elders (Pretorius, 1981:139; Gormly & Brodzinsky, 1989:328-330). Navorsing oor die rol van die gesin en spesifiek die van die vader en die moeder as betekenisvolle ander, dui daarop dat faktore soos swak ouer-kind verhoudings, ouerskapstyle, besondere druk vanaf ouers en andere 'n bepalende invloed mag hê op die adolessent se persepie van haarself asook haar eetgedrag en dus nie bulte rekening gelaat kan word wanneer daar gepoog word om die adolessent met anoreksia nervosa beter te verstaan nie (Hart & Kenny, 1997; Bloom, 1999; Blades, 2001).

Hill en Bhatti (1995) het byvoorbeeld bevind dat die gesinsomgewing kan bydra tot die patogene se van eetversteurings soos anoreksia nervosa. Byely, Archibald, Graber & Brooks-

Gunn (2000) het in 'n studie bevind dat dogters in die vroeë-adolessensie jare wat 'n negatiewe persepsie van gesinsverhoudinge het, meer geneig is om betrokke te raak in problematiese eetpatrone. Die moeder se houding en selfs beheptheid met betrekking tot liggaamspersepsie sowel as haar selfagting het moontlik 'n invloed op haar adolessente dogter se eetpatroon. Daar word dikwels druk op die dogters geplaas om maer te wees (Bloom, 1999; Pike & Rodin aangehaal in Byely *et al*, 2000). Stein en Fairburn sowel as van Wezel-Meijer en Wit (aangehaal in Waugh & Bulik, 1999) het bevind dat moeders met eetversteurings 'n groter ongelukkigheid toon oor hul kinders se massa en liggaamsbou. Field *et al* (2001) ondersteun die siening en het bevind dat die invloed van ouers kan lei tot 'n besorgdheid/beheptheid oor liggaamsmassa wat gepaard gaan met verslankingsdiëte op gereelde grondslag. Manlike gesinslede soos die vader skyn 'n belangrike rol te speel in die vroulike adolessent se besluit om op 'n verslankingsdieet te gaan (Moore, 1993; Field *et al*, 2001). Die terugvoering wat verband hou met haar liggaamspersepsie wat die adolessent van haar gesinslede kry, kan lei tot die ontstaan van abnormale eetgedrag.

Volgens Bloom (1999) kan sommige individue eetsteurnisse ontwikkel in 'n poging om ouers se onredelike verwagtinge te hanteer. Adolessente se pogings om onafhanklik te funksioneer word gekortwiek deur die streng, rigiede kontrole deur hul ouers. Adolessente met anoreksia nervosa kom dikwels uit huise waar die ouers streng en rigied is en dikwels 'n outoritêre opvoedingstyl het (Bloom, 1999). 'n Dominante moeder met 'n preokkupasie met massa en dieet en 'n emosioneel en fisies-afwesige vader is dikwels ter sprake (Norris, 1986; Bloom, 1999). Die adolessent met anoreksia nervosa is dikwels geneig om in alle opsigte voorbeeldig te wees en ten alle koste haar ouers se wense te eerbiedig, wat tot geweldige innerlike konflik en selfs depressie kan lei. Weiering om te eet is dikwels die enigste vorm van kontrole wat die adolessent in haar lewe het en kontrole is vir haar van wesenlike belang (Bloom, 1999:43).

Vanuit die voorafgaande lyk dit asof sosiale terugvoering in byvoorbeeld die vorm van kritiek of verwagtings op aspekte van die self vanaf veral die ouers as betekenisvolle ander, waarskynlik 'n belangrike rol speel in die vroulike adolessent met anoreksia nervosa se ontwikkeling en belewenis van haar self en moontlik uiteindelik ook op haar eetpatrone.

2.5.2.2 Interaksie met verwysingsgroep ander

Vanuit die simboliese interaksionisme is dit duidelik dat verwysingsgroep ander 'n belangrike rol speel in die ontwikkeling van die self deurdad die individu haarself met hierdie groep

vergelyk en dikwels ook terugvoering vanaf hulle kry met betrekking tot haar self. Kaiser (1990:129-130) wys daarop dat adolessente geneig is om veral met betrekking tot die sigbare fisieke self, hulself met verwysingsgroep ander, veral die portuurgroep te vergelyk en ook die terugvoering vanaf die groep as belangrik te ag. Teoretici soos Gormly en Brodzinsky (1989:331-336) is dit eens dat die portuurgroep as verwysingsgroep ander gedurende die adolessente fase 'n belangrike invloed het op die adolessent se persepsie van haarself asook op haar gedrag. Field *et al* (2001) stel dit dat "To gain acceptance by their peers, adolescents may resort to adopting the perceived beliefs and behaviors practised by the members of their peer group". Dit veroorsaak dat die adolessent toenemend introspektief en analities word, veral as sy nie aan die norme van die portuurgroep voldoen nie. Dit kan aanleiding gee tot gemoedskommeling wat wissel van depressie en ontevredenheid tot vreugde en geluk (Thom *et al*, 1998:429). Groepsdruk is as 'n risikofaktor bevind in die ontstaan van eetversteurings (Field *et al*, 2001). Terugvoering vanaf die portuurgroep in byvoorbeeld die vorm van tergering oor oormassa, veral in die vroeë-adolessente stadium, kan soms aanleiding gee tot eetsteurnisse en moet nooit onderskat word nie. Hierdie uiters skadelike vorm van terugvoering kan 'n nadelige uitwerking hê wat kan strek tot in die volwasse lewenstadium (Burns, 1981:153; Fabian & Thompson, 1989; Taylor *et al*, 1998).

'n Kenmerk van adolessente portuurgroepverhoudings is die toename in konformiteit. Konformiteit verwys na die neiging om toe te gee aan sosiale druk. Oormatige konformering met die portuurgroep kan onder andere daartoe lei dat adolessente by hoë-risikogedrag betrokke raak (Thom *et al*, 1998:458). As die adolessent haarself vergelyk met haar portuurgroep met betrekking tot massa en liggaamsbou en sy nie aan die norme voldoen nie, sal sy moontlik uiterste praktyke (byvoorbeeld eetpraktyke) beoefen om te voldoen aan die norme. Vroeë-adolessente is meer geneig om te konformeer as laat-adolessente omdat hul baie sensitief is vir die goedkeuring van die portuurgroep en as gevolg van 'n gebrek aan selfvertroue en onafhanklikheid om eie besluite te neem. Dit blyk dat die afhanklikheid van die portuurgroep 'n nodige stap is in adolessente se onafhanklikheidswording van hul ouers. (Thom *et al*, 1998:457). Soos reeds genoem, staan adolessente met eetversteurings soms streng onder die gesag van hul ouers en vermy hul sosiale kontak om verskeie redes. Dit belemmer die normale onafhanklikheidsontwikkeling en kan lei tot ander emosionele probleme. Vir die adolessent is haar voorkoms dikwels belangriker as haar gesondheid en word haar selfwaarde, geluk en sukses dikwels bepaal deur haar liggaamsafmetings en persentasie liggaamsvet (Barlow & Durand, 1999:237). Ongewilde adolessente is dikwels emosioneel ontwrig, behep met hulself en toon 'n negatiewe selfbeeld (Thom *et al*,

1998:457). Dit skep 'n goeie klimaat vir die ontwikkeling van eetversteurings. Haar portuurgroep se "positiewe" terugvoering kan haar probleem versterk. Aanmerkings soos: "jy lyk so goed, ek wens ek kan soos jy lyk" en "ek wens ek het so 'n sterk wilskrag soos jy" sal as motivering dien om te volhard in haar wanpraktyke en word beskou as 'n sosiale beloning (Kaiser, 1990:105).

Adolessente is geneig om vriendskapsverhoudings aan te knoop met diegene wat dieselfde kenmerke openbaar. Hulle is geneig om vriende te kies wie se belangstellings, houdings, waardes en persoonlikhede, met hul eie ooreenstem (Brendt & Perry, aangehaal in Thom *et al*, 1998: 460). Hul het 'n behoefte aan selfopenbaring en sal eerder hul fisieke veranderinge en ontwakende seksualiteit met hul vriende as met hul ouers bespreek (Thom *et al*, 1998:460). Selfopenbaring tussen hegte vriende help adolessente om hulself beter te leer ken en sensitief te wees vir ander. Die adolessent met anoreksia nervosa ontbeer dikwels hierdie vriendskapsverhoudings en is op haarself aangewese om emosionele probleme te hanteer. Verder is sy selfgerig en haar belangstelling draai net om haarself en haar eetpraktyke. Vriendskappe help om die stressors van adolessensie te hanteer, werk vereensaming teë en lewer 'n bydrae tot selfkonsepontwikkeling (Thom *et al*, 1998:460). In teenstelling hiermee is die adolessent met anoreksia nervosa dikwels baie eensaam en ondervind sy probleme met selfkonsepontwikkeling. Die sosiale isolasie en eensaamheid is 'n negatiewe belewenis wat die ontwikkeling van die sosiale self kan belemmer en negatief inwerk op die belewenis van die totale self. 'n Gebrek aan kontak met die portuurgroep belemmer normale sosiale ontwikkeling en bevorder haar preokkupasie met voedsel (Reiff & Reiff, 1992:126). Persone met eetversteurings onttrek hulself dikwels op sosiale vlak om die tyd wat hul wil bestee aan hul abnormale eetgedrag te maksimaliseer. Hul vermy ook daardeur situasies waar voedsel moontlik bedien sal word (Reiff & Reiff, 1992:126).

Vanuit die voorafgaande is dit duidelik dat die portuurgroep as verwysingsgroep ander vir die adolessent met anoreksia nervosa as norm in sosiale vergelyking kan dien, maar ook as bron van sosiale terugvoering op veral aspekte van die fisieke en materiële self.

2.5.2.3 Interaksie met veralgemene ander

Veralgemene ander met wie die adolessent in interaksie is, sluit onder meer die mode van die tyd, die massamedia se opinie en stereotipes in. Kaiser (1990:171-173) wys daarop dat omrede fisieke voorkoms so sigbaar is, dit die voor die hand liggende aspek van die self is

om met ander te vergelyk en dat veral vroulike adolessente geneig is om hulself nie net met verwysingsgroep ander te vergelyk nie, maar ook met veralgemene ander.

Vyftig persent van adolessente is volgens Nicht (2000) gereelde lesers van modetydskrifte. Die ideale vrou wat deur die media as verteenwoordigend van die algemene ander se opinie gepropageer word, is baie ver van die werklikheid. Die kykers en lesers word mislei deur die voorstellings van die media. Posavac, Posovac & Posovac (1998:199) stel dit as volg: "It is likely that the extreme thinness of the models combined with professional photographic techniques and retouching interact to produce a superimage with which most women simply cannot compete". Sulke wanvoorstellings plaas geweldige druk op adolessente en as hulle voel dat hul nie aan die norm kan voldoen nie, kan dit tot negatiewe persepsie van die fisieke sowel as die totale self lei. Volgens Kowalski (2000) kan dit ook eetversteurings tot gevolg hê. Volgens Posovac *et al* (1998) sal die blootstelling aan die media slegs 'n verhoogde bewustheid van massa tot gevolg hê indien die persoon reeds 'n ontevredenheid met haar liggaam het. Volgens Burns (1981:153) gaan dit hier om stereotipering en wel die siening onder veral vroulike adolessente dat liggaamstipe geassosieer word met gewildheid. Baie aantreklike modelle word dikwels geassosieer met die "what is good" stereotipe en mooi mense word dikwels beskou as diegene wat beter kanse het en sal presteer met betrekking tot beroepe en lewensmaats (Landreth & Bower, 2001). Stereotipering kan gevaarlik word wanneer die adolessent nie presies inpas in die kategorie nie, maar sy steeds deel is of wil wees van die groep.

Waar betekenisvolle ander veral 'n rol speel met betrekking tot sosiale terugvoering aan die adolessent met anoreksia nervosa, lyk dit asof veralgemene ander veral dien as 'n norm waarmee die vroulike adolessent met anoreksia nervosa veral haar fisieke self vergelyk. Omrede die adolessent met anoreksia nervosa nou in 'n sosiaal-kognitiewe ontwikkelingsfase is waar die klem verskuif vanaf betekenisvolle ander na veralgemene en verwysingsgroep ander en ook in 'n kognitiewe ontwikkelingsfase is waar introspeksie en egosentrisme 'n belangrike rol speel, speel kognitiewe prosesse soos self-attribusie waarskynlik 'n rol in haar belewenis en begrip van haar self en haar gedrag, hetsy haar fisieke voorkoms of haar eetgedrag (Gormly & Brodzinsky, 1989: 307-314).

2.6 GEVOLGTREKKING EN IMPLIKASIES

Vanuit die literatuur met betrekking tot die ontwikkeling van die adolessent blyk dit duidelik dat die adolessent op fisieke, psigo-sosiale en kognitiewe vlakke vinnig ontwikkel en verander (Thom *et al*, 1998:417-418). Dit blyk verder vanuit die literatuur dat bepaalde psigologiese, sosiale en kognitiewe faktore 'n invloed mag hê op die adolessent en spesifiek ook die adolessent met anoreksia nervosa se voedselkeuse en eetgedrag (Fieldhouse, 1995:184; Furst *et al*, 1996).

'n Sosiaal-kognitiewe raamwerk steun op die standpunt dat die mens:

- 'n aktiewe, dinamiese wese is wat verantwoordelikheid neem vir haar eie gedrag
- 'n self het wat uit verskillende aspekte bestaan, wat in interaksie met haarself en ander individue en groepe ontwikkel en wat rigting gee aan haar gedrag
- in staat is om haar self en haar gedrag te evalueer en 'n bepaalde persepsie daaromtrent te ontwikkel
- van kognitiewe strukture en strategieë gebruik maak om haar self en haar gedrag, die situasie waarin sy haar bevind asook ander persone en hulle gedrag te verstaan ten einde weer haar eie gedrag daarvolgens te rig.

Dit blyk uit die voorafgaande dat dit moontlik is om 'n benadering te volg waarvolgens die adolessent met anoreksia nervosa vanuit die sosiaal-kognitiewe perspektief bestudeer kan word. So 'n benadering bied dus aan die navorser die geleentheid om die vroulike adolessent met anoreksia nervosa in totaliteit te bestudeer met die doel om haar gedrag te verstaan, in stede daarvan om enkele faktore of moontlike oorsake vir haar gedrag te probeer identifiseer. Dit behoort ook aan die navorser die geleentheid te gee tot ryke beskrywing van die vroulike adolessent met anoreksia nervosa en haar gedrag, in stede daarvan om slegs tot 'n oorsaak-en-gevolg gevolgtrekking te kom. Dit bied laastens aan die navorser die geleentheid om 'n kwalitatiewe benadering te volg waartydens kreatiewe kwalitatiewe data-insamelingsmetodes as deel van die navorsingsontwerp gebruik kan word.

HOOFSTUK 3

NAVORSINGONTWERP

3.1 INLEIDING

Vanuit die vorige hoofstuk is dit duidelik dat:


- die adolessent met anoreksia nervosa se belewenis van haarself die probleem is waar rondom hierdie studie gesentreer is
- die doel van die studie is om bogenoemde problematiek te verken en te verstaan, en nie om enkele oorsake vir die gedrag van die adolessent met anoreksia nervosa te identifiseer nie
- simboliese interaksionisme en 'n sosiaal-kognitiewe perspektief as vertrekpunt vir die studie gekies is om hierdie doelwit te bereik
- indien die teorie rondom die adolessent met anoreksia nervosa binne die gekose perspektief gekonseptualiseer word, dit lei na bepaalde vrae wat deur hierdie studie aangespreek sal word.

Bogenoemde het bepaalde implikasies vir die keuse van 'n navorsingstrategie, data-insamelmingsmetode en ander tegnieke vir die studie. Daar word vervolgens in hierdie hoofstuk aandag gegee aan:

- die gekose konseptuele raamwerk en vrae vanuit die literatuur wat as spesifieke doelwitte vir die studie gestel word
- die keuse van 'n navorsingstrategie en – styl vir hierdie studie
- die keuse van die steekproef
- die keuse, beskrywing en toepassing van die datahantering
- data-analise en aanbieding van hierdie data
- geloofwaardigheid van die studie.

3.2 GEKOSE KONSEPTUELE RAAMWERK EN SPESIFIEKE DOELWITTE

Die raamwerk soos skematies weergegee in FIGUUR 1 en waarby die literatuur in HOOFSTUK 2.4 geïntegreer is, is as konseptuele raamwerk vir die studie geneem.



FIGUUR 1: KONSEPTUELE RAAMWERK

Met inagneming van die probleemstelling vir die studie naamlik die vroulike adolessent met anoreksia nervosa se belewenis van haar self, die gekose konseptuele raamwerk en die literatuur met betrekking tot die adolessent met anoreksia nervosa, is die volgende subvrae as spesifieke doelwitte vir die studie gestel:

- Hoe beleef die vroulike adolessent met anoreksia nervosa haar fisieke self?
- Hoe beleef die vroulike adolessent met anoreksia nervosa haar sosiale self?
- Hoe beleef die vroulike adolessent met anoreksia nervosa haar geestelike self?
- Watter rol speel die gesin as betekenisvolle ander in die vroulike adolessent met anoreksia nervosa se belewenis van haar self?
- Watter rol speel die portuurgroep as verwysingsgroep in die vroulike adolessent met anoreksia nervosa se belewenis van haar self?
- Watter rol speel die media as veralgemene ander in die vroulike adolessent met anoreksia nervosa se belewenis van haar self?
- Watter rol speel stereotipe as veralgemene ander in die vroulike adolessent met anoreksia nervosa se belewenis van haar self?
- Gebruik die vroulike adolessent met anoreksia nervosa haar liggaam as simbool van bepaalde aspekte van haar geestelike self?

- Gebruik die vroulike adolessent met anoreksia nervosa voedsel / die eet van voedsel as simbool van bepaalde aspekte van haar self?
- Funksioneer self-attribusie by die vroulike adolessent met anoreksia nervosa in die begrip van haar self?

3.3 DIE KEUSE VAN 'N NAVORSINGSTRATEGIE EN -STYL VIR DIE STUDIE

Die doel van die navorsing is verkennend en beskrywend van aard ten einde omvattende begrip en insig te bekom van die adolessent met anoreksia nervosa. Die styl en metodes moet dus van so 'n aard wees dat innerlike belewenisse blootgelê kan word. Die verwerwing van begrip vir die belewenis van die self van die adolessent met anoreksia nervosa word as basis neergelê (Babbie & Mouton, 2001:270).

Gevolgtrek is daar van 'n ideografiese navorsingstrategie gebruik gemaak. Volgens Babbie en Mouton (2001:272) is ideografiese studies slegs gemoeid met en geïnteresseerd in die begrip van 'n geval (persoon) binne sy/haar eie konteks. Die navorsingsprosesbenadering is induktief van aard en gevolglik word die klem op die ontwikkeling van nuwe interpretasies en begrip geplaas (Schurink, 1998:249; Babbie & Mouton, 2001:273).

'n Deeglike bestudering van die literatuur en navorsing op die gebied van anoreksia nervosa by die adolessent, die simboliese interaksionisme asook sosiaal-kognitiewe perspektief, het gelei tot die keuse van 'n kwalitatiewe navorsingstyl vir hierdie studie. Sodoende kon daar gekonsentreer word op die adolessent met anoreksia nervosa se beleweniswêreld. 'n Kwalitatiewe navorsingsparadigma verwys na die generiese navorsingsbenadering waar navorsing sy vertrekpunt as 'n binnestander perspektief op sosiale aksie het (Babbie & Mouton, 2001:53). Hierdie navorsingstyl blyk geskik te wees vir die doelstelling van hierdie studie. Die navorsingsontwerp moes buigsaam en uniek wees, en moes ruimte laat vir voortdurende aanpassings gedurende die navorsingsproses. 'n Plooibare benadering is dus gevolg in die studie (Schurink, 1998:243). Hierdie tipe benadering dra daartoe by dat 'n groter mate van betroubaarheid in die studie verkry kon word. De Vos (2002:352) stel dit as volg: "The researcher attempts to account for changing conditions in the phenomenon chosen for study, as well as changes in the design created by an increasingly refined understanding of the setting". Die aanname van 'n onveranderlike sosiale omgewing is daarom in direkte kontras met kwalitatiewe aannames, aangesien die sosiale omgewing voortdurend verander. Die omvattende literatuurstudie wat gedoen is, het ook bygedra tot die

verhoging van die kredietwaardigheid van die studie. Alle konsepte is goed geïdentifiseer en omskryf (Lincoln & Guba aangehaal in de Vos, 2002:351). Verder is 'n groter mate van geloofwaardigheid in hierdie studie verkry deurdat daar gebruik gemaak is van twee teoretiese perspektiewe in die vroeë beplanning van die studie. Hierdie tegniek staan bekend as kruisvalidasie van teorieë (de Vos, 2002:342).

3.4 KEUSE VAN STEEKPROEF

3.4.1 Eenheid van analise

Die eenheid van analise vir hierdie studie is jong vrouens wat tydens adolessensie volgens spesifieke diagnostiese kriteria "Diagnostic and Statistical Manual and Mental Disorders – DSM – 1V" met anoreksia nervosa gediagnoseer is (Position statement position of the American Dietetic Association: 1998). Vanuit die definisie van anoreksia nervosa en adolescent, is die teikenpopulasie diegene wat voldoen aan die beskrywing. Sien **HOOFSTUK 2.1** en **2.2** vir 'n volledige beskrywing.

3.4.2 Steekproefseleksie

In hierdie studie is daar van doelbewuste steekproefneming, gebaseer op die doel van die studie, gebruik gemaak (Schurink, 1998:253). Respondente moes gewillig wees om deel te neem aan hierdie studie en moes ook gevolglik gewillig wees om te praat oor hul dieper belewenisse van die siekte (Schurink, 1998:253; Babbie & Mouton, 2001:166). Drie jong vrouens (23 jaar oud) wat gediagnoseer is met anoreksia nervosa tydens adolessensie, is uit die steekproefraamwerk as respondente gebruik. Die respondente wat vir die studie geïdentifiseer is, moes aan die volgende kriteria voldoen:

- vroulik wees
- nie meer as 5 jaar post-adolessensie wees nie
- moes tydens adolessensie gediagnoseer gewees het met anoreksia nervosa volgens erkende kriteria en reeds deur terapieessies gegaan het
- moes in staat wees om herinneringe terug te roep, oor gebeure te reflekteer en om in detail daaroor te rapporteer.

Die motivering vir die seleksie van respondente vanuit hierdie spesifieke ouderdomsgroep is omrede hulle reeds terapeutiese hulp gehad het en moontlik oor 'n beter mate van

perspektief en refleksie rondom hierdie siekte beskik. Daar is teen die keuse van deelnemers wat hulself huidiglik in die siektetoestand bevind besluit omdat die navorser nie wou inmeng met terapie sessies nie. Die navorser het professionele advies ingewin in die verband.

Doelbewuste steekproefneming verhoog die studie se oordraagbaarheid (Guba & Lincoln aangehaal in Babbie & Mouton, 2001:277). Die kwalitatiewe navorser werk gewoonlik met 'n klein steekproef en spontane gebeure. Volgens Babbie en Mouton (2001:287) word die aantal respondente bepaal deur die aard van die studie en die aantal kere wat data-insamelingsmetodes herhaal word. In hierdie studie is die steekproef relatief klein weens die beperkte bestaande populasie, asook weens die feit dat daar op in-diepte onderhoude en nie op fokusgroepe gekonsentreer is nie. Die feit dat min anoreksia nervosa lyers bereid is om deel te neem aan navorsingstudies, het die taak om geskikte respondente vir hierdie studie te verkry, verder bemoeilik. Om etiese redes stel terapeute en hospitale/klinieke nie pasiëntinligting beskikbaar nie. Die onderwerp is sensitief van aard en geheimhouding is dikwels kenmerkend van hierdie siektetoestand. Die navorser het navraag gedoen en persone wat onder haar aandag gekom het opgevolg om geskikte respondente te identifiseer. Weens die aard van die steekproef is dit van belang dat geen veralgemenings gemaak kan word nie (Taylor aangehaal in de Vos, 2002:46). Die oordraagbaarheid van bevindinge in hierdie kwalitatiewe studie wat handel oor die toepaslikheid daarvan in ander kontekste (eksterne geldigheid) kan moontlik as 'n leemte gesien word. Daarom moet daar met oorleg gewaak word om nie veralgemenings te maak nie weens die aard van die steekproef vir hierdie studie gebruik. Die leemte kan in 'n mate oorkom word deur middel van intermetodiese kruisvalidasie, wat wel aangewend is in hierdie studie (de Vos, 2002:352).

3.5 KEUSE, BESKRYWING EN TOEPASSING VAN DATAHANTERING

3.5.1 Data-insamelingsmetodes

Daar is van twee tipes kwalitatiewe data-insamelingsmetodes gebruik gemaak, naamlik ongestruktureerde, individuele onderhoudvoering (in diepte gesprekvoering met behulp van stimulusmateriaal) asook persoonlike dokumentasie (Babbie & Mouton, 2001:283). Hierdie metodes word as geskik beskou, aangesien navorsingsdoelstellings daardeur bereik kon word. Onervare navorsers kan onbewustelik foute begaan deur byvoorbeeld deelnemers te lei en te rig in bepaalde antwoorde op vrae. Gevolglik word 'n kombinasie van verskillende metodes gebruik. Verskillende metodes van data-insameling vul mekaar aan en dien as

kruisvalidering om geloofwaardigheid en betroubaarheid te verseker (Leedy, 1997:169; Babbie & Mouton, 2001:275, 278). Meer as een respondent is ingesluit om ook by te dra tot die geloofwaardigheid en betroubaarheid van die data. Deur van hierdie metodes gebruik te maak, word daar gepoog om die wêreld deur die oë van die akteur self te sien (Babbie & Mouton, 2001: 271). Dit is met ander woorde 'n poging om insig te kry oor hoe die vroulike adolessente met anoreksia nervosa haar leefwêreld interpreteer.

3.5.1.1 Onderhoudvoering

'n Kwalitatiewe onderhoud kan gesien word as die interaksie tussen die onderhoudvoerder en die respondent, waar die onderhoudvoerder 'n algemene plan vir ondervraging het, maar nie vooraf vasgestelde vrae het wat in 'n spesifieke volgorde gevra moet word nie (Babbie & Mouton, 2001:289).

Volgens Schurink (1998:299,300) is daar drie tipes ongestruktureerde onderhoudvoeringsmetodes waarvan twee in hierdie studie gebruik is: ongestruktureerde onderhoudvoering aan hand van 'n skedule, en in-diepte onderhoudvoering. Hierdie tipe data-insamelingsmetodes is tydens die vier beplande onderhoudsessies gebruik.

3.5.1.1.1 Ongestruktureerde onderhoudvoering aan hand van 'n skedule

Die skedule dien as 'n riglyn vir die onderhoudvoerder en bevat vrae en temas wat van belang is vir die navorsing. Dit kan as 'n semi-gestruktureerde onderhoud beskou word. Dit is tydens die eerste en vierde onderhoudsessies gebruik. Temas vir die onderhoud is gebaseer op die teoretiese/konseptuele raamwerk met inbegrip van die doelwitte. Die temas het as riglyne gedien sonder om rigied te wees. Dit het slegs struktuur aan die onderhoud gee. Daar is te alle tye gepoog om die respondent ten volle geleentheid te gee om ongebonde te praat en te reflekteer. Riglyne vir opvolgende onderhoude is ontwikkel na transkripsie en voorlopige analise van die eerste onderhoude.

3.5.1.1.2 In-diepte onderhoudvoering

In-diepte onderhoudvoering is 'n gevorderde en komplekse tegniek. Dit het as die vernaamste data-insamelingstegniek gedien. Die duur van die onderhoudsessies is met groot diskresie hanteer. Dit het gewissel in lengte en het enige iets tussen een tot een en 'n half uur geduur. Die persoon wat ondervra is se gedrag was 'n goeie indikasie van wanneer

'n onderhoud beëindig moes word. Die gesprek is gestaak sodra die respondent tekens van vermoeidheid getoon het en daar geen lig meer op die onderwerp gewerp kon word nie. 'n Sogenaamde versadigingspunt is dus bereik (Schurink, 1998:304). Daar is 'n doelbewuste poging aangewend om 'n vertrouensverhouding tussen die respondent en die navorser op te bou. Dit is gewoonlik 'n langsame proses. Babbie en Mouton (2001:291) stel dit as volg: "Understanding the meaning construction processes of others is a slow and extremely delicate process". Bogenoemde metode is veral tydens die tweede en derde sessies gebruik. Kvale (1996:83-85) dui daarop dat die tegniek van onderhoudvoering eintlik 'n kunsvorm is en dat die navorser se vaardigheid, kennis, intuïsie en aanpasbaarheid belangrike elemente daarvan uitmaak. Die doel van 'n in-diepte onderhoud kan slegs bereik word as die twee partye op gelyke voet verkeer vir die verloop van die onderhoud en as daar 'n wedersydse vertroue tussen hul ontwikkel het (Schurink, 1998:312). Hierdie tipe in-diepte ondersoek en beskrywing van die kompleksiteit van die veranderlikes en interaksies word beskou as 'n wyse om die kredietwaardigheid van die studie te verseker (de Vos, 2002:35).

Die navorser kon waardevolle riglyne en wenke inwin by spesialiste op die terrein en het sodoende die geldigheid van die studie verhoog.

3.5.1.2 Persoonlike dokumentasie

Die gebruik van persoonlike dokumentasie is 'n navorsingstyl wat die respondent 'n geleentheid gun om uitdrukking te gee aan haar begrip van die wêreld rondom haar of die situasie waarin sy verkeer (Babbie & Mouton, 2001:286). Dit was van pas in die betrokke studie aangesien die respondente dit sonder spesifieke voorskrifte kon doen en dit het hul die geleentheid gegee het om goed oor die onderwerp te dink. Die persoonlike dokumentasie is ook tydens onderhoudvoering as stimulusmateriaal gebruik.

Die respondent is aan die einde van die eerste onderhoudsessie gevra om 'n brief te skryf getiteld: "Anoreksia my vriend en anoreksia my vyand". Die doel van die tegniek was om interne versterkers van hierdie siekte te bepaal. Hierdie metode is op gegronde teorie gebaseer waar bepaalde temas vanuit die briewe kategorieer kon word. Die waarde van so 'n tegniek lê daarin dat die respondente nie voorgeskryf word om volgens bepaalde bestaande kategorieë te skryf nie, maar dit handel oor hul oorspronklike denkwyse (Serpell, Treasure, Teasdale & Sullivan, 1999). Die inhoud van die brief is tydens die derde sessie gebruik as 'n aanknopingspunt vir die in-diepte gesprek.

Die verskillende data-insamelingsmetodes wat gebruik is, het bygedra tot kruisvalidasie wat weer die geldigheid van die studie verhoog. Dit het verseker dat die data wat ingesamel is 'n waardevolle bydrae tot die studie kon maak (Babbie & Mouton, 2001:342; de Vos, 2002:342).

3.5.1.2.1 Stimulusmateriaal

In 'n poging om die respondente spontaan te laat deelneem aan die onderhoud, is daar van stimulusmateriaal gebruik gemaak. Die doel van die stimulus was naamlik om die respondente in 'n bepaalde situasie te plaas om sodoende response oor bepaalde aspekte waaroor die studie handel, te ontlok. Die respondente is tydens die onderhoud aan verskillende tipes stimulusmateriaal blootgestel. Direkte vrae sou moontlik nie die gewenste uitwerking gehad het nie. In hierdie studie is daar gebruik gemaak van:

- Die briewe soos beskryf in bespreking 3.5.1.2 is tydens die tweede in-diepte onderhoud gebruik as stimulusmateriaal.
- 'n Besoek aan 'n restaurant. Hierdie stimulistegniek is tydens die laaste (vierde) onderhoudssessie gebruik. Die respondente wat wel bereid was om daaraan deel te neem, het te staan gekom voor 'n voedselkeuseproses en die navorser kon ook meer uitvind oor die wyse van besluitneming. Sien **HOOFSTUK 4.1** vir 'n volledige bespreking.

Die navorser se ervaring was dat die respondente baie spontaan gepraat het en dat 'n groter verskeidenheid van stimulusmateriaal onnodig was.

3.5.2 Datavaslegging

Om te voorkom dat enige waardevolle data verlore gaan, is die gebruik van datavasleggingsmetodes van groot belang. Daar is van twee tipes datavasleggingsmetodes gebruik gemaak naamlik veldnotas en bandopnames.

3.5.2.1 Veldnotas

Dit is onwys en gevaarlik om slegs op geheue staat te maak om data vas te lê. Die gebruik van veldnotas is onontbeerlik gedurende onderhoudvoering. Twee stappe veldnotas word

aanbeveel naamlik aantekeninge oor gebeure en waarnemings, asook teoretiese memoranda soos waarnemings wat oorspronklike teoretiese idees weerspreek of bevestig. Die neem van veldnotas geskied tydens die onderhoud of so spoedig moontlik daarna (Schurink, 1998:285; Babbie & Mouton, 2001:275). Dit is veral onontbeerlik tydens data-analise vir verifiëring van data. Dit dien ook as 'n metode om die geldigheid te verhoog en dien as bewys van die betroubaarheid van die data (Guba & Lincoln aangehaal in Babbie & Mouton, 2001:275, 278).

In hierdie studie het die navorser direk na 'n onderhoud haar waarnemings aangeteken. Die plek, tyd en houding van die respondent, die wyse waarop vrae beantwoord is, en alle meegaande gebeure is aangeteken. Tydens die eerste en laaste ontmoeting is daar aantekeninge gemaak terwyl die respondent gepraat het, aangesien die gesprekke nie op band opgeneem is nie en dit ook meer informeel van aard was. Die navorser het telkens toestemming daarvoor gevra en aangedui dat die informasie wat die respondent sou verskaf van soveel waarde is dat dit belangrik is om aantekeninge daarvan te maak. Die veldnotas soos gemaak vir hierdie studie word volledig bespreek in **HOOFSTUK 4** (Sien bespreking in 4.1, 4.2 en 4.3).

3.5.2.2 Bandopnames

Twee onderhoude van elke respondent is op band geneem en direk na die onderhoude getranskribeer vir data-analise doeleindes. Bandopnames verseker dat die oorspronklike data behoue bly en versterk die geloofwaardigheid en bevestigbaarheid van die data (Babbie & Mouton, 2001:277). Dit is herhaaldelik teruggespeel ter wille van akkuraatheid en korrektheid en vir verifiëring van data. Die navorser het gebruik gemaak van 'n goeie kwaliteit bandopnemer wat oor 'n redelike ver afstand duidelik die gesprek kon opneem. Slegs 'n klein mikrofoon is op die tafeltjie tussen die respondent en die navorser geplaas. Dit is gedoen om 'n natuurlike gespreksforum te skep sonder die voortdurende bewustheid van die feit dat die gesprek op band geneem word. Daar is egter telkens toestemming gevra om die gesprekke op te neem. Die navorser het self die transkribering gedoen en het nie probleme ervaar met onduidelike opnames nie. Die volledige transkripsies van die onderhoude is beskikbaar.

3.5.3 Data-insamelingsprosedure

Daar is vier onderhoude met elk van die drie respondente gevoer.

Die eerste ontmoeting het in 'n restaurant geskied en was informeel van aard. Tydens hierdie ontmoeting is daar saam koffie gedrink en het die navorser dit ten doel gehad om die studie aan die respondent breedvoerig te verduidelik, haar toestemming te vra om deel te neem aan die studie, en om 'n vertrouensverhouding op te bou. 'n Vertrouensverhouding en goeie rapport met die deelnemers is noodsaaklik vir die insameling van waarheidsgetroue, objektiewe data (Schurink, 1998:311-312; Babbie & Mouton, 2001:273). Afsprake vir volgende ontmoetings is gemaak en daar is aan die respondent verduidelik wat van haar verwag word. Die inligting wat tydens hierdie eerste geleentheid verkry is, is aangeteken en dit het onder andere gedien as aanknopingspunt vir die daaropvolgende gesprekke.

Die tweede ontmoeting was meer formeel van aard en het die vorm van 'n in-diepte onderhoud aangeneem. Die voorafbepaalde kategorieë volgens die doelwitte van die studie is wel in aanmerking geneem en aspekte van die eerste gesprek is as aanknopingspunt gebruik. Aan die einde van die tweede onderhoud is die respondent gevra om 'n brief te skryf getiteld: "Anoreksia my vriend en anoreksia my vyand". Daar is gereël dat die navorser dit voor die derde ontmoeting kry ter wille van voorbereiding.

Die derde ontmoeting was ook in die vorm van 'n in-diepte onderhoud. Die brief se inhoud is as stimulusmateriaal gebruik en die navorser het gepoog om meer inligting sowel as 'n beter insig in die betekenis van die briewe te kry. Die navorser het telkens seker gemaak dat sy die inhoud van die briewe reg verstaan ten einde interpretasie te vergemaklik. Hierdie tegniek dra by tot die geloofwaardigheid van die data (Leedy, 1997:167; Babbie & Mouton, 2001:277).

Die vierde ontmoeting was meer informeel van aard en is beplan as 'n ete saam met die respondent. Dit het slegs in twee gevalle gerealiseer. Respondent twee het verkies om slegs vrugtesap te drink aangesien sy olik gevoel het. Tydens hierdie geleentheid is daar veral gekyk na die proses van voedselkeuse en die navorser het gepoog om ontbrekende data te kry.

Daar is dus volgehou met die gesprek totdat al die relevante inligting verkry is. Verskeie skrywers (Leedy, 1997:167; Babbie & Mouton, 2001:277) beaam dat die geloofwaardigheid van die data, wat 'n voorvereiste vir geldigheid is, verkry word wanneer die gesprek volgehou word om al die relevante inligting (teoretiese versadiging) te kry.

3.6 DATA-ANALISE

Data-analise kan omskryf word as die proses om orde te skep, struktuur te gee en betekenis te heg aan die massa ingesamelde data (de Vos, 2002:339). Data-analise in kwalitatiewe navorsing behels 'n tweeledige proses. Eerstens vind data-analise fisies tydens die data-insameling plaas. Tweedens vind data-analise plaas tussen twee opeenvolgende besoeke/onderhoude sowel as nadat die data-insameling afgehandel is. In kwalitatiewe studies vind data-insameling en data-analise gelyktydig, maar ook voortdurend plaas. Data word dus voortdurend soos wat dit ingesamel word, ook geanaliseer (Erlandson aangehaal in de Vos, 2002:341). Voortdurende data-analise lei daartoe dat data-insamelingsprosedures en strategieë hersien moet word. Hierdie hersiening lewer dikwels nuwe data wat weer nuwe analise verg, op. Die resultaat van hierdie proses is die effektiewe insameling van ryk data. Met 'n ryk beskrywing ("thick description") word bedoel dat genoegsame data wat in konteks ingesamel is, in detail beskryf en oorgedra word (de Vos, 2002:341). Dit gee aan die leser die geleentheid om die oordraagbaarheid te beoordeel. Die beginsel van interaktiewe data-insameling en –analise is kenmerkend van kwalitatiewe navorsing (de Vos, 2002:341).

Die navorser het vir hierdie studie 'n benadering gebaseer op die metode van gegronde teorie-benadering gebruik vir die analisering van die data. Die gegronde teorie benadering is relevant vir mensgeoriënteerde navorsing wanneer teorie gegenereer moet word. Hierdie benadering is baie meer gestel op die skepping/ontwikkeling van teorie as op die toetsing daarvan. "Grounded theory is inductively derived from the study of the phenomenon it represents" (Strauss & Corbin aangehaal in Babbie & Mouton, 2001:498).

Kodering behels die proses waardeur data afgebreek word, gekonseptualiseer word en weer op 'n nuwe wyse teruggeplaas word. Sie **Bylaag A** vir 'n uiteensetting van die wyse waarop data-analise gedoen is. Volgens de Vos (2002:345) gebruik die gegronde teorie benadering drie metodes van kodering naamlik:

3.6.1 Oop-kodering

Oop-kodering behels aanvanklike kategorisering van data. Binne elke kategorie word eienskappe en dimensies geïdentifiseer om al die moontlikhede aan te spreek (Creswell, 1998:57). Dit is die deel van die analiseproses wat betref die benaming en kategorisering van die *phenomena* deur kritiese bestudering van die data. Data word gedurig vergelyk vir ooreenkomste en verskille en daar word gedurig vrae gevra om die nodige inligting te kry

(Babbie & Mouton, 2001:499; de Vos, 2002:346). Laasgenoemde is die twee uitstaande analitiese prosedure in oop-kodering en behels die volgende: die etikettering van *phenomena*, die ontdekking van kategorieë, die benaming van kategorieë en die ontwikkeling van kategorieë ooreenkomstig hul eienskappe en dimensies.

Die eerste stap in die hantering van die data was om die verbatim transkripsies in rekenaarlêers te organiseer (de Vos, 2002:343). Alle bykomende inligting, soos data van die ander metodes (briewe), veldnotas, teoretiese notas en metodologiese notas is toegevoeg tot die elektroniese lêers. "The researcher's transcription, done with the literature review, previous data and earlier analytic memos in mind, can become a useful part of data analysis and not a mere clerical work" (Marshall & Rossman aangehaal in de Vos, 2002:343).

Na die organisering van die data het daar 'n voortdurende analiseproses plaasgevind sodat die navorser behoorlike insae in die data kon kry. In hierdie hele spiraal is die skepping van kategorieë die essensie van kwalitatiewe navorsing. Daar is min spesifieke riglyne of voorskrifte in die literatuur met betrekking tot hierdie dikwels ingewikkelde proses. Die analiseproses vereis 'n goeie begrip van die studie met 'n ontvanklikheid vir die subtile onderstrominge van sosiale lewe (de Vos, 2002:344). Om belangrike temas, idees / terme wat herhaal word en patrone van oortuigings te identifiseer, is van die moeilikste komponente van data-analise, maar noodsaaklik vir die integrasie van die data. Die proses behels die identifisering van ooreenkomste sowel as verskille met die oog op beskrywing van die mees uitstaande gegronde kategorieë van betekenis.

In hierdie studie is daar voortdurend gepoog om teoretiese data, metodologiese data en data verkry uit navorsing in kategorieë te orden. In die proses is nuwe subkategorieë geskep en is die bestaande kategorieë sowel as die konseptuele raamwerk in geheel krities geëvalueer.

Tydens die verbatim transkriberings van die data, is daar herhaaldelik na die bandopnames geluister (teruggespeel vir akkuraatheid en volledigheid) wat meegehelp het om die navorser intiem vertrouwd te maak met die inhoud van die data. Mense, gebeure en aanhalings maal gevolglik konstant in die kop van die navorser (de Vos, 2002:343). Daarna is daar weer deur die transkripsies geles en al die dele wat van toepassing was op die voorafbepaalde kategorieë, is daaronder geplaas. Die transkripsies en voorlopige analise in kategorieë is ook vir die studieleier gegee met die oog op betroubare transkribering en kategorisering. Dit is gedoen ter wille van objektiwiteit en korrekte interpretasie. Dit het die bevestigbaarheid van

die studie help verseker en het ook gedien as 'n metode om die geldigheid te verhoog deur kruisvalidasie van waarnemers of spesialis validasie (Babbie & Mouton, 2001:275; de Vos, 2002:342).

3.6.2 Aksiale kodering

Aksiale kodering behels die samevoeging van data op 'n nuwe wyse soos om data wat verband hou met bepaalde omstandighede of aksies saam te voeg en sodoende aspekte wat 'n invloed kan uitoefen, te identifiseer. Dit word gedoen deur konneksies te maak tussen kategorieë en subkategorieë (Creswell, 1998:57; de Vos, 2002:348).

Alhoewel oop-kodering en aksiale kodering twee afsonderlike analitiese prosedures is, word dit alternatiewelik gebruik wanneer die navorser besig is met analise.

Aspekte wat met mekaar ooreenkom in die afsonderlike onderhoude is geïdentifiseer. Die kategorieë het intern ooreengekom, maar tog van geval tot geval verskil. Die navorser het nie gesoek na die eksklusiewe kategorieë nie, maar het probeer om die uitstaande gegronde kategorieë soos bepaal deur die respondente, te identifiseer (de Vos, 2002:344).

Interpretasie behels die proses waar die navorser sin maak van die data. Insig en intuïsie is ter sprake wanneer persoonlike siening in kontras met die van sosiale wetenskappe weergegee word (de Vos, 2002:344). Op hierdie stadium het die navorser ander aanvaarbare verduidelikings/verklarings probeer gee vir die data en patrone asook die koppeling daartussen. Die navorser het probeer motiveer waarom dit die mees aanvaarbare verklaring is (de Vos, 2002:344).

In hierdie studie is daar 'n interpretasie gemaak vir elke respondent na die aanvanklike oop-kodering. Dit het nie slegs 'n samevatting van resultate behels nie, maar die navorser het die verweefdheid van die verskillende faktore wat moontlik 'n rol gespeel het in die belewenis van die adolessent met anoreksia nervosa probeer weergee in die interpretasie. Hierdie interpretasie is ook deur twee van die respondente geverifieer.

3.6.3 Selektiewe kodering (tema-kodering)

Dit word deur Strauss en Corbin (aangehaal in de Vos, 2002:349) gedefinieer as: "the process of selecting the core category, systematically relating it to other categories,

validating those relationships and filling in categories that need further refinement and development". Selektiewe kodering het die identifisering van 'n storielyn behels. In hierdie storie is die kategorieë soos geïdentifiseer in die aksiale kodering, geïntegreer (Creswell, 1998:57). Interpretasies en gevolgtrekkings is gemaak. Spesialisvalidasie is gedoen deur 'n vakspesialis (studieleier) wat behulpsaam was in die hersiening van die persepsies, insigte en analise. Die persone het buite die konteks van die studie gestaan, maar het insig in die aard van die studie. Dit kan beskou word as die hoër, meer abstrakte vorm van analise.

In hierdie studie is daar 'n gevolgtrekking gemaak met betrekking tot die drie respondente. Dit moet nie as 'n veralgemening vir adolessente met anoreksia nervosa beskou word nie. Die mees uitstaande bevindinge van die drie respondente is geïntegreer binne die bepaalde perspektiewe om sodoende insig in hul belewenis te kry. Dit is gedoen in die vorm van 'n storielyn.

3.7 GELOOFWAARDIGHEID VAN DIE STUDIE

Soos duidelik blyk uit die voorafgaande is vereistes wat betrekking het op geloofwaardigheid van die studie deurgaans in aanmerking geneem. Dit is met die voorafgaande teks geïntegreer waar van toepassing en word dus nie weer hier in detail herhaal nie.

3.8 DATA-AANBIEDING

Dit behels 'n georganiseerde verkorte weergawe van die informasie om gevolgtrekkings te maak asook die betekenis beter te verstaan. In hierdie studie is die bespreking van die resultate (oop-kodering) en interpretasie van data (aksiale kodering) opgeneem in **HOOFSTUK 4**, **HOOFSTUK 5** en **HOOFSTUK 6** afsonderlik vir elke respondent. Die doelwitte is afsonderlik hanteer vir elke respondent en die resultate is vir elke doelwit geskryf. Die resultate is geverifieer deur toepaslike verbatim-aanhalings. Vervolgens is die resultate geïntegreer en 'n interpretasie is gemaak van elke respondent se resultate. Dit behels die aksiale kodering. In **HOOFSTUK 7** is 'n geïntegreerde gevolgtrekking gemaak met betrekking tot die drie respondente. Dit behels die selektiewe kodering.

HOOFSTUK 4

RESULTATE, BESPREKING EN INTERPRETASIE: RESPONDENT EEN

4.1 INLEIDING

In die volgende drie hoofstukke word die resultate van die onderhoude met die drie respondente afsonderlik bespreek. Toepaslike gedeeltes van die verbatim word gebruik om die resultate te verifieer. Hierdie deel van die data-analise verwys na die oop-kodering. Aan die einde van elke hoofstuk word daar 'n interpretasie van elk van die drie respondente gegee. Dit stem ooreen met die aksiale kodering wat ook deel uitmaak van die data-analise proses (sien **BYLAAG A**). Die direkte aanhalings van die respondente word weergegee in donkerdruk en kursief. Die gedeeltes wat geskryf is in die briewe/gedigte word op dieselfde wyse aangedui, maar word ook in vierkantige hakies geplaas. Die volledige verbata van al drie respondente is op versoek beskikbaar. Die toepaslike verbatim in tekste wat gebruik word om die resultate te verifieer is slegs in 'n geringe mate gewysig om dit makliker leesbaar te maak, maar ter wille van die oorspronklike betekenis is dit nie taalversorg nie. In al drie gevalle word daar gebruik gemaak van skuilname. Twee van die subprobleme naamlik "hoe beleef die adolessent met anoreksia nervosa haar fisieke self" en "gebruik die adolessent met anoreksia nervosa haar liggaam as simbool van bepaalde aspekte van haar geestelike self" word afsonderlik behandel ten spyte van die feit dat daar 'n groot mate van oorvleueling is.

In al drie gevalle word daar eers 'n profiel van die respondent gegee, daarna 'n kort beskrywing van die verloop van die studie, 'n voorbeeld van die brief/gedig wat Jana en Johlene geskryf het asook 'n kort beskrywing van die laaste ontmoeting/ete met die respondente. In al drie gevalle is daar van skuilname gebruik gemaak.

4.2 PROFIEL VAN JANA

Jana is 23 jaar oud. Sy is 'n student in skoonheidstegnologie in Pretoria. Haar gesin behoort tot 'n hoë sosio-ekonomiese groep. Haar ma is 'n tuisteskepper en haar pa is 'n landmeter. Sy het na matriek ingeskryf as student by die universiteit van Stellenbosch, maar het tydens haar eerste studiejaar haar studies gestaak weens verskeie redes. Die skuif na 'n vreemde omgewing weg van die sekuriteit van haar ouerhuis en haar vriendekring was vir haar op daardie stadium baie traumaties ten spyte van die feit dat sy dit uit vrye wil gedoen het. Die staking van haar studies het sy uiters negatief beleef en sy het haarself as 'n mislukking beskou. Dit was in daardie tyd dat sy gediagnoseer is met anoreksia nervosa. Tydens haar hoërskooljare (vanaf graad 8) het sy gely aan bulimie, maar het oorwinning daarvoor gekry nadat sy ernstig aan sport begin deelneem het en deel geword het van 'n baie ondersteunende vriendekring. Tydens haar matriekeindeksamen, toe sy onderhewig was aan baie spanning, het bulimie weer 'n probleem vir haar geword. Sy het vir twee jaar bly woon op Stellenbosch waarna sy teruggekeer het na haar ouerhuis in Pretoria. Sy het begin werk in 'n klere boutique tot en met die begin van haar studies in skoonheidstegnologie in 2001.

4.3 DIE VERLOOP VAN DIE ONDERSOEK

4.3.1 Eerste ontmoeting

Datum: 14 Augustus 2002 om 13:00.

Plek: La Spiga restaurant, Brooklyn, Pretoria.

4.3.1.1 Doel van ontmoeting

Die navorser wou die respondent beter leer ken en seker maak dat sy die aard van die ondersoek begryp en presies weet wat van haar verwag word. Toestemming is weereens gevra om die gesprekke op band te neem tydens die volgende sessies. Die navorser het haar die versekering gegee dat haar anonimiteit deurgaans verseker sal word. Deur 'n vertrouensverhouding op te bou tydens die geleentheid, kan moontlike spanning en opeenvolgende in-diepte gesprekke verminder word en beter data verkry word. Daar is ook aan haar gevra watter plek sy die tweede en daaropvolgende sessies sou verkies. Sy het nie

omgegee nie, maar wou dit nie by haar huis, waar sy op daardie stadium woonagtig was, gedoen het nie. Sy was heeltemaal tevrede met die navorser se keuse van 'n plek.

Daar is nie van 'n bandopnemer gebruik gemaak tydens die eerste ontmoeting nie omrede dit so informeel as moontlik moes geskied. Buitendien was dit baie lawaaierig tydens die middaguur en daar is ook nog nie toestemming gevra om die gesprek op band te neem nie. Die navorser wou ook op geen manier aandag trek en sodoende haar anonimiteit in gedrang bring nie.

4.3.1.2 Die navorser se waarneming

Toe die navorser haar genader het om deel te neem aan die navorsing was sy dadelik positief om haar ervaring te deel. Sy het die hoop uitgespreek dat sy sodoende ander daardeur kan help. Sy vertoon steeds baie maer en erken uit die staanspoor dat sy steeds 'n stryd het met eetversteurings. Sy sê dat dit baie beter as in die verlede gaan, maar sy kan nie loskom daarvan nie. Enige negatiewe belewenis dryf haar terug na haar verkeerde eetgewoontes. Sy vertoon ietwat gespanne, maar sy reageer en praat spontaan. Haar taalgebruik is baie tipies dié van die jong generasie. Sy meng Afrikaans en Engels in haar taalgebruik. Sy kan baie goed insidente terugroep uit die verlede. Sy beleef dinge/gebeure baie intens en kan baie opgewonde en soms driftig reageer as sy sterk voel oor 'n aspek.

Die navorser het Jana as baie positief en gewillig beleef. Dit was asof sy 'n behoefte daaraan gehad het om oor hierdie probleem in haar lewe te praat. Sy verskaf reeds waardevolle inligting tydens hierdie gesprek. Sy vertoon ietwat senuweeagtig, maar praat sinvol. Sy verkies om slegs koffie te drink. Die navorser vra haar uit oor haar studies in skoonheidstechnologie, wat haar belewenis daarvan is en wat haar toekomsplanne is. Sy noem dat dit vir haar baie ongerieflik is om sonder 'n eie vervoermiddel te wees. Die navorser bied aan om haar te vervoer aangesien sy haar geen ongerief wil aandoen nie en ook omdat dit 'n ideale geleentheid bied om op informele wyse te kommunikeer en 'n vertrouensverhouding te bou.

4.3.2 Tweede ontmoeting

4.3.2.1 Doel van ontmoeting

eerste in-diepte onderhoud

Datum: 20 Augustus 2002 om 15:00.

Plek: In 'n kantoor in die administrasie blok van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, Moreletapark.

Die spesifieke plek van die onderhoud is gekies omrede die spesifieke kantoor nie daardie tyd van die dag gebruik word nie en daar oor die algemeen min mense in die gebou is. Omdat mense gereeld kom vir afsprake is dit nie 'n ongewone ding nie. Die kantoor het gemaklike stoele en dit vertoon soos 'n sitkamer. Dit skep 'n informele atmosfeer. Geen onderbreking het op enige stadium van die gesprek plaasgevind nie. Slegs die mikrofoon van die bandopnemer is op die tafel geplaas wat onmiddellik die spanning van 'n bandopnemer wegneem. Die ontmoetingspunt is ook gekies om haar privaatheid te verseker.

4.3.2.2 Die navorser se waarneming

Sy praat redelik spontaan en is baie gewillig om op vrae te reageer. Sy praat gemaklik en daar word gepoog om haar nie kort-kort te onderbreek nie. Die navorser het 'n punt daarvan gemaak om net die nodige te praat. Die respondent word soms driftig as sy ernstig oor 'n saak voel. Sy beduie met haar hande en is duidelik 'n gevoelsmens. Sy kan maklik gebeure/insidente herroep. Na ongeveer 35 minute onderhoud het sy waarskynlik moeg geword en het die navorser gesukkel om haar aandag te behou.

Aanvanklik was die navorser en die respondent ietwat senuweeagtig, maar dit het gou verbygegaan. Die navorser het doelbewus gepoog om rustig agteroor te sit en luister.

Jana ervaar die gesprek, volgens haar, positief omdat sy weer perspektief in haar situasie kon kry deur al die dinge te bedink ... ***miskien is dit goed om net weer met iemand hieroor te praat ... iemand wat verstaan.***

Aan die einde van die gesprek is daar aan haar gevra om twee briewe te skryf getiteld "Anoreksia my vriend" en "Anoreksia my vyand". Daar is presies aan haar verduidelik wat van haar verlang word maar op so 'n wyse dat dit nie haar eie inisiatief sou demp nie. Sy bied aan om dit voor die volgende afspraak by die navorser se huis te kom aflewer sodat die navorser kan voorberei vir die volgende onderhoud.



4.3.2.3 Aflewering van brief

29 Augustus 2002 om 17:15.

Haar vriend bring haar en kom haal haar weer. In 'n kort gesprek verduidelik sy dat sy 'n unieke wyse van skryf het want op die manier kan sy uiting aan haar gevoelens/gedagtes gee. Sy het dit in die vorm van 'n gedig geskryf. Sy spreek die hoop uit dat dit bruikbaar sou wees. Die navorser spreek haar waardering uit en verseker haar dat dit baie kan help met die doel van die navorsingsprojek. Die respondente kla dat sy moeg voel. Sy koppel dit aan die studies/kursus. Op 'n vraag of sy nie dalk te min eet nie, antwoord sy dat dit moontlik is. Vir die res van die tyd gesels die navorser met haar op 'n belangstellende wyse totdat haar vriend haar weer kom haal.

4.3.3 Derde ontmoeting

4.3.3.1 Doel van ontmoeting

tweede in-diepte onderhoud.

Datum: 2 September 2002 om 15:00.

Plek: Kantoor in die administrasieblok van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, Moreletapark (dieselfde kantoor as tydens die vorige geleentheid).

4.3.3.2 Die navorser se waarneming

Die respondente vertoon baie meer op haar gemak en praat spontaan en klink oortuig van haar saak. Sy skryf dit toe aan die geleentheid wat sy gehad het om te dink oor die dinge tydens die skryf van die briewe. Soms sukkel sy om haar gedagtes te verwoord en soms kom sy baie sterk oor as sy oortuig is van 'n saak. Dit wil voorkom of die gesprek 'n ontladingsklep word. Sy getuig ook dat die gesprekke haar help om weer perspektief te kry aangesien sy, maar nog steeds 'n stryd ervaar.

Die gesprek is gerig na aanleiding van die inhoud van die briewe. Daar is telkens gevra wat sy bedoel het met die spesifieke woorde/uitdrukkings. Aangesien sy dit baie abstrak gedoen het, was dit 'n goeie aanknopingspunt.

Sy kan die verlede baie goed terugroep en twyfel nie een oomblik as sy oor spesifieke aspekte of gebeure gevra word nie. Sy het mettertyd moeg geword en dit is duidelik dat die gesprekke nie langer as 45 minute moet duur nie aangesien dit emosioneel uitputtend is.

4.3.3.3 Brief wat sy geskryf het

Anoreksia my vriend

oorwinning
ek is so gelukkig
die bron van al my ongelukkighede en bekommernisse is uitoorlê
ek sweef so lig soos 'n veer
ek bereik hoogtes
en ervaar net hoe mooi die wêreld eintlik is
die spinnerakke waarin ek vasgevang was vir so lank het my vrygelaat
my lewe is weer rein en skoon
verlos van die aaklige evil monster wat my lewe regeer het
ek lewe voluit
en as ek moeg raak is ek nie frustreerd nie
want ek is lief vir myself en ek verdien weer om te rus
ek word heertyd oorweldig met 'n gevoel van tevredenheid
en ek huil nie meer siek bloed nie
maar gesonde trane
ek loop oor van dankbaarheid
vir my geliefde vriend
Anoreksia.

Anoreksia my vyand

eensaamheid
ek's besig om te val in 'n groot swart
eindelose gat
ek probeer paniekbevange skreeu om hulp, maar
anorexia het my stembande gulsig opgevreet

ek word versmoor deur al die kritiek
die wêreld wys na my met groot vet
vyandelike vingers en vervloek my omdat
ek die offers van die aarde verwerp het
nou word ek verwerp, weggegooi
ek word ontnem van die reg om te
lewe, want die selfsugtige anorexia is
besig om my van binne op te vreet.

4.3.4 Vierde ontmoeting

4.3.4.1 Doel van ontmoeting

Ete-afspraak en finale insameling van data.

Datum: 18 September 2002 om 13:00.

Plek: Blue Crane restaurant Pretoria.

Dit was geskeduleer vir Donderdag 12 September om 12:00. Die navorser moes haar by die kollege waar sy tans studeer oplaai. Om 11:55 het die navorser 'n selfoonboodskap gekry waarmee sy die afspraak kanselleer: ***“Ek kan ongelukkig nie ons afspraak nakom nie want ek is baie siek”***. Die navorser het haar op haar selfoon probeer kontak, maar sy het dit nie beantwoord nie. Die middag het die navorser haar by haar huis geskakel. Haar jonger broer het geantwoord. Volgens hom was sy daar, maar net daarna het hy weer gesê sy is nie daar nie, maar dat sy ma sal praat. Haar ma het te kenne gegee dat sy nie klas toe was die dag nie, maar dat sy nie bewus was van die feit dat sy baie siek was nie. Die respondent het ook nie gereageer op 'n selfoonboodskap van die navorser later die aand nie. Vroeg die volgende oggend het die navorser haar van die werk geskakel (vreemde nommer op haar selfoon) en daarin geslaag om met haar te praat. Sy het die navorser verseker dat sy beter voel en dat die afspraak geskuif kan word na Woensdag, 18 September 2002.

Die navorser het die gevoel gekry dat sy hierdie ete-afspraak wou vermy. Die vorige geleentheid was sy baie gewillig om te deel, maar hierdie daadwerklike blootstelling aan 'n geleentheid waar van haar verwag word om te eet, was moontlik vir haar 'n bedreiging.



4.3.4.2 Verloop van ete-afspraak

Die keuse van die eetplek is aan haar oorgelaat. Die navorser het probeer om geen spanning te veroorsaak nie en het aangebied om dit te verander na 'n koffie-drink geleentheid. Die respondent was egter redelik oortuig om te gaan eet.

Haar keuse was die Blue Crane restaurant met 'n baie rustige, landelike atmosfeer. Sy was goed bekend met die plek en het met vertroue ingegaan.

Die gesprek is baie informeel gehou en die navorser het probeer om te gesels oor die respondent se belange.

Sy het baie gespanne vertoon en opgetree. Op 'n stadium het sy die navorser se toestemming gevra om te mag rook. Sy het so gebewe dat sy beswaarlik die sigaret kon aansteek. Nadat sy gerook het het sy rustiger begin vertoon.

Haar spyskaartkeuse was eenvoudig en sy was baie beslis met haar keuse. Die navorser het die idee gekry dat sy die plek en spyskaart goed ken en dat daar net een "veilige" opsie was naamlik geroosterde vis en slaai **sonder chips**. Daarbenewens het sy vrugtesap gedrink. Die navorser het doelbewus 'n rooivleis-gereg bestel sodat dit as 'n aanknopingspunt kan dien. Dit sou vir haar die geleentheid gee om oor haar keuse te praat. Jana dui aan dat sy slegs vis eet en soms hoender maar nooit rooivleis nie. Op 'n vraag waarom sy dit nie eet nie het sy gesê dit is nie goed vir haar nie. Op 'n stadium het sy nie rooivleis, hoender of vis geëet nie.

Sy noem weer in die gesprek dat sy nog steeds nie kan onthou wat aanleiding kon gee tot die ontstaan van haar bulimiese gedrag nie.

Op 'n vraag of daar spesifieke kossoorte is waarvoor sy 'n spesiale voorliefde het, het sy rooi rissies genoem. Sy verklaar dit as volg: **Die brandsensasie van rissies gee aanleiding tot endorfienafskeiding - dieselfde wat gebeur as wanneer jy oefen. Dit gee vir jou 'n gevoel van welbehaaglikheid en laat jou ontspan. Dit neem die spanning uit eet uit.** Op 'n vraag op hoe sy dit weet het sy geantwoord dat sy dink sy het dit iewers gelees. Sy het ook die daad by die woord gevoeg en baie rissiesous oor haar vis gegooi.

Die navorser het haar vervolgens gevra om 'n bietjie meer uit te brei oor haar spesifieke voedselkeuse: ***Ek verkies vis, hoender, slaai en groente. Die kos moet nie eentonig soos pasta wees nie. Elke happie proe dieselde. Pasta is buitendien te swaar en laat my ongemak verduur. My taste buds - almal - moet met elke happie gestimuleer word.***

Haar gunsteling gaarmaakmetode is gerooster en gebak maar nie diepvet-braai nie. ***Roerbraai is ook lekker, maar party restaurante se kos is te vetterig. Gekookte (sy verwys moontlik na gestoofde geregte) kos is heeltemal uit en onaanvaarbaar. Dit herinner my aan die huis. My ma kook kos.***

Sy verwys ook na sogenaamde ***safe foods***. Dit is kos wat "veilig" in terme van kilojoules en massa is. Sy is nie bang om dit te eet nie. ***Kos soos vis en slaai is veilig. Dit doen my goed en is lig.***

Op 'n vraag of sy enige "Comfort foods" het, het sy as volg geantwoord: ***Wanneer ek alleen en hartseer is, drink ek graag Horlicks. Ek ken dit nie van kinsbeen nie maar ek hou van die malt smaak. Ek drink nie milo nie. Dit smaak te veel na sjokolade en sjokolade is verbode.***

Op die vraag oor waarom sy sjokolade as verbode beskou het sy die volgende insident vertel uit haar verlede: ***'n Tandarts het vir my een maal as kind (6 jaar) gesê my tande gaan uitval as ek sjokolade eet. Sedertdien het ek 'n obsessiewe vrees om sjokolade te eet. Selfs smarties is verbode want daar is sjokolade in. Eenmaal het ek 'n Chomp geëet en het daarna vir een uur lank my tande geborsel uit vrees dat ek my tande sal verloor. Ek droom baie dat ek my tande sal verloor - dit val een-een uit of ek verloor alles.***

Sy voeg by dat die tandarts sê dat haar tandemalje baie dun is. Op 'n vraag of dit dalk verband hou met haar bulimiese gedrag beweer sy dat sy elke keer direk daarna haar tande baie goed borsel.

Sy voeg ook by dat as sy gespanne is sy glad nie kan eet nie. Dis nie 'n geval dat sy nie wil eet nie maar sy kan nie eet nie.

Oor nagereg is sy ook baie uitgesproke: ***Nagereg? Definitief geen. Ek eet geen soet goed nie.***

Na die ete drink albei "Cappuccino foam". Sy sê dat die navorser verbaas sal wees dat sy drie sakkies suiker in haar koffie en tee drink. Dit is die enigste soetigheid wat sy haarself gun. (Die navorser neem waar dat sy egter net een sakkie in haar koffie gooi).

Vervolgens word die resultate bespreek. Die navorsingssubprobleme dien as kategorieë in die bespreking van die resultate. Eers word die resultate kortliks bespreek en daarna word dit gestaaf deur direkte aanhalings van die respondente.

4.4 BESPREKING VAN RESULTATE

4.4.1 Jana se belewenis van haar fisieke self

Uit die gesprekke blyk dit dat alhoewel Jana nie 'n behoefte gehad het om haar maer liggaam te vertoon nie, sy wel klem op die fisieke liggaam geplaas het. Haar liggaamsgrootte was wel vir haar belangrik, maar die weiering van voedsel was blykbaar 'n hoër prioriteit.

Verder blyk dit asof die liggaamlike of fisieke veranderinge wat gepaard gaan met menarg vir haar onaanvaarbaar was. Sy het gesukkel om vrede te maak met die gepaardgaande liggaamsveranderinge. Sy wou reeds op daardie jong ouderdom ten alle koste maerder en maerder word en van dié kos wat sy geëet het, ontslae raak. Sy kon haar eie optrede/gedrag nie verklaar nie en weet ook nie waar sy aan die idee van braking gekom het om ontslae te raak van voedsel nie.

Die heel ergste vorm van kritiek vir haar was moontlik wanneer iemand verwys na 'n vetrolletjie wat by haar bespeur kan word. Sy beleef dit moontlik as die uiterste vorm van belediging. Moontlik hou dit verband met die klem wat geplaas word op die fisieke self. Dit was 'n ietwat oordrewe reaksie gesien in die lig dat daar seer sekerlik ander vorms van spot/beledings is wat baie erger behoort te wees.

Sy het nooit haar maer, uitgeteerde liggaam probeer bedek met klere of probeer beklemtoon deur klere nie. Dit was blykbaar nie vir haar belangrik nie. Die oorgroot klere was net vir haar 'n bron van irritasie. Dit het moontlik nie soseer gegaan oor haar liggaam nie, maar die dissipline wat sy kon beoefen het en die sogenaamde sukses wat sy behaal het deur nie te eet nie.

By meer as een geleentheid het sy gesê dat sy nie vir haar in 'n spieël wou kyk nie. Dit was asof sy 'n vrees daarvoor gehad het. Slegs eenkeer het sy in 'n gastehuis haarself toevallig in 'n vollengte spieël gesien toe sy gebad het en dit was in 'n sekere sin vir haar 'n skok om haar uitgeteerde liggaam te sien. Dit blyk asof sy dit in 'n mate vermy het om na haarself te kyk. Sy verduidelik dat sy nie verder as haar gesig wou kyk nie.

Afgesien van die feit dat sy nie vir haarself in 'n spieël wou kyk nie, het sy 'n obsessie gehad oor 'n plat maag. Dit was asof 'n plat maag vir haar 'n maatstaf was vir 'n aanvaarbare fisieke voorkoms. Sy mag nie eers vol gevoel het nie. Sy kon nie hierdie verskynsel verklaar nie en het dit toegeskryf aan die feit dat die kos wat 'n mens eet **eerste daar land**. Sy beskou dit moontlik as die deel van haar liggaam wat eerste sal weergee of sy in haar verwysingsraamwerk oortree het met te veel kos. Indien sy vol (versadig) voel, sou dit moontlik 'n teken wees dat sy haar selfopgelegde perke oorskry het. Haar sogenaamde kort lyf het sy gebruik as 'n verskoning om nie te veel te eet nie want daar is moontlik nie genoeg **ruimte** om die kos te akkommodeer nie. Die vol gevoel van die maag wat 'n normale, fisiologiese verskynsel is, ervaar sy as 'n **swaar** gevoel en koppel dit ook moontlik aan massa. Hierdie evaluering van haar maag was vir haar baie belangrik in die evaluering van haar fisieke self. Sy was baie dikwels daarmee besig.

Sy erken dat sy steeds besig is om haar fisieke self te evalueer. Sy doen dit deur haarself te vergelyk met medestudente wat saam met haar die kursus in skoonheidstegnologie loop. Tydens die praktiese sessies trek die studente op 'n wyse aan sodat hul fisiek redelik blootgestel is aan medestudente. Dit was vir haar van groot belang dat sy die maerste moet wees van al die studente in die groep ter wille van haar (fisieke) self. Ten spyte van die feit dat hulle baie jonger as sy was en ander vorms van vergelyking vir haar blykbaar irrelevant was, was hierdie fisieke vergelyking vir haar wel van groot belang. Hul opinie oor haar was nie vir haar so belangrik soos wat haar liggaamlike voorkoms vir haarself was nie.

Sy het ook 'n liggaamswanpersepsie gehad want sy het blykbaar nooit haar liggaam gesien soos dit werklik was nie: Ten spyte van die feit dat sy 'n geringe 33 kilogram geweeg het tydens haar hospitalisasie, het sy steeds die illusie gehad dat haar maag vet was en dat sy as sulks vet was. Sy kon nie verstaan dat mense beweer het dat sy aan anoreksia nervosa gely het nie.

Ten spyte van die terugvoering wat sy van ander gekry het oor fisieke voorkoms, naamlik dat sy te maer is en nie goed lyk nie, was dit moontlik eerder vir haar 'n aansporing om op te hou eet.

Tog was haar fisieke agteruitgang nie vir haar aanvaarbaar nie, want sy het gevoel dat sy geestelik nie meer in beheer is nie. Dit het dus ook 'n negatiewe uitwerking op haar geestelike self gehad.

Jana reageer soos volg oor die belewenis van haar fisieke self:

Ek evalueer myself elke oomblik. By die huis as ek soos van klas afkom dan sal ek kyk altyd na my maag kyk, of hy plat genoeg is.

Dit het alles begin toe ek in standard 4 was. Ek weet nie wat het aanleiding gegee daartoe nie. Ek weet ons het nou die dag, toe het ons gepraat toe sê ons van miskien was jy twaalf en jy begin ontwikkel en jy begin bewus word van jou lyf en so aan. Ek weet nie of dit dalk 'n invloed gehad het nie, want ek wou net maerder en maerder wees en ek wou nie my kos inhou nie. Ek weet nie of ek dit op TV gesien het nie, ek weet nie hoekom nie en toe het ek aan bulimie gely en

Ek weet nie of ek dit op TV gesien het nie, ek weet nie hoekom nie en toe het ek aan bulimie begin ly

Dit is maar nog altyd erg as iemand vir jou sê kyk hoe baie eet jy nou of kyk daardie vetrolletjie. Ek wil net doodgaan. Dit is soos die ergste ding ... die ergste kritiek wat jy kan kry. Iemand kan liewers vir jou sê jou hare is vuil of daar sit iets in jou neus maar net nie jy is vet nie. Dit is net ... moenie.

Presies wat ek aangetrek het voordat ek so maer geword het. Daar was geen verandering in my kleredrag nie. Ek onthou net my klere het soos sakke gesit. Dit het my ook sommer geïrriteer. Ja, dis al. Ja, ek het nie verskillende groottes nie. Nee ek het al gehoor van meisies wat aan anoreksia ly, dra groot, groot klere, maar daar was nie 'n verskil in my wardrobe nie.

My lyf, ek sou dit nooit geïnspekteer het nie. Ek sal soos my gesig "make-up" aansit en so. Ek weet nie hoekom nie, ek weet nie. Ek onthou eenkeer was ek in 'n ... my ma

hulle het vir my kom kuier en hulle het in 'n gastehuis gebly ... en ek het die eendag gebad en toe sien ek hoe ek lyk en toe skrik ek “actually”. So, dis al wat ek kan onthou dat ek r rig vir myself in die spie l gekyk het.

Ek het nooit r rig vir myself in 'n spie l gekyk nie. Ek onthou in die begin toe ek in Stellenbosch gekom het, toe, maar dit was op skool ook so, dan het ek maar gehoop my maag gaan plat wees, ek moet nooit vol voel nie. Ja, so ek moes altyd my maag so plat kon druk en aan die begin in Stellenbosch het dit ook nogal 'n invloed op my gehad. Naderhand het ek nie eers vir myself gekyk nie.

Waarom ek soveel klem juis op my maag geplaas het, dit weet ek nie, nee. Dis seker maar omdat die kos eerste daar val, dis die eerste plek aan jou lyf waar jy kan sien, of waar dit swaar voel. Ek weet nie of dit, dit is nie. Ek het 'n baie kort lyf, so of dit dalk my liggaamsbou is, weet ek nie. Ek het 'n kort lyf en lang bene. Weet nie of dit dalk 'n invloed het nie dat, ja, dat ek nie 'n lang slap lyf het nie.

... En ek sal myself nog evalueer, hoe ek lyk ten opsigte van ander kinders in my klas, of die groep wat saam met my swot. Ja, en die skoonheidskunde is ook nou juis iets waar jy baie soos ontbloot is half. As ons 'n “facial” doen, moet jy net 'n “bibby” aantrek en so ... jy is baie “ge-expose”. Ek dink dit het nogal baie, nou, 'n invloed op my gehad.

Eintlik is dit vir my belangriker dat ek weet ek is die maerste. Ek sal nie “worry” oor wat hulle dink nie, hulle is klein, maar dit is vir myself belangrik dat ek so en so moet lyk.

Ek kan onthou toe ek in die hospitaal was, toe het ek omtrent 33 kg geweeg. Toe het ek nog steeds ges , maar “jys” my maag is vet. Ek het gedink ek is so vet, hoe kan julle almal s  ek ly aan anoreksie, kyk hoe vet is ek!

Mense het ges  maar ek lyk sleg en ek is maer, en ek dog nou sal ek sommer vir almal wys ek sal nou sommer r rig ophou eet.

... Want omdat my lyf - my liggaam so fisies agteruitgegaan het, was ek geestelik glad nie meer in beheer nie want ek kon fisies glad niks meer doen nie.

[Want die selfsugtige anorexia is besig om my van binne op te vreet.]

4.4.2 Jana se belewenis van haar sosiale self

Dit blyk uit die gesprekke dat Jana haar doelbewus sosiaal geïsoleer het. Ten spyte van die feit dat sy lief was daarvoor om met die portuurgroep sosiaal te verkeer, het sy dit moontlik veiliger geag om sosiale kontak te vermy. Sy was eerder geïrriteerd met haar vriende wat moontlik gespruit het oor hul negatiewe aanmerkings en haar persepsie dat hul haar nie verstaan nie.

Haar uitsonderlike eetpraktyke was nie sosiaal aanvaarbaar nie. Haar sosiale isolasie het sy dus as haar eie skuld beskou. Sy het besef dat sy nie kon verwag dat ander haar daarin sou ondersteun en sou meedoen nie. Dit was volgens haar 'n stryd wat sy self moes stry. Daarbenewens is sy dikwels veroordeel of gekritiseer deur mense. Die gevolg was dat sy haarself al meer sosiaal geïsoleer het.

Sy het 'n ongekende vrees gehad dat mense haar sou dwing om te eet. Hierdie vrees was so erg dat sy nagmerries daarvoor gehad het. Sy het doelbewus mense begin vermy uit vrees dat hierdie nagmerries 'n werklikheid sou word.

Sy het verkies om heeltemal alleen te wees om, soos sy dit stel, **weg te kom van die werklikheid**. Sy wou net slaap. Moontlik was dit die gevolg van die moegheid wat sy ervaar het weens beperkte voedselinname of, in die besonder, 'n gebrek aan energie.

Sy moes die sosiale geleenthede wat sy wel bygewoon het, haarfyn vooraf beplan. Dit het moontlik baie spanning veroorsaak en die lekker gedeelte van sosialisering gekanselleer. Sy sou doelbewus laatkom om die eetgedeelte van 'n kuier te vermy. Sy het ook die verskoning gebruik dat sy reeds geëet het. Wanneer daar slegs videos gekyk is en versnaperinge aangebied is, het sy liefs weggebly of voorgestel dat hul moet gaan dans. Vir haar was dans 'n baie beter opsie as peusel.

Tog blyk dit dat sy lief is vir sosialisering en maklik by mense betrokke kan raak. Moontlik was dit net die vrees vir kos en die feit dat sy moontlik ervaar het dat sy nie deur ander aanvaarbaar gevind is nie as gevolg van hierdie eetpraktyke wat sy bedryf het. Inmenging en kritiek van ander het haar ook weggehou van sosialisering.

Jana reageer as volg oor haar belewenis van haar sosiale self:

Dit is ook maar in 'n sin my eie skuld. Niemand is soos jy nie. Jy is heeltemal alleen in jou ... in jou (wat noem 'n mens nou dit?) "mission" om op te hou eet. Jy is heeltemal alleen want niemand eet niè. Almal eet nou en dan iets.

Mense het my verskriklik gekritiseer en baie het my geoordeel en alles. Met die gevolg dat ek my heeltemal onttrek het van alle mense.

Want nou-nou gaan ek saam met mense en hul probeer my dwing om iets te eet of druk iets in my mond. Ek het ook sulke nagmerries gehad dat mense my vashou en iets in my mond probeer druk. Om dit te vermy ... ek weet dit is nou onrealisties gedink, maar ek was vreesbevange daarvoor.

Ek wou baie alleen wees om weg te kom van die realiteit. Ek wou vreeslik graag net weggom van die werklikheid. Ek wou net rus. Ek het vreeslik baie geslaap ook seker omdat ek nie energie gehad het nie.

As ek geweet het dat daar iets gaan wees soos kos of "something" dan sou ek gesorg het dat ek laatkom wanneer almal net rustig sit en kuier met 'n drankie of "something". Dan sou ek sê ek het klaar geëet of "something like that". As ek geweet het dat almal gaan videos kyk en "chips" eet en "stuff" dan het ek nie gegaan nie. Dan het ek gesê kom liewers saam met my dan gaan kuier ons of dans of "something". Ja dis maar hoe ek dit probeer vermy het.

Ja, en ek is tog lief om saam met ander mense te wees. Ek sal maklik ander se probleme myne maak.

4.4.3 Jana se belewenis van haar geestelike self

Dit blyk asof sy sekere **emosies** intens beleef het. Sy dui verskeie kere aan dat sy baie eensaam was. Haar vertrek na Stellenbosch het haar vir die eerste maal uit haar veilige omgewing en weg van 'n vriendekring wat baie omgee het, geneem. Dit het **eensaamheid** en spanning in die hand gewerk. Die nuwe vriendekring was baie anders as waaraan sy gewoond was en dit het moontlik innerlike konflik veroorsaak. Vir haar was dit egter beter as om alleen te wees. Haar ervaring was dat sy meegesleur is deur die nuwe vriende en dat hul

haar (moreel) afgetrek het. Sy noem ook dat sy baie kwesbaar was en te meer moontlik omdat sy baie alleen en onseker van haarself was.

Daarbenewens was sy baie **opstandig**. Sy het, volgens haar, haar opstand gewys deur op te hou eet. Sy was opstandig teenoor die Here omdat Hy haar alleen gelaat het en in 'n poel (moontlik verkeerde vriende) gegooi het.

Die aanpassing in 'n nuwe omgewing het ook moontlik baie **spanning** veroorsaak. Sy moes aanpas en oorleef in die grootmensewêreld met min geld. Sy het geredeneer dat hoe minder geld sy uitgee op kos, hoe meer lekker dinge kon sy doen soos om te gaan flik. Dit wil voorkom asof alles 'n kos-konnotasie gehad het. Later tydens haar herstelfase kon sy, volgens haar, ook nie eet as sy spanning ervaar het oor haar studies nie. Sy het so gevrees dat sy weer 'n mislukking sou maak met haar studies dat sy sommer byvoorbaat opgehou eet het.

Sy beskryf haarself as 'n angstige mens en dat sy maklik op haar senuwees raak. Dit is vir haar baie moeilik om balans te handhaaf in die lewe. Sy beweer dat sy in alles ietwat oorboord gaan, byvoorbeeld in verhoudings en haar eetgedrag: ... **in alle opsigte, in verhoudinge, in alles, neig ek om goed te oordoen**. As sy enigsins ervaar het dat sy moontlik te veel geëet het, het sy baie angstig geraak - selfs na al die jare en al die terapie.

Dit was vir haar te alle tye baie belangrik om **in beheer** te wees. Dit het skynbaar vir haar gevoel asof kos haar hele lewe oorheers. Sy is geregeer deur kos. Dit was al wat in haar gedagtewêreld aangegaan het en sy kon op niks anders vertrou nie. Sy het bulimie oorwin en dit vervang met anoreksia nervosa. Sy beskou dit as 'n belangrike deurbraak en oorwinning. Nooit hoef sy weer te wonder of haar maag nie te groot is nie en of sy nie dalk te veel geëet het nie. Sy het die persepsie gehad dat sy totale beheer oor voedsel en oor haarself gehad het. Die feit dat sy weer in beheer was, het haar gelukkig gemaak. Haar ervaring was moontlik dat die enigste aspekte in haar lewe wat sy kon beheer, haar massa en haar eetgedrag was. Sy was nie suksesvol op ander terreine in haar lewe nie en het moontlik ervaar dat sy beheer daarvoor verloor het. Dit het haar moontlik gemotiveer om so min as moontlik te eet.

Hierdie ervaring van beheer oor voedsel het haar kommerloos laat voel en as gevolg daarvan kon sy blykbaar op die goeie konsentreer. Bekommernisse was moontlik vir haar

sinoniem met kos. Haar denkwysie was totaal oorheers deur kos en sy het dit beleef as spinnerakke wat haar gevange hou. Sy beskryf dan kos as 'n **"evil monster"**.

Om **sukses** te behaal was moontlik 'n baie hoë prioriteit in haar lewe. Die staking van haar studies het sy beskou as 'n groot mislukking. Sy moes te alle koste sukses in iets behaal. Daarom was dit vir haar van die allergrootste belang om nie weer 'n mislukking van hierdie besluit, om op te hou eet, te maak nie.

In die brief skryf sy dat sy lief is vir haarself en dat sy haarself gun om te rus. Volgens haar eie verklaring beteken dit dat sy tevrede met haarself voel omdat sy besig is om sukses te behaal in iets. Sy beskou mense wat te veel eet as ambisieloos. Dit is volgens haar soveel meer sinvol om te werk en besig en suksesvol te wees.

Haar **religieuse perspektief** oor kos was moontlik deel van haar obsessie om so min as moontlik te eet. Sy het geredeneer dat deur nie te eet nie, kan sy haarself reiner ag. Sy het ervaar dat sy skoner en reiner voel as sy nie kos in het nie. Sy het kos beskou as iets wat haar vuil maak. Kos was moontlik vir haar 'n simbool van onreinheid of selfs sonde. Sy het kos beskou as iets fisies en as sy nie eet nie, dan kon sy haar meer toespits op die geestelike dinge. **'n Mens kan geestelik reiner en skoner wees sonder kos.**

Sy was so oortuig dat dit reg was om nie te eet nie soos wat 'n persoon oortuig is van sy geloof. Na mate ander persone haar probeer oortuig het van die teendeel, hoe meer vasberade het sy geraak dat sy hul sou oortuig dat sy reg was.

As sy nie geëet het nie, het sy haarself toegelaat om moeg te wees en te gaan slaap. Wanneer sy egter geëet het, het sy haarself nie gegun om toe te gee aan 'n moegheidsdrang om te slaap nie want sy het, volgens haar opinie, ekstra kilojoules om te verwerk. Weereens was dit moontlik 'n vorm van straf as sy toegegee het aan die drang om te eet.

Jana was in baie opsigte ook **perfeksionisties**. Die bulimie waaraan sy gely het, het sy beskou as 'n swakheid en daarom het sy dit as 'n groot sukses beleef toe sy afgesien het daarvan en oorgegaan het na die ander uiterste naamlik anoreksia nervosa.

Jana reageer soos volg oor haar belewenis van haar geestelike self:

As ek so kyk ... alles het mos in Stellenbosch begin die rêrige anoreksia en goed. Toe ek in Stellenbosch was, was dit die eerste keer dat ek weg was van ... hoe kan ek sê ... hier was ek so half beskermd in my geloof gewees. Hier het ek 'n klomp vriende gehad wat baie gelowig was en ons het gereeld bymekaar gekom en saamgebid. Dit was half 'n veilige "environment" en jy is die heelyd omring deur die gemeenskap van gelowiges.

En toe ek Stellenbosch toe is, toe is ek heel op my eie. Die mense met wie ek te doen gekry het – my klasmaats en almal ... niemand – ek het nooit weer dieselfde gehad as wat ek hier gehad het nie. Wat ek moes gedoen het, is om konstant te bly in my eie geloof, maar ek was baie eensaam gewees.

Ek het ook besef dat ek nie net álmal kan oordeel nie en dink almal is verkeerd en net ek is reg nie. Dit het ook 'n groot rol gespeel want ewe skielik het niks vir my sin gemaak nie want hoe kon ek net al hierdie mense wat nie so "dedicated" is soos wat ek was nie - hoe kan ek net hul oordeel en dink of sê hul is nie my vriendskap waardig nie. En dit het my laat dink die Here het ons mos almal lief. Hoekom kan ek nie maar vir hulle liefwees nie, maar ek was nie sterk genoeg nie ... ek was baie "vulnerable" en hulle het my afgetrek. En ek sê dit nou vir die eerste keer want op daardie stadium was ek ongelooflik alleen en ek het saam met hulle gegaan en ek is meegesleur en dinge het net nie vir my sin gemaak nie.

[Ek is besig om te val in 'n eindelose groot, swart gat.]

Daarmee bedoel ek ... dit het maar alles te doen met die eensaamheid. Ek dink deur op te hou eet het ek ook my opstand gewys, want hoekom is ek so alleen? Hoe kan die Here my so alleen los en in 'n poel gooi? Ek het Hom bevraagteken.

Ek meen om te kan "cope" in 'n heeltemal nuwe "environment" ... om te kan leer om hierdie grootmenswêreld in te kan gaan en na jouself te kan kyk en party dae nie geld vir tandepasta te hê nie. Byvoorbeeld as ek nie my geld op kos uitgegee het nie, het ek meer geld vir ander goed gehad. Om byvoorbeeld te gaan fliëk of so iets. So ek het dus al my probleme gekoppel aan kos.

... Maar toe was daar weer stadiums dat ek glad nie meer kon eet nie, want ek is so gestres oor my werk en ek is so bang ek maak 'n mislukking en "in case" ek 'n mislukking maak, sal ek maar liever nie eet nie.

Ek is maar 'n baie angstige mens. Ek kan maklik op my senuwees raak. Ek is baie hard op myself.

Soos party dae sal ek net per ongeluk te veel eet. Een happie te veel dan wil ek mal raak. Ja, dan kan ek nie my kos inhou nie.

Dis vir my baie moeilik om 'n balans te handhaaf in die lewe, in alle opsigte, in verhoudinge, in alles neig ek om goed te oordoen.

Kos het glad nie meer beheer oor my nie. Ek het dit oorwin. Om te dink dat ek geregeer word deur kos. Dit het nie meer 'n invloed op my nie. Ek het aan bulimie gely voordat ek aan anoreksia gely het. So ek het dit ook oorwin. Ja, dit het my gelukkig gemaak. Ja ek is weer in beheer.

[Ek sweef so lig soos 'n veer.]

Daarmee bedoel ek net ... die sweef is: ek het uitgestyg uit my probleme. Ek het uitgebreek daarvan en omdat ek nie eet nie, is ek lig. Dit is so direk. En daarom sweef ek. Vlieg en sweef vergelyk ek met vryheid. So ek is vry en dit is vir my die "ultimate" geluk ... om te kan vlieg. Ja, ek kan dit letterlik of figuurlik voorstel.

[Ek bereik hoogtes en ervaar net hoe mooi die wêreld eintlik is.]

Ek kan nou mooi raaksien want ek is verlos van my bekommernisse. Ek kan konsentreer op ... daardie selfabsorpsie wat jy ingaan wanneer jy te veel kos eet ... jy "worry" daaroor ... dit is weg. So jy kan "actually" meer gefokus wees op die mooi wat eintlik bestaan in die wêreld en nie net alles negatief sien net omdat jy so in jou eie wêreld is nie.

Want op daardie stadium het my studies agteruitgegaan en ek het net vir myself gesê ek gaan nie ... ek gaan nie weer 'n mislukking maak nie. Met ander woorde deur op te hou eet is iets wat ek aangepak het en ek wou nie misluk daarin nie. Ek wou in iets suksesvol wees. So niemand kon my anders vertel nie.

[Ek is lief vir myself] ... dis miskien baie in die oortreffende trap gestel daardie “ek is lief vir myself”. Ek is “actually” tevrede met wat ek doen. Ek kan myself op die skouer klop want ek behaal sukses in iets. So ek verdien nou weer om te rus, want ek eet nie en dit is goed.

Ja, en ek beskou seker mense wat net eet, beskou ek as mense wat, hoe kan ek sê, mense wat nie ambisie het nie. Het hulle dan nie iets beter om te doen nie? Ons moet mos werk en besig wees. Mense wat net “chill” en, hulle is so ambisieloos vir my.

Wat ek wel gedink het ... dit is ook ‘n rede woorom ek daardie tyd opgehou eet het want ek het gevoel “j” ek het nou begin sonde doen ... ek is nie meer so “dedicated” soos wat ek was nie. So ek verdien nie nou meer kos nie. Dit is ook ‘n ander manier waarop ek ... ek “contradict” myself nou in ‘n sin, maar dit was al die gedagtes wat in my kop was. Ek moes net al die tyd vir myself sê ek verdien nie nou meer kos nie en al hierdie goeters het ek vir myself so uitgeredeneer. Laat ek dit so stel: dit was vir my baie erg. Ek het sendingwerk gedoen op plekke waar daar mense was wat nie kos gehad het nie en ek het daaraan gedink dat daar so baie mense was wat honger was en ek het soveel in oorvloed en ek het gedink ek kan myself reiner ag as ek nie kos in het nie, want ek hoef dit nie in te hê nie want daar was ander wat dit baie nodiger gehad het as ek. Dit is ‘n baie snaakse redenasie, maar ek voel skoner en reiner as ek nie kos in het nie.

Want kos is iets wat my vuil maak. Ek weet nie hoekom ek so ‘n assosiasie daarmee maak nie dis ... as ek nie kos in het nie ... kos is tog ‘n primêre prioriteit. Jy dink aan kos en as ek nie kos het nie dan kan ek my meer op geestelike goed toespits en heeltemal vergeet van my fisiese behoeftes. So los hierdie fisiese dinge en word meer geestelik ingestel ... dus dit is waarom ek sê reiner, skoner, geesteliker sonder kos. Kos is vuil, minder geestelik, meer fisies ingestel ... nie reg nie.

Ja, hoe kan ek sê? Soos iemand wat so oortuig is van sy geloof, so oortuig was ek van dit wat ek self uitredeneer het en regverdig ... dat dit reg was. Ek was so oortuig. Niemand kon vir my iets anders sê nie. Nie die sielkundiges of psigiaters of enige iemand anders nie.

Dit dien as versterking dat ek kan bly glo in myself ... al het ek misluk met my studies, is ek nou ‘n sukses deur op te hou eet.

Ja, ek het myself soms gestraf. Soos daarso is dit reg as ek hard leer en ek raak “actually” moeg. Dan sal ek vir myself sê: dis “all right”, jy kan maar gaan slaap, jy het darem nie ekstra kilojoules wat jy moet verbrand nie. So gaan slaap nou maar. Maar as ek geëet het, het dit vir my gevoel jy het nou al hierdie kilojoules in jou ... jy moet dit verbrand. Wat se nonsens is dit nou met jou dat jy nou wil gaan slaap.

... Omdat ek baie perfeksionisties is, is dit nie ooit vir my rêrig so 'n probleem gewees om nie te eet nie. Dit is net, seker omdat ek geweet het ek is daartoe in staat. Ek kan dit doen en ek sal dit kan regkry. Dis seker omdat kos nog altyd 'n “issue” was in my lewe. Kyk, ek het aan bulimie gely voor die tyd en bulimie is mos as jy eet en jy kan nie meer die kos inhou nie, dan gooi jy op. Ek het ja, om net nie te eet nie, het ek darem reggekry om nie meer op te gooi nie. So dis hoekom ek gevoel het dat deel van my lewe is darem nou onder beheer.

4.4.4 Jana se belewenis van haar self in interaksie met die gesin as betekenisvolle ander

Jana se gesin het moontlik 'n beduidende rol in haar selfbelewenis gehad. Sy het nie baie goeie herinneringe aan haar gesin, veral met betrekking tot kos, gehad nie. Gesinsetes het dikwels op 'n stryery uitgeloop en negatiewe konnotasies veroorsaak. Dit was so erg dat sy, nadat sy teruggekeer het van Stellenbosch om weer saam met die gesin te bly, glad nie saam met hul wou eet nie. Dit kon ook moontlik beteken het dat sy in elk geval nie wou eet nie.

Dit blyk dat wat haar gesinslede betref, haar pa die grootste invloed op haar gehad het alhoewel sy op 'n stadium gesê het dat haar pa en ma die grootste invloed gehad het.

Dit is veral die verhoudinge tussen gesinslede wat 'n rol gespeel het. Dit blyk asof haar pa en ma nie 'n goeie verhouding gehad het nie. Haar pa het gedurig haar ma verwytd omdat sy oormassa is en het dit toegeskryf aan haar onaktiwiteit en baie eet. Jana het vet geassosieer met negatiewe dinge soos sleg wees, ongesond wees en onsuksesvol wees. Maerwees is geassosieer met sukses en positiewe aspekte. Hierdie stereotipe van maer is goed en maer is verwant aan sukses het moontlik 'n groot invloed op haar gehad.

Jana reageer soos volg met betrekking tot haar belewenis van haar self in interaksie met die gesin:

Ek sal glad nie rooivleis eet nie, glad nie, want dit laat my dink aan die kos wat in ons huis is. Die kos wat in ons huis is, was gewoonlik kookvleis, aartappels, rys, brood en ek sal glad nie sulke kos eet nie.

Ek hou van alles wat my nie herinner van die kos in die huis nie, dit sal ek eet. Ek is lief vir ... ek sal soos eksotiese kos eet, soos vis. Ons eet glad nie vis in die huis nie. Ek is mal oor seekos en ek sal Chinees eet en iets wat my net nie terug herinner aan die huis nie, want in die huis het ek begin siek word. Ek meen, ek is baie lief daarvoor om te gaan uiteet, maar ek sal byvoorbeeld nooit Spur toe gaan nie, want dit laat my ook dink aan my huis en ons familie wat soms daar gaan uiteet het.

Ja, dit is nou nog. As iemand sê nou maar van iemand iets geëet het, dan is dit tog enorme goeters. Dis hoekom ek eet glad nie eers by die huis nie. Ek gaan eet by 'n vriend of ek gaan koop “take-aways” of “something”. Dit is altyd 'n “issue”, my ma het te veel geëet of die een het eerste ingeskep of daai een het te veel geëet en dan is dit 'n bakleiery, ag.

... Maar dit dink ek is in my kop ingeprent, daai prentjie wat my pa altyd vir my ma sê: maar jy eet te veel en jy eet alweer en jy lê net die hele dag by die huis en, en, en. Dit is vir my baie erg. Ek wil nooit so wees nie. Juis omdat my pa so klinies belangrik is vir my. Ek dink dit is hoe ek daardie idee in my kop gevorm het.

Dis wat ek dink wat geskep is in my ouerhuis. Hoe meer vetter jy is, hoe meer onsuksesvol, hoe ongesonder, hoe slegter: negatiewe goeters en maerder is net positiewe goed.

Nee , ek het mos in my kop die prentjie van hoe maerder hoe gesonder.

Ek sal liever eerder wil sê dat wat ons gesin betref, is dit my ma en pa wat die grootste invloed op my eetgewoontes het ... nie rêrig my boeties nie. Nee.

Met die verloop van die onderhoude het dit duidelik geword dat haar pa 'n betekenisvolle rol in haar selfbeleving gehad het.

Dit blyk asof sy nie 'n goeie verhouding met haar pa gehad het nie. Sy het byvoorbeeld nie die moed gehad om hom in te lig dat sy haar studies gestaak het nie. Dit was asof sy nie

mislukkings met hom kon deel nie. Dit was vir haar van die allergrootste belang dat sy suksesvol in sy oë moes wees. Sy moes altyd korrek optree voor hom en sy het 'n vrees gehad om hom teleur te stel. Sy was eerder bereid om op te hou eet om sodoende 'n grondige rede te hê om haar studies te staak, as om in sy oë te misluk.

Sy het haarself beskou as die een wat moes presteer ter wille van haar pa. Dit was asof sy prestasie as 'n voorvereiste vir sy liefde en aanvaarding beskou het. Dit blyk asof sy 'n tipe van bewondering vir haar pa gehad het en hom geïdealiseer het.

Selfs toe dit baie sleg gegaan het met haar, het sy haarself voorgeneem om werk te soek op Stellenbosch om finansiëel onafhanklik van haar pa te wees. Dit blyk nog 'n voorbeeld te wees van haar swak verhouding met haar pa.

... En ek het ook nie die moed gehad om met my pa te praat nie, vir hom te sê ek het die verkeerde keuse gemaak en ek wil opskop nie. Toe dog ek toe maar miskien moet ek ophou eet, dan sal hy kan sien ek kan nie verder swot nie. Ek kon hom nie direk konfronteer nie.

Hoe my pa dink oor my is verskriklik belangrik; dit is vir my baie erg as ek nie 'n sukses in sy oë is nie.

Ek weet nie, dit is net vir my 'n erge ding. Want nou nog is dit vir my baie belangrik dat my pa net die beste van my moet dink, ek weet nie. My ma ... na haar sal ek gaan met alles, maar my pa, in sy oë moet alles reg wees wat ek doen. Ja, dit is eintlik ... met dit wat ek gedoen het, het ek hom eintlik net hartseerder gemaak.

Want mislukking is vir my verskriklik. Ek mag nie misluk nie. Dit is ... ek moet nie ... ek is my pa se presteerdertjie en ek moet goed doen ... ek kan nie so 'n fout maak nie. Dis net onvanpas. Dit mag nie gebeur nie.

My pa is self baie maer en hy is hardwerkend. Hy is vir my 'n voorbeeld van hoe 'n mens moet wees. Alhoewel my pa tog baie eet, ... maar ek het dit nou nie bymekaar kon bring nie.

Ek gaan 'n werk kry. Ek gaan onafhanklik wees van my pa en niemand hoef te "worry" oor my nie.

Dit blyk uit die gesprekke dat sy 'n redelike goeie verhouding met haar ma gehad het, maar nie veel respek vir haar gehad het nie. Sy noem dit ook dat sy met enigiets na haar ma toe kon gaan. Die interaksie met haar ma of die terugvoering wat sy van haar ma gekry het, het nie naastenby so 'n groot invloed op haar gehad soos in die geval van haar pa nie. Die feit dat haar ma oormassa was, was vir haar totaal onaanvaarbaar en dit kon 'n invloed op hul verhouding gehad het.

... Ek wou nooit wees soos sy is nie omdat sy oorgewig is en my pa hou nie daarvan nie. Ek dink iewers het dit ook maar 'n rol gespeel. Ek is nie seker nie, maar definitief die feit dat my pa my ma gekritiseer het daarvoor, het definitief op my ingewerk.

Haar broers het blykbaar nie 'n invloed op haar eetgewoontes gehad nie. Haar oudste broer het in standerd agt baie gesondheidsbewus geraak, maar dit het nie so 'n groot invloed op haar gehad nie.

My broers as sulks het nie so 'n groot invloed gehad nie. Stephen was nog maar klein en hy eet maar wanneer hy eet. Lourens het in standerd 8 baie gesondheidsbewus geraak, maar het nie so 'n groot invloed gehad nie ... nie regtig my boeties nie.

4.4.5 Jana se belewenis van haar self in interaksie met die portuurgroep as verwysingsgroep ander

Dit wil voorkom asof haar vriende as deel van verwysingsgroep ander nie so 'n noemenswaardige invloed op haar gehad het nie. Sy beweer dat wat ander mense en veral studente maats geëet het, nie vir haar eintlik saak gemaak het nie. Mede-studentemaats se aanmerkings oor hoe maer sy was, was eerder 'n tipe van 'n aansporing om (feitlik) heeltemal op te hou eet.

Tog skryf sy in die brief: ***[ek word versmoor deur kritiek]***. Moontlik het dit tog vir haar saak gemaak en wou sy op 'n manier aan hul iets bewys van haar sterk wilskrag deur so min as moontlik te eet. Sy noem dan ook dat dit dalk een van die oorsake was vir die begin van anoreksia nervosa. Sy klink geïrriteerd met hulle en dit wil voorkom asof hul vriendskap nie veel vir haar beteken het nie en dat sy hul vriendskap in 'n groot mate betwyfel het. Daarom sê sy in die gesprek dat sy aanneem dat hul vriende was en nie oortuig was daarvan nie.

In kontras daarmee heg sy groot waarde aan haar skoolvriende. Volgens haar het hulle mekaar ondersteun en het hul saam Bybelstudie gehou. Gedurende daardie tyd het sy heeltemal afgesien van haar bulimiese gedrag. Dit was eers weer tydens die matriekeindeksamen dat sy weer 'n bulimiese probleem ontwikkel het as gevolg van die eksamenstres.

Op 'n later stadium het sy haarself vergelyk met mede-studente in skoonheidstegnologie. Alhoewel sy heelwat ouer was as hulle, was dit tog vir haar belangrik om die heel maerste te wees in die groep. Mondelingse terugvoering was blykbaar nie op daardie stadium vir haar belangrik nie, want sy het hulle nie as rolmodelle beskou nie. Sy praat half neerhalend van hulle as "kinders" en "klein". Sy het haarself net fisiek vergelyk met hulle en moes net self kon waarneem dat sy die maerste is in die groep.

Sy het in 'n sekere sin haarself superieur beleef tussen haar vriende. Sy het moontlik ervaar dat sy so in beheer was van haar eetgedrag dat sy haarself bo hul verhef het. Dit is moontlik die rede waarom sy haarself nie eintlik met hul vergelyk het nie behalwe massagewys.

Jana reageer soos volg met betrekking tot die belewenis van haar self in interaksie met die portuurgroep as verwysingsgroep ander:

Nee my vriende het nie 'n invloed op my eetgedrag gehad nie, nee nie rêrig nie, nee, ek het nooit 'n "issue", 'n probleem met ander mense en kos nie.

Dit is ook 'n groot rede hoekom ek aan die begin daaraan begin ly het. Dit is omdat mense (ek neem aan dit was vriende) so aan my gesê het: jy is te maer en je je je je! Toe wil 'n mens aan hulle wys: ek gee nie om wat julle sê nie, ek sal net doen wat ek wil.

Ek sal ja, en hoe sal ek myself nog evalueer, hoe ek lyk ten opsigte van ander kinders in my klas, of die groep wat saam met my "swot". Ja, en die skoonheidskunde is ook nou juis iets waar jy baie soos ontbloot is half. As ons 'n "facial" doen, moet jy net 'n "bibby" aantrek en so ... jy is baie ge-"expose". Ek dink dit het nogal baie, nou, 'n invloed op my gehad.

Eintlik is dit vir my belangriker dat ek weet ek is die maerste. Ek sal nie "worry" oor wat hulle dink nie, hulle is klein, maar dit is vir myself belangrik dat ek so en so moet lyk.

4.4.6 Jana se belewenis van haar self in interaksie met die media as veralgemene ander

Aan die eenkant lyk dit asof die media nie 'n groot invloed op Jana gehad het nie terwyl sy tog sê dat modes en modelle vir haar 'n besondere voorliefde en belangstelling is. Sy het ook vir 'n geruime tyd in 'n klere boutique gewerk. Wanneer sy maer mense sien (moontlik in die modebedryf as modelle, televisie-persoonlikhede of selfs kliënte), was hul vir haar baie aantreklik en het sy hul geïdealiseer. Sy was volgens haar mening egter nooit obsessief daaroor nie.

Dan beweer sy egter dat die media wel 'n aanleidende faktor kan wees. Sy sê die ideale beelde wat in die tydskrifte voorgehou word, is onrealisties. Sy toon daardie begrip. Maar mans kyk ook daarna en hul vind die modelle aantreklik. Sy voeg daarby dat indien meisies begeerlik wil wees vir mans behoort hul dan ook so te lyk. Dit is nie heeltemal duidelik of sy oor die algemeen praat en of sy spesifiek verwys na haarself nie.

Later in die gesprek word daar weer daarna verwys. Sy beweer dat alhoewel die media 'n belangrike rol in die etiologie van eetversteurings kan speel, kan dit nie werklik die hoofrede wees nie. Vir haar was dit wel 'n probleem tydens die herstelfase. Sy sê dat wanneer jy geïntimideer word met sogenaamde rolmodelle, dan verlang jy terug na jou anoreksiese dae toe jy baie beter gevaar het met betrekking tot massa as maatstaf as die spesifieke geïdealiseerde model. Tydens sulke geleenthede het sy haarself verag omdat sy weer "vet" geword het. Sy het nie meer aan die media en haar eie vereistes voldoen nie. Sy was dan in die versoeking om terug te val op ongeoorloofde eetpraktyke sodat sy aan die model ter sprake kan wys dat sy eintlik beter doen as sy wat betref liggaamsmassa. Om nie te eet nie het sy as sukses beskou.

Dit wil voorkom asof sy, soos wat sy meer daaroor gedink het, tot die besef gekom het dat die media wel 'n rol in die ontstaan van eetversteurings of in die belemmering van herstelfase daarvan kan staan.

Die media speel moontlik 'n versterkende rol in 'n negatiewe selfbelewenis. Sy wil weereens beter as die modelle wees en moontlik meer suksesvol. Sy vergelyk haar tog in 'n mate daarmee.

Jana reageer soos volg met betrekking tot die belewenis van haar self in interaksie met die media as veralgemene ander:

Ja absoluut, ek is mal oor die mode. Die mode en "fashion", toe ek daar was, hoe kan ek sê, dit was nie vir my so erg nie. Ek kan nie dink dat dit my ook nogal beïnvloed het nie.

Ek het altyd tog as ek mense sien wat baie maer is, dan was dit vir my baie aantreklik en mooi en ek wou ook so lyk. Ja, dis al wat ek kan sê. Dit was nie asof ek obsessief daarvoor was nie.

Ja, ek glo dit kan absoluut 'n faktor wees. Want mense wil strewen na een of ander beeld, en dit wat daar vir ons gestel word, en partykeer is dit onrealisties want dit wat in tydskrifte is en so is nie eers die ware Jakob nie. Veral ook soos mans en ouens kyk na die tydskrifte en hulle dink ook dit is mooi en jy dink om begeerlik te kan wees moet jy so lyk. So ek kan dink dat dit 'n groot invloed is.

Ek het baie mooi daarvoor gedink. Dit is nie die hoofrede nie, maar veral as jy op die geneespad gaan vanaf anoreksia en jy word weer geïntimideer met iets van: dit is soos jy moet lyk en jy weet maar toe ek anoreksia gehad het was ek tog 15 keer maerder as daardie vrou, maar kyk nou weer wat het ek gedoen! Kyk hoe vet is ek nou weer. Ek lyk nie soos sy nie. En dan sal ek baie keer weer die neiging kry en wens dit kan net weer wees soos wat dit was ... so suksesvol, ek hoef nie te eet nie. Sodat ek net vir daardie "simple" model kan wys ek is beter as sy.

4.4.7 Jana se belewenis van haar self in interaksie met stereotipe as veralgemene ander

Stereotipes soos dat maerwees die voorvereiste vir sukses is en dat oormassa persone gekoppel word aan negatiewe karaktereïenskappe het Jana moontlik in haar ouerhuis geleer. Dit het moontlik 'n groot invloed gehad op haar selfbelewenis. Moontlik het haar pa 'n invloed in die verband op haar gehad, asook in 'n sekere sin die media.

Jana reageer soos volg met betrekking tot die belewenis van haar self in interaksie met stereotipe as veralgemene ander:

Nee, ek het mos in my kop die prentjie, van hoe maerder hoe gesonder.

Ja, sy moet maer wees, maar ook gespierd, dit is vir my mooi. Soos die gesiggie speel ook 'n rol, mooi hare, maar die groot ding sal maar seker vir my wees om maer te wees en gespierd.

Dis wat ek dink wat geskep is in my ouerhuis. Hoe vetter jy is, hoe meer onsuksevol, hoe ongesonder, hoe slegter, negatiewe goeters en maerder is net positiewe goed. My pa is self baie maer en hy is hardwerkend. Hy is vir my 'n voorbeeld van hoe 'n mens moet wees. Alhoewel my pa nog baie eet, maar ek het dit nou nie bymekaar kon bring nie.

4.4.8 Jana se gebruik van haar liggaam as simbool van bepaalde aspekte van haar geestelike self

Die feit dat mense vir haar gesê het dat sy maer en sleg lyk, het moontlik haar vasberadenheid om al minder en minder te eet, versterk. Daardeur wou sy ook moontlik haar sterk wilskrag toon.

Sy het moontlik maerwees geassosieer met sukses. Haar pa wat baie maer is, was haar rolmodel in die verband. Hy was in haar oë die toonbeeld van hoe 'n persoon behoort te lyk. Die feit dat hy wel baie geëet het, het sy moontlik nie raakgesien nie of doelbewus geïgnoreer. Deur al maerder en maerder te raak wou sy moontlik impliseer dat sy baie suksesvol is.

Omdat sy nie eet nie, ervaar sy haarself as lig en omdat sy lig is kan sy sogenaamd vlieg of sweef. Vlieg of sweef is vir haar 'n simbool van vryheid en die bron van uiterste vreugde. Deur haar maer liggaam en eetpraktyke kon sy hoogtes (sukses) bereik en het die wêreld vir haar 'n bron van hoop geword.

Jana reageer soos volg met betrekking tot haar liggaam as simbool van bepaalde aspekte van haar geestelike self:

Mense het gesê maar ek lyk sleg en ek is maer, en ek dog nou sal ek sommer vir almal wys ek sal nou sommer rêrig ophou eet.

... Want omdat my lyf - my liggaam - so fisies agteruitgegaan het, was ek geestelik glad nie meer in beheer nie want ek kon fisies glad niks meer doen nie.

Ek het nooit rêrig vir myself gekyk nie. Ek het nie vir my self in 'n spieël gekyk nie. Ek onthou in die begin toe ek in Stellenbosch gekom het, toe, maar dit was op skool ook so, dan het ek maar gehoop my maag gaan plat wees, ek moet nooit vol voel nie. Ja, so ek moes altyd my maag so plat kon druk en aan die begin in Stellenbosch het dit ook nogal 'n invloed op my gehad. Naderhand het ek nie eers vir myself gekyk nie.

Ek evalueer myself elke oomblik. By die huis as ek ... soos van klas afkom dan sal ek kyk ... altyd na my maag kyk, of hy plat genoeg is.

4.4.9 Jana se gebruik van voedsel as simbool van bepaalde aspekte van haar self

Alles wat sy negatief ervaar het, byvoorbeeld bakleiery, verhoudingsprobleme, swak akademiese uitslae, het sy gekoppel aan kos. Sy beweer dat selfs die allervreeslikste nagmerries wat sy gekry het, het weggegaan toe sy ophou eet het. Voedsel was vir haar die simbool van alles wat sleg is.

Haar ervaring dat sy totale beheer oor kos (feitlik niks eet nie) gehad het, het haar kommerloos laat voel en sy kon blykbaar op die goeie konsentreer. Bekommernisse was blykbaar vir haar sinoniem met kos. Haar denkwyse is totaal deur voedsel in beslag geneem en sy het dit beleef as spinnerakke wat haar gevange hou. Sy beskryf dan kos as 'n **“evil monster”**.

Sy het 'n sonde skuld las ervaar en besef dat sy nie meer so toegewyd was nie. Daarom het sy volgens haar nie meer kos verdien nie. Kos was dus iets wat jy volgens jou daad verdien of nie verdien nie. Sy het gedurig vir haarself gesê dat sy nie kos verdien nie.

Mettertyd het sy nie meer kos so negatief ervaar nie en het sy dit selfs geniet om uit te eet of gesellig te wees daarmee, maar die oomblik as iets negatief met haar gebeur, hou sy onmiddellik op met eet. Sy beskou haarself dan weer as sleg en swak en oortuig haarself dat sy nie kos verdien nie.

Sy reageer soos volg met betrekking tot kos as simbool van haar geestelik self:

Want kos is iets wat my vuil maak. Ek weet nie hoekom ek so 'n assosiasie daarmee maak nie ... dis as ek nie kos in het nie ... kos is tog 'n primêre prioriteit.

Jy dink aan kos en as ek nie kos het nie, dan kan ek my meer op geestelike goed toespits en heeltemal vergeet van fisiese behoeftes. So los hierdie fisiese dinge en word meer geestelik ingestel ... dus dit is waarom ek sê: reiner, skoner, geesteliker sonder kos. Kos is vuil. Minder geestelik, meer fisies ingestel ... nie reg nie.

Een ding wat ek wens dat ek kon regkry wat nou nog maar 'n probleem is met my, is dat ek enige negatiewe ervaring in die lewe ... enige negatiewe iets wat met my gebeur, 'n bakleiery, verhoudingsprobleme, as ek sleg doen in my studie ... hoekom ek dit altyd sal terugbring na kos toe.

Die "evil monster" was die kos. Kyk, dit is soos om iets te vat en alles daarop te "blame". Kyk, ek het alles na kos toe gevat.

Ek moet sê een ding waaroor ek oorwinning gekry het' is dat ek kos nie meer so negatief ervaar nie. Ek byvoorbeeld geniet dit nou om te gaan uiteet en ag gesellig te wees daarmee, maar ek kan nog steeds nie alleen eet in my huis nie. Dis nog steeds vir my 'n groot probleem.

4.4.10 Die gebruik van self-attribusie in die begrip van haar self

Jana probeer moontlik haar eetgedrag te regverdig en verstaan deur redes daarvoor te soek. Sy skryf haar anoreksia nervosa-probleem toe aan 'n verkeerde besluit wat sy gemaak het met betrekking tot haar studies. Dit was die oorsaak van haar mislukking. Moontlik wou sy haarself straf hiervoor deur nie vir haarself kos toe te laat of te gun nie.

Die feit dat sy bulimie oorwin het volgens haar oordeel was ook moontlik 'n rede om nie te eet nie aangesien sy dit dan ervaar dat sy beheer oor voedsel het.

'n Ander rede waarmee sy haar eetgedrag regverdig, was moontlik die feit dat sy nie meer so toegewyd in haar godsdienstbeoefening was nie. Sy het dus, uit haar oogpunt, nie meer kos verdien nie.

Sy het ook moontlik redes gesoek waarom sy haarself nie gegun het om te slaap nie. Moontlik het sy as volg geredeneer: Indien sy kilojoules het om te verbrand verdien sy nie die vergunning nie. Slegs as sy nie eet nie, mag sy moeg wees en mag sy slaap.

Sy reageer soos volg met betrekking tot die gebruik van self-attribusie in die begrip van haar self:

Juis omdat ek nie my kursus geniet het nie, was dit vir my verkeerd. Hoe kon ek so 'n "simple" fout gemaak het dat ek nie 'n sukses gaan wees nie? Dit was dat ek kwaad was vir myself. Ek het gevoel ek verdien nie kos nie. Ek is dan nie 'n sukses nie.

Wat ek wel gedink het ... dit is ook 'n rede waarom ek daardie tyd opgehou eet het want ek het gevoel "j" ek het nou begin sonde doen ... ek is nie meer so "dedicated" soos wat ek was nie. So ek verdien nie nou meer kos nie

Dan sal ek vir myself sê: dis "all right", jy kan maar gaan slaap. Jy het darem nie ekstra kilojoules wat jy moet verbrand nie. So gaan slaap maar. Maar as ek geëet het, het dit vir my gevoel jy het nou al hierdie kilojoules in jou ... jy moet dit verbrand. Wat se "nonsense" is dit nou dat jy wil gaan slaap?

4.5 INTERPRETASIE MET BETREKKING MET JANA

Vanuit die voorafgaande bespreking is dit duidelik dat Jana as adolessent met anoreksia nervosa 'n unieke belewenis van die onderskeie aspekte van haarself het. Dit is ook duidelik dat sy veral haar geestelike self sterk beleef en ook sterk bewus is van hoe sy glo dit moet wees.

Jana ervaar emosies van eensaamheid, spanning en opstandigheid, waarskynlik as gevolg van haar eetversteuring wat haar tot 'n groot mate ook sosiaal geïsoleer het, maar moontlik ook as gevolg van die nuwe omstandighede in 'n nuwe omgewing waar sy mislukking ervaar het en haarself met haar probleem nie kon uitleef nie. Die enigste vreugde en tevredenheid met haar self wat sy kan ervaar, is as sy haar doelwitte met betrekking tot voedselbesluite/eetgedrag kan bereik.

Jana beleef haarself geestelik as iemand wat perfeksionisties is, wat sukses in die lewe wil behaal en in totale beheer wil wees, nie net met betrekking tot hoe sy self daarvoor voel en dit evalueer nie, maar ook hoe ander, en veral haar vader as betekenisvolle ander in haar lewe dit sien. Só belangrik is dit vir haar om te wys dat sy 'n sukses en in beheer is, dat sy ten alle koste iets sal soek waarin sy sukses behaal en kan wys dat sy in beheer is – in dié geval ongelukkig haar eetgewoontes. Om in beheer te wees van voedsel gee aan haar 'n superieure geestelike gevoel van reinheid en sukses. Jana beleef haarself ook as iemand wat dit moeilik vind om 'n saak objektief te benader en te beredeneer met die gevolg dat dit dikwels vir haar moeilik is om balans te handhaaf. Hierdie wanbalans het ook betrekking op haar eetgewoontes deurdat sy onrealisties min eet. Uit-balans-uit beteken weer vir haar dat sy nie in beheer is nie, dat sy nie sukses behaal nie, dat sy vuil is in stede van rein - almal negatiewe konnotasies met betrekking tot haar geestelike self en uiteindelik ook met betrekking tot haar totale selfbelewenis. Dit raak ongelukkig 'n bouse kringloop waaruit sy moeilik kan ontsnap.

Vanuit die bespreking van die resultate is dit verder duidelik dat Jana 'n sterk verband tussen die fisieke en die geestelik self trek. Voor die ontstaan van haar siekte was sy wel bewus en ook gerig op haar fisieke self, waarskynlik omrede die oorbeklemtoning van massa in haar huis wat veral vir haar vader 'n belangrike aspek was. Sy was dan ook veral bedag op enige opmerkings met betrekking tot vet of oormassa. Dit wil egter lyk asof dit voor en ook dwarsdeur haar siekte meer gegaan het om die fisieke self as bewys of teken of simbool van sekere aspekte van die geestelike self, naamlik dat vet of oormassa gelyk is aan mislukking – 'n siening wat waarskynlik in haar ouerhuis ontstaan het. Die enigste manier waarop sy enige mislukkings, soos swak vordering in studies, kan wegsteek, is om vir haarself en ander te bewys dat sy oor die geestelike kwaliteite beskik wat dui op sukses en beheer. Geestelike kwaliteite is ongelukkig nie met die blote oog sigbaar nie. Die enigste manier waarop sy dit vir haarself en ander kan wys is deur middel van 'n sosiale objek, naamlik haar liggaam en voedsel wat gevolglik vir haar 'n simbool van bepaalde aspekte van haar geestelike self word.

Dit is interessant dat sy ook nooit haar maer, uitgeteerde liggaam wou wegsteek of bedek vir ander nie. Sy het dit egter vermy om self daarna te kyk. Dit word dan vir haar 'n probleem en steen des aanstoots omrede dit sekere negatiewe opmerkings van vriende en ander uitlok wat nie noodwendig dieselfde geestelike konnotasie daaraan heg as sy nie en dit dus ook nie op dieselfde wyse as simbool van haar geestelike kwaliteite beskou nie. Die enigste manier hoe sy van hierdie negatiewe terugvoering kan ontkom, is om nie werklik vir haarself

in die spieël te kyk om daaraan herinner te word nie, om haar sosiaal te onttrek en om te besluit dat sy hulle sal wys dat sy 'n sukses is, rein is en in beheer is deur die maerste te wees, wat dan in haar verstoorde redenasies die bewys van haar sukses is. Sy ontwikkel ook 'n totale wanpersepsie oor haar liggaam en veral met betrekking tot die grootte daarvan. Haar eie vergelyking van haar liggaam met dié van ander is vir haar belangriker as die ander se, dikwels negatiewe, terugvoering. Die agteruitgang van haar fisieke self word uiteindelik slegs vir haar onaanvaarbaar omrede sy voel dat sy nie meer in beheer is nie.

Dit is dus duidelik dat Jana haar eie kognitiewe wyse van redeneer het waar haar fisieke Self vir haar 'n sterk simbool word van aspekte van haar geestelike self en dat sy dit ook so aan haarself en ander wil kommunikeer. Self-attribusie speel dus ook 'n belangrike rol in haar belewenis van haar self. Sy tree gedurig met haarself in gesprek en probeer redes en oorsake vir haar gedrag en ook haar eetgedrag soek. Dit lyk asof sy ongelukkig perspektief verloor en enige vorm van (in haar oë) mislukking toeskryf aan aspekte van haar geestelike self en selde aan ander mense of omstandighede buite haarself. Ten einde haarself dan weer te kan regverdig en iets goeds of lekkers te kan verdien, maak sy bepaalde reëls en regulasies vir haarself waarvoor sy beheer moet kry en sukses in moet behaal, soos dat sy dit nie verdien om te eet nie, of dat sy harder moet leer om meer kilojoules te verloor. Dit dra waarskynlik by tot die feit dat sy alle negatiewe in haar lewe begin toeskryf aan die eet van voedsel. Die eet van voedsel word dus nou ook 'n simbool van mislukking, slegwees, onreinheid, vuilwees en dus sonde omrede sy nie by die reëls sal hou as sy eet nie. Die negatiewe uitwerking wat hierdie redenasie op haar ervaring van haar geestelike self het, is voor die hand liggend.

Jana se belewenis van haar geestelike self, haar belewenis van die interaksie tussen die fisieke en geestelike self en die feit dat sy totaal beheer verloor met gevolglike agteruitgang van haar siekte, raak uiteindelik ook haar belewenis van haar sosiale self. Sy isoleer haarself sosiaal al hoe meer, moontlik omrede sy wil ontsnap van die negatiewe opmerkings van ander, maar ook omrede sy wil ontkom van geleenthede waar daar moontlik van haar verwag sal word om te eet of waar haar probleem werklik sigbaar sal word. Sy isoleer haarself egter ook verder deurdat sy haarself in werklikheid as beter, reiner en superieur ag omrede sy nie eet nie en negatiewe konotasies heg aan vriende wat eet. Dit is nie vir haar belangrik om soos vriende en ander te wees nie, maar juis beter en 'n groter sukses wat sy weerspieël deur steeds maerder as ander te wees. Sy isoleer haarself dus nie net sosiaal en fisies nie, maar plaas ook psigies 'n afstand tussen haar en ander. Sy ervaar dan ook emosies van alleenheid, eensaamheid en geen ondersteuning van ander nie. Vanuit die

voorafgaande is dit duidelik dat Jana haarself nie tydens die siekte as baie positief beleef het in interaksie met die portuurgroep, as verwysingsgroep ander in haar lewe nie, waarskynlik omrede hul negatiewe opmerkings oor haar voorkoms asook haar eie doelbewuste isolasie van haarself. Dit lyk egter nie asof die portuurgroep enigsins voor die ontstaan van haar eetversteuring en ook tydens haar siekte 'n beduidende rol gespeel het met betrekking tot hoe sy haarself beleef nie. Dit lyk ook nie asof hulle 'n beduidende rol speel met betrekking tot die mate waartoe sy bewus was van die onderskeie aspekte van haarself of in haar totale selfbelewenis nie. Benewens die feit dat sy hul opmerkings irriterend vind en haar tydens die herstelfase fisiek vergelyk met hul, is dit nie so belangrik vir haar dat sy enigsins haar eetgedrag daarvoor sal verander nie.

Vanuit die bespreking van die resultate lyk dit ook asof die massamedia as veralgemene ander nie werklik 'n beduidende rol gespeel het in die etiologie van Jana se siekte nie en ook nie tydens die siekte nie. Maer modelle en die massamedia se voorstelling van die ideale vroulike figuur kon in die etiologie van die siekte en ook tydens die herstelfase moontlik wel gedien het in haar sosiale vergelyking met betrekking tot "ek is vet" of "ek het vetter geword". Dit speel egter geen rol met betrekking tot haar siening en gebruik van die liggaam en voedsel as simbool van bepaalde aspekte van haar geestelike self nie.

Daarteenoor lyk dit asof die gesin en veral die vader 'n beduidende rol speel in Jana se siening en belewenis van veral haar geestelike self. Dit is opmerklik dat veral haar vader, wie vir haar baie belangrik is, tydens haar kinder- en adolessente jare 'n sterk siening gehad het en steeds het oor sukses, oormassa-asosiasie met sleg en mislukking en ook altyd bereid was om daarvoor terugvoering aan gesinslede te gee. Voedsel en eet, veral te veel eet en oormassa het klaarblyklik vele negatiewe situasies in die huis tot gevolg gehad, soveel so dat Jana moontlik tot die gevolgtrekking gekom het dat voedsel en die geniet daarvan 'n teken van sleg is, veral as dit moontlik met oormassa gepaard gaan, en dat 'n belangrike manier om te bewys dat jy sukses het en in beheer is, die feit is dat jy nie oormassa is nie. Sy noem dan ook pertinent dat haar vader suksesvol, hardwerkend en maer is. Dit is opmerklik dat die behaal van sukses, veral ook in die oë van ander, asook dat sy nie mislukking kan hanteer nie, ook vir haar baie belangrike persoonlike kwaliteite is. Omrede haar vader so 'n belangrike betekenisvolle ander in haar lewe is, is sy bereid om ten alle koste vir hom plesier te verskaf en aan hom te bewys dat sy dít wat vir hom belangrik is en soos hy dink 'n mens behoort te wees, kan bereik. Sy plaas haarself dus in sy skoene deur soos hy te dink en te redeneer en haar persepsies dien ooreenkomstig te vorm.

Ongelukkig kan Jana die balans nie handhaaf nie. Sy raak uit beheer – nie net wat haar distorte redenasies met betrekking tot die fisieke self as simbool van kwaliteite van die geestelike self aanbetref nie, maar ook in die wanpersepsie wat sy met betrekking tot haar fisieke self ontwikkel. “Uit-beheer” beteken egter vir haar mislukking, geen sukses en selfs sonde, en die enigste manier hoe sy kan probeer om weer sukses te smaak is om die stryd aan te sê in ‘n poging om weer beheer of ‘n mate van beheer oor haar eetgewoontes te kry, sodat die nuutgevonde beheer dan kan wys dat sy nie ‘n mislukking is nie, maar ‘n sukses.

In werklikheid het Jana dus uiteindelik nie haar siening en belewenis van veral haar geestelike self verander nie, en is dit ironies genoeg haar selfde siening en redenasies wat in haar eetversteuring so ‘n groot rol gespeel het, wat haar nou weer in die stryd om oorwinning daarvoor ondersteun.

Dit is dan ook vanuit die voorafgaande duidelik dat, ten einde die gedrag van Jana tydens die ontstaan en verloop van haar eetversteuring te kan verstaan, sy as totale mens met ‘n self, bestaande uit verskeie aspekte wat elk weer in interaksie met die ander aspekte is, bestudeer moet word. Dit blyk ook dat, in ooreenstemming met die uitgangspunte van die simboliese interaksionisme en ‘n sosiaal-kognitiewe benadering, Jana ‘n aktiewe, denkende wese is, wat voortdurend in interaksie is met die onderskeie aspekte van haar self, met haarself in gesprek daarvoor tree en redes en oorsake vir haar gedrag probeer vind en sosiale objekte soos haar liggaam en voedsel as simbole met betekenis gebruik ten einde sin en betekenis aan hierdie interaksie situasies met haarself en ander te kan gee. Dit is verder duidelik dat die self en uiteindelik ook haar totale selfbelewenis voortdurend verander en ontwikkel en wel in interaksie met ander mense waar sosiale terugvoering vanaf ander en sosiale vergelyking met ander ‘n beduidende rol speel. Die enigste wyse waarop die navorser Jana en haar belewenis van haar self werklik kon verstaan, was om self in die skoene van Jana te staan en haar as ‘n totale self in interaksie met ander en haarself as aktief denkende wese te probeer ervaar.

HOOFSTUK 5

RESULTATE, BESPREKING EN INTERPRETASIE: RESPONDENT TWEË

5.1 INLEIDING

Vervolgens word die resultate van Elna bespreek en interpreteer. Dit behels die oopkodering van die data-analise-proses. Daarna word die resultate geïnterpreteer wat weer die aksiale kodering verteenwoordig. Dit word op dieselfde wyse gedoen as respondent een (sien **HOOFSTUK 4**).

5.2 PROFIEL VAN ELNA

Elna is 23 jaar oud en 'n finale jaar student aan die Universiteit van Pretoria. Na matriek het sy eers vir 'n jaar in 'n gimnasium as instuktrise gewerk voordat sy begin studeer het. Sy presteer baie goed op universiteit en dit is vir haar baie belangrik om op akademiese gebied goed te vaar. In haar hoërskooljare was sy 'n baie goeie atleet en het persoonlike afrigting gekry. Sy lyk gesond en het 'n tipiese atletiese bou. Sy is baie gesteld op haar voorkoms en streef gedurig na 'n optimale spiermassa met 'n minimum vetmassa.

Elna het grootgeword op 'n plattelandse dorp en het tuis gegaan in die koshuis.

Sy was uit die staanspoor gewillig om te help met die navorsing. Sy wil ook graag ander help en hoop om op hierdie wyse 'n bydrae te maak.

Sy is aan die begin van graad agt gediagnoseer met anoreksia nervosa. Op geen stadium het sy aan bulimie gely nie. Haar opname in Denmarkliniek en die spesifieke terapie waarvan daar in haar geval van gebruik gemaak is, het 'n groot invloed op haar belewenis van hierdie siektetoestand gehad. Sy verwys menigmaal daarna in haar gesprekke. Die herstel het

mettertyd plaasgevind en dit was eers in graad 11 dat sy in so 'n mate verbeter het dat sy weer aan atletiek kon deelneem.

Elna slaag daarin om die verlede baie goed te herroep en sy kan in die fynste detail onthou. Sy vertoon baie rustig en praat maklik. Sy reageer baie goed op vrae en beantwoord dit volledig en op die punt af. Sy is in staat om spontaan daarop uit te brei sonder baie aanmoediging en baie ekstra vrae van die navorser se kant. Tog was dit vir haar soms moeilik om weer die onaangename verlede te herroep. Dit het haar emosioneel ontstel. Sy verseker die navorser dat dit vir haar goed is om oor die gebeure te praat om sodoende moontlik beter perspektief daaroor te kry.

Volgens haar het sy in 'n groot mate oorwinning gekry oor die siekte, maar persoonlikheids eienskappe wat daarmee gepaard gaan soos perfeksionisme, gedrewenheid na sukses en 'n sterk wilskrag sal moontlik altyd deel van haar bly.

5.3 DIE VERLOOP VAN DIE ONDERSOEK

5.3.1 Eerste ontmoeting

Datum: 20 September 2002 om 11:00.

Plek: News Cafe, Hatfield, Pretoria.

5.3.1.1 Doel van ontmoeting

Soos reeds beskryf in **HOOFSTUK 3.5.2.2** was die doel van die ontmoeting om die respondent beter te leer ken en seker te maak dat sy die doel van die navorsing verstaan en weet wat van haar verwag word. Verder wou die navorser 'n vertrouensverhouding opbou ter wille van die daaropvolgende gesprekke.

5.3.1.2 Die navorser se waarneming

Die respondent vertoon baie gewillig om deel te neem en kom positief voor. Sy sê sy doen dit om ander te help. Sy is rustig en ontspanne en praat baie sinvol. Sy het nie 'n probleem om insidente en feite terug te roep nie. Omdat sy reeds tydens die eerste gesprek

waardevolle inligting gegee het, het die navorser later tydens hierdie ontmoeting toestemming gevra om notas te maak. Die navorser het aan haar verduidelik dat daar van die waardevolle inligting, wat sy reeds verskaf het, verlore mag gaan as dit nie neergeskryf word nie. Die respondent het nie 'n probleem daarmee gehad nie.

Die navorser het nie tydens die geleentheid spesifieke vrae gestel nie. Elna het spontaan gesels en begin praat oor die aspekte wat vir haar belangrik was tydens die siekte. Die volgende inligting is reeds tydens die eerste sessie deur haar verskaf:

Terwyl 'n mens daarin is, ontken jy dit. Dit is goed dat jy my nou vra.

My persoonlikheid het totaal verander. Dit voel soos 'n swart kol in my verlede. Ek was 'n ander mens voor die siekte as wat ek nou is. My gedagtes het net oor kos en selfbeheersing gegaan.

Ek is 'n christen. Elke halfuur moes ek 'n vers in my Bybel lees ... my pa het my later verbied om Bybel te lees ... veral nadat ek geëet het moes ek Bybel lees omdat ek voel ek het oortree.

Ek moes strekoefeninge doen voor ek 'n kamer binnegaan of my kas oopmaak. Ek moes my enkels beweeg terwyl ons bid aan tafel ... om op te maak vir die voedsel wat ek geëet het of gaan eet.

Ek het net Bybel gelees en gebid. Hier het ek vir die eerste keer tot bekering gekom. Dit was die enigste ding wat my deur die dag gebring het. Dit was die enigste ding wat my laat lag het en laat eet het.

Ek moes in beheer wees ... toe ek nie meer beheer oor my eetgewoontes gehad het nie omdat die koshuispersoneel my dopgehou het, het ek begin swot. Omdat hul my gedwing het om te eet, het ek begin swot. Hier het ek ten minste beheer gehad. Ek het vreeslik begin presteer. Ek het net aangehou en aangehou. As ek nie goed gedoen het nie, moes ek net nog harder leer ... as 'n straf.

Die sielkundige het twee sessies met my gehad waar ons net vir mekaar sit en kyk het ... nie 'n woord gesê nie.

Terapeute moet ferm wees en gesag inboesem. Hul moet baie goeie kennis hê oor voedsel. Hul kennis moet uitstekend wees. Hul moet gesag afdwing op 'n sensitiewe manier. Hul moet goed kan luister, want anoreksia persone is so manipulerend. Die dieetkundige was vet en het probeer "oppellie". Sy het ingehaak by my gesit en ek het nie daarvan gehou nie. Sy was te familiêr. Ek het gedink sy weet niks nie want kyk hoe lyk sy. Ek kon my nie met haar identifiseer nie. Miskien het ek 'n verkeerde idee van my liggaam gehad maar sy was so vet - veral vir 'n dieetkundige. Hul moes ferm optree want ek was so manipulerend.

Ek het baie reëls gehad. Ek mag nie die korsie van broodjies eet nie. Ek moes 'n deel van die "shake" oorlos anders het ek te ver gegaan.

Dis so lank terug, maar dis nog so helder. Ek kan goed woordeliks onthou. Dit is ingebrand in my geheue - ingebrand in my geheue en psige.

5.3.2 Tweede ontmoeting

5.3.2.1 Doel van ontmoeting

Eerste in-diepte onderhoud

Datum: 28 September 2002 om 14:00.

Plek: In 'n kantoor in die administrasie blok van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, Moreletapark (dieselfde as vir respondent een).

Die motivering vir die keuse van hierdie spesifieke kantoor is reeds verduidelik.

5.3.2.2 Die navorser se waarneming

Elna het redelik op haar gemak voorgekom. Die atmosfeer was ontspanne en die navorser en Elna het aanvanklik oor studentesake gesels. Geen onderbreking het op enige stadium van die gesprek plaasgevind nie. Slegs die mikrofoon van die bandopnemer is op die tafel geplaas wat onmiddellik die spanning rondom die opname van die gesprek in 'n groot mate verminder het. Die plek is ook gekies om haar privaatheid te respekteer en haar anonimiteit te verseker.

Sy het egter spontaan gepraat en het maklik gebeurde uit die verlede terugroep. Sy het na die tyd op 'n informele vlak met die navorser gesels en onder ander gesê dat die gesprek haar nogal emosioneel laat voel het.

Elna is gevra om 'n brief te skryf aan "Anoreksia my vriend" en "Anoreksia my vyand" wat ook as stimulistegniek sou die tydens die volgende onderhoud. Die volgende afspraak op Vrydag, 4 Oktober 2002 is gekanselleer weens studieverpligtinge aan haar kant.

5.3.3 Derde ontmoeting

5.3.3.1 Doel van ontmoeting

Tweede in-diepte onderhoud

Datum: 11 Oktober 2002 om 15:00.

Plek: Kantoor in administrasieblok van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, Moreletapark (dieselfde kantoor as die vorige geleentheid)

5.3.3.2 Die navorser se waarneming

Sy kan die verlede baie goed terugroep en twyfel nie een oomblik as sy oor spesifieke aspekte of gebeurde gevra word nie. Sy het mettertyd moeg geword en dit is duidelik dat die gesprekke nie langer as 45 min moet duur nie aangesien dit emosioneel uitputtend is. Daarna is daar gewoonlik op 'n informele wyse met haar gepraat.

Die data-inamelingstegniek in die vorm van 'n brief het nie heeltemal die gewenste respons gehad nie, maar daar was op geen stadium 'n probleem om inligting van haar te kry nie. Sy het nie baie aanmoediging nodig gehad om te praat nie. Dit is opvallend hoe sy baie doelgerig vrae volledig beantwoord. Sy dwaal nie maklik af van die onderwerp nie en kom telkemale terug na die vraag.

5.3.3.3 Brief wat sy geskryf het

Die brief wat sy gevra is om te skryf, het sy in die vorm van 'n baie kort opsomming gedoen en aangedui dat sy voorberei het om liefs daarvoor te praat. Dit is puntsgewys hanteer. Sy

verkies om dit daarvolgens te bespreek. Sy het baie daarvoor nagedink en kon maklik daarvoor praat. Die opsomming word nie geplaas nie.

5.3.4 Vierde ontmoeting

5.3.4.1 Doel van ontmoeting

ete-afspraak

Plek: House of Coffees, Centurion City.

Datum: 15 November 2002 om 14:00.

5.3.4.2 Verloop van ete-afspraak

Die idee was dat die navorser en Elna mekaar daar sou ontmoet. Sy het die geleentheid gehad om 'n restaurant te kies. Sy het egter verkies om daar te bly en net iets te drink. Sy het vertel dat hul die vorige Maandagaand gaan uiteet het om 'n geleentheid te vier. Sy het siek geword het van die kos – altans sy vermoed so aangesien haar vriend ook siek geword het. Sy het die hele week nie goed gevoel nie en verkies om nie te eet nie. Die volgende aand (Saterdag) is dit haar vriend se jaarlikse werksfunksie en daar word hul baie getrakteer. Sy het 'n “appletizer” bestel en baie stadig daaraan gedrink.

Op 'n vraag of daar geregte of voedsels op 'n spyskaart is wat sy ten alle koste sal vermy, het sy geantwoord dat enige vetterige kos vir haar onaanvaarbaar is. Anders as in die verlede kan sy egter voedselitems soos kaas en neute eet ten spyte van hul vetinhoud. Sy het nie meer 'n aversie daarteen nie.

Sy voel baie goed oor haarself want sy het besonder goed gevaar met haar studies.

Op 'n vraag of sy atletiek heeltemal gelos het, het sy bevestigend geantwoord want sy is bang sy kan nie meer daarin presteer nie. Sy het die afgelope jare net gaan oefen in die gimnasium. Sy sal miskien eendag graag atletiek wil afrig.

Sy vermeld ook dat sy geen kontak meer met haar pa het nie want hy het gevra dat sy uit sy pad moet bly.

Sy is oortuig dat sy oorwinning oor haar probleem van anoreksia nervosa gekry het dog daar is maar steeds goed wat 'n daaglikse stryd bly.

5.4 BESPREKING VAN RESULTATE

5.4.1 Elna se belewenis van haar fisieke self

Haar selfbelewenis is in 'n groot mate verwant aan die belewenis van haar fisieke self. As sy haar maer, uitgeteerde liggaam gesien het, het sy 'n positiewe belewenis van haar geestelike self ervaar omdat sy dit toegeskryf het aan haar sterk wilskrag en selfdissipline.

Ander kere het sy haar liggaam egter as vet geëvalueer moontlik weens 'n liggaamswanpersepsie. Dit het gelei tot 'n negatiewe selfbelewenis wat voortdurend 'n betekenisvolle rol in Elna se lewe gespeel het.

Dit het ook moontlik 'n rol gespeel in haar verhouding met ander aangesien sy dit beleef het dat hul nie verstaan hoe sy haar fisieke self beleef het nie. Dit kon ook moontlik 'n rol gespeel het in die belewenis van haar sosiale self.

Sy het ook gesmag na komplimente van ander oor haar maer liggaam om sodoende die positiewe belewenis van haar fisieke self te bevestig. Haar spieëlbeeld was vir haar 'n bron van vrees aangesien sy 'n vrees gekoester het oor wat sy gaan waarneem aangaande liggaamsvorm en –massa.

Ten spyte van haar verstandelike insig dat sy besig was om haar liggaam skade te berokken, kon sy nie haarself oortuig om meer te eet nie aangesien haar fisieke voorkoms 'n baie belangrike kriterium vir haar selfbelewenis was.

By tye het sy haar uitgeteerde liggaam as positief beskou. Soms wanneer sy vir haarself in die spieël gekyk het, het sy gesien hoe maer sy werklik was en dit het haar moontlik innerlik versterk. Sy was moontlik trots op die feit dat sy so goed gedissiplineerd was en dit het die belewenis van haar geestelike self ook versterk.

Dit blyk asof sy 'n liggaamswanpersepsie gehad het want elke keer as sy haarself gesien het, het sy haar fisieke self (liggaam) negatief ervaar omdat sy haarself nog steeds as

oormassa geëvalueer het. Dit het moontlik as motivering gedien om te volhard in haar verkeerde eetpraktyke. Sy het selfs die dieetkundige wat betrokke was by haar terapie as oormassa geëvalueer. Hierdie wanpersepsie wat sy gehad het met betrekking tot haar liggaam het moontlik gelei tot swak menseverhoudings. Dikwels kon mense nie haar gevoelens en optrede verstaan nie.

Selfs na haar herstel is dit nog steeds moeilik vir haar om na haar hele lyf in die spieël te kyk. Sy wil nie verder as haar gesig kyk nie en wat sy sien is blykbaar nooit vir haar aanvaarbaar nie. Ten spyte van die feit dat sy 'n minimum vetpersentasie het, is haar massa net nooit vir haarself aanvaarbaar nie. Sy is bewus van die feit dat sy maer is, maar sy sukkel steeds om van hierdie wanpersepsie ontslae te raak.

Soms het sy tegelykertyd goed en sleg oor haarself gevoel, want ten spyte van die feit dat sy haar fisieke self negatief ervaar het, was die belewenis van haar geestelike self positief want sy het haarself beleef as sterk. Sy het moontlik die lewensbedreigende gevare rondom die siekte ontken.

Sy het nie gehuiwer om haar maer uitgeteerde liggaam te beklemtoon nie. Opmerkings van ander oor haar liggaam, het sy as komplimente beskou. Sy het agterna besef dat sy nie mooi gelyk het nie, maar sy was nogtans trots op haar liggaam en het goed oor haarself gevoel.

Elna reageer soos volg oor die belewenis van haar fisieke self:

Ja, maar healtyd as jy jouself in die spieël sien, sien jy jouself as vet. Die fisiese wat ek sien is nie goed nie, maar steeds in my agterkop weet ek ek is 'n wenner ek ... ek sal hierdeur kom.

Ja, jy sien jouself nog steeds as vet en dan voel jy nie goed daaroor nie.

Alles draai om oor hoe jy jouself sien. Ek sal nou hier vir myself in die spieël kyk ... selfs nou nog. Jou hele dag is sommer omgekrap. Jy weet jy is mislik met almal want jy sien jouself as vet al is jy hierdie brandmaer meisie. Dan is jy sommer mislik met ander. Ander verstaan nie hoe jy voel nie, want jy is nie rêrig vet nie maar

Ek was nogal iemand wat daarvan gehou het om te wys hoe maer ek is. Ek het nogal gehou van komplimente. Ek het dit as 'n kompliment gesien as mense so sê: kyk hoe

maer is jy! Een onderwyser het altyd gesê dat as ek my draai, dan tel hul my mis, want dan sien hul my nie eers raak nie en sulke goeters. So ek het altyd gehou daarvan as iemand sê hoe maer ek is. Jy weet, maar hul het dit tien teen een nie mooi bedoel nie, want ek het nie mooi gelyk nie. Ek het dit positief ... ek het dit as 'n kompliment ervaar.

Om die waarheid te sê het ek elke keer alles net as positief ervaar. Dit is snaaks om dit te sê want jy is heelyd depressief. Jy is heelyd dit. Dan is ek nou daar in isolasie en as ek badkamer toe gaan, dan kyk ek vir myself in die spieël dan weet ek ek is sterk en ek het dissipline en jy weet ek glimlag vir myself in die spieël. Al is almal negatief en goeters, dit het vir my so gevoel ek is sterk en as ek vir my ma briewe skryf - aan die begin het ek vir haar briewe geskryf - dan sê ek vir haar moenie oor my "worry" nie want ek is sterk.

Ek kon my nie met haar (die dieetkundige) identifiseer nie. Miskien het ek 'n verkeerde idee van my liggaam gehad, maar sy was so vet ... veral vir 'n dieetkundige.

Jy weet, selfs nou nog ... jy weet, ek mag miskien meer weeg, maar ek weet alles is spiere, maar dit is nog steeds vir my sleg as ek op 'n skaal klim en ek sien hoeveel ek weeg, maar ek weet my vetpersentasie is minimaal, maar ek sien myself nog steeds as vet. Dit maak nie nou meer saak nie. Ek dink ek het nog steeds ... ek kan nie vir myself in die spieël kyk en sê: jy lyk nie goed nie. Ek kan ... jy weet, ek kan na my gesig kyk, maar ek is ontsettend bang om verder af te kyk. Dis snaaks, dis soos jy kyk vir jousef in 'n lang spieël en al wat jy sien is jou gesig want jy wil nie verder kyk nie, want jy is bang wat jy sien. So, soos nou die dag was ek by 'n vriendin en toe het sy so 'n spieël en per ongeluk sien ek myself en toe sien ek maar eintlik is jy nie vet nie, maar jy het heelyd hierdie ding in jou kop van jy is vet en jy glo jy is vet en jy wil nie vir jousef kyk nie, want toe ek vir myself sien, toe weet ek ek is nie eintlik vet nie, maar ja dit is heel deurmekaar.

Jy voel goed oor jou maer lyf. Jy ervaar dit as positief, maar selfs die ander goed. Dit is so belangrik om nie te eet of so min as moontlik te eet of so dat hierdie ander goeters vir jou minder sin maak en al is jy 'n meisie en jy wil mooi lyk. Jy weet dit voel vir my my niere moet maar nou ingee. Of wel nou nie. Daar is darem seker ander opsies. So jy weet jy doen jou liggaam skade, maar jy kan jousef nie sover kry om iets daaraan te doen nie.

Ja alhoewel ek goed oor myself voel, voel ek sleg oor myself. Dit is soort van geestelik ... voel ek goed oor myself, maar ek sien myself nog steeds as vet. Dit was my gevoel - ek is so sterk - ek sal nie doodgaan nie. Maak nie saak wat hul sê nie. Dit sal nie rêrig gebeur nie. So dit is ook soort van ontkenning die heel tyd.

5.4.2 Elna se belewenis van haar sosiale self

Elna verkies om op haar eie te wees. Sy voel op haar gemak en is gelukkig wanneer sy alleen is. Sy verkies ook blykbaar om op haar eie te werk in plaas van in 'n groep. Dit blyk asof sy ongemaklik en selfbewus voel in 'n groep. Sy skryf dit toe aan 'n swak selfbeeld. Daarbenewens het sy alleen op 'n plaas, ver weg van vriende, grootgeword. 'n Ander moontlike rede vir haar sosiale isolasie was selfbeskerming. Sy wou moontlik haar afsluit van ander om haar te beskerm teen hul kritiek, vrae en opmerkings. Sy is ook deur haar siekte gedwing om vir 'n lang tyd in isolasie deur te bring wat moontlik ook 'n invloed op die belewenis van haar sosiale self kon hê.

Sy het haar ook moontlik wysgemaak dat sy nie vriende nodig het nie en alleen kon funksioneer. Daardeur wou sy moontlik haar onafhanklikheid toon en 'n verskoning soek om nie te sosialiseer nie.

Elna reageer soos volg met betrekking tot haar belewenis van haar sosiale self:

Ek is 'n alleen-persoon. Ek het die persoonlikheid wat my ma het. As ek op my eie is, is ek op my stukke. Ek hou van my eie geselskap. Jy weet, my ma sê altyd die beste geselskap is haar eie geselskap. Altyd as ek tussen mense is, jy weet, ek is so half verbouereerd. Ek weet nie hoe om dit te stel nie. Nou nie mense wat ek goed ken nie. Daar is ek "okay", maar ander mense of goed. Ek is nie 'n "party freak" of so iets nie ... ek is nie gemaklik met sulke situasies nie. Jy weet ek sal nie net in 'n kamer kan instap nie en vriende kan maak met almal nie. Dit gaan ook nou maar saam met jou selfbeeld ... 'n mens koppel dit seker maar daaraan. Ek sal eerder in my eie kamer swot as wat ek saam met twee, drie ander sal werk. Ek sal eerder 'n storieboek lees byvoorbeeld in my kamer in plaas wat ek met die ander klomp sal kuier of saam met hul sal televisie kyk. Dis net hoe ek is. Ek weet baie mense ervaar dit as – nie snobisties nie, maar jy wil nie met hulle meng nie. Jy weet maar dis net wie ek is. Ja, dis so deel van my. Ek weet nie of dit is soos ek grootgeword het nie ... maar altyd op die plaas alleen. Daar is nie maatjies naby nie. Die naaste maatjies is 60 km van jou af.

Dit is maar soos dit van toe af kom en of dit 'n beskermingsmeganisme is jy weet vandat ek siek was ... om my soort van self te beskerm. Ek sal vir myself sê ek het nie maatjies nodig nie. Ek kan op my eie regkom. Miskien kom dit van daar af. Miskien is dit van daar af of miskien kom dit van albei kante af.

5.4.3 Elna se belewenis van haar geestelike self

Die belewenis van haar geestelike self het moontlik 'n beduidende rol gespeel in haar selfbelewenis.

Sy het haarself onderwerp aan baie streng **reëls** wat ten alle koste nagekom moes word. Soms was dit selfs moontlik ten koste van haarself. As sy nie die reëls nagekom het nie, dan sou sy haarself straf deur byvoorbeeld haarself nie toe te laat om te eet nie, of sy sou haarself beloon deur wel iets te eet. Die toepassing van die reëls kon ook moontlik toegeskryf word aan haar perfeksionistiese geaardheid (sien later in die bespeking) en streng gedissiplineerdheid wat aandui op innerlike sterkte. Sy voel positief oor haar geestelike self.

Sy moes elke halfuur Bybel lees. Sy moes ook Bybel lees nadat sy geëet het omdat sy die persepsie gehad het dat sy oortree het. Sy het die aangeleentheid in der mate oordryf dat haar pa ingegryp het en haar verbied het om Bybel te lees.

Beheer was moontlik belangrik vir haar. Toe sy na die skoolkoshuis moes teruggaan na haar behandeling het personeel opdrag gekry om haar dop te hou of sy eet. Haar ervaring was moontlik dat sy nie meer in beheer van haar eetgedrag was nie en sy wou in totale beheer wees. Sy het toe die beheer wat sy gehad het oor haar eetgewoontes vervang met beheer oor haar akademiese aktiwiteite. Sy het moontlik geredeneer dat niemand daarmee kon foutvind nie. Sy het moontlik heeltemal te ver gegaan. Sy het haarself gestraf as sy nie goed presteer het nie deur haarself te dwing om nog harder te studeer.

Tydens haar opname in Denmar het sy gevoel dat sy geen beheer meer gehad het oor voedsel nie. Deur altyd 'n bietjie kos op haar bord te los of drank in haar glas, het sy dit ervaar dat sy tog nog ietwat in beheer is.

Die kos wat hulle vir haar in Denmar gegee het, was uit die aard van die saak baie apytwekkend en sy het met alles in haar daarteen besluit want sy het gevoel dat as sy dit geniet, sy beheer oor haar eetgedrag gaan verloor.

Sy beskryf haarself as **perfeksionisties** veral met betrekking tot sekere aspekte in haar lewe. Alhoewel sy nie spesifiek na voedsel verwys nie, is dit tog sigbaar in die wyse waarop sy baie spesifieke reëls neerlê met betrekking tot haar eetgewoontes.

Sy het haarself **innerlik sterk** beleef maar terselfertyd met 'n swak selfbeeld gesukkel. Sy het dit nodig gehad dat mense haar geprys en voortdurend positief versterk het.

Sy glo in haarself. Sy glo selfs dat sy so sterk is dat sy nie sal doodgaan nie, ten spyte van die feit dat sy so min eet. Sy sien dit moontlik as 'n positiewe eienskap wat sy aangeleer het in die tyd toe sy aan haarself oorgelaat is in die senuweekliniek en niemand behalwe haarself gehad het om op te steun nie. Sy sien egter nie haarself as iemand met 'n sterk persoonlikheid nie, want sy beweer dat mense met anoreksia nervosa hulself as vet sien en nie baie van hulself dink nie. Die belewenis van haar fisieke self is dus swak terwyl die belewenis van haar geestelike self goed is.

Tog sê sy op 'n later geleentheid dat sy wel 'n sterk persoonlikheid het en koppel dit aan die feit dat sy nooit bly lê nie, maar altyd weer bo uitkom ten spyte van wat ook al gebeur. Moontlik bedoel sy daarmee dat sy innerlik sterk is.

Hierdie **obsessie** om nie te eet nie, het gaandeweg ietwat verbeter Sy voel egter nog steeds skuldig as sy iets, volgens haar oortuiging ongeoorloof eet, soos byvoorbeeld 'n lekkertjie. Die dag voordat sy gehospitaliseer is, het sy 'n deurbraak gemaak deur een lekkertjie te eet. Vir haar was dit so 'n geestelike oorwinning dat sy onder die indruk was dat sy besig was om die obsessie te oorkom. Nogtans was dit nie genoegsaam vir die herstelproses nie. So sterk was die oortuiging (obsessie) om nie te eet nie dat sy selfs beweer het dat sy nie omgee om te sterf nie as sy net nie hoef te eet nie. Deur nie te eet nie, kan sy iets van haar wilskrag en ander geestelike eienskappe wys.

Sy beskryf haarself as baasspelerig en **manipulerend**. Sy sê sy was so en sy is steeds so. Sy het geweet dat deur op te hou eet, kon sy haar sin in feitlik alles kry. Sy dink sy het dit van haar pa gekry. Sy beweer dat alle persone met anoreksia nervosa manipulerend is. Sy

beveel aan dat dit in gedagte gehou moet word in hul behandeling. Hul moet ferm hanteer word.

Sy het haarself as **selfsugtig** beskou. Sy het baie mense in die proses seergemaak. Sy beweer dat mense met anoreksia nervosa nie omgee wie hul in die proses seermaak nie, solank hul net nie hoef te eet nie.

Sy erken sy is baie **krities** op haarself en op ander mense. Sy beweer dat sy baie mensekennis het omdat sy so baie selfkennis het. Dit is nie noodwendig die geval nie aangesien sy onder die indruk was dat ander soos sy dink en redeneer. Sy het baie tyd alleen deurgebring en haarself beoordeel.

Sy het haar **geloofsoortuiging** in 'n baie ernstige lig gesien. Eers was dit net 'n wettiese godsdienst met baie reëls, maar sy beweer dat sy waarlik eers tot bekering gekom het toe sy in Denmar opgeneem is. Haar verhouding met die Here het haar sterk gemaak, vreugde gegee en het haar uiteindelik blykbaar laat eet.

Ten spyte van die feit dat haar geestelike lewe so verbeter het, was dit nog nie genoeg oortuiging om haar verkeerde eetpraktyke op te gee nie. Nogtans beskou sy dit as 'n positiewe wending in haar lewe.

Sy het ook dikwels die drang gehad om te **presteer** en bo uit te kom.

Elna reageer soos volg met betrekking tot haar belewenis van haar geestelike self:

Ek is 'n christen. Elke halfuur moes ek 'n vers in my Bybel lees ... my pa het my later verbied om Bybel te lees ... veral nadat ek geëet het moes ek Bybel lees omdat ek voel ek het oortree.

Ek moes strekoefeninge doen voor ek 'n kamer binnegaan of my kas oopmaak. Ek moes my enkels beweeg terwyl ons bid aan tafel ... om op te maak vir die voedsel wat ek geëet het of gaan eet.

Ek moes in beheer wees ... toe ek nie meer beheer oor my eetgewoontes gehad het nie omdat die koshuispersoneel my dopgehou het, het ek begin swot. Omdat hul my

gedwing het om te eet, het ek begin swot. Hier het ek ten minste beheer gehad. Ek het vreeslik begin presteer.

Omdat ek nou nie meer beheer het oor goeters nie het ek gevoel ten minste nou dit. Ek moet net die heelyd iets oorlos op my bord waaroor ek soort van beheer het.

Ja, dit is soort van jy wil in beheer voel. Dit is my gevoel as ek die kos nou geniet, gaan ek oor hierdie probleem kom en ek dink nie eintlik ek wil nie. Ja, dit is so soort van 'n onkenning.

... En ek is ook baie perfeksionisties, maar perfeksionisties in die sin van sekere goed ja en sekere goed nee. Jy weet netheid nogal erg. En dinge moet gebeur, dinge moet stiptelik wees. Ek moet stiptelik wees. Ek moet op tyd wees. Ek is 'n halfuur voor die tyd op plekke. Behalwe my "boy friend" wat nou weer die teenoorgestelde is. Ja, ek sien myself as perfeksionisties. Alles moet net reg gebeur. En dit is vir my sleg as ek in groepe moet werk en jy kan nie meer so wees ... soos ek kan nie meer myself uitleef nie. Veral as dit nie belangrik is nie soos netheid en om alles tien keer oor te gaan om seker te maak dat daar is nie 'n spelfout en alles is nie perfek nie. Ja perfeksionisties

Ek het soort van in myself begin glo. Ek het gevoel ek is so sterk ... op die ou einde sal ek nie doodgaan nie. Op die ou einde kan ek enige iets oorkom. Na die tyd het ek gevoel ... enige iets ... selfs nou nog ... ek glo so sterk in myself, in my akademie, jy weet deurdat ek net altyd 'n sukses van myself en van my lewe maak. Dit kan net nie anders nie. Dis wat ek as positief ervaar, maar dis 'n positiewe eienskap wat ek daardeur gekry het, want ek het net myself gehad. Jy weet in daardie tyd toe ek in die hospitaal was. Jy moet basies glo in jouself ... jy kan nie anders dink nie, want anders gaan 'n mens nie deur die dag kom nie. Ek sal nie sê my selfbeeld ... ek weet nie hoe om dit te sê nie ... maar ek dink nie my selfbeeld is so goed nie. Jy weet van die anoreksia nervosa wat hul altyd beskou as vet en so ... maar ek sien myself as 'n sterk persoon. Ek weet nie of dit sin maak nie, maar ek sien myself as 'n sterk persoon. Jy weet al dink jy nie baie van jouself nie.

... Ek gaan lê nie. Maak nie saak wat met my gebeur nie: soos die ding met anoreksia en die ding met my ouers wat geskei is. Weet iewers sien hul net weer Elna bo. Jy

weet en hul is later nie meer verbasend nie. Elke keer kom ek maar net weer bo uit. En dit is seker maar gekoppel aan die sterk persoonlikheid wat ek het.

Ek weet ek is slim, maar dit is elke keer as ek my toets terugkry en ek doen goed dan is dit vir my so verbasend dat ek goed doen. Ek weet nie hoe om dit te sê nie ... ek glo seker aan die een kant te min in myself. Ek kry nie die woorde om dit te sê nie, maar ek weet my punte wys ek is goed en slim, maar elke keer voel ek ek weet niks nie. Ek is nie seker oor myself nie. Ek is nie seker oor my selfbeeld nie. Hy is nie sterk nie. Jy weet ek sien myself as sterk, maar ek sien nie my selfbeeld as sterk nie. Ek dink dit is nogal die ding: as ek goed voel oor myself, dan gaan ek vir myself goed lyk in die spieël, maar meeste tye is ek onseker oor myself en my selfbeeld. So ek lyk nie vir myself goed in die spieël nie. Ek weet nie of dit enigsins sin uitmaak nie.

Ek weet nie of die obsessie natuurlik weggegaan het nie, want dit is nog steeds daar. Al die gedagtes en neigings en elke keer as ek iets eet, voel ek skuldig. Ek kan byvoorbeeld een sweetie eet, maar ek het nog steeds vir myself gesê kos, nie sweets nie.

Ek het een "jelly bean" geëet en dit was vir my so 'n deurbraak dat ek uiteindelik besig is om hierdie obsessie te oorkom. Want ek eet nie in die oggend nie en ek eet nie in die middag nie ... ek eet omtrent niks nie. Om daardie "jelly bean" te eet was rêrig ... ek het so goed gevoel daardie dag.

Ek het gevoel as ek doodgaan, "so what"? Net so lank ek net nie al die kos hoef te eet nie.

Want anoreksia persone is so manipulerend. Hul moes ferm optree want ek was so manipulerend.

Wat ek daar bedoel het: ek het ervaar as ek is manipulerend en ek het dit nog steeds. Ek is verkliklik manipulerend en "bossy". Jy weet, ek moes net my sin kry en ek het my sin elke keer gekry. Ek eet dan net nie dan kry ek my sin. So ek ervaar dit as negatief want jy weet ek het dit nog steeds. Dit is nog steeds nie so erg nie. Ek is "bossy" en almal moet volgens my pype dans en ek is seker daarvan ek was nie so nie. Nee, nee ek is manipulerend. Ek weet ook nie of dit iets is wat ek van my pa gekry het nie, want hy is die beste manipuleerder wat daar is. Ek dink nogal ek is

manipulerend en ek was ook baie manipulerend. Ek dink dit is baie by mense wat anoreksia het ... jy weet in daai ... tyd jou ouers en almal wil hê jy moet eet; jy weet jy kan hul daarmee manipuleer. As jy nie eet nie dan manipuleer jy hulle soort van. Ek dink dit is maar 'n eienskap wat in die meeste mense is.

... Maar jy gee nie om wie jy in die proses seermaak nie. Solank jy net nie hoef te eet nie en jy weet jy maak daardie mense seer. Jy kan net nie anders nie.

... Dit kan miskien negatief wees, maar ek aanvaar dit as positief. Jy is so krities ... krities oor jousef en ag as daar net een dingetjie verkeerd is, miskien aan jou klere of in jou hare, dat dit jou hele dag omkrap. Ek is krities as ek na ander mense kyk. Dit voel vir my asof ek baie vir ander mense kan leer. Jy weet, dit is ... ek kan agter hul bedoeling sien. Dis hoe ek myself sien. Jy weet, ek is altyd krities. As iemand iets sê dan dink ek altyd: het hierdie persoon nou opregte bedoelings want ek was ook in so 'n posisie. Dit voel vir my asof ek baie mensekennis het omdat ek so baie tyd met myself moes deurbring en ek so baie van myself weet. Dan voel dit vir my asof ek so baie van hulle ook weet. Ek kan krities na mense kyk en na hul bedoelinge. Ek weet nie of 'n mens dit as positief of negatief moet beskou nie, maar ek sien dit as 'n bate dat jy ander mense kan lees.

Ek het net Bybel gelees en gebid. Hier het ek vir die eerste keer tot bekering gekom. Dit was die enigste ding wat my deur die dag gebring het. Dit was die enigste ding wat my laat lag het en laat eet het.

My bande met God het net soveel versterk daardie tyd want soos Hy was my enigste Vriend gewees met wie ek kon praat want ek kon met niemand praat nie. Niemand mag met my gepraat het nie en niemand wil met my gepraat het nie. Jy weet dit was soort van 'n styl wat die hospitaal en goed gedoen het. So dan het ek 'n baie nou band met Hom gehad. Ek het nie meer daardie obsessie gehad wat ek aan die begin gehad het om elke tweede minuut Bybel te lees nie. Jy weet, maar ek het nou grotendeels Bybel gelees omdat dit al was wat ek kon doen. Jy weet, dit het soos van baie betekenis gekry, maar ek was nog steeds nie bereid om dit op te gee nie. Ek ervaar dat my geloof in God positief ontwikkel het.

In standerd vyf het ek baie hard begin oefen voordat ek hoërskool toe gaan want jy wil "perform" en jy wil net die beste wees.

5.4.4 Elna se belewenis van haar self in interaksie met haar gesin as betekenisvolle ander.

Dit blyk asof haar gesin 'n baie pertinente rol in haar lewe gespeel het en veral ten opsigte van haar eetwanpraktyke. Uit haar gesprekke blyk dit dat sy nie baie ondersteuning van die gesin gekry het nie. Haar pa het blykbaar nie eers met haar gepraat nie. Sy skryf dit onder andere daaraan toe dat sy nie aangename geselskap was nie. Sy was moontlik depressief en apaties en het haarself heeltemal van die gesinsaktiwiteite onttrek. Haar sussie met wie sy 'n noue band gehad het, is in 'n ander skool ver van hul dorp geplaas. Dit het haar depressie moontlik net vererger.

Volgens haar is daar 'n heeltemal verkeerde benadering gevolg in haar behandeling omdat sy nooit betrek is nie. Sy is nooit toegelaat om teenwoordig te wees wanneer die sielkundige met haar ouers oor haar gepraat het nie. Die probleem is blykbaar nooit in gesinsverband of -konteks gehanteer nie. Die oomblik as sy terug was in die gesinsomgewing, het haar eetprobleem blykbaar vererger.

Toe sy na matriek haar ouers en gesin verlaat het, was haar ervaring blykbaar dat sy oor niks beheer het nie. Die neiging tot eetwanpraktyke het volgens haar teruggekom. Haar ouers was besig om te skei en haar persepsie was moontlik dat sy die oorsaak daarvan was. Op daardie stadium het sy 'n mansvriend ontmoet wat haar baie ondersteun het. Sy is oortuig daarvan dat as dit nie vir hom was nie, sy weer in eetwanpraktyke sou terugval. Sy lê klem op die belang van ondersteuning. Sy is oortuig daarvan dat solank as wat sy ondersteuning het, sy nie weer in eetversteurings sal verval nie.

Sy stel dit onomwonde dat sy nie uit 'n goeie huisgesin kom nie.

Sy beweer dat na haar herstel haar ouerhuis nog net dieselfde was. Die oorsaak van die probleem (volgens haar) was nog steeds daar. Haar pa se siening oor "vetwees" het steeds nie verander nie. Haar ouerhuis het nie verander nie. Moontlik was die ouerhuis nie die probleem nie, maar sy was tog in haar gemoed oortuig daarvan dat dit die oorsprong van die probleem was.

Elna reageer soos volg met betrekking tot haar belewenis van haar gesin as betekenisvolle ander:

... Want my ma-hulle het my nie ondersteun nie; ek het my sussie glad nie meer gesien nie. My pa wou eintlik glad nie met my praat nie en omdat ek myself so onttrek het en depressief en apaties was, was dit seker nie lekker om saam met my te wees nie.

Hy (die sielkundige) het altyd met my ma - hulle agter geslote deure gepraat. Daar is nooit met my persoonlik ... soos van ek is daar eenkant. In sielkunde leer 'n mens dat probleme in gesinsverband hanteer moet word. Hul haal my daaruit en sodra hul my terugsit in die omgewing is ek weer dieselfde. Hul het my nooit in konteks behandel nie. As hul my net anders behandel het.

Toe is ek weg van my ouers en goed en toe het dit net weer vir my gevoel ek het nie beheer nie ... ek het beheer oor niks nie. En toe het al daai neigings weer begin terugkom.

In my eerste jaar is my ouers mos geskei. Gelukkig het ek toe my vriend ontmoet. Ek weet ... ek ken myself ... as ek alleen was, want nou is my ouers besig om te skei en dit voel asof ek nie in beheer is nie. Dit voel dis my skuld dat hul skei en goeters ... dan sou ek seker weer daarin verval het.

En in my eerste jaar as ek nie ondersteuning gehad het nie en as ek nie werklik geglo het of oortuig was dat dit nie my skuld is nie, het ek seker soos in weer daarin geval. Maar ek kan nou ... dit sal nie ooit weer met my gebeur nie, want goeie ondersteuning is belangrik.

Ek kom nie uit 'n goeie huisgesin uit nie, jy weet, as ek dit so kan sê.

So dit was die oorsaak van die probleem, maar toe ek genees is toe is die probleem nog steeds daar. My pa het nog steeds aangegaan oor vet, jy weet, of so gevoel oor vet. Hy was nog steeds soos hy altyd was. Dit het nie vir my gevoel asof my ouerhuis verander het nie. Of miskien kan 'n mens sê dit is nie die wortel van die probleem nie. Maar ek glo dit was.

As Elna gevra word om in herinnering te roep waar dit alles begin het, was die eerste persoon wat sy genoem het, haar pa. Hy het moontlik 'n weersin in oormassa mense gehad. Die medikasie wat haar suster moes gebruik teen epileptiese aanvalle het die newe-effek gehad dat dit haar massa laat toeneem het. Dit was vir haar pa totaal onaanvaarbaar sodat

hy uit frustrasie nie eers na haar suster wou kyk nie. Uiteindelik het dit moontlik almal in die gesin se eetgewoontes beïnvloed. Uit die onderhoud blyk dit dat haar pa haar ma gedwing het om haar suster op 'n verslankingsdieet te plaas.

Al die sielkundiges wat betrokke was by haar behandeling was dit eens, volgens haar, dat haar pa 'n belangrike faktor in die ontstaan van haar eetversteuring was. Dit het moontlik gelei tot huwelikspanning wat uitgeloop het op 'n egskedding. Elna het skuldgevoelens gehad oor haar ouers se egskedding. Sy het gevoel dat sy die oorsaak van hul egskedding was.

Elna beweer verder dat haar pa 'n baie moeilike mens is en dat hy blykbaar haar op daardie kritiese stadium in haar lewe heeltemal verwerp het. Sy beskou hom ook as die grootste manipuleerder en aanvaar dat sy daardie eienskap van hom geërf het. Sy het verkies om gedurende die onderhoud eintlik glad nie oor hom te praat nie wat aanduidend kon wees van 'n swak verhouding tussen hulle.

Aan die einde van die onderhoude maak sy weer die opmerking dat haar pa die oorsaak van alles is. Sy beweer dat sy nie verantwoordelik vir haar dade en optrede was nie. Sy beskuldig haar pa of die siekte anoreksia nervosa daarvoor, maar verontskuldig haarself.

As ek nou moet dink, dink ek hoe alles begin het ... my pa hou nie van vet mense nie.

Sy het vreeslik gewig aangesit en dan was dit nou 'n groot probleem ... vir my pa ook. Hy kan nie vir my sussie kyk nie, want dit frustreer hom. ... My pa het my ma gedwing om my sussie op 'n dieet te sit.

Maar intussen is ek na al wat 'n sielkundige toe en almal sê dit is my pa wat die probleem is. Dan teken ek hierdie prentjies. My ma is so groot en my pa is so klein. Ek teken hierdie prentjies en intussen wil my ma en pa skei want die sielkundige sê dis my pa se skuld dat ek nou so siek is.

My pa is ook ... Jy weet, hy is moeilik. Ek dink nog steeds alles het daar begin. Hy was nie iemand wat ... ek weet nie hoe om dit te sê nie en ek wil nie rêrig oor hom praat nie. Hy was vir seker moeilik. Hy het my ook seker op daardie stadium verwerp.

Ek weet ook nie of dit iets is wat ek van my pa gekry het nie, want hy is die beste manipuleerder wat daar is ... omdat my pa so 'n groot manipuleerder is met woorde en goeters.

Hoe meer ek daaroor praat, hoe meer dink ek dat my pa is die oorsaak van alles op die ou einde. Jy weet, soos anoreksia het al hierdie goeters gedoen. Jy weet so dink ek ... dis my pa teen die anoreksia, maar dis nooit ek wat verkeerd gedoen het nie. Dis alles sy skuld of anoreksia se skuld dat ek is soos ek is en dat ek goeters gedoen het soos wat ek gedoen het.

Elna se eerste vermelding oor haar ma was dat sy baie maer is. Blykbaar het sy soos 'n kind gelyk. Daarbenewens was sy feitlik altyd op 'n verslankingsdieet.

Haar ma het blykbaar items soos klere vir haar en haar sussie gekoop op voorwaarde dat hul maer moes wees. Dit is nie beskou as iets vanselfsprekend nie. Hul kon dit nie van haar verwag as hul vet was nie. Moontlik het sy dit onder druk van haar man gedoen. Haar ma het dus moontlik deur haar voorbeeld en optrede 'n belangrike invloed op Elna se eetgedrag en moontlik ook haar selfbelevens gehad al het sy dit op daardie stadium nie noodwendig so beleef nie.

Omdat haar ma en suster blykbaar voortdurend op 'n verslankingsdieet was, kon sy moontlik gedink het dat dit ook van haar verwag word.

Op 'n stadium het haar ma al maerder en maerder geraak. 'n Moontlike oorsaak was bekommernis oor haar kind wat nie geëet het nie. Selfs haar pa het haar op daardie stadium aangemoedig om te eet ter wille van haar ma.

Dit blyk asof sy en haar ma 'n goeie verhouding gehad het. Sy beskryf haarself as haar ma se oogappel. Nietemin kon sy haarself blykbaar nie sover kry om te eet nie al het sy geweet dat sy haar ma baie seermaak.

Haar eetversteuring het uiteindelik moontlik 'n skadelike invloed op haar en haar ma se verhouding gehad. Sy het dit ervaar dat haar ma vir haar kwaad is en dat haar pa haar verwyt het. Sy het haarself as gevolg daarvan al meer onttrek en volgens haar 'n persoonlikheidsverandering ondergaan.

Sy beklemtoon dat sy haar ma baie seergemaak het en dat mense nie meer in haar belanggestel het nie omdat hulle haar kwalik geneem het vir wat sy aan ander, onder andere haar ma, gedoen het.

My ma was altyd maer gewees ... soos 'n kind ... soos van vrekmaer. Dit was altyd in ons huis 'n ding. Sy was altyd op 'n dieet.

My ma het altyd gesê ... ek weet nie of dit uit vrees was vir my pa nie, maar sy het gesê solank as wat ons maer is, sal sy vir ons klere koop en sulke goeters, maar as ons vet is kan ons dit nie verwag nie.

My ma en sussie was altyd op 'n "driet" en outomaties het jy dan ook so 'n ding.

En toe het my ma ook net al hoe maerder begin word, seker omdat sy bekommerd is oor haar kind. My pa het vir my gesê, doen dit net ter wille van jou ma, begin net eet.

Al is ek my ma se oogappel en al is ek so lief vir haar en al het ons so 'n goeie verhouding gehad, ek kon net nie. Ek kon net nie myself oorreed om te eet nie.

Ek en my ma het soos vreemdelinge vir mekaar geword, want my ma is kwaad vir my en my pa verwyt my en jy begin net al meer jousef onttrek en ek is heeltemal 'n ander persoon.

Veral my ma het ek verskriklik seergemaak. Dit het later vir my gevoel asof mense nie meer belangstel nie, maar hul wou eintlik nie meer met my te doen hê nie. Asof hul my kwalik neem. Soos goeters wat mense kwytraak.

Dit blyk asof haar suster, wat drie jaar ouer is as sy, 'n redelik rol gespeel het in haar lewe veral ook met betrekking tot haar eetgewoontes. Sy het ook 'n ouer suster, maar weens die groot ouderdomsgaping het hul min kontak met mekaar gehad. Sy het dus nie 'n invloed op haar gehad nie.

Na 'n epileptiese aanval het die sussie medikasie gedrink wat haar laat gewig optel het. Omdat massa moontlik so in hul huis beklemtoon is, het dit 'n spanningspunt begin raak. Die gevolg was dat haar ma en sussie voortdurend op 'n verslankingsdieet was en sy moes met

daardie eetkultuur saamleef. Saam met haar voorliefde vir atletiek was dit 'n goeie teelaarde vir 'n bewustheid van maerwees en dieet.

Die dogters het volgens Elna nie baie ondersteuning van hul ouers gekry nie. Hulle was baie op mekaar aangewys vir ondersteuning. Toe die ouer sussie Pietersburg toe weggestuur is, was Elna baie alleen en het sy moontlik alles erger beleef. Dit het moontlik haar depressie en eetprobleem net vererger.

Sy het dit beleef dat daar niemand was wat hul oor haar ontferm het na haar sussie se vertrek nie. Sy het haarself al meer en meer onttrek.

Omdat haar sussie so min moes eet, het sy skuldig gevoel as sy meer eet. Dan het hul maar in kompetisie gegaan om te kyk wie die minste kan eet.

My sussie is drie jaar ouer as ek. Toe het sy 'n epileptiese aanval ... 'n grand mal ... gekry en toe is sy op die epilum medikasie en die newe effek is dat sy vreeslik vet geraak het. 'n Mens kan vet word of maer word. Sy het vreeslik gewig aangesit en dan was dit nou 'n groot probleem ... vir my pa ook. Hy kan nie vir my sussie kyk nie, want dit frustreer hom. Sy was nie eintlik baie vet nie, maar vir 'n laerskoolmeisie is dit nou seker vet gewees. Sy het seker omtrent 60 kg geweeg. So dit was altyd so 'n ding. Ma en sussie was altyd op 'n dieet en ek is vreeslik in atletiek in. My ma en sussie was altyd op 'n "diet" en outomaties het jy dan ook so 'n ding.

Ja, ek het mos gesê my sussie het epileptiese aanvalle gekry en toe het hul soortvan na 'n ander skool toe gestuur. Hul het haar Pietersburg toe gestuur ... ver van my af. So ek dink dit het ook nogal 'n invloed op my gehad. Omdat my ma en pa nie eintlik vir ons sterk ondersteun het nie en ek en my sussie was soort van naby aanmekaar en nou is sy ook weg van my af. Toe het alles seker maar net nog erger geword. Nou is jy alleen. Dit het 'n invloed gehad. Al is dit net die depressie wat dit aangehelp het. Omdat my sussie nou heeltemal weg is van my. As ek haar een keer 'n maand gesien het, was dit baie. Hoe meer depressief jy geword het, hoe minder wil jy eet.

Sy het maar altyd haar ontferm oor my. Jy weet toe sy weggegaan het, was daar nou maar niemand nie. Dan onttrek jy jousef ook maar ... jy weet meer en meer.

... Maar omdat sy nou moes min eet dan het ek ook maar ... dan voel ek skuldig dat ek nou meer eet as my sussie. Dan probeer mens maar soort van in kompetisie te wees en nie meer eet as mekaar nie.

Ek dink nie my sussie was baie gelukkig nie want sy het min geëet en dan voel ek ek mag nie meer as sy eet nie. Dan eet ek al minder. Op die ou end het ons so min geëet dat my groot sussie Susan vir my ma laat weet het dat ons omtrent niks hierdie twee weke geëet het nie. Ek het dit as kompetisie gesien. Ek weet nie of my sussie dit ook so gesien het nie. Ek kon net nie meer as sy eet nie al is ek honger. As sy twee teelepeltjies joghurt eet dan moet ek nog minder eet. So ek weet nie of dit is omdat ek opgekyk het nie.

5.4.5 Elna se belewenis van haar self in interaksie met die portuurgroep as verwysingsgroep ander

Sy beweer dat maats nie 'n noemenswaardige invloed op haar eetgewoontes gehad het nie. Sy het haarself moontlik as meer volwasse en superieur beleef as haar portuurgroep. Sy was onder die indruk dat hul haar in elk geval nie verstaan nie, want sy eet nie lekkergoed nie en sy is op 'n verslankingsdieet. Vir haar ouderdomsgroep was dit irrelevant. Sy was ook die enigste een wat atletiekafrigting gekry het.

Sy het haar vriendinne beny wat nie al die eet-reëls gehad het soos sy nie. Hul het nie spesifieke etenstye nie en hul eet maklik tussenin sonder dat hul geoefen het. Hul het nie al haar bekommernisse nie. Sy was oortuig dat selfs al sou hul baie geëet het, sou hul nie vet geraak het nie terwyl sy wel sou vet word. Sy was moontlik in 'n mate jaloers op hulle en dit was nie bevorderlik vir goeie sosiale interaksie nie, want sodoende sal sy nie sinvolle verhoudinge opbou nie.

Oor naweke het sy vir haar maats koekies gebak omdat sy daarvan gehou het. Sy het aan haar ma erken dat dit die manier was hoe sy geëet het. Sy gee dit aan hulle en sou self nooit eet nie.

Soms het sy sjokolade gekoop vir 'n meisie onder voorwaarde dat sy dit alles gelyktydig eet. Sy het haar daaraan verkyk en moontlik behae daarin geskep om te sien hoe sy alles verorber. Elna het moontlik haar sterk wilskrag daardeur probeer beklemtoon. Sy het ook daarvan gehou om op te skep. Sy het spesifiek vir 'n vet seuntjie wat by haar aan tafel gesit

het broodjies met konfyt gesmeer. Met ander woorde sy het daarvan gehou om kos voor te berei, te hanteer en selfs uit te deel. Sy sou self egter niks daarvan eet nie. Sy het haar moontlik verhef bo sulke eetgedrag. Sy het moontlik skuldig gevoel omdat sy bewus van die feit dat sy haarself nie goed voed nie en wou moontlik kompenseer deur ander kos te gee.

Elna reageer soos volg met betrekking tot die belewenis van haar self in interaksie met haar portuurgroep as verwysingsgroep ander:

Nee, want ek was die enigste een wat so gevoel het oor sport in ons hele skool so dat ek nou 'n professionele afrigter soek. Almal het aangegaan. Voordat ek hierdie erge obsessie gehad het, het dit vir my partykeer gevoel my maatjies verstaan nie want ek wil nie "sweets" eet nie, want dit is sleg vir jou en hulle eet dit. Ek het myself as volwasse gesien in die sin van ek dieet en ek eet nie "sweets" nie en dit is anders as wat die kinders doen.

Ja, verseker beny jy hulle. Selfs my vriendinne het ek beny dat hulle net kan eet. Nie te "worry" nie ... nie daardie reëls te hê nie van 3 uur mag ek eet, 4 uur mag ek eet of sommer net 'n "sweetie" tussenin eet al het ek niks die dag ge oefen nie. Ek het hul altyd beny. So ek het hul altyd beny dat hul net kan eet en nie hoef te "worry" nie of ja. Dit het vir my altyd gevoel ek weet nie hoe kry hul dit reg nie want hul word nie vet nie, maar sodra ek dit eet, sal ek vet word. So ek het dit altyd so gesien. 'n Mens het hul maar altyd beny. Soort van jaloers dat hul dit kan doen en jy kan nie. Ja.

Kom ek sê dit so. Toe ek dit erg gehad het, wou ek altyd vir my maatjies in die koshuis goetertjies oor naweke gemaak het. Jy weet soos koekies en goeters. Ek het van bak gehou. Dis al wat ek kon doen. So ek het altyd goeters gemaak en vir my ma gesê dit is vir my 'n manier om te eet. Jy weet dan gee ek dit uiteindelik vir hulle.

Dan sal ek goeters koop ... ek weet dit klink nou snaaks ...'n pak "Quality Streets" koop en as die ligte uit is in die aande dan sal ek my verkyk aan die meisie ... dan moet sy nou die hele pak eet. Dit klink snaaks. Dan gee ek dit vir haar. Sy is bly en dan verkyk ek my daaraan.

Of ek het daarvan gehou om op te skep. 'n Outjie wat saam met my aan tafel was ... ek dink sy naam was Gertjie ... hy is verskriklik vet. Dan smeer ek net vir hom broodjies met konfyt en goeters, dan gee ek vir hom aan. Dis vir my so "cool" om te kyk hoe

baie hy eet. Ek weet nie. Ek het daarvan gehou om vir mense goeters te koop dat hulle dit eet en dan kyk ek. Maar ek sal nie my mond daaraan sit nie.

5.4.6 Elna se belewenis van haar self in interaksie met haar sportafriqter as betekenisvolle ander

Hierdie aspek vorm nie deel van die navorsingsdoelwitte nie, maar aangesien dit blyk asof haar sportafriqter wel 'n invloed op haar selfbelewenis gehad het, word dit bygevoeg. Sy het groot respek gehad vir haar sportafriqter. Haar opinie was vir haar belangrik. Op 'n vraag of dit aanvaarbaar is om nie saans te eet nie, het die sportafriqter gesê dat sy ook nie in die aand eet nie. Dit is nie 'n probleem nie. Dit was presies wat sy wou hoor en het dus gedien as 'n versterking vir haar eetwanpraktyke.

Sy sê ook dat sy haar afriqter deur haar siekte baie seer gemaak het. Moontlik was dit maar haar eie persepsie.

Elna reageer soos volg met betrekking tot haar belewenis van haar sportafriqter as betekenisvolle ander:

Ja nogal, want ek was goed in atletiek en ek was goed in hekkies, maar om fiks te bly, het 'n mens landloop gedoen. As jy landloop doen, moet jy soort van klein en fyn wees. Aan die begin dan vra ek hulle is dit nou nie sleg as ek nie eet nie in die aand want ek is nie honger nie en ek het heeltyd hoofpyn en ek gaan slaap laat. Jy het die hele tyd hierdie hoofpyn so hard oefen jy. Dit is nie so 'n groot probleem nie. Hulle eet in elk geval ook nie in die aand nie, so dit is eintlik nie so 'n groot probleem nie.

... My afriqter, my atletiekafrigter het ek baie seergemaak.

5.4.7 Elna se belewenis van haar self in interaksie met haar onderwysers as betekenisvolle ander

Elna se onderwysers blyk 'n noemenswaardige rol te speel gehad het in haar selfbelewenis. Om daardie rede word dit bygevoeg.

Sy beweer dat onderwysers 'n groter rol gespeel het in haar eetgewoontes as haar vriende. Sy wou hul altyd beïndruk. As een van hulle gesê het dat sy maer is dan het sy dit as 'n

groter kompliment beskou as wat een van haar maats dit sou sê. Hul belangstelling was volgens haar ook meer opreg. Hul komplimente het moontlik gedien as 'n versterker van haar verkeerde eetpraktyke.

Elna reageer soos volg met betrekking tot haar belewenis van haar onderwysers as betekenisvolle ander:

Wel as ek nou moet sê sal ek sê dat onderwysers meer invloed gehad het as maats. Daar wil jy soort van 'n "impression" maak. Jy weet, met jou skoolwerk. So jy weet jy wil 'n "impression" maak. So as hul nou vir jou sê kyk hoe maer is jy dan het dit vir my 'n groter betekenis gehad as wat een van my vriende en vriendinne dit vir my gesê het.

So die grootste is maar onderwysers. 'n Mens het soort van gesien hulle stel belang. Een van die onderwysers het vir my gesê ek is soos 'n kanniedood ... jy weet soos, ek gaan lê nie.

5.4.8 Elna se belewenis van haar self in interaksie met die media as veralgemene ander

As Elna die atlete op televisie en in tydskrifte gesien het, dan het hul vir haar baie maer gelyk en dan wou sy ook op daardie dieet gaan om so maer te raak. Die media kon dus tog 'n rol gespeel het. Sy het oor en oor na videobande van haar gunsteling atlete (rolmodelle) gekyk. Sy het die persepsie gehad dat as 'n persoon maer is, sal hy/sy beter kan presteer.

Sy reageer soos volg met betrekking tot haar belewenis van die media as betekenisvolle ander:

Jy kyk ook maar na al hierdie ster atlete en dan sien jy hul is so maer en dan wil jy ook op hierdie "diet" gaan.

Ek kan sê die media ook. As ek byvoorbeeld vir Evette de Klerk ... want toe was Evette de Klerk my gunsteling ... en Myrtle Bothma met die hekkies. As jy hul sien is hul so maer en dit het vir my gevoel dat as 'n mens maer is kan jy beter "perform". As jy klein is dink jy nie dit is oor hoeveel jy oefen nie. Ek het gedink so goed sal ek "perform". Ek het elke keer die videos ge "tape" en ek sal oor en oor daarna kyk ... soos in gekyk

... weet hoe maer hulle is en dan kyk ek in die spieël en dink ek moet ook nog 'n bietjie maerder word.

5.4.9 Elna se belewenis van haar self in interaksie met stereotipe as veralgemene ander

Sekere stereotipes wat sy in haar ouerhuis geleer het soos "maer is goed" en "maer mense is meer suksesvol" het sy moontlik as die enigste waarheid beskou. Indien 'n persoon sou massa optel sou haar prestasievermoë moontlik dienooreenkomstig afneem.

Elna reageer soos volg met betrekking tot haar belewenis van stereotipes as betekenisvolle ander:

... En dit was so hier in standerd vier as 'n mens begin ontwikkel en toe het ek ook seker maar 'n bietjie gewig aangesit en dan kom ek nie so lekker oor die hekkies nie en sulke goeters en dan sê ... mense is mos maar baie, baie snaaks ... dan sê hul dit is omdat jy so vet geword het.

5.4.10 Elna se gebruik van haar liggaam as simbool van bepaalde aspekte van haar geestelike self

Elna het moontlik haar liggaam as 'n simbool van sukses of mislukking beskou in die lig van massa. Haar evalueringskriteria was moontlik nie objektief nie, want dit blyk asof sy 'n wanpersepsie van haar liggaamsafmetings gehad het.

Moontlik het sy ook haar maer liggaam as 'n simbool van onverganklikheid beskou. Sy het innerlik so sterk gevoel dat sy haar nie aan dreigemente dat sy kon sterf gesteur het nie. Sy was selfs bereid om nierversaking te verduur ter wille van haar onrealistiese maerweesdoelwitte.

Elna reageer soos volg oor haar liggaam as simbool van haar geestelike self:

Om die waarheid te sê het ek elke keer alles net as positief ervaar. Dit is snaaks om dit te sê want jy is healtyd depressief. Jy is healtyd dit. Dan is ek nou daar in isolasie en as ek badkamer toe gaan dan kyk ek vir myself in die spieël dan weet ek ek is sterk en ek het dissipline en jy weet ek glimlag vir myself in die spieël. Al is almal negatief en

goeters, dit het vir my so gevoel ek is sterk en as ek vir my ma briewe skryf - aan die begin het ek vir haar briewe geskryf - dan sê ek vir haar moenie oor my "worry" nie want ek is sterk.

Ja, maar heelyd as jy jousef sien in die spieël sien, sien jy jousef as vet. Die fisiese wat ek sien is nie goed nie, maar steeds in my agterkop weet ek ek is 'n wenner, ek sal hierdeur kom.

Jy voel goed oor jou maer lyf. Jy ervaar dit as positief, maar selfs die ander goed. Dit is so belangrik om nie te eet of so min as moontlik te eet of so dat hierdie ander goeters vir jou minder sin maak en al is jy 'n meisie en jy wil mooi lyk. Jy weet dit voel vir my my niere moet maar nou ingee. Of wel nou nie ... daar is darem seker ander opsies. So jy weet jy doen jou liggaam skade, maar jy kan nie jousef sover kry om iets daaraan te doen nie.

Ja, alhoewel ek goed oor myself voel, voel ek sleg oor myself. Dit is soort van geestelik voel ek goed oor myself, maar ek sien myself nog steeds as vet. Dit was my gevoel ... ek is so sterk ... ek sal nie doodgaan nie. Maak nie saak wat hulle sê nie. Dit sal nie rêrig gebeur nie. So dit is ook soort van ontkenning die heel tyd.

5.4.11 Elna se gebruik van voedsel as simbool van bepaalde aspekte van haar self

Die eet van voedsel was nie vir Elna 'n normale alledaagse gebruik nie. Sy wou moontlik deur voedsel iets weergee van haar geestelike self. Voedsel het vir haar baie groter betekenis gehad as bloot 'n bron van nutriënte. Sy het verskeie reëls met betrekking tot die eet van voedsel gehad wat deur haarself opgestel is. Indien sy die reëls kon nakom, het sy beter oor haarself gevoel.

Sy moes byvoorbeeld oefening doen as voorwaarde om te mag eet. Sy moes haar enkels beweeg terwyl hul gebid het voor ete om op te maak vir die voedsel wat sy tydens die ete gaan eet. Daarbenewens moes sy strekoefeninge doen voordat sy 'n kamer binnegaan of haar kas oopmaak om sodoende energie te verbruik om dit wat sy ingeneem het te kanselleer. Voedsel is moontlik beskou as 'n simbool van beloning vir goeie gedrag en as reëls nie oortree word nie.

Die voedsel op die bord mag nie alles opgeëet word nie. Sy moes altyd 'n deeltjie voedsel oorlos wat moontlik 'n poging was om kilojoule inname te verminder en ook haar gedissiplineerdheid te beklemtoon. Al was sy hoe honger, kon sy daarin slaag om nie alles te eet of drink nie. Dit het haar laat ervaar dat sy in beheer van haar eetgedrag was. Dit was dus moontlik 'n simbool van selfbeheersing. Kos mag nie geniet word nie.

Of die reël altyd gegeld het tydens haar siekte is nie duidelik nie. Sy noem dit wel per geleentheid. Wanneer sy tydens haar hospitaalverblyf bruismelk moes drink, moes sy vanilla in plaas van sjokolade geur drink want die sjokolade geur assosieer sy met genietinge wat verbode was. Die smaak moes nie aangenaam wees nie. As sy die muffins en ander eetgoed in die hospitaal geniet het, sou dit beteken dat sy besig was om haar probleem te bowe te kom. Dit sou beteken dat sy nie meer in beheer van haar eetgedrag was nie, want vir haar het beheer die betekenis gehad om so min as moontlik te eet. Sy was oortuig daarvan dat hul besig was om haar wilskrag te toets. Sy sou eerder haar neus toedruk en haar rug daarop draai as om toe te gee aan die versoeking.

Elna reageer soos volg oor voedsel as simbool van haar self:

Ek moes strekoefeninge doen voor ek 'n kamer binnegaan of my kas oopmaak. Ek moes my enkels beweeg terwyl ons bid aan tafel ... om op te maak vir die voedsel wat ek geëet het of gaan eet.

... Ek mag byvoorbeeld niks sweets eet nie omdat ek nie genoeg energie verbruik nie omdat ek nie oefen nie. Ja, ek dink dis waar dit alles begin het ... die oefening.

Ek het baie reëls gehad. Ek mag nie die korsie van broodjies eet nie. Ek moes 'n deel van die "shake" oorlos anders het ek te ver gegaan.

Nou, soos wat ek die vorige keer gesê het, daar moet altyd oor wees op my bord. Ek mag nie eers iets drink nie. Omdat ek nou nie meer beheer het oor goeters nie, het ek gevoel ten minste nou dit. Ek moet net die heelyd iets oorlos waaroor ek soort van beheer het.

Toe het ek myself soort van gestraf elke keer. Ek mag net sekere tye iets drink. Soos van die koffie kom agtuur in die aand en ek mag eers nege uur iets eet of "hot

chocolate” drink. Dan het ek nou byvoorbeeld die aand glad nie gekry nie want hul het dit agtuur gebring en ek mag dit eers negeuur drink. Selfs met etes.

Dan mag ek byvoorbeeld nie voor halftien ontbyt geëet het nie en as ons byvoorbeeld voor halftien ontbyt eet toe ons nog op die plaas was ... ek sal net daar sit ... my ma kon maar met my raas, my pa kon my eenkant toe roep en vir my allerhande goed vertel ... ek sal daar sit totdat dit halftien is en dan sal ek eet. En dan moes ek so tienuur weer iets gedrink het. Want my ma het ook vir my gesê ek moet dit doen anders praat sy nie met my nie.

Kos het ek gesien as ‘n beloning. As ek iets doen, as ek voorheen Bybel gelees het, dan mag ek. As ek geoefen het, dan mag ek. As ek sterk oefening gedoen het, dan mag ek. So dit was soort van ek moet dit elke keer verdien. Dit is soos van ek het dit nie gesien as sorg ek vir my liggaam nie. Ek het dit altyd as iets ekstra gesien.

Toe het ek later begin beseef ek moet meer begin eet as ek wil “perform”. Toe het ek die atletiek daar gesit as ‘n beloning. As ek net beter kan begin word ... en daarom sal ek eet.

Selfs wanneer ek “milkshake” drink ... dit mag nie “chocolate milkshake” wees nie, dit moet “vanilla” wees. Dit voel nie soos ekstra energie nie ... “chocolate milkshakes” ... klink soos “chocolates”. So dit moet “vanilla” wees ... soort van die slegste ... ek moet dit glad nie geniet nie.

Ja, dit is soort van jy wil in beheer voel. Dit is my gevoel as ek dit nou geniet, gaan ek oor hierdie probleem kom en ek dink nie eintlik ek wil nie. Ja, dit is so soort van ‘n ontkenning. Ek weet nie regtig waarom nie. Selfs al het hul ... hul het allerhande goed soos muffins vir my gegee en dan lyk dit verskriklik lekker of “chocolates”. Ek weet nie of hul dit daar gesit het om my wilskrag te toets nie, maar die goeters is daar en dit lyk so lekker, maar as ek my neus toedruk en my rug daarop draai ... ek mag dit nie sien nie; ek mag dit nie ruik nie. Dit is net so ... ek weet ek sal dit nie eet nie, maar dit is net so ... erg.

5.4.12 Elna se gebruik van self-attribusie in die begrip van haar self

Sy het gedurig redes gesoek vir haar spesifieke optrede. Sy het moontlik geredeneer dat sy nie voedsel mag geniet nie want dan sal dit lyk asof sy die eetprobleem te bowe kom en nie meer in beheer is van haar heer eetgedrag nie.

Sy wou ook nooit erken dat sy honger was nie en sy was ongelukkig oor die feit dat sy weer koffie gedrink het. Dit kon ook moontlik gesien word as 'n teken van herstel. Hulle sou dit ook moontlik kon interpreteer dat sy besig is om beheer te verloor. Om dieselfde rede mag sy ook nie al die kos op haar bord opeet nie, want dit mag moontlik gesien word dat sy honger was en nie beheer gehad het oor die hoeveelheid wat sy haarself toegelaat het.

Dit blyk ook asof sy gedurig besig was om haar eetgedrag te regverdig – ook in die herstelfase. Sy het dikwels haar sport (atletiek) prestasies daaraan gekoppel. Toe sy nie meer mag deelneem aan sport nie, was dit blykbaar vir haar 'n goeie rede om op te hou eet aangesien sy die persepsie gehad het dat sy dan nie meer energie nodig gehad het nie. In haar herstelfase het sy geredeneer dat sy mag eet want dit kon haar weer help met sportprestasie.

Sy het nie self verantwoordelikheid geneem vir haar siektetoestand nie, maar die skuld daarvoor geplaas op haar pa en anoreksia nervosa self.

Elna reageer soos volg oor die gebruik van self-attribusie in die begrip van haar self:

Ek het baie reëls gehad. Ek mag nie die korsies van broodjies eet nie. Ek moes 'n deel van die "shake" oorlos anders het ek te ver gegaan.

Jy mag nie kos geniet nie want jy wil soort van jy in beheer voel. Dit is my gevoel as ek dit nou geniet gaan ek oor hierdie probleem kom en ek dink nie eintlik ek wil nie. Ja, dit is soort van 'n ontkenning.

Aan die begin het ek my eetgedrag geregverdig dat dit reg was om beter te "perform" en later het ek dit regverdig omdat hulle my sport van my weggevat het, het ek omtrent niks meer kos nodig nie.

Dit is snaaks jy wil nie erken jy is honger nie en soort van dit was vir my sleg dat ek weer begin koffie drink het. Dit voel vir my almal sal dink ek is gesond. Dis nie dat ek wil hê mense dink ek is gesond nie ... ek weet nie of ek skaam kry daaroor nie. Ja, ek het soort van heeltemal beheer verloor ... drink al weer koffie en goeters.

Hoe meer ek daaroor praat, hoe meer dink ek dat my pa is die oorsaak van alles op die ou einde. Jy weet, soos anoreksia het al hierdie goeters gedoen. Jy weet so dink ek dis my pa teen die anoreksia, maar dis nooit ek wat verkeerd gedoen het nie. Dis alles sy skuld of anoreksia se skuld so dat ek is soos ek is en dat ek goeters gedoen het soos wat ek gedoen het.

5.5 INTERPRETASIE MET BETREKKING TOT ELNA

Vanuit die voorafgaande bespreking is dit duidelik dat die Elna se belewenis van die onderskeie aspekte van haarself in 'n groot mate deur die geestelike self oorheers word en dat haar gesin as betekenisvolle ander ook 'n beduidende rol speel.

Elna kry die persepsie in haar ouerhuis dat die positiewe belewenis van die fisieke self afhang van 'n maer liggaam. Dit word bevestig deur haar pa se obsessie dat haar ma sowel as haar suster baie maer moes wees. Verslankingsdiëte was aan die orde van die dag in die gesin sodat Elna moontlik skuldig begin voel het omdat sy nie meegedoen het nie. Haar ma was moontlik gesteld op 'n maer figuur en gee ook slegs klere onder die voorwaarde dat die dogters maer moes wees. Elna beskryf haar ma as iemand wat soos 'n kind lyk.

Vanuit die bespreking is dit dus duidelik dat sy gerig was op die fisieke self, waarskynlik omdat dit in 'n mate op haar afgedwing is, veral deur haar pa. Dit wil voorkom asof haar selfbelewenis ten nouste saamgehang het met die belewenis van haar fisieke self. Wanneer sy goed gevoel het oor haarself was die belewenis van haar fisieke self ook moontlik beter. Die onrealistiese standaarde wat sy vir haarself gestel het, het moontlik daartoe gelei dat sy negatief gevoel het oor haar liggaam en terselfertyd haar fisieke self negatief beleef het. Die oorsprong van hierdie beklemtoning van die fisieke self kan moontlik teruggevoer word na haar gesin en meer spesifiek haar pa wat 'n maer liggaam sterk beklemtoon het.

Elna beleef haar geestelik as iemand wat perfeksionisties en gedissiplineerd is en wat ten alle koste reëls moes nakom. Dit was veral godsdienstige- en voedselreëls wat gegeld het.

Verder was dit vir haar van groot belang dat sy in beheer moes wees. Toe sy nie meer in beheer kon wees van haar eetgedrag nie, het sy dit vervang met beheer van haar gedrag met betrekking tot studies. Sy het 'n innerlike sterkte nagestreef en het sterk in haarself geglo. Sy het in so 'n mate in haarself geglo dat sy oortuig was daarvan dat sy nie weens anoreksie nervosa kon sterf nie. Verder beskryf sy haarself ook as selfsugtig en manipulerend.

Dit word duidelik dat Elna 'n sterk verband tussen die fisieke self en geestelike self trek. Sy het moontlik haar fisieke self gebruik as simbool van sekere aspekte van die geestelike self. 'n Maer liggaam en die uitskakeling van voedsel is beskou as die uiterste vorm van sukses. Sy wou graag aan ander toon hoe suksesvol sy is en die enigste simbool van sukses wat vir haar relevant was, was 'n baie maer figuur. Aanvanklik het sy sukses probeer behaal deur atletiekprestasie, maar toe die ideaal deur haar eie toedoen (fisies te swak weens wanvoeding) gekelder is, het sy haar ideaal gerig op maerwees en die weerhouding van voedsel. Sy wou deur hierdie sosiale objekte, naamlik haar liggaam en voedsel, iets toon van haar geestelike self naamlik haar dissipline, deursettingsvermoë en innerlike krag. Toe dit eweneens van haar weggeneem is deur gedwonge hospitalisasie en toesig deur personeel by die koshuis waar sy woonagtig was, het sy haar suksesdoelstellings gerig op akademiese prestasie.

Sy het nie probeer om haar maer liggaam weg te steek nie. Sy het dit eerder aan ander probeer toon. Negatiewe opmerkings oor haar maer liggaam het sy as komplimente beskou. Sy toon ook 'n totale wanpersepsie oor haar liggaam veral met betrekking tot die grootte daarvan. Sy het 'n verstandelike bewustheid gehad van die feit dat sy baie maer is en dit het 'n positiewe belewenis van die geestelike self tot gevolg gehad. Sy het dit vermy om in die spieël te kyk, maar die enkele kere wat sy wel in die spieël gekyk het, het sy haarself heel waarskynlik as oormassa beoordeel en 'n negatiewe belewenis van die fisieke self ervaar. Dit was moontlik weens haar verwronge liggaamskonsep.

Selfs tydens die verblyf in die kliniek wou sy ten alle koste in beheer bly. Gevolglik eet sy nie al haar voedsel nie en eet sy ook net op spesifieke tye wat haar laat ervaar sy is in beheer. Die feit dat sy vir lang tye afgesonder was van mense het die belewenis van haar sosiale self in 'n groot mate beïnvloed. Sy stel nie belang in sosialisering nie aangesien sy haar as superieur beleef het teenoor die portuurgroep met betrekking tot eetgedrag en die nastreef van sukses en moontlik ook omdat sy die persepsie gehad het dat haar geselskap onaanvaarbaar was. Sy ervaar 'n gevoel van eensaamheid en depressie en dat sy heeltemal

op haarself aangewys is sonder die ondersteuning van ander. Dit blyk asof die portuurgroep nie 'n noemenswaardige rol in hierdie fase van haar siekte in haar totale selfbelewenis gehad het nie.

Vanuit die vorige is dit duidelik dat self-attribusie ook 'n belangrike rol in haar belewenis van haarself gespeel het. Soos reeds gesê, het sy haar fisieke self as simbool van bepaalde aspekte van die geestelike self gebruik. Sy is gedurig in gesprek met haarself en probeer haar gedrag en eetgedrag regverdig en verstaan. Om voedsel te eet, het sy geredeneer, sou 'n aanduiding wees dat sy besig was om beheer te verloor oor haar eetgedrag. Daarom mag sy dit nooit geniet het nie en moes sy altyd daarvan oorlos op haar bord. Indien sy nie kon volhard om reëls na te kom nie, sal dit 'n aanduiding wees dat sy nie innerlik so sterk is nie. Sy het dit ook vir haarself uitgemaak dat haar siekte en alles wat daarmee gepaardgaan, toegeskryf kon word aan haar pa se toedoen. Sy het ook moontlik attribusie gebruik tydens die herstelproses deur die eet van voedsel te sien as 'n wyse om weer te presteer in atletiek. Op die manier kon sy haarself oorreed om wel te eet.

Vanuit die bespreking lyk dit ook nie asof die massamedia 'n rol gespeel het in die etiologie van haar siekte nie. Aan die begin het sy haarself vergelyk met haar rolmodelle in die atletiekwêreld wat moontlik wel kon dien as 'n versterker van haar eetgedrag want sy het maerwees gekoppel aan prestasie, ook op sportgebied. Haar atletiekafrigter en onderwysers het eerder 'n rol gespeel in haar selfbelewenis.

Dit blyk egter uit die bespreking dat die gesin 'n beduidende rol gespeel het in die belewenis van haar geestelike self. Haar vader wat baie uitgesproke was oor sy siening oor oormassa het 'n groot invloed op haar gehad en sy het hom dikwels geassosieer met alles wat sleg was in haar lewe. Wat haar pa betref het sy het ook totale verwerping beleef. Haar ma kon ook moontlik 'n rol gespeel het in die etiologie van die siekte deur haar eie gesentreerdheid rondom en die beklemtoning van 'n maer figuur as die aanvaarbare sosiale simbool. Deur haar uitgeteerde liggaam wou Elna moontlik aan haar pa iets toon van haar sterk wil en het sy haar ouers in 'n groot mate gemanipuleer. Moontlik wou sy ook emosies van opstand daardeur demonstreer. Weereens is dit 'n bewys van die sterk verband wat getrek kan word tussen die belewenis van die fisieke en geestelike self.

Tydens haar hospitalisasie, onder uiters moeilike omstandighede, het Elna tevergeefs probeer in beheer te bly van haar eetgedrag. Om daarin te slaag steun sy sterk op haar godsdien. Sy beskryf dit as 'n intieme verhouding met God en nie meer net 'n blote

toepassing van godsdienstige reëls nie. Haar verhouding met die Here was haar enigste bron van vreugde in uiters moeilike omstandighede en het gedien as versterker in haar wil om te volhard. Dit het egter nie gehelp om haar te oortuig om weer genoegsame hoeveelheid voedsel in te neem nie. In 'n groot mate kon die terapeute haar nie oortuig of dwing om haar eetgedrag te verander nie en mettertyd het sy dit self gedoen deur sportprestasie te gebruik as regverdiging vir die inname van meer voedsel. Weer eens is attribusie ter sprake. Op die wyse kon sy weer in beheer wees van 'n aspek in haar lewe.

Uit hierdie bespreking kan die gedrag van Elna moontlik beter verken, verstaan en beskryf word. Elna kan beskou word as 'n totale mens met 'n self bestaande uit verskeie aspekte wat weer in interaksie met ander aspekte is. Op die wyse is haar selfbelewenis tydens die ontstaan en verloop van die siekte bestudeer. Die doel was nie om redes of oorsake vir die ontstaan van die siekte te identifiseer nie. Die verloop van die siekte en hoe sy daaroor gevoel het, kan moontlik beter verstaan word. Dit stem ooreen met die uitgangspunte van die simboliese interaksionisme en sosiaal-kognitiewe benadering, dat Elna 'n aktiewe denkende wese, wat voortdurend in interaksie is met die onderskeie aspekte van haar self is. Sy tree met haarself in gesprek en probeer redes en oorsake vir haar gedrag vind en gebruik sosiale objekte soos haar liggaam en voedsel as simbole met betekenis ten einde sin aan hierdie interaksie situasie met haarself en ander te kan gee. Sosiale vergelyking en sosiale terugvoering speel 'n beduidende rol in haar selfbelewenis wat voortdurend verander. Deur die navorser in die skoene van Elna te plaas, kon begrip ontwikkel word vir Elna en haar selfbelewenis tydens die verloop van die siekte.

HOOFSTUK 6

RESULTATE, BESPREEKING EN INTERPRETASIE: RESPONDENT DRIE

6.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die resultate van Johlene bespreek op dieselfde wyse as in **HOOFSTUK 4** en **HOOFSTUK 5**. Dit behels oop-kodering wat deel uitmaak van die data-analiseproses. Daarna word die resultate geïnterpreteer wat die aksiale kodering van die data-analiseproses uitmaak.

6.2 PROFIEL VAN JOHLENE

Johlene is 23 jaar oud en beoefen 'n professionele beroep. Sy het in 2002 gegradueer aan die universiteit van Pretoria.

Sy het grootgeword op 'n plaas, maar het nie tuisgegaan in 'n skoolkoshuis nie.

Sy het vanaf die einde van graad sewe stelselmatig maerder en maerder geraak. In graad 10, toe sy gedreig is met hospitalisasie en gesien het dat haar ma baie daaronder ly, het sy volgens haar tot haar sinne gekom. Toe het sy baie stadig begin massa optel omdat massatoename vir haar uiters onaanvaarbaar was. Hierdie herstelfase het oor twee jaar gestrek.

Sy was heeltemal gewillig om deel te neem aan die navorsing omdat sy belangstel in die onderwerp en ten spyte van die feit dat sy baie goed vertoon en die siektetoestand te bowe gekom het, bly dit dikwels vir haar steeds 'n stryd om nie terug te val in 'n ongesonde eetstyl nie. Sy het op geen stadium gely aan bulimie nie want sy het dit as 'n swakheid beskou terwyl innerlike sterkte vir haar 'n hoë prioriteit is.

Sy vertoon rustig en ontspanne en deurdink die vrae goed. Sy praat egter nie so spontaan soos die ander respondente nie en het bietjie motivering en ekstra of meer vrae nodig. Sy onthou alle besonderhede in detail.

6.3 DIE VERLOOP VAN DIE ONDERSOEK

6.3.1 Eerste ontmoeting

Datum: 28 Oktober 2002 om 15:00.

Plek: La Spiga restaurant Brooklyn, Pretoria.

6.3.1.1 Doel van ontmoeting

Sy het reeds ingewillig om deel te neem aan die navorsing. Die doel van die ondersoek is aan haar verduidelik en ook wat van haar verwag word. Toestemming is gevra om die volgende twee onderhoude op band vas te lê. Die belofte om alles konfidensieel te hou, is aan haar gemaak.

Die datum, plek en tyd van die volgende ontmoeting is gefinaliseer.

6.3.1.2 Die navorser se waarneming

Sy vertoon baie rustig en praat sinvol. Sy staan vir die eerste jaar in 'n beroep en vind dit 'n groot aanpassing en leerskool. Sy vertoon kalm en beredeneerd en lyk fisies baie goed. Sy is fyn gebou en oënskynlik lyk dit asof sy die anoreksiese probleem heeltemal te bowe gekom het. Sy is gewillig om te praat om sodoende ander mense te help.

Daar is nie spesifieke vrae gestel tydens hierdie afspraak nie. Die repondent het spontaan gepraat oor aspekte van die siekte wat sy in herinnering terugroep en wat moontlik vir haar van belang was.

Jy weet jy het die probleem, maar jy is te bang om iets daaraan te doen.

Ek het baie na binne geleef en nie maklik met mense gepraat nie.

Dit het in standerd 6 begin - dit is 'n geleidelike proses.

Jy begin iets klein regkry en verbeter steeds daarop.

Ek het altyd iets weggeneem, nooit teruggesit nie.

Ek het gedurig reëls gemaak.

Ek het in 'n streng skedule of program geleef - ook my slaappatroon is daarvolgens ingerig.

Soms het my ma spesiaal iets lekker vir my gemaak, maar dan val dit nie binne die reëls nie - dan voel 'n mens sleg as jy dit nie eet nie.

My kennis in voeding is geprikkel in standerd 6 in die huishoudkunde klas.

Ek het baie van die deel gehou oor voedingswaarde van die verskillende kossoorte.

Ek het die "Sarie" se gesondheidsartikels begin lees.

My broer was baie goed in atletiek - ek was nie so goed soos hy nie.

Ek was maar lekker mollig op laerskool.

In standerd 4 het 'n vriendin vir my gesê ek is vet.

My vriendinne was baie maerder as ek.

Ek het baie gewonder hoe dink my ouers oor my.

Hoe sterker die eetversteuring geraak het, hoe beter het ek op skool begin presteer en hoe harder het ek geoefen in hokkie, atletiek en draf.

'n Mens bly maar stry met jou liggaamsbeeld.

Dis goed om daaroor te praat want dis baie genesend.

In standerd 8 het daar 'n keerpunt gekom toe my ma my gedreig het om my te laat hospitaliseer.

Op daardie stadium het ek 36 kg geweeg en ek is 1,65 m lank.

My ma is 'n maatskaplike werker - sy het my baie gehelp.

Ek kon sien ek maak my ma seer want almal het vir haar gevra wat makeer jou kind.

'n Mens moet maar steeds elke dag 'n wilsbesluit daarteen neem.

6.3.2 Tweede ontmoeting

6.3.2.1 Doel van ontmoeting

eerste in-diepte onderhoud

Datum: 2 November 2002 om 15:00.

Plek: In 'n kantoor in die administrasie blok van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, Moreletapark. (Sien respondent een en respondent twee.)

6.3.2.2 Die navorser se waarneming

Johlene is rustig en vertoon nie gespanne nie. Sy oordink die vrae goed voordat sy antwoord. Die navorser neem waar dat dit vir haar moeilik is om te praat oor 'n molestering vroeër in haar lewe omdat sy dit vir jare met niemand gedeel het nie. Sy herroep gebeure goed en kan met gemak praat oor die verlede.

Sy oorhandig die briewe wat sy geskryf het getiteld: "Anoreksia my vriend en anoreksia my vyand".

6.3.2.3 Voorbeeld van brief wat geskryf is

Anoreksia my vriend

My emosionele vriend

Jy't my beskerm van menslike invloede – mense se verkeerde invloede - spot, negatiewe gedagtes – hierdie isolasie het 'n honger in my geskep vir geselskap gevolglik het ek my genader tot God en Sy woord, om insig en raad te kry – want as ek vir 'n mens vra vir raad dui dit op 'n swakheid.

Jy't my gehelp om die verlede en emosionele pyn te onderdruk – my besig gehou met ander goed i.p.v. om daaraan te dink – my vertel dis oraaits, om nie emosioneel oop te leef nie, solank ek net myself bewys deur 'n goeie mens te word wat hard werk.

Jy't my geleer om beter oor myself te voel – elke keer as ek presteer het dit beteken die “slegte ek” raak beter.

Jy't my beskerm van konflik – my minimale menslike kontak veroorsaak dat ek nie sommer in rusie met ander hoef te verkeer nie – solank ek by myself is kan niemand my seermaak nie en kan ek niemand seermaak nie.

Jy't al my mislukkinge as kind vir my uitgewis – jy't my weer beheer oor my lewe en omstandighede gegee – my verhoed om verhoudings aan te knoop met ander geslag. Jy't my mollige-dogtertjie figuur verander na 'n maer - “aanvaarbare” figuur.

Jy't my gevorm in 'n akademiese prestasie vlak wat ek nooit voorheen kon bereik het nie – moontlik gehelp om universiteit keuring te kry.

Jy was my masker waaronder ek al my pyn, hartseer “skaamte” kon wegsteek.

Die een wat: “purpose” aan my lewe gegee het!

Jy't my gewys dat ek kan enigiets bereik as ek net my kop daarop sit – jy't my akademies laat presteer.

Omdat ek nooit kan eerste wees, of goed doen nie – was altyd net middelmatige kind – het jy my geleer om my eie kompetisie op te stel en daarin kon ek altyd wen = maerder word, beter word, beter word volgens my eie riglyne nie ander sin nie.

Jy't my bewys ek het uithou vermoë en innerlike dryfkrag.

Jy't my elke dag sterk en in beheer laat voel.

Die een wat karakterbou gevestig het in my lewe

Jy't my geleer om spaarsamig te lewe – om nie kos, geld, "elektrisiteit" te mors nie

Jy't my geleer dat ek nooit mag kla nie – byt net vas – jy is sterk, dinge is nie so erg as wat dit voorkom nie.

Jy't my geleer om alle probleme te verkleineer – niks is so erg soos wat dit lyk nie.

Jy't my geleer om nie bang te wees vir werk nie – was altyd bereid om hand by te sit (enige werk verbrand energie!!)

Jy't my geleer hoe om nie alleen te voel in my eie teenwoordigheid nie – Jy't my geleer hoe om myself besig te hou as ek nie geselskap het nie.

Jy't het my geleer hoe om gedissiplineerd te lewe – mag geen reëls breek tensy dit in teenstelling is met AN-reëls.

Jy't my geleer om absoluut onderdanig te wees aan hoër gesag – net soos ek aan jou onderdanig moes wees so was ek ook aan ander gesagsfigure onderdanig – en wou net altyd die regte ding doen om hul tevrede te stel, want dan is ek 'n goeie mens.

Jy't my geleer hoe om te organiseer – hoe om planne te beraam.

Jy't my geleer tyd is kosbaar – gevolglik moet afsprake nie laat nagekom word nie.

My liggaamlik vriend

Jy't het my liggaamlike sekuriteit gegee waarna ek so lank gesoek het. Voel veilig op laer massa, dan kan niemand my spot, dan hoef ek nie te menstrueer nie.

Jy't my gered van vrouwees – jy't my laat ontsnap uit die kloue van vroulike ontwikkeling – ek het die groot borste en bloeding gehaat – soos jy in my lewe gekom het het my borste platter geword en bloeding het gestop.

Jy't my aan 'n "gesonder lewenstyl" blootgestel – oefening elke dag, water my enigste vloeistof, geen tussen snacks/sweets. Jy't my geleer om elke happie kos moet ek waardeer – stadig eet.

Anoreksia my vyand

My siels-vyand

Teenoor ander:

Jy het my innerlike wese toegesluit (myself toegesluit sodat niemand kan sien wie ek werklik is) – gevolglik moes ek 'n geslote lewe leef – binne in jou (AN) raamwerk.

Jy't my hart se deur gesluit vir enige emosionele insette (van ander na myself) of uitsette (van myself na ander). Selfs daardie dae wat ek wou gil & skree om hulp om van jou kloue te ontsnap (in gym klasse so gehoop die instruktrise raak bekommerd oor my en sê sy sal my help) het jy my mond toegedruk en my gedreig – met woorde van mislukking. Hoe meer ek begin soek vir aandag, hoe meer het jy my vertel ek verdien nie aandag nie. (Jy't my alleen laat voel.)

Jy't my Ma aangekla van haar rol as Ma – Sy is deur ander mense geteister as Ma wat nie haar kind genoeg kos gee, wat nie oplet na haar kind se nutrisionele behoeftes nie.

Jy't my nooit tyd gegun om met my familie en vriende te spandeer nie – jy't my laat glo, hulle steel waardevolle tyd wat ek kon gebruik om myself te vorm (skool prestasie – "swot" - tyd). As ek wel tyd vir iets anders gemaak het, het jy my altyd skuldig en sleg laat voel.

Jy't gemaak dat ek mense oordeel wat nie so doelgerig soos ek leef nie (kinders in my klas het my geïrriteer omdat hul net heelyd wou rus & speel/eet).

Jy't my gedwing om selfsugtig te wees – niemand iets te gun van myself nie – My program kom altyd eerste.

Teenoor myself

Jy't my gebind. Jy't my laat glo dat sonder jou kan ek nie funksioneer nie – sal ek onaanvaarbaar wees. Jy't my laat glo dat jy my lewe vir my aanmekaar sal hou, en sonder jou sal alles uitmekaar val – sonder jou sal ek nooit satisfaksie, nooit vrede en nooit erkenning ervaar nie.

Jy het my altyd sleg & negatief oor myself laat voel.

Jy't my altyd selfbewus laat voel.

My sosiale vyand

Jy het my altyd ongemaklik laat voel by partytjies & funksies (wou nooit uitgaan).

Jy het my paniekerig laat voel sodra ek buite die "roetine-raamwerk" beweeg het wat jy vir my opgestel het (ongemaklik wanneer voedselkeuses moes maak op vakansie, by familie & vriende).

My liggaamlike vyand

Liggaamlike gesondheid

Jy het my liggaam stadig en geleidelik afgebreek sonder dat ek dit agterkom – my hare was bros en kleurloos, het altyd koud gekry (gebewe – hoendervleis).

Liggaamlike rus

Jy het my (die dogtertjie wat mal was oor speel, lag en musiek) verander in 'n "werkholis" – my nooit toegelaat om te rus (TV te kyk, saam met die familie 'n koppie tee te drink, ens) ek mag nooit in jou oë ontspan nie – gesien as sonde, luiheid.

My verstandelike martelaar

Jy't my verstand gemanipuleer – my gebreinspoel met leuens en straf.

Moes altyd sleg & skuldig voel as ek iets eet wat nie op jou program gestaan het nie.

Jy het my brein & siel 'n mallemeule gemaak – geteister met vrae, gedagtes, doelstellings en planne van hoeveel, wanneer, waar, hoekom.

KAN JY DIT EET!! - my paranoïes laat voel!! – as Ma laat was vir middagete van werk was so honger, maar wou nooit sonder haar eet – raak kwaad want wil eet maar kan nie.

Jy't my ware persoonlikheid gemanipuleer en gesteel, gedemp – blonde krulkop dogtertjie wat plaasjapie dansend en singend groot geword het verander in stil lang "vet" kroeskop meisie wat almal irriteer – gevolglik beter alleen af.

Jy't my laat glo ek is niemand se liefde werd nie – slegs deur prestasie.

Jy't my oortuig dat "kos" en "vet" my vyand is – dat dit slegs bestaan om my lewe vir my moeilik te maak en dat ek konstant daarteen moet baklei.

Jy't my mislei deur 'n verkeerde waardesisteem en prioriteite aan my te verkondig. Dit is asof jy my verstand konstant beheer het.

Jy't gemaak dat ek altyd in konflik is met myself, altyd vyandig dink oor myself – Elke keuse wat ek maak sou verkeerd wees in jou oë – niks sal ooit goed genoeg wees nie: Ek is lus vir meer as een sny brood vandag – jy sê jy moet dalk nou ekstra brood eet anders gaan jy nou-nou jouself vergryp aan iets ergers ... Dan sê jy moenie iets ekstra eet, steek jou lus in jou sak – dis net 'n vorm van swakheid ... byt vas man anders gaan jy optel en dan voel jy nog slegter.

Ek was nooit goed genoeg vir jou nie, nooit maer genoeg, jou standaard wat jy aan my gestel het het nooit grense gehad nie – daar was nooit 'n perfekte massa, prestasievlak.

6.3.3 Derde ontmoeting

6.3.3.1 Doel van ontmoeting

tweede in-diepte onderhoud

Datum: 11 November 2002 om 14:30

Plek: In 'n kantoor in die administrasie blok van die Nederduitse Gereformeerde Kerk Moreletapark.

6.3.3.2 Die navorser se waarneming

Johlene is baie meer op haar gemak en het meer selfvertroue. Sy hanteer graag self die bandmasjien. Sy praat oor die briewe, maar aangesien hulle redelik lank was, moes ons bietjie vinnig daardeur gaan. 'n Mens moet haar redelik aanmoedig om te praat deur vrae te stel. Sy praat nie maklik spontaan vanself nie.

Na die gesprek het sy gevra of sy my in die toekoms op 'n gereelde basis kan kom sien, al is dit net om koffie te kan gaan drink. Sy sukkel nog baie dae met haar swak selfbeeld en sal graag iemand wat sy kan vertrou se objektiewe opinie en raad wil hê.

6.3.4 Vierde ontmoeting

6.3.4.1 Doel van ontmoeting

Ete-afspraak

Datum: 2 Desember 2002 om 17:00

Plek: Bishop's Bistro, Faerie Glen, Pretoria.

Die doel van die ontmoeting was om op informele wyse verder te gesels en om verder inligting te bekom. Daarbenewens wou die navorser meer inligting by die respondent kry oor haar wyse van voedselkeuse. Sy praat baie oor haar werk. Sy is baie ontspanne. Ek moedig haar aan om iets te eet en sy bestel "cappucino foam" en 'n hoenderslaai terwyl die navorser 'n Griekse slaai asook "cappucino foam" bestel. Die navorser merk dat daar saam met die hoenderrepië, blokkies spek bedien word. Dit was blykbaar nie vir haar 'n probleem nie want sy het dit geëet.

Die navorser vra haar hoe sy gereageer het tydens uiteetgeleenthede in haar anoreksia nervosa jare. Johlene sê dat hul baie selde uitgeëet het op die platteland. Dit het net met geleenthede soos verjaarsdae gebeur. Sy sê dit was vir haar 'n groot "treat" en sy het soos die ander 'n "hamburger en chips" bestel en nie 'n slaai soos verwag word nie. Sy het egter nooit die "chips" geëet nie en slegs 'n gedeelte van die hamburger. Daar is vandag nog

steeds kossoorte waarvoor sy 'n aversie het byvoorbeeld "slap chips". Sy sal dit nooit eet nie. Sy drink ook nooit koeldrank nie. Net water. Sy het elke middag in haar skooljare 'n hele beker water gedrink. Dit was vir haar baie moeilik om die water wat sy tydens etes gedrink het te vervang met melk.

Op 'n vraag of sy nog gereeld oefen het sy gesê sy het baie op universiteit geoefen, maar vandat sy in 'n beroep staan, is dit nie haar eerste prioriteit nie. Sy moet eers haar beroep vestig. Sy weeg haar egter deesdae baie dikwels en verstom haar dat haar gewig so konstant bly - selfs as sy, wat voedselname betref, oortree het in 'n week.

Sy praat vir die eerste maal oor haar jonger sussie wat ses jaar jonger is as sy. Sy het blykbaar min invloed op haar gehad aangesien daar so 'n noemenswaardige ouderdomsgaping is. Haar sussie gaan nou na matriek en is heeltmal anders gebou as sy. Haar ma is versigtig om enige druk op haar sussie te plaas na aanleiding van Johlene se probleem.

Haar broer het as kind baie geëet, maar vandat hy werk, eet hy baie minder. Sy was op 'n stadium skoon bekommerd daaroor.

Sy vra of die probleem geneties van aard is. Haar ouma het op 'n stadium vir haar gesê sy is bly dat sy op die pad van herstel is want sy het ook die probleem as jong meisie gehad in die sin dat sy haarself as oorgewig ervaar het. Toe sy begin massa optel het het 'n tannie vir haar eenmaal gesê sy is bly dat sy 'n bietjie lyf aangesit het. Dit het haar onsettend gepla, maar sy het 'n wilsbesluit geneem om die pad van herstel te bly loop.

Sy sê sy het nie die erns van haar toestand besef nie. Toe haar ma haar dreig met die hospitaal was sy baie verbaas.

Sy wil graag kontak bly behou en sal weer wil kom koffie drink.

6.4 BESPREKING VAN RESULTATE

6.4.1 Johlene se belewenis van haar fisieke self

Soos by meeste ander adolessente word daar baie klem gelê op die liggaamlike voorkoms.

Johlene het reeds aan die einde van haar laerskooljare baie bewus begin raak oor haar fisieke self. Sy beweer dat sy op daardie stadium oormassa was, maar dit was egter nie 'n wesenlike probleem nie. Dit blyk dat die massatoename wat gepaard gegaan het met puberteit, vir haar onaanvaarbaar was.

Massaverlies was vir haar die enigste wyse om haar fisieke self beter te ervaar. Op geen wyse wou sy die massa wat sy verloor het, weer optel nie. Haar massa het steeds 'n afwaartse neiging bly toon. Die aanbeveling van die dokter om 10 kilogram op te tel ten einde die sogenaamde ideale of doelmassa te kon bereik, kon sy op geen wyse as aanvaarbaar beskou nie. Aan die een kant wou sy herstel, maar aan die anderkant was sy nie bereid om soveel massa op te tel nie.

Sy het moontlik 'n wanpersepsie van haar liggaamsbeeld gehad. Sy was nie in staat om haar fisieke self op 'n sinvolle wyse te evalueer nie. Sy kon eers op 'n later stadium haarself vergelyk met ander deur na foto's te kyk. Sy was bewus van die feit dat sy maer is, maar wanneer sy in die spieël gekyk het, het sy haarself as oormassa geëvalueer. Dit was moontlik as gevolg van die onrealistiese standaarde waarteen sy haarself gemeet het en haar liggaamswanpersepsie. Sy het dus in 'n innerlike stryd verkeer. Sy het haar fisieke self voortdurend negatief beleef en dit was 'n innerlike dryfkrag om steeds beter, volgens haar selfopgestelde standaarde, te presteer. Sy het dit nooit ervaar dat sy iets positief bereik het nie. Selfs op die huidige stadium kan sy nie na haarself in 'n spieël kyk nie. Die wanpersepsie is steeds in 'n groot mate daar. Sy is geneig om haarself nog steeds as oormassa te beskou, wat die drang om terug te val in verkeerde eetpatrone, aanwakker.

Sy het ook nie die vrymoedigheid gehad om 'n nou/styfpassende klere te dra nie aangesien sy haarself as vet beskou het. Selfs 'n moulose klere-item was vir haar onaanvaarbaar. Sy was konstant selfbewus en het negatief oor haar fisieke self gevoel en in die proses haarself afgebreek. Sy het dus haar geestelike self ook negatief beleef.

Die maatstaf van beoordeling van haar fisieke self (oormassa al dan nie) was die skaal. Slegs die skaallesing was vir haar 'n aanduiding van sukses of aanvaarding en hoegenaamd nie hoe sy lyk nie. Sy het blykbaar 'n vrees daarvoor ontwikkel 'n vrees vir massatoename en nie soseer vir massa-afname nie. Sy beskryf dit as die tipe vrees wat sy ervaar het as soortgelyk aan die vrees wat sy vir 'n onderwyser of haar ouers gehad het wanneer sy oortree het en straf verwag het.

Uit die gesprek blyk dit dat sy liggaamlike ontwikkeling gedurende puberteit onaanvaarbaar gevind het en dit in 'n mate gevrees het. Sy het blykbaar nie die vrymoedigheid gehad om met haar ouers en in besonder haar ma of portuurgroep daaroor te praat nie. Deur al minder te eet, het haar borste begin kleiner word en het sy opgehou menstrueer. Daardeur het sy gevoel kon sy hierdie onvermydelike stadium stuit totdat sy gereed was om dit te hanteer. Hierdie vrees het moontlik gespruit uit onaangename seksuele ervaring uit haar kinderdae. Aangesien daar selde indien ooit oor seksuele aspekte in die gesin gepraat is, het sy nie die vrymoedigheid gehad om oor die probleem van seksuele teistering te praat nie.

Haar maer uitgeteerde liggaam was nie vir haar so 'n groot probleem nie aangesien sy 'n verkeerde liggaamskonsep gehad het en haar eerder as te vet ervaar het. Sy kon mense se negatiewe aanmerkings hanteer, want sy het dit eerder as 'n kompliment beskou.

Haar ma se reaksie op haar uitgeteerde liggaam was egter vir haar 'n probleem. Sy het skuldig gevoel omdat ander haar ma daarvan beskuldig het dat sy nie vir haar dogter sorg nie. Mense het haar ma in 'n mate daarvoor kwalik geneem. Die feit dat haar ma hartseer was en dit nie kon hanteer nie, het moontlik as aansporing om die situasie te probeer omkeer, gedien. Omdat haar ma nie druk op haar wou plaas nie, het sy besef dit is haar enigste uitweg om self verantwoordelikheid te neem.

Alhoewel sy ten alle koste wou maer wees, het sy tog besef dat die siekte anoreksia nervosa besig was om haar liggaam stelselmatig af te breek. Daarmee het gepaard gegaan dat sy altyd koud gekry het en dat haar hare ook vaal en grys vertoon het. Sy het eers moontlik objektief begin dink oor wat met haar liggaam aan die gebeur was tydens die herstelfase. Gedurende die siekte het sy blykbaar net een obsessie gehad en dit was om massa te verloor.

Haar selfbeskrywing was baie negatief. Sy het haarself gesien as 'n lang, vet meisie wat vir niemand aanvaarbaar was nie. Sy het haar lyf (liggaam) nooit aanvaar nie. Sy het moontlik geglo dat op die wyse waarop sy na haarself kyk, ander ook na haar sou kyk. Sy was blykbaar gedurig besig om haarself te evalueer en was met geen aspek van haar persoonlikheid en liggaam tevrede nie. Omdat sy so negatief oor haarself gedink het, het sy geglo dat sy slegs liefde en erkenning kan verkry deur te presteer. Sy moes blykbaar haarself bewys.

Johlene reageer soos volg met betrekking tot haar belewenis van haar fisieke self:

Ek was maar lekker mollig op laerskool.

Toe het sy my dokter toe gevat en hul het toetse gedoen en daar was niks verkeerd nie maar toe onthou ek sê die dokter jou ideale massa is 51 kilogram en ek het toe net daar in my gedagtes geskop en gesê: nooit nie. My ideale massa is 51 kilogram en ek weeg 36 kilogram. So sy wil hê ek moet ten minste 10 kilogram optel en ek het gedink ek gaan vet wees. Daar is nie 'n manier nie!

Jy kan sien jy is maer (wanneer jy jousef in die spieël kyk) maar jou standaard raak so hoog. Party mense se standarde is mos anders van wat hul maerpunt is. So jy lig jou standaard na 'n absolute onrealistiese maerpunt. So jy is altyd 'n bietjie te vet in jou eie oë.

Ek dink om jousef te evalueer soos wat ander jou sien is moeilik. Om vir jousef so te kyk of af te kyk na jou eie liggaam toe kan jy nie eintlik 'n idee vorm van hoe jy werklik lyk nie. Selfs as jy voor 'n spieël staan, is dit moeilik om daardie beeld wat jy sien jou eie te maak.

As ek twee na vier jaar teruggekyk het na foto's van op skool of een foto waar ek in 'n swembroek was of so iets, dan skrik jy. Dan sien jy eintlik hoe jy gelyk het en toe eers kon ek sien hoe maer ek was. So eers na 'n lang ruk, nie terwyl ek daarin was, kon ek nie myself evalueer nie tensy iemand dalk foto's van jou wys in vergelyking met iemand anders wat normaal is. Jy dink nie jy is rêrig, rêrig so maer nie.

Partykeer nou nog ... dis vir my elke dag 'n stryd, nie so erg soos dit daardie tyd was nie, maar elke dag moet jy vir jousef sê word jy half gedreig met dit en dis baie keer, dis half elke keer wat jy hierdie besluit moet maak van jy wil nie teruggaan nie. So dit is soort van 'n konstante pak wat jy met jousef moet stap om te sê jy is "all right". En ek dink dit is nogal ... dit is die een ding wat nie oornag reg kom nie, ja.

Mooi aantrek was nie vir my so belangrik nie. Ek dink dit gaan gepaard met die feit dat ek myself eenkant gehou het. Klere en mooi aantrek was vir my lekker gewees, maar ek het maar altyd kortbroeke en T shirts gedra. So ek het nooit styfpassende klere gedra nie ... want onthou ek het gedink ek is vet. So ek wou eintlik nie 'n noupassende ding aangetrek het nie. As ek 'n noupassende ding aantrek dan lyk ek vir myself vet. As ek selfs net 'n af-arm ding vir my moes koop, dan sê ek vir my ma: is my arms nie

te groot nie? Jy weet, of die eerste keer toe ek 'n ski-pant ... jy weet, selfs dit ... is jy nie dalk 'n bietjie te groot nie?

Selfs as dit kom by swemklere ... kyk daardie dae het hul nie die "baggies" gehad nie want ek het spesifiek 'n swembroek gekoop van die wat tot by die nek kom. So ja, jy was half selfbewus. Ek dink ek was konstant selfbewus en het nooit rêrig goed gevoel oor jouself nie ... nooit gevoel jy is waardig vir iets nie. So inherent breek jy jou eintlik self af ... niemand anders het my eintlik afgebreek nie. Ek het net myself afgebreek. Op daardie stadium het ek 36 kg geweeg en ek is 1,65 m lank.

Dan kyk jy maar en dan het jy byvoorbeeld vir 'n maand niks tussenin geëet nie en jy het goeters uitgesny. Dan sien jy jy is 'n kilogram af en dan dink jy dit werk. En dan voel jy beter oor jouself, maar dan is jy bang om byvoorbeeld die goed terug te sit.

Vet het ek baie verbind aan die skaal ... aan wat die skaal sê. Nie soseer aan hoe ek lyk nie. Met ander woorde ek kon nie myself in die spieël sien as vet of maer nie. My maatstaf was meer op die skaal gewees en my vrees was meer dat die skaal gaan optel of aftel.

Om te weeg was soos iets wat jy verkeerd gedoen het ... soos wanneer jou ma jou sal straf. Dit is ook waarom jy die heel tyd hierdie baie reels en regulasies gehad het. Jy moet die hele tyd goed regdoen en jy wil hê mense moet sien jy doen die goed reg. So dit is dieselfde vrees wanneer jy in die moeilikheid is, soos by 'n onderwyser en jy weet jy het verkeerd gedoen. Dit is min of meer daai vrees.

Op daardie stadium het 'n mens begin ontwikkel as meisie ook ... moontlik het dit ook 'n invloed gehad en jy wil dit ook nie eintlik gehad het nie.

Ek dink die konnotasie is ... ek, ek ... ek het nie so 'n goeie mansverhouding ook gehad nie, as ek dit so kon stel. En ek dink die hele vorm van vrouwees was vir my half bang gewees. So toe my borste begin groot word het en ek begin menstrueer, wou ek dit nie gehad het nie en met die gevolg toe ek begin gewig verloor het, het ek opgehou menstrueer en jou borste word kleiner dan voel jy ... jy ontsnap net op daai stadium van jou lewe eers van dit wat vir jou vreesagtig lyk ... wat jy nie wil deurgaans nie ... wat jy nie kan hanteer nie.

Ek dink dit kom terug na die huislike opvoeding. Seksuele ontwikkeling is nie aan my mooi verduidelik nie, presies hoekom en waarom nie, daar is vir my gesê dit gaan ... menstruasie gaan gebeur, moenie bang wees nie. Maar ek dink dit kom terug op die familie-opvoeding. Daar is nie baie diep dinge gepraat nie. Hulle het nie mooi verduidelik wat dit werklik ... wat ontwikkeling is nie en omdat ek nie oopgemaak het teenoor ander mense nie, het ek dit gesien as 'n swakheid om te sê ek weet nie wat nie, ek hou nie hiervan nie, wat is dit? Hoekom gebeur dit met my? Dit was baie vreemd gewees en jy weet nie of die ander kinders in jou klas ook deur dieselfde goed gaan nie, want jy deel nie eintlik daarmee nie. Jy kan nie agterkom nie, maar soos meisies ook, as jy begin ontwikkel dan dink almal dit is snaaks. So dit was 'n "issue" gewees ook. So as jy agterkom, wou jy dit stop en jy wens jy hoef nie deur hierdie goed te gaan nie. Dit was ook 'n sekuriteit, want al die slegte goed waardeur die ander nou gaan, hoef jy nie te gaan nie.

[Jy het my gered van vrou wees, jy het my laat ontsnap uit die kloue van vroulike ontwikkeling. Jy het in my lewe gekom, my borste het platter geword en die bloeding het gestop.]

Ek kon nie daai oorgang verwerk nie ... jou verstand groei, maar jy wou nie gehad het jou liggaam moes groei nie. En ek kon nie daai oorgang seker verwerk nie. Met die molestering het dit ook baie teruggekom, maar in 'n baie ligter lig ... maar ek wou altyd, ek dink altyd maar 'n klein dogtertjie gebly het.

En toe het sy eendag vir my gesê toe ons gaan klere aanpas het ... ek dink sy het my nooit kaal gesien nie. Jy weet ek het maar altyd losserrige klere gedra. So jy sien iemand is maer. Maar toe sien sy maar oe! die ribbes ... ek dink sy het daar geskrik en toe het sy vir my gesê dat nie vriendinne nie, maar tannies vra vir haar waarom sy nie vir haar kind kos gee nie en wat aangaan. Die hoof het haar ook een keer gebel en toe begin ek agterkom dat daar is meer druk wat nou op my ma geplaas word. Jy weet ek kan dit hanteer as mense vir my sê jy lyk maer of wat, maar toe ek agterkom mense plaas druk op my ma en my ma word hartseer en sy weet nie hoe om die situasie te hanteer nie, toe besef ek ek maak eintlik vir haar seer en ek maak haar as 'n ma seer, want dit is in die eerste plek haar plig om my te help en sy probeer. Sy wou net nie druk op my plaas nie. Toe het ek besluit, nee ek moet 'n keuse maak en ek moet nou begin.

[My liggaamlike vyand ... my liggaam het stadig en geleidelik afgebreek. My hare was bros en kleurloos en ek het altyd koudgekry.]

Eers toe ek begin reg word en ek kyk terug na die foto's, toe kon ek sien maar my hare was amper half grys gewees. En ek kon sien op die klasfoto's my bene was half potblou van die koue toe ons foto's geneem het. Ek sien net een ding en dit is die skaal en dit is dit.

So ek het myself die hele tyd geëvalueer: my hare was nie goed nie, my lyf was nie goed nie. My persoonlikheid was so dood ... dit was nie goed genoeg nie en dan sluit jy jouself mos toe. Dan is jy emosioneel toe want jy is nie goed genoeg nie.

6.4.2 Johlene se belewenis van haar sosiale self

Ander se terugvoering was vir Johlene baie belangrik. Dit was 'n belangrike opinie wat vir haar gegeld het in die bepaling van die belewenis van haar self. Sy het veral goed gevoel oor haarself wanneer ander haar gekomplimenteer het. Sy was moontlik voortdurend besig om haarself te evalueer. Ander se terugvoering was dus vir haar belangrik. Sy het moontlik maklik ander geglo, maar haarself kon sy nie maklik glo nie. Die terugvoering wat sy van ander gekry het het sy blykbaar in 'n ernstige lig beskou en baie daarvoor gedink en dit moontlik verwerk en ook soms haar gedrag daarvolgens gerig.

Tog het sy haarself soveel as moontlik geïsoleer en so min as moontlik met ander gekommunikeer: ***ek het baie na binne geleef en nie maklik met mense gepraat nie.***

Omdat sy vir haarself baie hoë akademiese standaarde gestel het om te presteer, moes sy konstant en gedissiplineerd leer. In die proses het sy haar familielewe nie as 'n belangrike prioriteit gestel nie en wou sy nie dikwels met hul sosialiseer nie. Om dieselfde rede was daar ook nie tyd vir vriende nie want sy moes leer. Om maer te wees en te presteer was vir haar die hoogste prioriteit. Dalk was dit ook 'n dekmantel om alleen te wees.

Sy wou nie ander toelaat in haar lewe nie uit vrees vir seerkry en verwerping. Sy het veiliger gevoel wanneer sy alleen was. Sy het ook konflik vermy. Moontlik was dit ook 'n rede waarom sy mense vermy het en alles presies reg gedoen het.

Sy wou nie emosioneel met ander gedeel het nie want sy wou sterk wees en sy wou nie haar swakhede ten toon stel nie. Sy wou ten alle koste sterk wees. Sy was baie onseker oor haarself en die vrees dat sy haarself sou blootstel of belaglik maak, was groter as haar behoefte om emosioneel met iemand anders te deel. Om hierdie innerlike sterkte te wys het sy al minder en minder geëet.

Sy wou ook nie sosiale aangeleenthede bywoon nie uit vrees dat sy gedwing kon word om te eet. Dit sou moontlik te veel beplanning beteken om kos te vermy sonder dat iemand dit agter kom. Terselfdertyd beweer sy dat die samesyn by partytjies vir haar lekker is, maar dat die eetgedeelte daarvan vir haar onaanvaarbaar is. Haar keuse vir isolering kan moontlik eerder toegeskryf word aan vrees vir verwerping en vrees vir kos of om te eet.

Sy het ook geglo dat sy nie vriende nodig het nie. Sy het met haarself bevriend geraak en het geglo dat sy op die wyse alleen kan regkom.

Johlene reageer soos volg met betrekking tot haar belewenis van haar sosiale self:

Ek dink jy trek dit ... jy soek die hele tyd dat ander mense vir jou terugvoering moes gee. So dit is vir jou belangrik om dit konstant te hoor. Jy gee altyd 'n stap verder om nog terugvoering te kry.

Enige iets wat hul vir jou sê (oor jou klere of oor hoe jy lyk) ontleed jy en kyk wat hul werklik daarmee bedoel het. En partykeer mag jy goed voel ... en jy verwerk dit baie positief...as iemand spesifiek iets vir jou sê, dan het ek weer baie daarvoor gedink. Ja, ek dink ek doen dit nou baie. Ek is nog steeds so 'n tipe persoon. Al ewige gesit en tob.

Ek dink ek het die heelyd nie goed genoeg oor myself gevoel nie. As ander nie vir my gesê het ek is goed genoeg nie, het ek nie geglo ek is goed nie. So ek het nie 'n bron in myself waaruit jy kan trek om jouself te motiveer om goed oor jouself te voel nie ek het eintlik dit nie gehad nie. As ander mense vir my komplimente gegee het, dan was dit waar. Dit is dalk 'n bietjie kontraversie, maar dit is moeilik om te verduidelik.

Jy vergelyk jouself die hele tyd met ander mense.

Ja, ek was nie die topstudent gewees nie, maar ek het redelik ... ek dink, ja, ek was derde in my standerd gewees en ek het altyd in die tagtigs gekry. Ja, maar dan moet jy ook besef ek het my familielewe half afgeskeep om dit te bereik en ek het my altyd toegesluit in die kamer om te leer en het niks tyd vir niemand gehad nie. Ek het regtig meer in myself gelewe as vir ander ... om ander dele van jou lewe ook uit te bou.

Saterdag moes ek leer, met die gevolg ek het nie tyd gehad vir vriende nie. Ek het net nie tyd gehad vir familie nie. As my ma aan die deur geklop het en gesê het soek jy tee, jy weet, of kom drink saam met ons tee, dan sou ek sê ek kan nie want ek moet leer, want dit was my prioriteit. So my prioriteit was verkeerd gewees. My werkslading of die drang om te presteer en om maer te wees was my hoogste prioriteit. En die mense om my was 'n laer prioriteit en tog het ek dit vir hulle gedoen. Maar dit was net verkeerd opgesom.

Ek wou hierdie sterk persoon gewees het. As ek sou oopmaak teenoor ander dan sou ek my swakhede gewys het en ek het nie altyd geweet wat sou mense gedink het nie. Ek dink dit is weer daai vrees vir verwerping wat weer inkom dat as jy dalk vir iemand 'n stukkie van jou eie gee, dan is jy bang hul gaan dit net afskiet. Die vrees vir seerkry is groter as die behoefte om emosioneel te deel met iemand. En dit is nou nog ... ek dink ek is op 'n punt waar ek baie baie meer deel as eers, maar dit is nog steeds ... baie keer as jy iets vir mense sê, dan dink jy half jy moes dit nie van jouself gesê het nie want wat dink hulle?

[Jy het my geleer om beter te voel, elke keer as ek presteer. Jou beskerm van konflik.]

Weereens kom dit daarop neer dat jy nie ingee nie. Of jy gee nie toe nie. Jy gee nie toe dat iemand emosioneel naby jou kom nie.

Ja, ek dink ek is bang ek kry seer. As jy te naby aan iemand kom, dan is jy net bang jy kry seer.

Ek was dalk bang dat mense kan agterkom oor hoe ek oor kos dink en het veiliger gevoel as ek geïsoleerd leef, want hoe meer jy buite jou raamwerk leef, hoe meer, jy weet, moet jy nog erger keuses maak om te besluit waarin jy glo.

Ek dink ek was bang gewees vir konflik ook, want konflik het beteken dat iemand dalk iets sleg oor my kan sê. Ook in die skool moet jy alles reg doen. Jy sal nooit 'n onderwyser se reëls breek nie. Jy soek nie daardie konflik nie. Jy soek nie iets wat negatiewe woorde van ander mense af trek nie. So dit is die beste om jousef maar net te isoleer.

... So min as moontlik iets te sê, want nou-nou sê jy iets verkeerd.

Ek dink die beskerming van menslike invloede kom daarop neer dat dit jou beskerm teen emosies omdat jy emosioneel half geskend is en ek moes myself onttrek. Met die gevolg is dat niemand kon my eintlik verder emosioneel skend nie, want ek is toegesluit vir hulle. So ek maak myself nie oop vir emosie nie, nie negatief of positief nie.

[Dit het my gehelp om die verlede en die emosionele pyn te onderdruk.]

Ek het baie in die toekoms geleef jy weet, so, die toekoms lê in maer wees en in die toekoms wil jy presteer. Dit weerhou jou om terug te kyk van wat gebeur het. Dit weerhou jou om te deel met dit wat gebeur het. So, jy kyk nie half terug nie, jy kyk vorentoe want as jy jousef gesien het as vet en lelik ...

[Jy het vir my ongemaklik laat voel by partytjies en funksies ... wil nooit uitgaan nie.]

Tydens sosiale geleenthede word jy in 'n posisie geplaas waar jy moontlik kan oortree.

Dit was altyd vir my lekker, partytjies en sulke goed. Maar nou moet jy mooi dink hoe gaan jy dit hanteer. Voor die tyd maak jy weer jou reëls. Jy gaan net een snytjie koek eet en dalk 'n paar chippies en dit is dit. So as die versoeking kom of as iemand iets aanbied, dan sê jy nee.

Ek het baie stadig geëet ... selfs met al die etes ook. As ek kan sorg dat my bord laaste leeg is, dan kan niemand jou ekstra aanbied nie.

[... Jy het my geleer om nie alleen te wees in my eie teenwoordigheid nie...]

Jy isoleer jousef omdat jy bang is wat mense vir jou sê. En dit kom terug hoekom ek my geïsoleer het ... ek het half met myself op 'n manier bevriend geraak, want dan

moet jy op jou eie kan wees en jy moet maar op jou eie kan regkom. En dit kom terug na jy is sterk om op jou eie te wees. Jy het nie eintlik ander nodig om jou te help nie.

6.4.3 Johlene se belewenis van haar geestelike self

Dit wil voorkom asof die belewenis van haar geestelike self 'n beduidende rol gespeel het in haar self belewenis. Sekere persoonlikheidseienskappe soos 'n sterk wilskrag, dissipline, die behoefte om in beheer te wees, die drang na sukses en die vrees vir mislukking blyk sterk na vore te kom. Haar religieuse siening het blykbaar 'n beduidende rol gespeel in haar hantering van anoreksia nervosa.

Sy was moontlik onderworpe aan baie streng **reëls** wat sy self gemaak het. Dit was blykbaar vir haar baie belangrik om gedissiplineerd te wees. Sy beweer dan ook dat dissipline blykbaar noodsaaklik is vir anoreksia nervosa. Saam met die groei van die siekte het haar selfdissipline toegeneem. Dit het nie net gegeld vir haar eetgewoontes nie, maar dit was ook van toepassing op ander terreine in haar lewe soos haar akademie, sport en godsdienstige selfdissipline. Dit het moontlik vir haar 'n gevoel van sekuriteit gegee. Indien sy nie die reëls kon nakom nie het dit erge frustrasie veroorsaak. Sy het blykbaar selfs die verwagting gehad dat iets sleg met haar sou gebeur as sy nie by die reëls hou nie. Om gedissiplineerd te bly leef, het sy vir haarself besondere hoë (eet-, oefen- en akademiese) standarde gestel. Indien sy nie aan die standarde sou voldoen nie, blyk dit dat sy haarself as 'n mislukking ervaar het. Dit het moontlik die gevolg gehad dat sy haar geestelike self negatief ervaar het. Die standarde wat sy moes handhaaf het ook moontlik gehelp om haar in beheer te laat voel.

Tydens die herstelfase van haar siekte moes sy die reëls wysig of selfs afstand daarvan doen. Haar hele wese het moontlik in opstand daarteen gekom. Blykbaar het sy dit as die ergste vorm van mislukking ervaar. Dit lyk asof dit 'n bedreiging vir haar sekuriteit was. Haar standarde het vir haar moontlik waarde gegee en sy moes daarvan afsien. Dit lyk asof haar hele menswees daardeur beïnvloed is.

Een van die reëls waaraan sy haar onderwerp het, was om haarself daaglik of selfs twee maal per dag te weeg. Die moontlike rede daarvoor was dat die skaallesing haar maatstaf vir sukses of mislukking was. Tydens haar herstelfase moes sy afsien van die reël en het sy dit verander na een maal per maand. Haar massatoename moes so geleidelik wees dat sy dit nie kon agterkom nie. Anders sou dit vir haar totaal onaanvaarbaar wees.

Dit blyk asof sy haarself as 'n baie sterk mens beskou het. Sy moes ten alle koste **innerlik sterk** wees en sy het haarself geen swakheid gegun nie. Emosionele optrede is blykbaar ook nie toegelaat nie. Dit wil voorkom asof sy haarself in vele opsigte gedryf het. Honger is nie beskou as 'n normale fisiologiese behoefte nie, maar as 'n swakheid wat oorkom moes word. Honger en siekwees is moontlik as swakhede beskou. Sy het haarself geleer om dit te ignoreer en net aan te gaan. Bulimie was nooit vir haar 'n opsie nie, want dit sou moontlik 'n teken van swakheid wees en haar sterkte het blykbaar juis daarin gelê dat sy haar ideale massa kon bereik deur sonder kos te bly en op geen ander wyse nie. Dit het haar sterk laat voel.

Om te kla is as 'n **swakheid** beskou wat daarop gedui het dat nie sy nie sterk genoeg was om 'n situasie te hanteer nie. Wanneer sy egter volhard het, het sy sukses beleef. Sy kon nie haar probleme rondom eetwanpraktyke met ander emosioneel deel nie want ander persone beoefen dit nie en moontlik verstaan hul dit ook nie. Dit moes in die geheim gedoen word, wat haar nog meer sosiaal geïsoleer het, en sy het nie die ondersteuning van ander (veral haar portuurgroep) gehad nie.

Ander (betekenisvolle - en verwysingsgroep ander) se terugvoering was vir haar belangrik. Sy het moontlik die terugvoering gebruik in haar selfevaluering. Dit was dus vir haar besonder belangrik dat ander nooit haar swakhede moes sien nie. Volgens haar siening moes sy dus onder geen omstandighede haar emosionele behoeftes met hul deel nie.

Om toe te gee aan honger en iets te eet wat ontoelaatbaar was, was volgens haar opinie 'n emosionele besluit of toegewing wat in 'n oomblik van swakheid geneem is.

Dit lyk asof sy 'n besondere **deursettingsvermoë** getoon het. Uit die gesprekke lyk dit asof sy 'n sterk persoonlikheid met 'n sterk wil van haar eie verwar. As sy vir haar 'n doelwit gestel het soos met betrekking tot kos en massa, dan het sy ten alle koste daarby gestaan. Sy het nooit toegegee aan haar behoefte vir kos nie.

Sy het haar ook nie liggaamlike rus gegun nie want om te rus het sy geassosieer met luiheid. Dit het moontlik verband gehou met energieverbruik. Om konstant besig te wees is beskou as 'n manier om energie te verbrand. Dit het ook gedui op haar deursettingsvermoë. In haar brief dui sy aan dat dit juis anoreksia nervosa was wat haar die deursettingsvermoë geleer het. Dit blyk asof hoe sterker haar innerlike krag gegroei het, hoe meer het sy in beheer gevoel. Dit het weereens positief bygedra tot die belewenis van haar geestelike self.

Om **in beheer te wees** was vir haar belangrik, maar sy het nie so 'n obsessie daarvoor gehad nie. Wanneer sy uit haar roetine raamwerk beweeg het sy moontlik ervaar dat sy buite beheer raak omdat sy moes voorgee haar eetgedrag is normaal. Sy moes gedurig planne beraam om te kompenseer vir oortollige kilojoules wat sy moontlik gaan inneem. Sy moes blykbaar haarself gedurig evalueer met betrekking tot selfopgestelde reëls. Sy moes ten alle koste daarby hou anders het sy buite beheer gevoel en het sy haarself ervaar as 'n mislukking. Dit het ook baie spanning veroorsaak. Tog ervaar sy dat anoreksia nervosa haar beheer gegee het oor ander aspekte in haar lewe wat sy as positief ervaar.

Sy het moontlik in 'n mate mense **gemanipuleer** om erkenning aan haar te gee.

Omdat **erkenning** vir haar so belangrik was, het sy dit probeer kry deur manipulasie. Uit haar brief blyk dit dat sy ervaar het dat haar verstand deur anoreksia nervosa gemanipuleer word. Dit was asof sy nie meer uit vrye wil kon besluite neem rakende haar eetpraktyke nie, maar dat die siekte haar besluitneming oorheers het. Sy het gesmag na erkenning, maar wou nooit vir haarself erkenning gegee het nie. Sy het dit probeer afdwing deur voorbeeldig te wees en deur te presteer. Slegs ander se opinie oor haar het gegeld in haar selfpersepsievorming. Sy het haarself nooit geglo nie. Sy het nooit goed oor haarself gevoel nie tensy sy positiewe terugvoering van ander gekry het.

Sy het baie gereeld kerkfunksies bygewoon in die hoop dat ander haar sal sien as 'n voorbeeldige mens. Moontlik wou sy daardeur erkenning kry en dit was ook haar manier om ander se aandag weg te lei van haar liggaam wat fisies besig was om agteruit te gaan. Dit was dus 'n vorm van 'n dekmantel vir haar eetwanpraktyke.

Johlene het sterk **godsdienstige waardes**. Haar oortuiging was dat haar geestelike lewe met die groei van die anoreksia nervosa verdiep het. Dieselfde dissipline wat sy toegepas het op ander terreine in haar lewe, het sy toegepas in haar geestelike lewe. Sy beweer dat dit juis haar godsdienstige insig was wat haar uit anoreksia nervosa help kom het. Dit was toe sy die insig gekry het dat sy in die leuen geglo het en haar hele lewe daarvolgens ingerig het, dat sy van denke begin verander het. Die godsdienstige reëls wat sy slaafs nagevolg het, moes sy verander om by haar nuwe oortuiging aan te pas. Hierdie selfinsig was blykbaar, volgens haar, die dryfkrag agter haar herstel.

Mislukking het sy vereenselwig met oortredings en sukses is gekoppel aan massaverlies. Sy het nooit strafmaatreëls ingestel as sy oortree het nie maar wel gekompenseer met

matige oefening. Sy het egter so streng by haar selfopgelegde reëls gehou dat straf feitlik nooit nodig was nie.

Dit blyk asof sy 'n baie **swak selfbeeld** gehad het en dikwels minderwaardig gevoel het. Volgens haar was sy nie waardig om liefgehê te word nie asook om erkenning te kry nie. Sy het haarself as onwaardig beskou om vriendskappe aan te knoop. Persone se aanmerkings (terugvoering) het sy uiters negatief beleef en het dit toegeskryf aan die feit dat sy nie goed genoeg was nie. Slegs negatiewe aanmerkings oor haar maer liggaam het sy as positief ervaar. Matigheid op enige gebied het sy moontlik as mislukking beskou. Slegs toe sy uiters maer en gedissiplineerd was, het sy ervaar dat sy erkenning kry. Slegs toe het sy gevoel dat sy iets bereik het.

Sy was bang dat indien sy beter oor haarself sou voel, sy haarself nie meer so sou dryf nie. Sy het dus gebruik gemaak van 'n negatiewe dryfkrag. Haar negatiewe selfbelevens het dus in 'n mate haar gemotiveer om beter te presteer volgens haar eie standaarde.

Haar selfbeskrywing was uiters negatief. Sy het haarself beskryf as 'n vet, onaangename mens. Sy het haarself voortdurend negatief geëvalueer. Dit is veral haar fisieke self en haar geestelike self wat sy so negatief ervaar het.

Vir Johlene was dit baie belangrik om te **presteer** en **sukses** te behaal. Sy het haarself beleef as iemand wat op die meeste terreine in die lewe net gemiddeld is. Toe sy agterkom dat sy kon presteer op akademiese vlak en daarin geslaag het om maer te wees, het sy daardie aspekte as hoogste prioriteite beskou. Ander het slegs haar prestasie gesien en nie besef hoe sy fisies agteruitgaan nie. Die prestasie het ook vir haar sekuriteit gegee, maar later is sy gebind aan daardie sekuriteit en kon nie daarsonder leef nie. Sy het haar geestelike self so negatief beleef dat sy gedink het sy moes presteer om deur ander aanvaar te word.

Sy het vir haarself **standaarde** gestel wat sy ten alle koste aan moes voldoen. Sy kon nie noodwendig ander se standaarde bereik nie, maar wel die standaarde wat sy vir haarself opgelê het. Sy erken dat die standaarde nooit perke gehad het nie. Sy was nooit volgens haar standaarde maer genoeg nie. Dit het nooit opgehou nie en sy het dit ervaar as 'n eindelose, bese kringloop. Omdat sy so ingestel was op prestasie en mislukking so gevrees het, wou sy eintlik beter doen as die voorafopgestelde standaarde. Sy het self die insig

gehad om te besef dat sy nooit sou voldoen aan die standaard solank as wat sy haarself nie aanvaar het nie. Dit was soos 'n mag wat sy moes gehoorsaam.

In die herstelproses was dit uiters moeilik om af te sien van die standaard. Vir jare lank het sy sekere standaard gehandhaaf wat betref skoonheid, massa en die eet van voedsel. Sy moes haarself oortuig dat haar standaard onrealisties was. Dit was egter blykbaar uiters moeilik vir haar om daarvan af te sien.

Tydens haar siekte het sy 'n baie erge vrees gehad vir vetword. Die vrees is gekoppel aan 'n vrees vir kos. Kos en massatoename was vir haar sinoniem. Die ergste vrees in die verband was haar vrees vir die skaal. Sy het die skaal as maatstaf gebruik van haar sukses of mislukking en nie hoe sy gelyk het nie. Haar vrees vir die skaal het sy vergelyk met die vrees vir 'n onderwyser of haar ma wanneer sy oortree het. Die vrees wat sy gehad het was van so 'n aard dat dit gepaard gegaan het met die afwagting van straf.

Die **vrees** wat sy gehad het vir **massatoename** tydens die herstelproses het haar paniekerig gemaak. Sy was gedurig in die konfliktsituasie van normaal wees en maer wees. Sy wou moontlik so graag weer normaal wees, maar sy het massatoename gevrees.

Sy het haar probleme rondom eetversteurings doelbewus as gering beskou. Sy het haar self wys gemaak dat dit nie so erg is nie. Op dieselfde wyse het sy probeer om probleme uit die verlede gering te ag al het dit negatiewe emosionele invloed op haar gehad.

Johlene reageer soos volg met betrekking tot haar belewenis van haar geestelike self:

Ek het gedurig reëls gemaak.

Ek moes myself elke dag geweeg het. Dit was soos 'n reël. Anders het jy nie daardie sekuriteit met jouself nie.

Ek het in 'n streng skedule of program geleef ... ook my slaappatroon is daarvolgens ingerig.

Ek het streng begin gedissiplineerd raak – in die akademie en alles. Ek moes elke dag gaan oefen. As ek nie gaan oefen het nie, moes ek gaan draf. Ek was kwaad gewees as dit gereën het en ek nie kan gaan draf nie, want dan voel dit jy raak buite jouself van

frustrasie ... dit eet jou half hier van binne op, want jy dink enige iets sleg gaan nou met jou gebeur. Eintlik dink jy jy is 'n mislukking, omdat jy nie by jou standarde kon hou nie. So ek het vir myself standarde gestel. Jy het vir jou akademiese standarde begin stel. Ek het vir my oefenstandarde begin stel en ek het begin eetstandarde stel en jy gaan nie verby dit nie. Ek het vir myself gesê: as daar "snackwich" is, dan is dit net een want dit is die standaard. En jy mag nooit oor daardie een gaan nie. So dis 'n reël, dis 'n vaste ding en as dit sou gebeur het en jy het oor dit gegaan, dan voel jy weereens heeltemal buite beheer. Jy voel net jy kan nie; jy voel net jy is heeltemal 'n mislukking. Dis half soos 'n toets wat jy elke keer voel jy moet deurkom en as jy dit nie regkry nie, dan misluk jy.

Toe ek anoreksia gehad het, het ek my elke oggend geweeg, elke liewe dag en partykeer twee keer per dag.

As ek van die skool af gekom het, het ek dadelik my deur toegemaak en begin studeer. Dit was my studeertyd gewees en niks kon dit onderbreek nie en as iets onderbreek het, was dit baie irriterend. So dit was 'n spesifieke roetine waarin ek was.

So ek het nie eintlik vir myself toegelaat om emosioneel te wees nie. Jy is sterk en jy het jouself gedryf ... jy was 'n drywer gewees ... jy was jou eie drywer gewees. So jy moet maar net vasbyt en aanhou en dit kom ook baie in met oefening. Jy moet maar vasbyt en uithou. So al voel jy honger, moet jy sterk wees.

Nee, ek was nooit in die versoeking om bulimiese praktyke te beoefen nie. Ek dink dit sou vir my 'n swakheid gewees het. So my ideaal het daarin gelê ... in die krag wat jy daaruit put ... om te wys jy kan dit doen. Jy kan sterk wees en jy kan sonder om enige ander metodes te gebruik, effektief gewig verloor.

Ek dink tog ek het 'n sterk persoonlikheid. Nie dat ek 'n ekstrovert is nie, maar ek dink 'n sterk persoonlikheid in terme van 'n sterk wil van jou eie. So as jy besluit het op ietsie dan wil jy en dit is wat my ma ook altyd vir my gesê het: my kop is 'n bietjie hard. So as ek besluit het ek wil iets hê en ek wil dit so doen, dan wil jy dit so hê en so gedoen hê. Tensy iemand met goeie oortuiging kan kom en sê ...

Jy gee nie toe dat jy oortree met kos nie. Jy sien dit ook as 'n swakpunt. Dit is ook soos emosionele ingewing.



Ek dink ek het deursettingsvermoë, want weereens kom dit daarop dat jy gee nie in nie. Of jy gee nie toe nie. Jy gee nie toe dat iemand emosioneel naby jou kom nie. Jy gee nie toe dat jy oortree met kos nie.

[Jy het my gewys dat ek kan enigiets bereik as ek my kop daarop sit.]

[Jy het my bewys ek het 'n uithouvermoë en innerlike dryfkrag en dat ek elke dag sterker en in beheer kan voel.

Ja, ek dink jy aanvaar dit dat jy deursettingsvermoë het, maar jy sien dit nie altyd so raak nie. Maar tog elke keer as jy iets bereik, dan is dit half goed. Maar jy is nog nie goed genoeg nie.

[Jy het my geleer om nooit te kla nie, byt net vas.]

[Jy het my beheer oor my lewe en my omstandighede gegee. Vir verhoudinge en agtergrond met 'n ander geslag.]

So dis 'n reël, dis 'n vaste ding en as dit sou gebeur het en jy het oor dit gegaan, dan voel jy weereens heeltemal buite beheer. Jy voel net jy kan nie – jy voel net jy is heeltemal 'n mislukking.

Jy wil half 'n perfekte lewe leef ... in roetine leef waar alles werk soos wat jy die dag beplan het. So jou lewe is 'n beplanning en dan gebeur daar iets en dan moet jy weer oorbeplan. Dit is die hele tyd 'n mallemeule van wat nou, wat nou?

Ja, ek het my ouers gemanipuleer. Soos byvoorbeeld met skoolprestasie. Dan sal jy jou rapport voor hulle neersit en dan sal hul sê; "jis, dis goed". En dan sal jy sê dis nie eintlik so goed nie. En dan sal hul dalk nog iets ekstra sê: "Wat, nee dit is fantasties!" Dan sal jy sê ... nee, dalk kon ek beter gedoen het. Dan moet hul sê ...

[My verstandelik martelaar ... hy het jou verstand gemanipuleer ... gebreinspoel met leuens en straf.]

Ek het nogal baie sterk godsdienstige reëls gehad. Ek dink my geestelike lewe het gegroei van standerd vyf af. Dis vir my baie snaaks ... saam met die hele groei van

anoreksia. Omdat jy sterk gedissiplineerd was en reëls gehad het, het ek baie sterk geestelik gedissiplineerd ook geleef. Toe ek besluit het maar hierdie is taboe was dit ook of die Here gesê het maar jy is besig om jousef af te kraak. Jy is besig om selfmoord te pleeg. So dit was half 'n openbaring gewees en dit was soort van nog 'n motivering gewees om daar uit te kom ... dat die lewe wat ek nou leef is ook nie eintlik in lyn met God se woord nie. ... Het ek ook besluit maar dan leef ek ook in 'n leuen. So die geestelike reëls en goed wat ek opgestel het is nie nou van belang nie. Dis van belang dat die liggaam wat die Here vir my gemaak het, ek mooi moet na kyk. So daardie openbaring het my ook gehelp om uit dit ook uit te kom.

Ek het net een dag ... dit is die dag toe ek tot my sinne gekom het ... het ek beseef as dit nog verder aangaan dan gaan ek in die proses van doodwees. Dit was skrikwekkend. Ek dink dit was my deurbraak ook gewees. Toe jy beseef maar dit is eintlik 'n paadjie van selfmoord gewees wat jy stap. Dit is hard as jy dit so hoor, maar dit is eintlik wat besig was om te gebeur. Toe ek dit kon insien, het dit my gehelp om te beseef dat ek is besig om 'n paadjie van selfmoord te stap. Ek was besig om my familie en dié rondom my te skaad. So daai was maar half die dryfkrag agter herstel gewees.

Die feit dat jy al die kerkfunksies bywoon, dan dink die mense maar "joe" sy is 'n voorbeeldige mens. En ek dink dit is ook waarom mense soms, omdat jy so 'n goeie mens is, nie eintlik agterkom dat jy agteruit gaan nie. Jy doen dan al die regte goed.

Dit dryf jou die hele tyd om beter te wees. Jy is nie goed genoeg nie, so jy is die hele tyd bewus van jousef en alhoewel jy maer lyk, is jy nog steeds selfbewus. Jy voel nog nie goed genoeg nie. So dit dryf jou om beter te doen, maar dit gee jou nooit die satisfaksie dat jy eintlik iets bereik het nie.

Elke keer as jy iets ekstra eet het jy ... jy gaan half in ... dit is asof jou hele liggaam lam word. Jy weet jy misluk jousef. Jy misluk hierdie hele ding waaraan jy gebou het. Jy is besig om dit af te breek. Jy voel as jy dit gaan los, gaan jou hele wêreld inmekaar stort, want dit was my sekuriteit gewees. Dis waarin ek geleef het. Dis waaraan ek gewoond is. En nou wil iemand verwag jy moet buite dit uitstap. Uit hierdie sekuriteit wat vir jou jou doel gegee het, vir jou jou waarde gegee het om te kan bestaan, want jy het voldoen aan standarde en nou moet jy hierdie standarde laat sak. So verwag iemand van jou om minder mens te wees. So dit was baie moeilik. Dit is half elke dag se stryd.

Ek dink nie ek is waardig om liefgehê te word nie ... waardig om erkenning te kry nie. Om saam met mense te wees waarna jy opkyk. Jy weet jy sal altyd dink dis 'n oulike persoon, maar jy is nie waardig om in daardie persoon se teenwoordigheid ... of jy is nie goed genoeg nie ... ek dink waardig is goed genoeg. Ek is nie goed genoeg nie

Ek dink ek was baie sensitief vir mense se aanmerkings, jy weet klein aanmerkings. As 'n ouer kind dalk vir my iets gesê het sonder dat hulle dit bedoel het, of as 'n tannie dalk 'n bietjie hard met jou gepraat het en jy het rêrig nou van haar gehou. As iemand jou dalk teleurgestel het dan het jy gevoel dit is dalk omdat jy nie goed genoeg is nie.

Ek dink in 'n mate het ek gevoel dat as ek positief oor myself voel en meer grasia gee aan myself, dan gaan ek minder presteer. As jy dit so kan sê, maar as ek die hele tyd hard is op myself en myself net die heelyd dryf, dan gaan jy meer prestasie kry. So dis half 'n negatiewe ... 'n negatiewe dryfkrag.

[Ek was nooit goed genoeg vir jou nie, nooit maer genoeg en die standaard wat jy aan my gestel het, het nooit grense gehad nie. Daar was nooit 'n perfekte massa prestasievlak nie.]

Ja, dit kom terug as jy net die heelyd glo daar is net nie 'n einde daaraan nie, jy gaan nooit goed genoeg wees totdat jy jousef aanvaar nie. Jy stel self die heelyd jou goedheidstandaarde en in die eerste plek aanvaar jy jousef nie, so daar is nie 'n einde nie. Dit is net so 'n kringloop.

Hoe sterker die eetversteuring geraak het, hoe beter het ek op skool begin presteer en hoe harder het ek geoefen in hokkie, atletiek en draf.

Wat gebeur het - dit was buite my bereik. Kom ons vat: ek kon 'n bietjie sing, maar ek kon nooit ... ek het altyd matig gedoen soos op laerskool. Ek het nooit fantasties goed hokkie gespeel op laerskool nie, ek het nooit fantasties goed gesing nie, ek het nooit fantasties goed presteer nie. So ek het elke keer gevoel maar ek kom nie bo uit nie. Ek het altyd matig gedoen op skool en ewe skielik kry ek dit reg. Die enigste ding wat ek kan regkry is om gewig te verloor en om dalk bietjie te presteer op akademiese vlak. En as jy agterkom maar dit doen jy goed ... dit is iets waarin jy goed is, dan skuif ek alles uit en ek fokus net op daai twee goed, want ek kan satisfaksie daaruit trek. Want al die ander goed doen ek net matig en dit het my frustreer, ja, want jy kan nêrens bo

uit kom nie. Jy moet net altyd hier in die middelvlak ronddryf. En ewe skielik kom jy agter maar jy kan: jy is goed om gewig te verloor. Omdat jy nie ander ouens se standarde kan bereik nie, maak jy jou eie standarde. En dan kan jy dit bereik en dan voel jy goed. En dan voel jy jy presteer nou.

Jy presteer goed en jy doen goed. Eintlik binne in my gaan ek agteruit, maar mense om jou kom dit nie eintlik agter nie. Want ek dink dit is ook 'n vorm van manipulasie want dan is jy nie eerlik met die ouens nie. Jy voel sleg maar jy gebruik ander metodes net om dit half te dek.

Jy is gebind aan daai sekuriteit. Jy is gebind aan die feit dat jy maer is en dat jy goed presteer.

[Jy laat my voel ek is niemand se liefde werd nie – slegs deur prestasie.]

Omdat ek myself so gesien het, kon ek nie dink jy moet iets doen om iemand se liefde half in te win, want as jy so na jouself kyk, dan glo jy ander kyk ook so na jou. So dit is onmoontlik.

... Elke keer as jy ietsie oortree of ietsie doen wat jy gedink het, maar nou is dit te veel, dan kry jy dieselfde gevoel van naarheid en mislukking wat terugkom.

Ja ek dink ek het gevoel jy is nou op 'n punt wat jy lank gewerk het aan en jy het goed gewerk want elke keer ... ek dink selfs as ek nog minder gegaan het, sal jy sê "jo" nou weeg jy nog minder. Jy vergelyk jouself die hele tyd met ander mense.

Jy voel goed daaroor.

Ek dink ek het dit dalk gesien as mislukkings, maar omdat ek so graag goed wou gedoen het en net 'n bietjie erkenning dalk gekry het. Ek het naderhand gedink ek is matig. Ek was net nie meer gelukkig daarmee nie. En die matigheid het ek as 'n mislukking gesien. En ewe skielik begin ek nie meer matig wees nie. Ewe skielik is ek uiters maer, ewe skielik is ek uiters goed en uiters gedissiplineerd, met die gevolg ek het nou iets bereik in die lewe. Ek voel dit is dan wat ek bereik het.

Dit was vir my eintlik 'n hele strydproses gewees. Kom ons sê vir drie vier jaar het jy gesê dit was jou standaard gewees. Dit is hoe jy jouself geprogrammeer het: dit is

soos mooi lyk. So nou moet jy eintlik teen daai persepsies gaan. Dit is nog vir my steeds moeilik. Jy voel nog steeds maar jy kan eintlik maerder wees nie. So elke keer as jy optel is dit half wil ek eintlik verloor het, maar ek dink dit was eintlik maar half genade gewees ek het maar half by die besluit gehou en gesê: dis "all right". Gaan maar nog net aan. Maar dit was baie moeilik. Elke keer het ek baie geleidelik opgetel.

Ja ek het 'n vrees vir vet word en kos gehad. Ek dink so. Nie voor die tyd nie. Nie voor anoreksia nie. Toe ek begin het, baie erg. Vir vet word baie, baie erg. Vir kos, ja, in 'n mate. Jy is meer bang om goed te eet, want jy weet jy wil dit nie hê nie. Dis maar eintlik 'n "link" tussen vet en kos. Jy is bang vir vet word en omdat jy bang is vir die vetmaak, is jy bang vir die kos. Die vet word verbind aan die kos, want hoe meer jy eet, hoe meer vet gaan jy kry. Ek dink dit is 'n vrees wat verbind word aanmekaar.

Ja ek was 36 kilogram en toe ek op die skaal so af en toe klim en ek sien nou trek ek by 42 dan begin ek dink ek moet nou stop. En jy voel paniekerig. Jy voel paniekerig en jy voel ook skuldig en jy voel ook 'n mislukking. Dis die heelyd hierdie ... dis asof twee goed die hele tyd teen mekaar speel. Dis die heelyd aan die eenkant jy wil maer wees en die ander kant jy wil normaal wees. So jy stry dit die heelyd in jou kop. En jy besluit watter kant moet wen

[Jy het my geleer om alle probleme te verkleineer, niks is so erg as wat dit lyk nie.]

Ja en dit kom terug, omdat selfs enige "issue" wat jy kry, sal jy sê jy kan nie kla nie, so hanteer dit nou maar. En dit kom terug na as jy naderhand begin maer lyk dan is dit nie so erg as wat dit lyk nie. Dit is nie so groot probleem nie. En dit kom terug om te sê ek het nooit gedink my probleme is "solid" nie. Ek het nie gedink dit is waardig om daaroor te praat nie. Jy maak dit al hoe kleiner soos jy deur die proses gaan. Jou probleme word eintlik al hoe groter, maar jy begin dit al hoe kleiner maak. Dit is nie so erg nie. Ek eet nie eintlik so min nie. Jy weet, ek werk nie eintlik so hard nie, ek slaap nie eintlik so min nie. En dan kom jy terug by die verlede wat nie eintlik so erg was nie en dit het nie eintlik so groot impak gemaak nie. So jy hoef dit nie eintlik vir iemand te sê nie.

6.4.4 Johlene se belewenis van haar self in interaksie met die gesin as betekenisvolle ander

Haar ouers het 'n belangrike rol in die belewenis van haarself gespeel. Sy beweer dat hul nie 'n rol gespeel het in die ontstaan van die eetversteurings nie. Volgens haar is daar nie maklik gepraat oor onderwerpe soos seksuele ontwikkeling nie. Enige probleem rondom die seksuele is nie hanteer nie omdat daar blykbaar nie vrymoedigheid was om daaroor te praat nie. Op die oog af het hul blykbaar goeie verhoudings met mekaar gehad. Hul het baie korrek geleef. Soggens het hul Bybelstudie gehou en oor minder belangrike aspekte gedeel en saamgebid. Hul het egter nie oor dieper emosionele aspekte met mekaar gedeel nie. Dit lyk asof sy gesmag het na erkenning en aandag van haar ouers. Haar skoolwerk en haar gedrewenheid rondom maerwees was die hoogste prioriteite op daardie stadium in haar lewe. Dikwels het dit ten koste van haar gesinslewe geskied. Die gesin se pogings om haar te betrek in sosiale saamwees het sy meestal van die hand gewys. Uit haar gesprekke blyk dit dat sy berou getoon het op 'n later stadium van haar lewe omdat sy haar gesin so afgeskeep het.

Daar was nie streng, rigiede reëls oor kos nie en sy is op geen stadium gedwing om te eet nie.

Johlene reageer soos volg met betrekking tot haar belewenis van haarself in interaksie met die gesin:

Ek het baie gewonder hoe dink my ouers oor my.

Ek dink nie die fout het by my ouers gelê nie.

Seksuele ontwikkeling was dalk ook nie van jou ouers se kant mooi verduidelik nie ... presies waaroor dit gaan nie. Net 'n klein bietjie omdat dit maar 'n tradisionele huis is ... nie 'n lekker onderwerp om oor te praat nie. So vir my as kind was dit baie nuut gewees. Jy het dit nie verstaan nie en ek was die eerste meisie gewees en ek het 'n ouer broer gehad.

Ek dink in 'n matige moderne tradisionele opset was daar nie so erg streng reëls nie. Ek bedoel dit was maar normale dissipline gewees. Glad nie rigied nie. Ek dink ek het

eintlik myself meer gedryf as enige iemand anders in die huisgesin. Almal was meer rustig. Ek was altyd die meer ernstige een.

As kind, jy weet, ons moes maar ons kos opgeëet het. As jy nie honger was nie, sou jy nie poeding gekry het nie ... nie dat dit so ernstig was nie, maar meer net 'n motivering wat die ouers gebruik het. En die gebruik van: jy is nou vol, nou nog net drie happies. En ons kon twee "sweeties" 'n dag gekry het en dit was dit. Soos ons ouer geword het, het die streng reëls ... jy weet dit val 'n bietjie weg. Ons het nog steeds ontbyt, middagete en aandete gehad en vir skool toebroodjies en 'n koeldrank gekry.

Niemand het vir my ooit in die huis gedreig met as ek te veel eet, sal ek vet word nie.

Sy beweer dat sy nie 'n oop verhouding met haar pa gehad het nie. Sy kon nie met vrymoedigheid probleme met hom deel nie. Hy het net sekere tye aan haar aandag gegee. Hy het nie dieselfde warm persoonlikheid as haar ma gehad nie. Sy het die persepsie gehad dat as sy beter presteer en beter ooreenkomstig haar standarde lyk, sy meer aandag sou kry. Haar pa het goed op skool presteer en was 'n goeie atleet. Sy het gedink dat sy meer vrymoedigheid sou hê om met hom te kommunikeer as sy meer atleties lyk en beter presteer. Sy het eintlik 'n groot behoefte aan aandag en erkenning en liefde gehad. Reeds vandat sy 'n klein dogtertjie was, het sy 'n bewondering vir hom gehad en graag dinge saam met hom gedoen. Sy wou graag sy goedkeuring hê en het behoefte aan meer liefde gehad. Sy wou moontlik beter presteer om meer aandag van hom te kry. Dit blyk asof sy in 'n mate verwerping beleef het.

Ek sal nie sê my pa was naby, naby aan my nie. My pa het sulke tye wat hy aandag aan 'n mens gee. Ek dink my geaardheid is baie soos syne. Hy is ook baie meer toe. Hy is nie oop nie ... daar was nie 'n oop verhouding sodat ek sommer net by hom sou gaan sit en deel het nie ... nie maklik met probleme nie. Nou dalk meer omdat 'n mens leer om bietjie meer oop te maak, maar hy het nie dieselfde warm persoonlikheid as wat my ma sou gehad het nie.

Ek dink nie my ouers het inherent druk op my van hulle kant uitgeoefen nie. Hul het nooit gesê jy moet soveel of jy moet dit kry nie, maar ek dink ek het 'n persepsie gevorm in myself dat as ek presteer en as ek beter lyk dan gaan ek meer aandag kry. So ek dink ek het wel gesoek vir aandag omdat ek vir myself gesê het jy kan nie by iemand gaan sit en praat nie.

My broer was 'n bietjie meer atleties as ek. Jy sien my pa was 'n goeie atleet gewees en ek dink omdat my verhouding nie so goed was met hom nie, het ek gedink dat as ek fikser word en as ek goed akademies presteer, sou dit help. My pa het ook redelik goed gedoen en ek het gedink inherent gaan daar 'n beter verhouding van daardie staanspoor uitkom. So ek het my konstant gedruk en dit was vir my lekker as ek by die huis kom en ek het die rapport neergesit en hulle het gedink dit was fantasties goed of wat ook al.

As klein dogtertjie het ek my pa bewonder. Ek dink ek het opgekyk en probeer goed saam met hom doen ... omdat ek 'n meisie was en ons was maar op die plaas en jy probeer so veel as moontlik ... Ja, ek het baie opgekyk na hom as klein dogtertjie.

Ek wou graag sy goedkeuring hê.

Ek het nie soveel van sy onvoorwaardelike liefde gekry as wat ek gedink het ek nodig gehad het nie. Ek weet ek het gesoek na nog meer as wat hy dalk kon bied het op daardie stadium.

Ek dink dit was vir hom moeilik om liefde te wys. Ek dink hy was ook baie meer weg ook. Jy weet met die plaaswerk. So jy het baie min ... ek het baie meer van my ma gesien.

Ek het geprester om sy goedkeuring en aandag te kry.

Nee ek glo nie hy het sy liefde net voorwaardelik gegee nie ... nee. Ek het dit so opgesom. Ek dink ek het 'n hele situasie bekyk en dit verkeerd opgesom ook. 'n Klomp goed soos wat mense dalk sê omdat hulle goeters sê en ek ontleed dit so intensief; dan som ek dit verkeerd op.

Haar ma het beslis 'n groot rol in haar lewe gespeel. Alhoewel hul dikwels in mekaar se geselskap was en haar ma aktief by haar betrokke was, het sy nie die vrymoedigheid gehad om emosionele dinge met haar te deel nie. Vir ses jaar lank het sy nie 'n slegte seksuele ervaring met haar ma gedeel nie. Die feit dat haar ma haar voor die dokterbesoek daarmee gekonfronteer het, dui moontlik aan dat haar ma wel iets vermoed het. Haar ma het ook nie met haar gepraat oor die feit dat sy so maer is nie. Dit blyk asof haar ma wel bewus was van haar eetprobleem, maar niks daaraan gedoen het nie. Eers op 'n later stadium toe sy (haar

ma) haar maer uitgeteerde liggaam gesien het, het sy daadwerklik opgetree. Dit alles dui daarop dat daar nie so 'n goeie verhouding bestaan het nie. Haar ma het nooit druk op haar uitgeoefen nie. Sy moes self besluit.

Haar ma was egter baie sensitief vir ander se terugvoering. Sy is beskuldig daarvan dat sy nie haar dogter goed voed nie. Ander se opinie oor haar hantering van haar dogter se eetprobleem het haar genoop om op te tree. Sy het uitgereik na haar dogter, maar Johlene het verkies om nie te deel nie. Sy het wel 'n beter verhouding met haar ma gehad as haar pa, maar die verhouding het steeds baie tekortkominge gehad.

Haar ma het haar dikwels aangemoedig om meer te eet, maar het nie druk op haar uitgeoefen nie. Op 'n kritieke stadium van die siekte het sy haar egter gedreig met hospitalisering. Haar ma het ook dikwels godsdienstig met haar gedeel oor haar eetpraktyke. Sy het dikwels haar ma se toenadering van die hand gewys. Dit was asof sy wou keer dat iemand te na aan haar kom.

Soms het my ma spesiaal iets lekker vir my gemaak, maar dan val dit nie binne die reëls nie ... dan voel 'n mens sleg as jy dit nie eet nie.

In standerd agt het daar 'n keerpunt gekom toe my ma my gedreig het om my te laat hospitaliseer.

My ma is 'n maatskaplike werker ... sy het my baie gehelp.

Ek kon sien ek maak my ma seer want almal het vir haar gevra wat makeer jou kind.

Ek sal dit noem. Dit is lank terug. Ek het dit vir die eerste keer vir my ma ook gesê, wat half sleg was, maar ek was as kind eenkeer gemolesteer en ek dink dit was ook moontlik 'n aanleiding tot dit gewees. Een van die goeters. Een omdat ek nie 'n mens is wat oopmaak nie, het ek dit nooit vir iemand ooit gesê nie ... en, voor ek dokter toe gegaan het, en die anoreksia half erg was, het my ma net voor ons in die spreekkamer ingegaan het ... vir my gevra....

Sy het beradingsagtergrond gehad. En dit was die eerste keer ... toe was ek in standerd ag ... so dit was omtrent ses jaar wat ek niks gesê het nie. Die eerste keer in

standerd ag toe ek gesê het ja, daar was so iets gewees. En sy het ook saam met my gesit en dit deurgewerk.

Ek dink my ma het gesien wat gebeur het en geleidelik het dit haar gepla, maar sy het dit as ernstig gesien, maar sy het nooit daaroor met my gepraat nie.

Ek dink ek was heertyd nader aan my ma as my pa gewees. Jy weet ons was nie baie na aan mekaar nie ... ons is nou in 'n beter verhouding as toe. In elk geval ek dink ek het my baie toegesluit omdat ek soos ek nou-nou gesê het ... ek wou nie my probleme gedeel het en ander mense s'n gemaak het nie, maar ek dink van daardie tyd af wat 'n mens deur 'n moeilike tyd gegaan het, het ek gesien ek kan oopmaak. Want sy het gesê kom ons bid hieroor en sorteer dit nou uit en sy ondersteun my. Dit het baie gehelp. Eintlik omdat sy verstaan het en ook nie ekstra druk op my geplaas het nie.

Ek dink ek het gesien wat dit aan haar doen. En ek dink sy ... net soos wat ek seergekry het, het sy ook seergekry, want sy was die een wat altyd genooi het en sê kom sit by ons en teedrink. Ek het altyd nee gesê. Waar sy nader aan my wou kom, het ek vir haar weggestoot. Daar het ander mense gekom en gesê jy gee nie jou kind kos nie en hoekom lyk sy so. So dit was vir haar 'n groot stryd gewees, want sy wou my nie wegstoot nie en sy wou ook nie kritiek kry van ander mense dat hul dink sy is sleg nie.

Johlene het 'n ouer broer. Hul was baie uiteenlopend van geaardheid en hy het nie 'n groot invloed op daardie stadium op haar gehad nie. Hy was in haar oë nie so gedissiplineerd soos sy nie. Sy het haar moontlik verhef bo hom.

My broer was baie goed in atletiek ... ek was nie so goed soos hy nie.

Ja ons verhouding was goed gewees, omdat ons op die plaas was, is ons ook maar mekaar se maatjies gewees. Op skool toe ek begin het met hierdie prestasie ding het ek ook baie verby hom geleef. Ek bedoel hy was die atletiese ... hy was altyd buite en het "basketball" gespeel en ek het geleer. So ek was in 'n skedule gewees en hy was heeltemal anti-skedule gewees. So ek dink nie toe het ons baie gekommunikeer soos ons moes nie. Toe ek universiteit toe gekom het, toe is die verhouding weer beter. So daar was nie 'n slegte verhouding daar nie.

6.4.5 Johlene se belewenis van haar self in interaksie met haar portuurgroep as verwysingsgroep ander

Haar portuurgroep blyk 'n invloed op haar te hê sedert haar laerskooljare. Sy verwys meer as een maal na 'n vriendin wat in standerd vier vir haar gesê het dat sy vet vertoon. Op laerskool was haar vriendinne ook maerder as sy. Die aanmerkings wat gemaak is dat sy vet vertoon het moontlik groot impak op haar eetgewoontes gehad.

Dit blyk asof sy haar portuurgroep met ander standarde geëvalueer het as vir haarself. Vir haar het hul maerder en mooier vertoon as syself en dit het moontlik gedien as aansporing om te volhard in haar eetpraktyke. Dit kon ook moontlik 'n rol gespeel het as 'n aanleidende faktor.

Aan die einde van haar standerd vyf jaar het sy en twee vriendinne op 'n verslankingsdieet gegaan. Sy dink dat dit moontlik die inleidende gedeelte tot anoreksia nervosa kon wees. Na die insident het sy egter haar eie reëls begin skep vir haar eetpatrone.

Dit was vir haar goed om waar te neem as haar vriendinne meer eet as sy. Sy het moontlik ervaar dat sy reeds oorwinning gekry het in die verband. Sy het ook haar vriendinne verseker dat hul nie skuldig hoef te voel wanneer hul per geleentheid te veel geëet het nie. Sy het hulle gedurig die versekering gegee dat hul nie oormassa is nie en dat hul goed lyk. Wanneer sy egter haarself beoordeel dan was sy nie eerlik nie en het haarself as vet beskryf.

Sy het haar moontlik as superieur beskou teenoor haar portuurgroep aangesien haar standarde en reëls met betrekking tot voedsel moontlik ver bo die van haar maats was.

Johlene reageer soos volg met betrekking tot die belewenis van haar self in interaksie met die portuurgroep as betekenisvolle ander.

In standerd vier het 'n vriendin vir my gesê ek is vet.

My vriendinne was baie maerder as ek op laerskool.

Daar was een insident waar 'n vriendin spesifiek gesê het sy dink ek is nou 'n bietjie vet. So daar het dit 'n impak gemaak.

Ja dit was op laerskool. Dit was in standerd vyf en sy het oorkant my gebly en sy was 'n jonger meisie as ek ook ... sy was 'n baie maer tingerige meisie gewees. So sy het vir my gesê eendag ja ... nee ek is 'n bietjie vet en dit het ... jy weet jy skiet dit maar af ... maar dit het 'n bietjie seergemaak.

Jy vergelyk jousef met jou vriendinne. Al lyk hulle maerder as jy ... want elkeen evalueer jy anders as jousef ... dan dink jy sy is so mooi en sy is so maer. Dan dink jy weer by jousef jy moet daardie selfde doel bereik as wat sy bereik het, dan lyk jy soos sy, maar nou meet jy jou aan ander standarde en dan probeer jy nog harder werk om te kom waar ander is.

Toe ek in standerd vyf was ... toe ek oorgegaan het van standerd vyf na standerd ses was ek goeie vriendinne met twee sussies en ons het, voordat ek anoreksies begin word het, probeer saam dieet. Ons wou kamptig gewig verloor, maar dit was net so 'n "crash" ding gewees. Dit het net vir 'n week of wat gehou en ons het selfs begin saamdraf. Maar ek dink van daaraf was ek nog steeds ... ek dink dit was half 'n inleiding ... 'n inleidende iets gewees. Toe het ek my eie goed begin doen. Ja, my eie reëls.

Dit was lekker as vriendinne meer eet as jy, want dan voel jy goed. Jy het nou hierdie stryd gewen. Maar dit is eintlik jou eie stryd ... ek bedoel. So jy kan vir ander aanpor en sê: eet nog – eet nog, maar vir jousef mag jy nie.

Ek weet nie of ek hul aangemoedig het om te eet nie. Dalk of as iemand sê of jou vriendinne sê hul het by 'n partytjie te kere gegaan. Dan sou jy sê nee jy het nie so erg te kere gegaan nie. Jy weet jy is nog "all right", kyk hoe mooi maer is jy. So jy het eintlik ander mense aangemoedig en gesê hul is nie so vet as wat hul dink nie en met jousef is jy nie eerlik nie.

6.4.6 Johlene se belewenis van haar self in interaksie met die media as veralgemene ander

Sy het nie spesifieke rolmodelle gehad nie, maar die media het moontlik wel 'n rol gespeel in haar selfbelewenis. Omdat sy haarself as onaantreklik beskou het, het sy televisiepersoonlikhede en modelle in tydskrifte geïdealiseer. Vir haar was mooi sinoniem met maer. Dit het moontlik gedien as aansporing om te volhard in haar eetwanpraktyke.

Sy reageer soos volg met betrekking tot die belewenis van haar self in interaksie met die media as veralgemene ander:

Ek dink inherent het ek my dalk vergelyk met mediafigure. Nie iemand spesifiek nie. Ek is nie eintlik 'n aanhanger van 'n spesifieke akteur of 'n sangeres of wat nie. Ek dink nie ek het myself as 'n mooi mens beskou nie. Ek het vir myself in die spieël gekyk en gedink ek is nie mooi nie. As ek die TV aanskakel dan sien ek 'n mooi meisie of ek sien 'n mooi model of ek kyk deur die tydskrifte en ek sien 'n mooi meisie. Dan dink jy jy wil ook so wees. Nou is jy alreeds besig om minder te eet so die enigste manier hoe ek gedink het ek kan my mooi maak, is om maer te wees.

6.4.7 Johlene se belewenis van haar self in interaksie met stereotipe as veralgemene ander

Stereotipes soos mooi is maer en maer is aantreklik was vir haar die enigste norme. Sy het mense wat sy as mooi beskou het altyd maerder as sy self geëvalueer. Haar evaluering was moontlik heeltemal verkeerd maar dit blyk asof dit tog 'n invloed op haar belewenis van haar self gehad het.

Sy reageer soos volg met betrekking tot die belewenis van haar self in interaksie met stereotipe as veralgemene ander:

Ja, maer was my enigste norm vir aantreklikheid. Dalk omdat ek gedink het ek is nie mooi nie. Toe sien ek maar o, almal wat ek sien wat mooi lyk is maerder as ek. So mooi moet dan maer wees. En dan kyk jy na niks anders nie en dan maak jy jou standaard dit en jou skoonheidsideaal is dan om maer te wees.

6.4.8 Johlene se gebruik van haar liggaam as simbool van bepaalde aspekte van haar geestelike self

Johlene se maer liggaam was vir haar 'n simbool van prestasie en tydens haar herstel was haar liggaam wat groter moes word, weer 'n simbool van mislukking.

Haar maer liggaam was ook 'n simbool van sekuriteit en het haar veilig laat voel. Tydens die herstelproses het sy dit beleef dat sy haar sekuriteit verloor.

Haar liggaam was ook vir haar 'n simbool van dit wat nie sosiaal aanvaarbaar is nie. Daarom beskryf sy haarself as 'n vet persoon met 'n kroeskop wat almal irriteer.

Sy wou blykbaar ten alle koste klein bly. Sy het moontlik geredeneer dat klein dogtertjies nie probleme van volwassenes hoef te trotseer nie. Ten spyte van die feit dat sy verstandelik en emosioneel gegroei het, wou sy graag die liggaamsafmetinge van 'n kind behou. Die enigste wyse waarop sy dit kon doen was om haar massa tot die minimum te beperk. Moontlik het sy die liggaam van 'n kind as 'n simbool van onskuld en kummervryheid ervaar. Dit hou moontlik verband met die negatiewe seksuele ervaring in haar lewe.

Sy reageer soos volg met betrekking tot haar liggaam as simbool van bepaalde aspekte van die geestelike self.

[Jy het my ware persoonlikheid gemanipuleer en gesteel, gedemp ... verander in 'n stil lang vet kroeskop meisie wat almal irriteer het]

Dit is veiliger. So jy wil ook nie hê jou massa moet klim nie want 'n klein dogtertjie se massa bly mos lig.

Ja, ek moes klein bly.

En jy voel paniekerig en jy voel ook skuldig en jy voel 'n mislukking. Dis die heelyd: aan die een kant wil jy maer wees en aan die ander kant wil jy normaal wees.

Dit kom terug om maer te wees en goed te doen. Met die gevolg jy is gebind aan daai sekuriteit. Hierdie was my primêre sekuriteit.

6.4.9 Johlene se gebruik van voedsel as simbool van bepaalde aspekte van haar self

Daar word gedurig aan voedsel gedink. Daar word moontlik gedurig beplan en wyses gesoek om nie te oortree nie. 'n Oortreding met betrekking tot kosreëls is moontlik as 'n swakheid gesien en swakhede is nie toegelaat in haar lewe nie. Die oortredings is geassosieer met naarheid en mislukking. Vir haar was kos dus 'n simbool van swakheid.

Sy het ook moontlik voedsel as 'n simbool van dit wat verkeerd was beskou. Dit word bestempel as die vyand. Ten spyte van die feit dat sy lief was om dit voor te berei, aan ander te bedien en dit vir haar lekker was, moes sy voedsel verwerp volgens haar standarde.

Omdat sy vyandig gesind is teenoor haarself moes sy moontlik voedsel, waarvoor sy lief was en waarvoor sy selfs moontlik lus was, verwerp.

Voedsel was ook moontlik 'n simbool van vrees en straf. As sy oortree het met betrekking tot haar voedselreëls, het sy letterlik 'n vrees vir straf ervaar soos op skool as sy oortree het. Toe sy daarvan moes afstand doen in haar herstelproses was dit asof sy haar waardes moes prysgee en haar sekuriteit moes inboet.

Sy reageer soos volg met betrekking tot voedsel as simbool van bepaalde aspekte van haar geestelike self:

[Jy het my oortuig dat kos en vet my vyand is. Dit bestaan slegs om my lewe vir my moeilik te maak en dat ek konstant daarteen moet baklei, jy voel altyd in 'n negatiewe sin.]

Ja, kos was in 'n sekere sin my vyand. Dit is 'n kontraversie die heelyd. Jy is lief vir kos, jy hou van die smaak, maar dit is verkeerd. So dit wat goed lyk vir jou is eintlik verkeerd volgens jou reëls en standaarde.

Jy sê dat jy dalk ekstra brood moet eet anders gaan jy jouself nou-nou vergryp aan iets ergers. Jy sê jy wil nie iets ekstra eet nie, steek jou lus in jou sak. Dit is net 'n vorm van swakheid. So die oomblik as jy oortree, het jy dit gesien as 'n swakheid.

Jy voel as jy dit (anoreksia nervosa) gaan los, gaan jou hele wêreld inmekaar stort, want dit was my sekuriteit gewees ... sekuriteit wat vir jou doel gegee het, wat vir jou waarde gegee het om te kan bestaan.

Elke keer as jy ietsie oortree of ietsie doen wat jy gedink het maar nou is dit te veel, dan kry jy dieselfde gevoel van naarheid en mislukking.

6.4.10 Johlene se gebruik van self-attribusie in die begrip van haar self

Johlene het haar gedrag en eetgedrag verklaar en regverdig deur self-attribusie te gebruik. Sy het byvoorbeeld geredeneer dat as sy presteer en as sy beter lyk, dan sal sy meer aandag kry. Verder het sy geredeneer dat om te presteer moet sy baie maer wees want dit is die simbool van sukses.

Sy reageer soos volg met betrekking tot die gebruik van self-attribusie in die begrip van haar self en haar eetgedrag:

... Maar ek dink ek het 'n persepsie gevorm in myself dat as ek presteer en as ek beter lyk dan gaan ek meer aandag kry.

6.5 INTERPRETASIE MET BETREKKING TOT JOHLENE

Vanuit die voorafgaande bespreking is dit duidelik dat Johlene se belewenis van haar geestelike self sterk na vore kom en moontlik 'n invloed op die belewenis van haar sosiale self het.

Johlene ervaar 'n ongekende vrees vir kritiek en verwerping en dat ander haar swakhede sal waarneem. Om die rede asook haar gedreweheid om beter te presteer op skool het sy haarself al meer en meer sosiaal geïsoleer. Sy voel moontlik skuldig dat sy haar ma se pogings om haar te betrek by die gesinsaktiwiteite voortdurend verwerp.

Johlene beleef haar geestelike self as iemand wat ten alle koste sukses wil behaal en nooit gemiddeld wil wees nie; as iemand met deursettingsvermoë, as gedissiplineerd en met 'n sterk wilskrag veral met betrekking tot eetgedrag. Verder moes sy ten alle koste sterk wees. Om emosies te toon is as 'n swaakteit beskou en daarom sou sy ander eerder vermy uit vrees dat sy as 'n swak mens beoordeel sou word. Haar eie evaluering in die verband was nie so 'n bepalende faktor soos die evaluering van ander byvoorbeeld onderwysers, vriende en veral haar pa nie. Sy het so 'n drang gehad na erkenning en sukses dat sy die terreine waarop sy wel kon presteer soos die toepassing van baie streng reëls ten opsigte van eetgewoontes en skoolprestasie oorbeklemtoon het.

Vanuit die bespreking van die resultate is dit duidelik dat daar moontlik 'n verband tussen die fisieke en die geestelike self getrek kan word. Sy was van laerskooldae reeds baie ingestel op die fisieke self, waarskynlik omrede sy negatief geëvalueer is deur haar portuurgroep en uit 'n vrees vir seksuele rypwording. Sy was besonder sensitief vir negatiewe aanmerkings oor massa. Haar maatstaf vir sukses was die skaallesing. Sy wou daardeur aspekte van haar geestelike self soos deursettingsvermoë en selfdissipline toon en nie noodwendig 'n maerder liggaam nie. Sy het nie haar fisieke self noodwendig voortdurend negatief ervaar nie, maar die geestelike kwaliteite soos sukses en deursettingsvermoë is deur haar maer liggaam

beklemtoon. Haar behoefte aan erkenning het sy probeer bevredig deur haar liggaam en voedsel wat beskou word as sosiale objekte te gebruik as simbool van bepaalde aspekte van haar geestelike self.

Sy het nooit haar maer, uitgeteerde liggaam probeer beklemtoon nie. Sy het veeleer 'n selfbewustheid daarvoor gehad en het dit eerder probeer bedek. Sy het haarself steeds as vet beskou. Sy het selfs die aandag daarvan probeer wegtrek deur 'n perfekte voorbeeldige lewe. Sy het die persepsie gehad dat as ander haar voorbeeldige lewe sien, hul nie sou agterkom hoe sy fisiek agteruit gaan nie. Weereens het sy die geestelike self hoër geag as die beklemtoning van aspekte van die fisieke self

Dit is duidelik dat Johlene haar eie kognitiewe wyse van redenering het. Haar fisieke self word vir haar 'n sterk simbool van haar geestelike self. Sy is dikwels in gesprek met haarself om regverdiging en oorsake vir haar gedrag en eetgedrag te soek. Mislukking word toegeskryf aan die oortreding van reëls wat sy self gemaak het en verslapping van selfdissipline, met ander woorde aspekte van die geestelike self is ter sprake. Sy het selfs voorsorgmaatreëls getref vir indien sy sou oortree, maar weens haar sterk selfdissipline het dit selde gebeur.

Johlene se belewenis van haar geestelike self sowel as die interaksie tussen die fisieke self en geestelike self het duidelik 'n invloed op haar sosiale self gehad. Sy isoleer haarself al meer uit vrees dat sy iets van haar eetpraktyke of 'n emosionele respons sou toon wat haar ideaal om ten alle tye sterk te vertoon, sou skaad. Sy wou op geen wyse swak vertoon nie. Sosiale isolasie was moontlik die maklikste uitweg om haar emosionele pyn en tekortkominge te versteek. Sy regverdig die sosiale isolasie deur haar akademiese ideale voor te hou as verskoning. Verder beskou sy haar as superieur wat betref eetgedrag en akademiese prestasies. Sy moedig selfs haar vriende aan om meer te eet en te oortree sodat sy hierdie voorsprong kan behou. Johlene het haarself dus nie net fisiek geïsoleer nie, maar het haarself ook psigies geïsoleer. Haar prestasie rondom haar massa en akademie moes opmaak vir die alleenheid en emosionele pyn.

Vanuit die voorafgaande blyk dit asof die portuurgroep 'n beduidende rol gespeel het in die belewenis van haar self voor die ontstaan van die siekte. Haar interaksie met die portuurgroep het sy as negatief ervaar waarskynlik weens die negatiewe aanmerkings oor haar gewig. Tydens haar siekte het sy haarself met hul vergelyk en haar fisieke self steeds negatief ervaar weens haar liggaamswanpersepsie. Sy het dikwels haar vriende as mooier

en maerder beskou. Dit het haar moontlik laat volhard in haar eetpraktyke en het moontlik 'n rol gespeel in haar totale selfkonsep. Tog het sy haar as superieur beskou in haar interaksie met hulle omdat sy ander waardes en ideale rondom voedsel en eetgedrag gehad het as haar portuurgroep.

Alhoewel daar geen druk deur die gesin op Johlene geplaas is om maerder te wees of beter te presteer nie, het hul tog 'n beduidende rol gespeel in die belewenis van haar geestelike self. Sy het 'n bewondering vir haar pa gehad wat nie baie betrokke in haar lewe was nie. Sy het gesmag na erkenning en aandag van hom. Sy het die persepsie gehad dat sy wel sy guns kan wen deur te presteer. Die enigste wyse waarop sy op daardie stadium kon presteer was om baie maer te word en deur skoolprestasie. Omdat hy so 'n belangrike betekenisvolle ander in haar lewe was, sou sy steeds 'n groter poging aanwend om te voldoen aan die standaard wat sy self gestel het in die hoop dat dit hom sou beïndruk. Sy het 'n redelike goeie verhouding met haar ma gehad alhoewel hul nie dieper emosionele probleme kon aanspreek nie. Haar ma het tog 'n beduidende rol gespeel in die herstelproses en het moontlik bygedra tot 'n beter belewenis van haar geestelike self. Die onderlinge verhoudinge tussen gesinslede was oënskynlik goed en korrek maar daar is nie emosioneel met mekaar gedeel nie. Sy moes ten alle koste in beheer bly en het dit probeer doen deur haar eetgedrag en ander vorms van prestasiegedreweheid. Dit het weer 'n invloed op die belewenis van haar geestelike self gehad.

Op 'n stadium het Johlene besef dat die godsdienstige reëls wat sy so nougeset nagestreef het deur haar eetgedrag en lewe weerspreek word. Sy het tot die ontnugtering gekom dat sy besig was om haar liggaam te vernietig en dat sy emosionele pyn veroorsaak vir haar ma. Hierdie geestelike insig was moontlik die eerste tree na herstel. Sy moes 'n keuse maak tussen die herstelpad en dit wat vir haar waarde en sin in die lewe gegee het. Die herstelproses was uiters moeilik want dit het haar ontnem van die belangrikste vorm van sekuriteit naamlik haar eetpraktyke en haar maer liggaam. Sy het dit moontlik ervaar dat sy met die verloop van hierdie herstelpad buite beheer raak. Tog het sy volhard daarmee en het baie geleidelik massa opgetel. Selfs na haar herstel ervaar sy nog steeds die vrees vir 'n spieël en 'n skaal omdat dit haar mislukking laat ervaar en 'n negatiewe belewenis van haar geestelike self.

Om die gedrag van Johlene in geheel te probeer verstaan tydens die ontstaan en verloop van anoreksia nervosa moes gekyk word na haar interaksie met die onderskeie aspekte van haar self en haar interaksie met ander. Johlene tree gereeld in gesprek met haar self in 'n



poging om haar eetgedrag te regverdig en te verstaan. Sy gebruik sosiale objekte soos haar liggaam en voedsel as simbole van betekenis ten einde sin te gee aan hierdie interaksieproses. Dit stem ooreen met die uitgangspunte van die simboliese interaksionisme en 'n sosiaal-kognitiewe perspektief. Op die wyse kon die navorser 'n beter begrip vir Johlene se totale selfbelewenis ontwikkel.

GEVOLGTREKKING, HIPOTESES, EVALUERINGS EN AANBEVELINGS

7.1 INLEIDING

Die doel van dié navorsing was, soos in **HOOFSTUK 1** beskryf, om insig te kry oor die adolessent met anoreksia nervosa se belewenis van haar self. 'n Kwalitatiewe navorsingstyl is vir die navorsing gekies met die simboliese interaksionisme en 'n sosiaal-kognitiewe perspektief as vertrekpunte. Vir hierdie navorsing was die in-diepte onderhoud die vernaamste data-insamelingsmetode. Bepaalde stimulistegnieke is gebruik ten einde die respondente in 'n situasie te stel waar hulle in staat is om spontaan uitdrukking te gee aan hul belewenisse sonder voorskrifte van die navorser. Verbatim transkriberings van die onderhoude, respondente se eie pogings (naamlik hul sinne en paragrawe) asook beskrywings van die onderhoudsituasie is gebruik vir die bespreking en interpretasie van die resultate. Die interpretasie van die resultate is gedoen met in agneming van die spesifieke doelwitte, soos gestel in **HOOFSTUK 1**. Al drie respondente se resultate is geïnterpreteer met betrekking tot:

- die respondent se belewenis van haar fisieke self
- die respondent se belewenis van haar sosiale self
- die respondent se belewenis van haar geestelike self
- die rol wat haar gesin as betekenisvolle ander speel in die belewenis van haar self
- die rol wat haar portuurgroep as verwysingsgroep ander speel in die belewenis van haar self
- die rol wat die media as veralgemene ander speel in die belewenis van haar self
- die rol wat stereotipes speel in die belewenis van haar self
- die respondent se gebruik van haar liggaam as simbool van bepaalde aspekte van haar geestelike self
- die respondent se gebruik van voedsel/die eet van voedsel as simbool van bepaalde aspekte van haar self
- die funksionering van self-attribusie in die belewenis van haar self.

Daar word vervolgens 'n bespreking gegee van die algemene gevolgtrekkings waartoe gekom kan word. Verdere navorsingsmoontlikhede word voorgestel en 'n evaluering van die navorsingsmetodes wat gebruik is, word gedoen. Daar word in die laaste plek aanbevelings gemaak met betrekking tot die keuse van die perspektiewe vir die bestudering van die adolessent met anoreksia nervosa, 'n aanbeveling met betrekking tot die keuse van 'n navorsingstrategie en gepaardgaande data-insamelingsmetodes asook die hantering van die adolessent met anoreksia nervosa tydens die herstelfase van die siekte.

7.2 GEVOLGTREKKINGS

7.2.1 Agtergrond met betrekking tot die aanbieding van die gevolgtrekkings

Die probleem waarom dit in hierdie studie gegaan het, was die adolessent met anoreksia nervosa se belewenis van haar self. Die doel was om insig en begrip te kry en nie om sekere veralgemenings te maak, of om sekere hipoteses te bewys, of om die bestaande literatuur te onderskryf nie, maar juis om die adolessent met anoreksia nervosa in totaliteit te bestudeer en begrip te probeer kry van hoe sy haar self voor en tydens die siekte beleef het. Vir die doel is die simboliese interaksionisme en 'n sosiaal-kognitiewe perspektief as vertrekpunte geneem. Dit gaan dus hier om die totaliteit van die adolessent met anoreksia nervosa se belewenis van haar self soos wat sy met haar self en ander mense in interaksie is, soos wat haar self ontwikkel en verander en soos wat sy sekere kognitiewe prosesse gebruik ten einde haar self en haar gedrag te verstaan.

Vanuit die bespreking van die resultate en die interpretasie met betrekking tot die onderskeie respondente, was dit duidelik dat, soos ook in aansluiting by die doel van die studie, geen enkele oorsaak vir die verskynsel van die eetversteuring uitgesonder kan word nie. Dit lyk ook vanuit die voorafgaande interpretasies dat die navorser hier klaarblyklik te doen het met verskeie faktore wat in mekaar verweef is in die ontstaan en verloop van die verskynsel van anoreksia nervosa by die adolessente dogter. Om dus nou tot 'n gevolgtrekking te kom wat opgebreek word in individuele kompartemente, sou 'n verdraaide weergawe wees van wat gevind is. Daarom dat die gevolgtrekkings hanteer word met in agneming van die totale probleem, naamlik die adolessent met anoreksia nervosa se belewenis van haar self. In die gevolgtrekking word wel spesifiek aandag gegee aan elke doelwit, maar soos wat dit soos 'n goue draad en verweef met ander doelwitte, na vore gekom het. Die gevolgtrekkings word

dus nie onder afsonderlike opskrifte na aanleiding van die onderskeie doelwitte behandel nie, maar word (soos ook vanuit die metodiek van gegronde teorie verwag word) weergegee soos wat die navorser die verskynsels saam met die respondente beleef het. **Alhoewel daar in die gevolgtrekkings na die adolessent met anoreksia nervosa verwys word, is hierdie nie veralgemene stellings nie, maar het dit slegs betrekking op die drie gevalle wat deel van die steekproef was.**

7.2.2 Gevolgtrekking met betrekking tot die adolessent met anoreksia nervosa se belewenis van haar self

Die simboliese interaksionisme stel dit duidelik dat dat die individu, in hierdie geval die adolessent met anoreksia nervosa oor 'n self beskik en dat sy die vermoë het om teenoor hierdie self (wat in interaksie met ander ontwikkel) te reageer soos teenoor enige ander sosiale objek. Dit beteken dat sy die self kan uitlig en dit kan beoordeel, met ander kan vergelyk, dit kan kritiseer en 'n persepsie ontwikkel van hoe hierdie self vir haar lyk (Charon, 1998:64-65). Een van die sentrale funksies van die self is dus dat dit as objek van simboliese interaksie kan dien. Omrede die adolessent met anoreksia nervosa dus 'n self het, is sy in staat om met haarself te kommunikeer oor al die dimensies van haar self, om die situasie waarbinne sy haar bevind vir haarself te kan definieër, self keuses daaromtrent te maak en self verantwoordelikheid te neem oor haar aksies en reaksies. Dit beteken dat die adolessent met anoreksia nervosa op die ou end haar eie gedrag rig en ook verantwoordelik daarvoor is. Dit gaan dus nie oor 'n enkele oorsaak of gevolg nie, maar om haar belewenis van haar self en die resultaat daarvan as deel van haar gedrag. Charon (1998:71) stel dit duidelik dat, omrede die individu haar self kan beleef en 'n persepsie van die verskillende dimensies van haar self het of van die self soos wat sy graag sou wou wees (ideale self) kan sy nou haar gedrag binne bepaalde situasies daarvolgens rig.

Vanuit die interpretasies met betrekking tot die onderskeie respondente kan daar tot die gevolgtrekking gekom word dat die adolessent met anoreksia nervosa **'n bepaalde, unieke belewenis van haar geestelike self het.** Dit wil lyk asof die geestelike self dié element van die totale self is waarom die res sentreer en wat ook vir die adolessent met anoreksia nervosa baie belangrik is (Burns, 1981:7). Die adolessent met anoreksia nervosa is sterk bewus van aspekte van haar geestelike self.

Dit is duidelik dat die adolessent met anoreksia nervosa haar self beleef as iemand vir wie kontrole en beheer van groot belang is. Sy stel ook hoë verwagtinge aan haar self en die

eetversteuring stel haar waarskynlik in staat om kontrole uit te oefen in 'n andersins magtelose bestaan. Om massa te verloor word waarskynlik gesien as die enigste sukses wat sy kan behaal (Orbach, 1985; Wardlaw, 1999:352; Bloom, 1999). Daarom is daar die behoefte, of eerder 'n drang, om ten alle koste in beheer van eetgewoontes en voedsel te wees. Streng reëls wat sy self opleë moet ten alle koste nagekom word, anders ervaar sy dit dat sy uit beheer raak. Serpell *et al* (1999) het dieselfde persoonlikheidseienskap in 'n studie geïdentifiseer en hulle beweer dat kontrole vir haar struktuur gee in haar lewe. Wanneer beheer oor eetgedrag weggeneem word, word die behoefte aan beheer moontlik verskuif na 'n alternatief soos die akademie wat ook as 'n hoë prioriteit beskou word. Die persepsie is waarskynlik dat niemand daarvoor fout kan vind nie. Wanneer feitlik geen voedsel ingeneem word nie of volgens streng reëls ingeneem word, ervaar sy waarskynlik dat sy beheer oor die voedsel het. Deur verder die grootte van haar liggaam te manipuleer, ervaar sy kontrole oor haar lewe (Kaiser, 1990:104). Selfs emosies en gevoelens word ook streng beheer en sy laat haar nie self toe om swak te wees of emosie te toon nie. Dit gee dan vir haar 'n superieure gevoel van innerlik sterker wees as ander. Sy streef dus daarna om totale beheer oor alle aspekte van haar self te verkry deur die ou self te verander na 'n nuwe self wat onrealistiese standaarde kan bereik en handhaaf. Die ou self met sy behoeftes en hongerdrange word dus totaal verwerp (Orbach, 1985:133).

Die adolessent met anoreksia nervosa beleef haar self waarskynlik ook as iemand wat perfeksionisties van aard is. Dit hou moontlik verband met die drang om in beheer te wees. Dit lyk asof daar baie reëls oor die gebruik van voedsel is wat stiptelik nagekom moet word. Selfs na herstel bly perfeksionisme met betrekking tot die gebruik van voedsel steeds 'n sterk persoonlikheidseienskap. Dit stem ooreen met navorsing gedoen deur Norris (1986) en Bullik, Sullivan, Fear en Pickering (2000). Perfeksionisme word beskryf as die begeerte om ambisieuse en meestal foutlose standaarde te bereik en te handhaaf. Die aard van anoreksia nervosa is moontlik 'n strewe na (fisiologies) onmoontlike standaarde wat betref maerwees (Vohs, Bardone, Joiner & Abramson, 1999). Dit is ook 'n begeerte om perfek in die oë van ander te wees. Perfeksionistiese individue met 'n swak selfbeeld mag egter, volgens Vohs *et al* (1999) in gedragsaktiwiteite beland wat ver verwyder is van hul aanvanklike doelstellings. Hierdie beskrywing is moontlik goed van toepassing op die adolessent met anoreksia nervosa.

Om sukses te behaal is vir die adolessent met anoreksia nervosa 'n belangrike prioriteit in die geestelike self. Mislukking word op so baie ander terreine van die lewe ervaar dat die ideaal om ten minste sonder voedsel te bly asook 'n baie maer figuur te hê, absoluut

verweselik moet word. Hierdie aspek word ook bevestig deur Tiggemann en Dyer (1995). Persone wat meer as wat nodig is eet en oormassa is, word as ambisieloos en sonder dryfkrag beskou. Sukses word dus gekoppel aan 'n baie maer figuur.

Die drang na sukses gaan hand aan hand met prestasie-gedrewenheid. Dit blyk 'n ander belangrike persoonlikheidseienskap as deel van die geestelike self van die adolessent met anoreksia nervosa te wees. Om op verskeie gebiede te presteer, dien waarskynlik as 'n belangrike dryfkrag. Om gemiddeld te wees op enige gebied is nie aanvaarbaar nie. Verslanking is moontlik die een, enkele gebied waarin, volgens haar siening, presteer kan word. Wanneer die eet van voldoende hoeveelheid voedsel afgedwing word, word hierdie prestasie-gedrewenheid verskuif na 'n ander gebied, soos die akademie of sport (Slabber, 1985). Die drang na sukses en die prestasie-gedrewenheid gaan ook hand aan hand met selfdissipline as 'n persoonlikheidseienskap. Selfdissipline is 'n persoonlikheidseienskap wat dikwels by die adolessent met anoreksia nervosa voorkom (Slabber, 1985; Tiggemann & Dyer, 1995; Barlow & Durand, 1999:237). Die verlies van massa en die hou by streng reëls word as 'n triomf vir selfdissipline en as simbool van sukses gesien.

Die religieuse siening oor voedsel blyk 'n belangrike rol te speel in die adolessent met anoreksia nervosa se belewenis van haar geestelike self. Burns (1981:7) beweer dat die geestelike self die intellektuele, godsdienstige en morele aspirasies insluit. Volgens Morgan, Marsden en Lacey (2000) is daar 'n komplekse interaksie tussen die religieuse geloof, die patogene van anoreksia nervosa en die kliniese hantering daarvan. Literatuur oor eetversteurings en godsdiens is uiters skaars (Morgan *et al*, 2000). Asketisme (die strewe na 'n ekstreme onbuigsaamheid en selfontkenning as 'n ideaal) is al genoem as regverdiging vir anoreksiese eetgedrag, maar die godsdienstige opvoeding in gesinsverband of moontlik in 'n spesifieke kultuur kan nie beskou word as predisponeerend tot eetversteurings nie (Joughin *et al* aangehaal in Morgan *et al*, 2000). In teenstelling daarmee het Banks (aangehaal in Morgan *et al*, 2000) in 'n gevallestudie aangedui dat by Christelike fundamentalistiese gesinne, waar daar 'n persepsie bestaan van die skeiding tussen liggaam en gees, die liggaam onderwerp moet word aan die gees deur te vas en die onderdrukking van seksuele behoeftes. Die adolessent met anoreksia nervosa sien voedsel klaarblyklik as vuil en onrein. Deur so min moontlik te eet kan sy haar reiner ag en kan sy blykbaar meer konsentreer op die geestelike aspekte. Morele terme soos "kos is onrein" of "kos is alles wat sleg is" en "om sonder kos te bly maak jou heilig" word dikwels gebruik. In hierdie studie blyk dit dat religieuse argumente gebruik word om die maer en uitgeteerde liggaam en absurde eetpatrone te regverdig. Dit stem ooreen met die navorsing van Banks (aangehaal in Morgan

et al, 2000). Indien sekere selfopgelegde reëls nie nagekom word nie, moet strafmaatreëls toegepas word.

Dit blyk verder dat 'n persoonlike verhouding met 'n Hoërhand ook positief aangewend word in die hantering van die siekte. Dit kan vir die adolessent met anoreksia nervosa klaarblyklik insig en perspektief in haar probleem gee wat moontlik kan help met die herstelproses. Dit help blykbaar ook om die daaglikse stryd draagliker te maak.

Die adolessent met anoreksia nervosa beskou haarself as innerlik sterk, 'n eienskap wat moontlik verband hou met die belangrikheid van die religieuse in haar lewe. Dit blyk asof innerlike krag moontlik dien as 'n dryfkrag om te volhard in eetwanpraktyke aangesien honger nie beskou word as 'n normale fisiologiese behoefte nie, maar as 'n swakheid wat oorkom moet word. Die verband tussen in beheer wees, in teenstelling met om swak te wees, is duidelik. Selfs teen die einde van die siekte wanneer die adolessent met anoreksia nervosa klein en broos vertoon, beleef sy 'n innerlike sterkte wat haar sal help om menslike beperkinge te oorkom (Orbach, 1985:133). Nogtans ervaar sy emosies van magteloosheid, angstigheid en opstandigheid asook eensaamheid.

Vanuit die voorafgaande is dit duidelik dat hier te make is met persone met 'n unieke kombinasie van geestelike eienskappe. Die belangrikheid van hierdie eienskappe as deel van haar geestelike self is vir haar van wesenlike belang. Indien sy nie in staat is om hierdie belangrike eienskappe van haar geestelike self uit te leef en ook aan ander te wys nie, gebruik sy ander sosiale objekte, soos haar liggaam en ook die eet van voedsel, om aan ander en haarself te toon dat sy wel oor hierdie geestelike kwaliteite beskik.

Dit is nie duidelik of hierdie geestelike kwaliteite van die adolessent met anoreksia nervosa aangebore of tot 'n groot mate aangeleer is nie. Dit lyk egter tog of die vader as deel van die betekenisvolle ander waarskynlik 'n belangrike rol speel in haar persepsie van die belang van hierdie eienskappe as deel van die geestelike self. Dit is in ooreenstemming met die siening van die simboliese interaksionisme wat dit duidelik stel dat die wyse waarop die individu, in hierdie geval die adolessent met anoreksia nervosa, haar self sien en beleef, die resultaat is van interaksie met ander, die terugvoering wat sy van ander, wie vir haar belangrik is, kry asook hoe sy haarself met hulle vergelyk. Charon (1998:75) noem dan ook pertinent dat "Self-judgement is a result, to a high degree, of judgement by others. And it is important to reiterate, it is not all people we interact with whose perspective we assume in judgement of the self, but our significant others and reference groups". Met betrekking tot die

adolessent met anoreksia nervosa wil dit dus lyk asof die vader as betekenisvolle ander 'n belangrike rol speel in haar belewenis van haar geestelike self.

Vanuit die interpretasies met betrekking tot die drie respondente lyk dit verder dat die vader ook 'n belangrike rol speel in **die adolessent met anoreksia nervosa se belewenis van haar fisieke self**. Kaiser (1990:97) wys vanuit die simboliese interaksionisme as vertrekpunt, op die belangrike feit dat die liggaam die draer van die geestelike en sosiale self is en daarom die individu se gevoelens, gedagtes en persepsies huisves. Die individu se belewenis van haar liggaam as deel van die fisieke self, speel dus 'n belangrike rol in die uiteindelijke belewenis van die totale self en uiteindelik ook in haar gedrag. In hierdie geval het dit betrekking op die adolessent met anoreksia nervosa se eetgedrag.

Daar is 'n tendens, aan die einde van die laerskoolloopbaan, om die fisieke self al meer en meer te beklemtoon. Dit hou moontlik met die liggaamsontwikkeling en massatoename wat gepaard gaan met puberteit/menarg verband (Fabian & Thompson, 1989; Byely *et al*, 2000; Thompson & Chad, 2000). Volgens Tiggemann en Dyer (1995) is adolessensie 'n tydperk van intense besorgdheid oor die figuur. 'n Groot mate van ontevredenheid met die liggaam is nie ongewoon nie en adolessente met eetversteurings poog dikwels om maerder te wees as dit wat as aantreklik beskou word. Vir sommige dogters kan menstruasie 'n negatiewe ervaring wees, veral as die adolessent se vroulike identiteit nog nie gevestig is nie soos bevind in hierdie studie. Dit vestig haar aandag op die feit dat sy vrou is (Thom *et al*, 1998:400). Volgens Schneider *et al* (1989) toon jong vroulike adolessente met anoreksia nervosa 'n weersin om te ontwikkel in 'n vrou.

Hierdie natuurlike bewustheid van die fisieke self en moontlike ontevredenheid met die fisieke self kan egter versterk word wanneer die adolessent haar self negatief vergelyk met ander wie vir haar belangrik is of deur negatiewe terugvoering van ander wie vir haar belangrik is. Dit gaan dus ook toenemend om ander se opinie en nie noodwendig net oor die adolessent se aanvanklike evaluering van haar self en haar tevredenheid, al dan nie, met die fisieke self nie. Dit is in ooreenstemming met die simboliese interaksionisme wat sterk klem lê op die feit dat alle dimensies van die self ontwikkel in interaksie met ander. Die persepsie wat die adolessent met anoreksia nervosa uiteindelik van haar fisieke self gaan hê, hang af van hoe sy haar self met ander vergelyk asook die terugvoering wat sy van ander gaan ontvang.

Vanuit die literatuur met betrekking tot die ontwikkeling van die adolessent blyk dit dat veral die portuurgroep, as deel van die verwysingsgroep ander, asook die massa media as veralgemene ander, gewoonlik toenemend 'n belangrike rol te speel het (Fabian & Thompson, 1989; Posovac *et al*, 1998; Kowalski, 2000; Field *et al*, 2001). Aan die ander kant word daar wegbeweeg van die gesin as betekenisvolle ander (Gormly & Brodzinsky, 1989:307). Vanuit die interpretasies met betrekking tot die drie respondente blyk dit vir die adolessent met anoreksia nervosa egter anders te verloop. Hoewel dit vanuit die interpretasies met betrekking tot die respondente duidelik is dat daar met die ontstaan van die eetversteuring 'n groter bewustheid van die fisieke self is, is dit nie duidelik dat daar aanvanklik ook 'n totale ongelukkigheid oor die fisieke self is nie. Geeneen van die respondente was ook klaarblyklik oormassa of het soveel van die huidige skoonheidsideaal afgewyk nie. Daar kan ook nie met reg gesê word dat die portuurgroep 'n beduidende rol in die adolessent met anoreksia se belewenis van haar fisieke self gespeel het nie. Wat wel baie duidelik is, is die feit dat daar waarskynlik in die gesin, as betekenisvolle ander, en spesifiek vanaf die vader se kant, 'n bepaalde persepsie en houding met betrekking tot die fisieke self en spesifiek die grootte en massa van die liggaam is, en dat dit doelbewus of onbewustelik realiseer in 'n konnotasie met die geestelike self. Dit lyk dus asof liggaamsgrootte en –massa, die eet van voedsel en die belangrikheid van bepaalde geestelike kwaliteite dikwels belangrike kwessies en selfs geskilpunte in die gesin van die adolessent met anoreksia nervosa is.

Dit lyk verder asof die adolessent met anoreksia se persepsie van die ideale liggaam asook haar begrip van slankheid, waarskynlik ook in die huis aangeleer word. Liggaamsbeeld is 'n belangrike konsep in die belewenis van die self (Burns, 1981:6, 151). 'n Positiewe liggaamsbeeld korreleer sterk met die aanvaarding van die fisieke self (Burns, 1981:6, 151). Dit is nie duidelik waar die adolessent met anoreksia nervosa se verwronge beeld van haar eie liggaam vandaan kom nie. Ten spyte van 'n uiters maer figuur, word die illusie van oormassa-wees voortdurend ervaar. Sy sien haar fisieke self groter as die liggaamsbeeld wat sy idealiseer (Touyz *et al*, 1984; Fabian & Thompson, 1989; Tiggemann, 1992; Moore, 1993; Hill & Bhatti, 1995; Thompson & Chad, 2000). Wat wel baie duidelik na vore kom is die feit dat die adolessent met anoreksia nervosa die fisieke self nie net meer beleef vir wat dit is nie, maar as die duidelike beeld van aspekte van die geestelike self, 'n konnotasie wat waarskynlik in die huis aangeleer is deur die herhaalde beklemtoning van 'n maer liggaam as suksesimbool.

Die fisieke self word dus nou as simbool van bepaalde aspekte van die geestelike self gesien. Die simboliese interaksionisme stel dit duidelik dat die individu oor die vermoë beskik om met homself in simboliese interaksie te gaan deur sekere simbole op homself te rig (Charon, 1998:54-55). Vanuit die interpretasies is dit duidelik dat die adolessent met anoreksia nervosa nou haar fisieke self en spesifiek die liggaamsgrootte en -massa gebruik as simbool van bepaalde kwaliteite van haar geestelike self wat vir haar belangrik is. Maerwees het nou nie net meer 'n fisieke dimensie nie, maar word ook gelykgestel aan ander persoonlike kwaliteite wat vir die adolessent belangrik is, waarna sy streef en wat ook vir ander belangrike persone in haar lewe, waarskynlik die vader, belangrik is. Maerwees beteken nou vir haar dat sy oor kwaliteite soos selfbeheer, deursettingsvermoë en ander beskik. Om maer te kan wees of massa te kan verloor, beteken weer dat daar minder geëet moet word. Die gevolg is dat nie net die liggaamsgrootte en -massa nou as simbool van bepaalde geestelike kwaliteite geneem word nie, **maar dat ook die eet/nie eet nie van voedsel 'n simbool van bepaalde geestelike kwaliteite van die self is**, soos dat sy rein en in beheer is. Ongelukkig het die adolessent met anoreksia nervosa 'n verwronge liggaamsbeeld. Dit maak dus nie saak hoe maer sy in werklikheid is nie, sy sien en beleef haar fisieke self as groot en oormassa. Die feit dat die fisieke self en spesifiek die grootte en massa ook as simbool van die geestelike self beskou word, het nou tot gevolg dat sy ook haar geestelike self negatief beleef.

Vanuit die interpretasies kan daar tot die gevolgtrekking gekom word dat die adolessent met anoreksia nervosa waarskynlik ook 'n behoefte het om aan ander en veral aan die vader wie se opinie sy as belangrik ag, deur middel van haar liggaam (of moontlik ook deur akademiese en sportprestasie) te wys dat sy wel oor die gesogte (hoogaangeskrewe) geestelike kwaliteite beskik. Dit sluit aan by die sogenaamde adolessente egosentrisme waar die adolessent glo dat haar eie voorkoms asook haar eie gedagtes vir ander net so belangrik is as vir haarself (Gormly & Brodzinsky, 1989:311). Die simboliese interaksionisme wys egter daarop dat sinvolle simboliese kommunikasie tussen mense, in hierdie geval tussen die adolessent met anoreksia nervosa, die portuurgroep en veral die vader, net kan plaasvind indien almal dieselfde betekenis aan die simbool wat ter sprake is, heg (Charon, 1998:54-55). Hier is egter geen aanduiding dat daar wel simboliese kommunikasie tussen die adolessent met anoreksia nervosa en ander plaasgevind het nie, maar slegs dat sy in 'n toenemende mate op haarself ingestel is, toenemend met haarself simbolies in interaksie tree en ook van ander kognitiewe prosesse soos **self-attribusie (sien 2.4.2)** gebruik maak ten einde haar self en haar gedrag te probeer verstaan.

Met betrekking tot die drie respondente kan daar tot die gevolgtrekking gekom word, dat soos wat die siekte van anorexia nervosa by die adolessent vorder, sy al hoe minder dié tipe terugvoering van ander kry soos wat sy dit graag sou wou hê. In werklikheid sien ander nie die geestelike kwaliteite soos wat sy dit self sien en beleef, vanuit haar fisieke self, raak nie. Hul sien die fisieke self soos wat dit werklik is, raak. In stede van positiewe terugvoering met betrekking tot die geestelike self, ontvang die adolessent met anoreksia nervosa nou negatiewe terugvoering met betrekking tot 'n fisieke self wat sy self ook reeds begin negatief beleef. Aanmerkings oor haar maer liggaam beskou sy wel as 'n kompliment en dit dien as positiewe belewenis met betrekking tot die geestelike self. Ten einde haar self en haar eie gedrag te probeer verstaan en te regverdig, tree sy nou toenemend met haar self in interaksie en probeer deur middel van die kognitiewe proses van self-attribusie betekenis aan haar gedrag te gee. Dit is in aansluiting met Bem (in Baron & Byrne, 1987:66-67) se selfpersepsie teorie wat dit stel dat die mens se gevoelens, houdings en ander aspekte van die geestelike self nie sigbaar is nie en dat die mens daarom sy gedrag moet gebruik as aanduiding van die onsigbare kwaliteite.

Daar kan tot die gevolgtrekking gekom word dat, soos wat die adolessent met anoreksia nervosa toenemend op haar self ingestem raak, sy haar ook toenemend van ander onttrek met die gevolg dat sy uiteindelik sosiaal geïsoleerd raak en ook haar **sosiale self negatief beleef**.

Vir die adolessent is sosialisering 'n belangrike ontwikkelingstaak. Adolessente het 'n dwingende behoefte om deel van 'n groep te wees. Sy moet leer om met ander en veral die portuurgroep te kommunikeer. Daar is 'n neiging om vriende te kies wie se waardes, belangstellings, persoonlikhede en houdings met haar eie ooreenstem (Brendt & Perry, aangehaal in Thom *et al*, 1998:460). 'n Gebrek aan kontak met die portuurgroep belemmer nie net sosiale ontwikkeling nie, maar bevorder moontlik ook die preokkupasie met voedsel (Reiff & Reiff, 1992). "Children and adolescents who are isolated from peers, and for whom peer approval is lacking, are more likely to engage in behaviours that are antisocial. Failure to establish workable social ties with peers is a major predictor of social and emotional maladjustment during adolescence and adulthood" (Ingersoll & Orr, 1988:12). Ons sien dus dat die portuurgroep op twee wyses bydraend kan wees tot risikogedrag naamlik as die gedrag ondersteun word deur die groep of die totale afwesigheid van die groep (Ingersoll & Orr, 1988:12). Vanuit die simboliese interaksionisme is dit duidelik dat die self ontwikkel tydens die interaksie met ander mense wat nie net aan die individu terugvoering gee met betrekking tot die self nie, maar met wie die individu haarself ook vergelyk (Festinger &

Cooley aangehaal in Kaiser, 1990:165, 172). Vir die adolessent met anoreksia nervosa kan die ander met wie sy haarself vergelyk en van wie sy terugvoering kry 'n betekenisvolle rol speel in die belewenis van haar self wat weer haar gedrag in 'n bepaalde rigting kan stuur.

Daar kan tot die gevolgtrekking gekom word dat die adolessent met anoreksia nervosa egter isolasie en alleenwees verkies bo die geselskap van die portuurgroep of die gesin. Sy beleef haarself reeds vanaf die ontstaan van die siekte as superieur omrede sy groter beheer oor haar voedselinname het as die portuurgroep en ervaar hul eetgedrag as 'n swakheid en moontlik ook onrein. Sy ontrek haar dus nie net fisies nie, maar distansieer haarself ook op geestelike gebied van hulle. Sy deel ook nie graag haar emosies met vriende nie aangesien sy ook dit as 'n swakheid sien. Sy smee dus geen blywende vriendskappe of verhoudinge met die portuurgroep nie. In aansluiting by Jung *et al* (2001) is dit duidelik dat die adolessent met anoreksia nervosa dus baie eensaam is.

Soos wat die siekte toeneem, onttrek die adolessent haar ook fisies toenemend van die portuurgroep en ook die gesin, waarskynlik aanvanklik omrede sy enige situasie waar sy dalk sal moet voedsel inneem, wil vermy, maar later om moontlik aan hulle negatiewe opmerkings met betrekking tot haar liggaam te ontkom. Dit ontnem haar nie net hulle ondersteuning en vriendskap nie, maar ontnem haarself ook die geleentheid om deur middel van die maer figuur aan ander te wys dat sy oor (volgens haar oordeel) bepaalde belangrike geestelike kwaliteite soos deursettingsvermoë en 'n sterk wilskrag beskik. 'n Belangrike behoefte in haar lewe word nou glad nie meer bevredig nie. Sy wend haar dus nou toenemend tot haarself, tree gedurig met haarself in gesprek en gebruik ook die proses van self-attribusie toenemend ten einde haarself en haar gedrag te kan probeer verstaan. Sy tree ook toenemend met 'n Hoërhand in interaksie en verstewig die verhouding, wat haar moontlik help om die ondraaglike situasie waarin sy haar nou bevind beter te hanteer. Die adolessent met anoreksia nervosa ontbeert dus nou alle vriendskapsverhoudinge en is op haarself aangewys om probleme te hanteer. Sy raak moontlik al hoe meer selfgerig en haar belangstelling draai net om haarself en haar eetpraktyke (Thom *et al*, 1998:460). Ten spyte van die feit dat die adolessent met anoreksia nervosa nou al die dimensies van haarself negatief beleef en toenemend alleen en eensaam is, sien sy steeds nie haar eetpraktyk as die probleem nie. Aangesien sy nou glad nie op ander se insette in haar lewe gerig is nie, is sy ook glad nie ontvanklik vir enige terugvoering of opinies van ander met betrekking tot haar self nie. Sy volhard in haar eie denkpatroon waar die **stereotipe** dat maerwees gelyk is aan goedwees terwyl oormassa gelyk is aan slegwees en swakwees steeds as belangrike

skemata in haar sosiale kognisie funksioneer, terwyl interaksie met ander en die invloed van ander op haar belewenis van haar self toenemend minder word.

Die simboliese interaksionisme stel dit duidelik dat interaksie met betekenisvolle ander, verwysingsgroep ander en veralgemene ander 'n voorvereiste vir die ontwikkeling van al die dimensies van die self is. Die individu, in hierdie geval die adolessent met anoreksia nervosa, ontwikkel 'n persepsie van die verskillende dimensies van haarself deurdat sy terugvoering kry en haarself vergelyk met ander wat vir haar belangrik is, maar ook dat sy deur die gebruik van haar eie, unieke kognitiewe prosesse self 'n bepaalde persepsie van haarself vorm. Vanuit die voorafgaande besprekings is dit duidelik dat ander mense deur die verloop van die adolessent met anoreksia nervosa se siekte tot 'n meerdere en ook tot 'n 'mindere mate 'n rol in haar selfbelewenis speel.

Sonder om reeds genoemde argumente onnodig te herhaal, kan daar waarskynlik tot die gevolgtrekking gekom word dat die **vader as betekenisvolle ander** by die ontstaan van die siekte en ook soos die siekte vorder, 'n belangrike rol speel in die adolessent met anoreksia nervosa se belewenis van haar geestelike sowel as haar fisieke self. Die vader se opinie en agting blyk vir die adolessent met anoreksia nervosa baie belangrik te wees en so ook sy siening oor bepaalde geestelike kwaliteite asook oor die waarde van 'n maer liggaam. Dit geld ook vir sy terugvoering in hierdie verband. Dit beteken egter nie dat die adolessent met anoreksia nervosa noodwendig 'n goeie verhouding met haar vader het nie. Byely *et al* (2000) bevestig so 'n siening en noem dat "According to social learning theory, family members and peers can intensify the socio-cultural emphasis on slenderness for girls that is pervasive in our society". 'n Aanvanklike stereotipe wat moontlik vanuit die media as veralgemene ander aangeneem is en moontlik ook deur die portuurgroep aangehang word, kan dus deur die siening en terugvoering van die vader as betekenisvolle ander in die lewe van die adolessent met anoreksia nervosa, versterk word. Die saak kan vererger word as daar spanning en konflik in die gesin is (Norris, 1983; Byely *et al*, 2000) of as daar in die gesin oordrewe klem gelê word op prestasie en sukses of in gesinne met 'n dominante moederfiguur en 'n afwesige vaderfiguur. Daar bestaan klaarblyklik by die adolessent met anoreksia nervosa 'n sterk behoefte om self so te wees soos wat dit vir die vader aanvaarbaar is. Toenemend, soos wat die siekte vorder en die fisieke self buite beheer en moontlik vir ander onaanvaarbaar word, bestaan die behoefte om aan ander en spesifiek aan die vader te toon dat sy wel nog oor die geestelike kwaliteite wat sy meen vir hom belangrik is, beskik. Dit blyk egter dat soos wat die siekte vorder en die adolessent met anoreksia nervosa haar toenemend fisies en ook psigies van ander en ook van die gesin onttrek, daar

later feitlik geen verhouding met die vader is nie en sy opinie oor haar fisieke self ook nie meer in aanmerking geneem word nie.

Vanuit die simboliese interaksionisme asook die teorie met betrekking tot die ontwikkeling van die adolessent, blyk dit dat die portuurgroep toenemend tydens adolessensie 'n rol speel in die ontwikkeling van die adolessent se self (Gormly & Brodzinsky, 1989:331-335; Charon, 1998:68). Volgens Kaiser (1990:129-130) is terugvoering vanaf die portuurgroep en vergelyking met die portuurgroep, veral met betrekking tot die fisieke self, op hierdie stadium belangrik. Daar kan waarskynlik tot die gevolgtrekking gekom word dat die **portuurgroep as verwysingsgroep ander** waarskynlik nie so 'n beduidende rol speel in die adolessent met anoreksia nervosa se belewenis van haar self soos wat mens moontlik sou verwag nie. Hoewel die adolessent met anoreksia nervosa tydens die ontstaan van die siekte wel gerig is op terugvoering vanaf die portuurgroep met betrekking tot haar fisieke self en veral die grootte en massa van die liggaam, lyk dit nie asof sy tot 'n beduidende mate deur hulle beïnvloed word nie, bo en behalwe dat hul terugvoering waarskynlik haar opinie oor maerwees versterk. Dit lyk ook nie asof hul terugvoering met betrekking tot haar geestelike self enigsins vir haar belangrik is nie. Wat wel waar is, is dat sy haar met hulle vergelyk, veral wat haar beheer oor haar eetgewoontes aan betref. Hierdie vergelyking is vir haar positief en gee aan haar 'n gevoel van superioriteit, wat haar waarskynlik geestelik verder van die groep distansieer. Orbach (1985:131), Slabber (1985) en Heinberg en Thompson (1992) stem met so 'n siening saam en wys daarop dat dit vir die vroulike adolessent met anoreksia nervosa dikwels 'n skok is om te ontdek dat dieselfde voedsel wat sy aan ander gee, haar liggaam se vyand is. Soos wat die siekte vorder en haar eetpraktyke en fisieke voorkoms vir die portuurgroep al hoe meer onaanvaarbaar word, ontvang die adolessent met anoreksia nervosa negatiewe terugvoering vanaf die groep. Dit raak haar egter nie beduidend nie, bo en behalwe dat sy dit irriterend vind en haar dus toenemend van die groep onttrek ten einde van die terugvoering en ook situasies waar sy dalk sal moet eet, te kan ontkom. Soos tydens die ontstaan van die siekte, vergelyk sy haar fisieke en veral ook haar geestelike self voortdurend met dié van die groep. Ongelukkig laat haar wanpersepsie oor haar liggaam haar nooit toe om die fisieke prentjie en vergelyking in perspektief te sien nie terwyl haar beheer oor haar eetpraktyke haar geestelik toenemend superieur met betrekking tot die groep laat voel. Teen die einde van die siekte het die adolessent met anoreksia nervosa waarskynlik geen verhoudings met die portuurgroep nie en speel hul waarskynlik nie 'n beduidende rol in haar ontwikkeling en belewenis van haar self nie. Volgens Thom *et al* (1998:457) en Ingersoll en Orr (1988:12) is so 'n situasie totaal negatief vir die onafhanklikheidswording en die ontwikkeling van die identiteit van die adolessent met

anoreksia nervosa en skep die uiteindelijke behepthed met die self en die negatiewe selfbeeld 'n gunstige klimaat vir volharding in abnormale eetgedrag.

Soos wat die adolessent met anoreksia nervosa se toestand versleg en sy haar sosiaal van ander onttrek en toenemend gerig is op interaksie met haar self, volhard sy nie net in haar aanvanklike denkpatroon nie, maar ook in die gebruik van kognitiewe prosesse soos self-attribusie en die gebruik van stereotipes. Dit lyk egter of daar tog wel tot die gevolgtrekking gekom kan word dat **stereotipes as deel van die veralgemene ander** waarskynlik slegs 'n rol in die adolessent met anoreksia nervosa se belewenis van die fisieke self speel tot die mate waartoe 'n maer figuur tydens dié lewensfase as aantreklik gesien word. Dit dien as 'n norm waarmee sy en die portuurgroep hul vergelyk, wat dan ook as normaal van hierdie lewensfase gesien kan word.

Dit lyk laastens asof daar tot die gevolgtrekking gekom kan word dat, soos wat die siektetoestand anoreksia nervosa in die lewe van die adolessent toeneem, betekenisvolle, verwysingsgroep en veralgemene ander toenemend nie meer so 'n belangrike rol speel in haar belewenis van haar self en ook in die ontwikkeling van die self speel nie. Die simboliese interaksionisme stel dit egter pertinent dat die self nie kan ontwikkel sonder ander nie en dat die vergelyking met ander en terugvoering vanaf ander 'n belangrike rol speel in die individu, in hierdie geval die adolessent met anoreksia nervosa se belewenis en persepsie van die onderskeie dimensies van die self (Charon, 1998:63-64). Sonder ander is die adolessent met anoreksia nervosa slegs aangewys op interaksie met haarself in die belewenis van haar self. Sonder ander raak dit ook baie moeilik om 'n duidelike beeld met betrekking tot die verskillende dimensies van die self en die interverwantskap daarvan in die totale self te behou. As daarby in gedagte gehou word dat die adolessent met anoreksia nervosa waarskynlik nou slegs staatmaak op haar eie versteurde persepsie van haar liggaam asook haar eie kognitiewe prosesse met betrekking tot haar liggaam en geestelike self wat reeds aan die begin van die siekte 'n belangrike rol gespeel het, is dit nie verbasend dat sy nou totaal uit beheer van die meeste dimensies van haar self voel nie. Liggaamskartekse speel dus nou toenemend 'n rol wat volgens Kaiser (1990:108-109) dui op die feit dat sy al haar geestelike en ander energie toespits op die liggaam, in hierdie geval op die maerwees daarvan. Dit raak volgens Schmidt (1980:63-83) die totale doel waarom haar lewe draai en soos in meeste gevalle word dit aan die religieuse en aan streng reëls en voorskrifte gekoppel. Beheer en die uitoefen van kontrole bly dus vir die adolessent met anoreksia nervosa belangrike kwaliteite van die self. Dit lyk dus asof daar tot die gevolgtrekking gekom kan word dat die besef dat sy uit beheer is en die behoefte aan beheer en kontrole in haar

lewe, op die ou end ook weer vir die adolessent met anoreksia nervosa op die pad van herstel sit.

Samevattend kan daar dus tot die gevolgtrekking gekom word dat die adolessent met anoreksia nervosa se belewenis van die verskillende dimensies van haarself waarskynlik 'n bepalende rol speel in die ontstaan en ontwikkeling van die eetversteuring, maar dat geen enkele faktor uitgesonder kan word as rede vir die ontstaan en verloop van die siekte nie – veel eerder dat die adolessent met anoreksia nervosa 'n aktiewe, denkende wese is wat met betrekking tot alle dimensies van haarself in interaksie met ander ontwikkel, maar op die ou end verantwoordelikheid vir haar eie gedrag neem en haar eie aksies en reaksies in die lewe rig.

7.3 VERDERE NAVORSINGSMOONTLIKHEDE

Aangesien dit in hierdie studie gegaan het om die adolessent met anoreksia nervosa se belewenis van haar self en nie oor die identifisering van enkele oorsake vir die eetversteuring nie, asook met inagneming van die gevolgtrekking waartoe gekom is, meen die navorser dat dit 'n verarming van die studie sou wees indien daar hipoteses met betrekking tot elk van die moontlike aanleidende faktore gestel sou word. Die navorser is egter bereid om die volgende aspekte ter wille van toekomstige navorsing te stel:

- Vroulike adolessente vanuit gesinne waar klem gelê word op liggaamsgrootte en – massa sowel as op prestasie en sukses het 'n groter kans tot die ontwikkeling van anoreksia nervosa as vroulike adolessente vanuit gesinne waar bogenoemde klem nie geld nie.
- Die vader se terugvoering met betrekking tot aspekte van die geestelike self van die adolessent met anoreksia nervosa speel 'n beduidende rol in die hele verloop van die siekte.
- Die belewenis van beheer vanuit 'n Hoërhand speel 'n beduidende rol in die adolessent met anoreksia nervosa se herstelfase van die siekte.

navorsing gedoen. By die analise en interpretasie van resultate is daar gesoek vir verskynsels wat herhaaldelik voorgekom het en nie moontlik 'n terloopse opmerking was nie. Daar kan met reg gesê word dat stellings en verskynsels wat vir die interpretasie van resultate gebruik is, herhaaldelik en duidelik by verskillende geleenthede na vore gekom het. Transkripsies is met groot omsigtigheid geskryf, sowel as die beskrywing van die situasie.

Die navorser behoort egter te poog om objektief te bly in die insameling sowel as in die verwerking van data. Daarbenewens moet dit vry van eie waarde-oordele gehou word. Die navorser het in hierdie navorsing gepoog om nie tydens onderhoudvoering haar eie sieninge en waardes in berekening te bring of om die respondente se sieninge te beïnvloed nie. Dieselfde geld vir die bespreking en interpretasie van resultate, aangesien die navorser gepoog het om dit vry van haar persoonlike waarde-oordele te hou.

Daar is verder gepoog om voor en gedurende die tydperk van onderhoudvoering 'n vertrouensverhouding met die respondente op te bou. Die navorser kan met eerlikheid sê dat sy nêrens die indruk gekry het dat die respondente nie hul eerlike opinie gegee het nie, of die navorser doelbewus om die bos probeer lei het nie. Die repondente was te alle tye baie eerlik en openlik en gewillig om deel te neem. Daar is ook 'n goeie verhouding tussen die navorser en die respondente opgebou wat steeds voortduur. Die respondente het die navorser verseker dat hul deelname aan die navorsing vir hul persoonlik iets beteken het.

Nieteenstaande bogenoemde blyk dit egter dat die geloofwaardigheid van die interpretasie van die resultate en die gevolgtrekking waartoe gekom is, uiteindelik ook afhang van die navorser se insette. Volgens Babbie (1989:286-289) word die geldigheid by kwalitatiewe navorsing aansienlik verhoog deur die feit dat die navorser betrokke is by die situasie en insig verkry oor die aard van menslike handeling. Die navorser kon dus 'n indiepte en volledige opinie oor die respondent kry, daarom kon daar tot 'n omvattende begrip van die persoon gekom word.

Die navorser het die interpretasie van die resultate met twee van die respondente gekontroleer. Die derde respondent was nie beskikbaar nie. Albei was dit eens dat daar geen aspekte was waarmee hul glad nie saamstem nie. Die navorser het sekere aspekte waaroor daar ietwat twyfel bestaan het weer eens gekontroleer met die respondente. Hierdeur is die geloofwaardigheid van die studie verhoog.

7.4 EVALUERINGS

7.4.1 Inleiding

Dit is belangrik vir die navorser om aan die einde van 'n ondersoek die navorsing eerlik en objektief te evalueer. Die evaluering van hierdie navorsing word onder die volgende punte gedoen:

- geloofwaardigheid van die studie
- evaluering van die data-insamelingsmetode
- die bereiking van die doelwitte wat vir hierdie navorsing gestel is
- bydrae tot die teorie.

7.4.2 Geloofwaardigheid van die studie

Daar is reeds 'n oorsig gegee oor die geloofwaardigheid van die studie in **HOOFSTUK 3**. Die navorser is bewus daarvan dat die geloofwaardigheid van 'n kwalitatiewe studie soms 'n probleem kan wees. Lincoln en Guba (aangehaal in de Vos, 2002:351) beklemtoon dit dat kwalitatiewe navorsing aan sekere kriteria moet voldoen om die geloofwaardigheid van die studie te beklemtoon. Die navorsingsontwerp was buigsaam en uniek. 'n Plooibare benadering is dus in die studie gevolg wat gehelp het om die betroubaarheid van die studie te verseker. Die volledige literatuurstudie wat vooraf gedoen is het die kredietwaardigheid van die studie verhoog (de Vos, 2002:351). Verder is die geloofwaardigheid van die studie verhoog deur gebruik te maak van twee teoretiese perspektiewe reeds in die beplanning van die studie. Kruisvalidasie van teorieë is dus toegepas (de Vos, 2002:342).

Verskillende metodes van data-insameling is gebruik wat mekaar aangevul het en sodoende gedien het as kruisvalidasie om die geloofwaardigheid en betroubaarheid van die studie te verseker (Leedy, 1997:169; Babbie & Mouton, 2001:275, 278). Die respondente is dus herhaaldelik onder verskillende stuasies en onder verskillende omstandighede die geleentheid gegee om hulself oor 'n bepaalde aspek uit te druk. Inligting wat so ingewin is, sou as betroubaar beskou kan word.

Die navorser is eerlik van mening dat die data wat ingesamel is en gebruik is vir die interpretasie van resultate, werklik betroubaar is. Na 'n deeglike studie van die teorie en ander navorsers se strategieë en meetinstrumente, is 'n versigtige keuse vir hierdie

Elna se reaksie was as volg: ***Dit is absoluut in die kol. Ek kan nie dink dat dit so goed opgesom is nie. Dit het seker vreeslik lank gevat om tot hierdie gevolgtrekkings te kom.***

Johlene het as volg gereageer: ***Dit voel soos daardie tyd van my lewe opgesom in 'n neutedop. Dit voel asof ek dit wil "file". Dan kan ek terugverwys daarna en sê: dit is soos my lewe op daardie tyd gelyk het. Miskien moet ek dit doen.***

Weens die aard van die steekproef kan die nie-oordraagbaarheid of die nie-veralgemening van die studie moontlik as 'n leemte gesien word. Daar kan nie veralgemenings gemaak word nie. Die leemte is in 'n mate oorkom deur doelbewuste steekproefneming asook deur kruisvalidasie wat die oordraagbaarheid van die studie verhoog. Die doel van die studie was ook nie om te veralgemeen nie, maar om slegs 'n begrip te kry.

7.4.3 Evaluering van die data-insamelingsmetodes en die bruikbaarheid daarvan vir ander navorsers

Dit is nodig dat die navorser 'n eerlike evaluering sal gee aangaande die navorsingstrategie wat in hierdie studie gevolg is, asook die sukses van die data-insamelingsmetodes wat gebruik is.

'n Ideografiese navorsingstrategie is in hierdie studie gevolg aangesien daar net 'n begrip van die respondente binne hul konteks verlang is (Babbie & Mouton, 2001:272). Met inagneming van die simboliese interaksionisme en kognitiewe perspektief is daar van twee tipes kwalitatiewe data-insamelingsmetodes gebruik gemaak, naamlik ongestruktureerde, individuele onderhoudvoering (in diepte gesprekvoering met behulp van stimulusmateriaal) en persoonlike dokumentasie. Deur van hierdie metodes gebruik te maak, is daar insig verkry oor hoe die vroulike adolessent met anoreksia nervosa haar leefwêreld interpreteer (Babbie & Mouton, 2001:271).

Tydens die onderhoudvoering het dit duidelik geblyk dat die respondente spontaan kon gesels oor hul belewenisse van anoreksia nervosa tydens hul adolessente jare. Die respondente het nie veel aanmoediging nodig gehad nie en kon spontaan reageer op vrae van die navorser. Dikwels het hul verder uitgebrei, wat weer gelei het tot ander aspekte van hul belewenisse. Hul diepste belewenisse het na vore gekom wat moontlik kwalik deur vraelyste of ander kwantitatiewe tegnieke na vore sou kom. Die geleentheid is aan hul

gebied om spontaan te praat en die navorser het so min as moontlik onderbreek. Dit het die navorser gehelp om hul diepste belewenisse, denke, persepsies en gedrag met betrekking tot die siekte vas te lê. Dit het ook die kredietwaardigheid van die studie verhoog (de Vos, 2002:35).

Die gebruik van 'n bandopnemer tydens die onderhoudvoering was baie effektief. Die mikrofoon was onopsigtelik sodat dit nie die respondente se spontaneïteit beïnvloed het nie. Die navorser het die geleentheid gehad om haar volle aandag aan die onderhoud te gee en rustig na die gesprek te luister. Na die afloop van die onderhoud kon die navorser weer daarna luister en dit ook transkribeer. Die navorser kon slegs haar indrukke van die onderhoud beskryf. Sodoende is die betroubaarheid van die studie verhoog.

Die gebruik van persoonlike dokumentasie wat terselfertyd as 'n data-insamelingsmetode en as stimulistegniek gebruik is, was besonder effektief. Die respondente het die geleentheid gehad om goed na te dink en hul gevoelens en persepsies op 'n ander wyse uit te druk. Dit het ook gedien as 'n stimulistegniek vir die tweede indiepte onderhoud wat meegehelp het met spontane deelname deur die responente. In die geval van die tweede responent, wat die brief in die vorm van 'n baie kort opsomming (enkele woorde) gedoen het, was dit waarskynlik nie so effektief nie, maar sy het haarself in die proses goed voorberei om daarvoor te praat. Geen voorskrifte is aan die respondente gegee nie sodat die data wat sodoende verkry is, volkome hul eie spontane skepping was.

Die gebruik van 'n restaurant-ete as stimulistegniek, het beantwoord aan die doel waarvoor dit beplan is. Die navorser kon leer oor hul wyse van voedselkeuse en om die ontbrekende data te kry. Dit is egter die navorser se eerlike opinie dat 'n persoon wat aan anoreksia nervosa gely het, nie sommer aan so 'n tegniek blootgestel moet word nie aangesien dit spanning vir die responent kan veroorsaak. Aan die anderkant kon waardevolle inligting oor die gedrag van die responent verkry word wanneer sy aan 'n eetsituasie blootgestel word.

7.4.4 Die bereiking van die doelwitte wat vir hierdie navorsing gestel is

Die uiteindelijke vraag is of die navorser die doelwitte wat vir die bepaalde studie gestel is, bereik het. Uit **HOOFSTUK 1** is dit duidelik dat die doel van die bepaalde navorsing was om die vroulike adolessente se belewenis van haar self in diepte te bestudeer en te beskryf. Ten einde aan die breë doelwit van die studie te voldoen, is daar ook spesifieke doelwitte gestel ten einde 'n begrip te kry van die belewenis van die vroulike adolessent met anoreksia nervosa van haar self en dit ryklik te beskryf.

Vanuit die resultate is dit duidelik dat 'n groot hoeveelheid inligting op die breë gebied waarmee die navorsing gemoeid was, ingewin kon word wat die navorser in staat gestel het om die belewenisse van die adolessent met anoreksia nervosa in detail te kon beskryf. Dit het die navorser in staat gestel om die resultate te bespreek en te interpreteer met betrekking tot die verskillende doelwitte. Vervolgens kon daar tot gevolgtrekkings gekom word vir elke respondente maar ook in die breë.

Vanuit die bespreking en interpretasie van die resultate asook die gevolgtrekking waartoe gekom is, is dit duidelik dat doelwitte soos gestel in **HOOFSTUK 1** bereik is. Vanuit die resultate is bepaalde, geestelike eienskappe soos 'n sterk wilskrag, om in beheer te wees, deursettingsvermoë en prestasiegedreweheid geïdentifiseer wat kenmerkend is van die respondente en wat weer 'n bepaalde invloed op haar selfbeleving het. Die negatiewe beleving van die fisiese self was die gevolg van vergelyking met ander en terugvoering van ander wie se opinie belangrik was. Dit was 'n belangrike aspek in hul selfbeleving en het ten nouste saamgehang met die beleving van haar geestelike self. Ander persone het 'n belangrike rol gespeel in haar selfbeleving en die vader kan in die verband uitgesonderd word as 'n betekenisvolle ander. Soos wat hulle hulself begin isoleer het, het hulle ook hul sosiale self negatief beleef. Hul tree toenemend in gesprek met hulself en gebruik self-attribusie om hul gedrag te regverdig. Verder is gevind dat die respondente hul liggame en voedsel gebruik as simbole van bepaalde aspekte van die self. Verder volhard hulle in 'n denkpatroon waar die stereotipe dat maerwees sukses is en oormassa sinoniem is met slegwees as belangrike skemata in haar sosiale kognisie funksioneer.

Weens die aard van die studie is daar nie hipoteses gestel nie.

7.4.5 Bydraes tot die voedingsteorie

'n Voordeel van 'n kwalitatiewe benadering soos wat in hierdie studie gevolg is, is dat dit die navorser in staat stel om sekere verskynsels beter te verstaan en te beskryf. Die waarde van die navorsing word egter verhoog indien dit ook 'n bydrae kan lewer tot die teorie op die gebied van die navorsing. Met betrekking tot hierdie studie meen die navorser dat 'n beduidende bydrae gemaak kan word rakende:

- die waarde van die simboliese interaksionisme en 'n sosiaal-kognitiewe perspektief vir die bestudering van mense se eetgedrag

- die rol van bepaalde geestelike eienskappe van die adolessent in die ontstaan en ontwikkeling van anoreksia nervosa
- die rol van die fisieke self in die ontstaan en ontwikkeling van anoreksia nervosa by die vroulike adolessent
- die rol van die vader as betekenisvolle ander in die ontstaan en ontwikkeling van anoreksia nervosa by die vroulike adolessent.

7.4.5.1 Die waarde van die simboliese interaksionisme en 'n sosiaal-kognitiewe perspektief vir die bestudering van mense se eetgedrag

Vanuit die resultate van hierdie navorsing asook die gevolgtrekkings waartoe gekom kon word, is dit duidelik dat die simboliese interaksionisme en 'n sosiaal-kognitiewe perspektief met gepaardgaande onderliggende aannames sinvol gebruik kan word vir die bestudering van mense se eetgedrag asook spesifiek vir die bestudering van eetversteurings soos anoreksia nervosa.

Soos die simboliese interaksionisme dit stel, was dit in hierdie studie ook duidelik dat die mens dinamies van aard is, voortdurend met homself en ander in interaksie is en gedurende hierdie interaksiesituasie van kognitiewe prosesse gebruik maak (aldus 'n sosiaal-kognitiewe perspektief) ten einde sy eie en ander se gedrag te verstaan en besluite te kan neem met betrekking tot toekomstige gedrag (Baron & Byrne, 1987:76; Charon, 1998:27-28), in hierdie geval sy eetgedrag. Dit impliseer dus dat die eet van voedsel nie noodwendig net die gevolg is van 'n enkele faktor soos honger of gewoonte nie, maar dat die eet van voedsel vir die mens betekenis kan hê. Mense se voedselkeuses en eetpatrone word dus nie noodwendig deur enkele faktore beïnvloed nie, maar is die gevolg van hul interaksie met hulself en met ander en kry vir hul betekenis in interaksie met hulself en met ander. Dit was verder ook duidelik dat voedsel nie maar net 'n sosiale objek is nie, maar definitief 'n simbool wat van jongs af gebruik kan word in interaksie met die self en met ander. Voedsel as sulks en die eet van voedsel kan dus, soos in die geval van die adolessent met anoreksia nervosa deur mense gebruik word as simbool van bepaalde ander aspekte van hul self, soos dat hulle in beheer is van die situasie of bepaalde kontrole oor hul self het.

Die simboliese interaksionisme stel dit verder duidelik dat, ten einde sinvolle kommunikasie te bewerkstellig, mense dieselfde betekenis aan bepaalde simbole, in hierdie geval voedsel en spesifiek die eet van voedsel, moet heg (Charon, 1998:88-89). Vanuit hierdie studie was dit duidelik dat mense met eetversteurings, in hierdie geval anoreksia nervosa, nie

noodwendig dieselfde betekenis aan voedsel en die eet van voedsel heg as ander mense wat nie die stoornis het nie. Dit beteken dat daar dan nie sinvolle simboliese kommunikasie kan plaasvind nie en die persoon met die eetstoornis se gedrag waarskynlik in die meeste gevalle nie verstaan kan word nie. Dit impliseer verder dat die betekenis wat mense aan voedsel en hul eetgedrag heg, nie voor die hand liggend is nie. Ten einde mense se eetgedrag te kan verstaan en spesifiek ook in die geval waar daar eetversteurings soos anoreksia nervosa voorkom, is dit dus nodig om die persoon se gedrag grondig te bestudeer ten einde werklik te kan verstaan wat die betekenis is wat 'n persoon aan voedsel en die eet van voedsel heg asook watter faktore 'n rol speel by die persoon se keuse van voedsel asook sy eetgedrag.

In aansluiting by bogenoemde beklemtoon 'n sosiaal-kognitiewe perspektief die feit dat mense denkende wesens is wat in interaksie met ander sosiale objekte soos voedsel dit gebruik om betekenis aan hul gedrag te gee en die behoefte het om dit ook so aan ander te kan kommunikeer, maar ook dat die mens bepaalde kognitiewe strukture en prosesse gebruik ten einde homself en ander mense beter te verstaan en 'n besluit te kan neem met betrekking tot toekomstige gedrag (Baron & Byrne, 1987:77-103). Dit was duidelik dat die adolessent met anoreksia nervosa voortdurend in 'n proses van self-attribusie is waar sy met haarself in gesprek tree ten einde ook haar eetgedrag te kan verstaan en 'n besluit oor toekomstige eetgedrag te kan neem. Mense redeneer dus met hulself oor hul eetgedrag ten einde redes en oorsake daarvoor te vind en dit te kan verstaan en ook besluite ten opsigte van hul toekomstige eetgedrag te kan neem. In die studie van mense se eetgedrag en spesifiek ook in die studie van eetversteurings, kan hierdie redenasies vir die navorser van waarde wees in die verstaan van die bepaalde individu se eetgedrag.

Die simboliese interaksionisme lê sterk klem op die feit dat die mens oor 'n self beskik wat alle aspekte van die fisieke self, die materiële self, die geestelike self en die sosiale self insluit (Charon, 1998:82-83). Mead (aangehaal in Kaiser 1990:147) stel dit sterk dat die verskillende dimensies van die self in mekaar verweef is, en dat as een dimensie van die self belig word of bedreig word, dit ook 'n invloed op die ander dimensies van die self het. Vanuit hierdie navorsing was dit duidelik dat die verskillende dimensies van die self van die adolessent met anoreksia nervosa in mekaar verweef is en dat een dimensie, byvoorbeeld die liggaam en haar beeld daarvan, nie uitgelig en afsonderlik belig kan word sonder om al die ander dimensies ook in gedrang te bring nie. Dit beteken dat voedsel en die eet daarvan as deel van die materiële self van mense en spesifiek ook mense met bepaalde eetversteurings, nie losgemaak kan word van die ander dimensies van die self nie, maar dat

die individu se belewenis van die een ook 'n invloed op die ander mag hê. In die bestudering van mense se eetgedrag en ook in die bestudering van eetversteurings by mense behoort alle aspekte van die self dus in berekening gebring te word in stede van om enkele faktore of oorsake van gedrag uit te sonder en dit as losstaande te bestudeer.

Die simboliese interaksionisme lê ook klem op die feit dat die self in interaksie met ander ontwikkel wat dan die betekenisvolle ander, verwysingsgroep ander en veralgemene ander insluit (Charon, 1998:73-75). Hierdie ander speel 'n belangrike rol in die ontwikkeling van die verskillende dimensies van die self asook hoe die individu haar self beleef deurdat die individu terugvoering van ander kry en haarself ook met ander vergelyk (Cooley & Festinger in Kaiser, 1990: 165,172). Mense kry dus terugvoering van ander met betrekking tot hul eetgedrag en vergelyk ook hul eetgedrag met die eetgedrag van ander. Vanuit hierdie studie was dit duidelik dat die terugvoering van ander spesifiek met betrekking tot haar eetgedrag, nie werklik 'n beduidende rol gespeel het in die adolessent se belewenis van haar self tydens die siekte nie, bo en behalwe dat dit vir haar 'n steurnis was en moontlik 'n rol gespeel het in haar sosiale onttrekking van ander. Dit was egter duidelik dat die adolessent met anoreksia nervosa reeds met die ontstaan en ook tydens die verloop van die siekte, haar eetgedrag met die eetgedrag van ander en dan spesifiek met die eetgedrag van die portuurgroep as deel van die verwysingsgroep ander vergelyk het. Omrede haar eetgedrag vir haar betekenis gehad het met betrekking tot veral sekere aspekte van die geestelike dimensie van die self, het die vergelyking van die eetgedrag nie net bloot gegaan om wat en hoeveel voedsel sy inneem nie, maar het die wyse waarop sy haar met ander vergelyk ook vir haar betekenis gekry met betrekking tot ander dimensies van die self. Vanuit die studie was dit egter duidelik dat soos die siekte van anoreksia nervosa by die adolessent gevorder het en sy op al die gebiede van die self van die portuurgroep verskil het en hul negatiewe terugvoering ontvang het, sy haar ook later nie meer tot dieselfde mate met die groep vergelyk het nie en die vergelyking in die ontwikkeling van haar self toenemend 'n mindere rol gespeel het ten behoewe van self-attribusie wat al hoe belangriker geword het. Dit is in ooreenstemming met Festinger (1954:120) se teorie dat die geneigdheid om 'n mens met 'n bepaalde ander te vergelyk, verminder soos die verskille tussen die persoon self en die ander groter word. Dit mag dus wees dat mense met eetversteurings soos anoreksia nervosa hul self later nie meer met die norm vergelyk nie, maar met 'n (moontlik verstoorte) beeld wat slegs deel van hul eie persepsie is. Dit sou dan beteken dat opmerkings van hoe sleg die persoon met die eetstoornis fisiek met ander vergelyk, soos wat die siekte vorder, toenemend geen uitwerking op die persoon se persepsie van haarself het nie. Die terugvoering van ander asook vergelyking met ander wat eetgedrag betref, kan dus vir mense om meer gaan as bloot om

die fisiese aspekte van voedsel, maar kan ook betekenis kry met betrekking tot ander dimensies van die persoon se self.

Vanuit die voorafgaande wil dit dus lyk asof die simboliese interaksionisme en 'n sosiaal-kognitiewe perspektief met die onderliggende aannames sinvol ingespan kan word in die bestudering van mense se eetgedrag en ook in die bestudering van eetversteurings. Die waarde van die keuse van so 'n benadering lê waarskynlik in die feit dat menslike gedrag, en in hierdie geval spesifiek eetgedrag, nie as voor die hand liggend gesien kan word nie en dat enkele redes en oorsake nie vir die gedrag uitgesonder kan word nie, maar dat die mens en sy eetgedrag as 'n totaliteit en in interaksie met homself en ander bestudeer moet word. Dit blyk ook vanuit hierdie navorsing dat so 'n benadering 'n bydrae behoort te maak tot die voedingteorie in die sin dat dit gaan om die verstaan van die mens en sy eetgedrag in totaliteit, in stede daarvan om enkele teoretiese sienings met betrekking tot eetgedrag en spesifiek ook met betrekking tot bepaalde eetversteurings soos anoreksia nervosa te onderskryf.

7.4.5.2 Die rol van bepaalde geestelike eienskappe van die adolessent in die ontstaan en ontwikkeling van anoreksia nervosa

In aansluiting by die siening van navorsers soos Wardlaw (1999:352), Barlow en Durand (1999:237) en Gardner (in Tiggeman & Dyer, 1995) was dit vanuit hierdie navorsing duidelik dat die adolessent met anoreksia nervosa prestasie georiënteerd en perfeksionisties van aard is en dat dit vir haar van die uiterste belang is dat sy oor selfkontrole moet beskik en in beheer van haar lewe moet voel. Hierdie eienskappe kom waarskynlik ook voor by ander adolessente waar anoreksia nervosa as eetversteuring nie ter sprake is nie. Dit is egter vanuit hierdie studie duidelik dat hierdie geestelike eienskappe, en veral die feit dat sy in beheer wil voel, vir die adolessent met anoreksia nervosa so belangrik is dat, sy om watter rede ookal voel dat sy nie sukses op ander terreine in haar lewe behaal nie, of as sy voel dat sy nie beheer oor ander belangrike terreine in haar lewe het nie, sy hierdie eienskappe toespits op aspekte waar net sy self 'n sê of beheer oor het, soos oor haar eetgedrag en die manipulering van haar liggaamsgroote en -massa. Dit is ook vanuit hierdie studie duidelik dat sy later die eet van voedsel en ook haar liggaamsgroote en massa as simbool van hierdie geestelike eienskappe sien waaroor sy op ander terreine van haar lewe nie meer so seker is nie. Dit is in aansluiting met die simboliese interaksionisme wat dit stel dat mense sosiale objekte, soos voedsel en die eet daarvan, kan gebruik as simbool van bepaalde ander eienskappe van hulself (Charon, 1998:64). Die eet van voedsel kan dus vir mense

meer beteken as dat dit bloot geëet word om fisiologiese redes en in baie gevalle, soos in die geval van die adolessent met anoreksia nervosa, kan mense dus die behoefte hê om hierdie geestelike eienskappe van spesifiek sukses, perfeksionisme en kontrole, aan andere te kommunikeer, hetsy deur die eet en keuse van voedsel, prestasie op akademiese of sportgebied, of andere.

Vanuit die voorafgaande is dit duidelik dat hierdie studie dit onderskryf dat die adolessent met anoreksia nervosa oor bepaalde persoonlikheidseienskappe beskik, maar nie dat dit gesien kan word as oorsaak vir die ontstaan van die siekte nie. Wat wel duidelik na vore gekom het, was dat dieselfde geestelike kwaliteite wat aan die begin van die siekte vir die adolessent met anoreksia nervosa belangrik was, waarskynlik ook 'n rol kan speel in die herstelfase van die siekte. Die adolessent met anoreksia nervosa voel aan die einde van haar siekte dat sy beheer oor groot dele van haar lewe verloor het. Om kontrole uit te oefen en in beheer te wees is vir haar baie belangrik. Die enigste manier waarop sy weer kontrole kan uitoefen oor haar fisieke, sowel as haar sosiale lewe, in die sin dat sy gesond word, weer in sosiale verhoudings kan staan en verantwoordelikheid kan neem vir haar eie lewe asook die van ander wie vir haar belangrik is, soos moontlik lede van die gesin, was om die pad van herstel van anoreksia nervosa aan te durf. Dit is in ooreenstemming met Goffman (1963:9) se siening dat "In some cases it will be possible for him (the stigmatised person) to correct what he sees as the corrective basis of his failing, as when a physically deformed person undergoes plastic surgery ... a homosexual psychotherapy. Where such repair is possible, what often results is not the acquisition of fully normal status, but a transformation of self from someone with a particular blemish into someone with a record of having corrected a particular blemish". Vanuit hierdie navorsing lyk dit asof die stelling van Goffman ook van toepassing gemaak kan word op die adolessent wat herstel of herstel het van anoreksia nervosa.

7.4.5.3 Die rol van die fisieke self in die ontstaan en ontwikkeling van anoreksia nervosa by die vroulike adolessent

Teoretici is dit eens dat daar tydens adolessensie 'n geneigdheid by die adolessent is om die fisieke veranderinge negatief te ervaar, asook in baie gevalle 'n toenemende ontevredenheid met die liggaam (Gormly & Brodzinsky, 1989:295-296). Tiggeman en Dyer (1995) meen dat meeste adolessente bewus en besorgd oor hul fisieke voorkoms is terwyl Burns (1981:6,151) van mening is dat die beeld wat die adolessent van haar eie liggaam het (liggaamsbeeld) 'n belangrike rol speel in die ontwikkeling van die totale self.

Vanuit die literatuur oor anoreksia nervosa is dit duidelik dat daar 'n sterk siening onder menige navorsers bestaan dat die adolessent met anoreksia nervosa 'n verstoorte liggaamsbeeld het en haarself meestal groter sien as wat sy in werklikheid is (Touyz *et al*, 1984; Fabian & Thompson, 1989; Thompson & Chad, 2000). Volgens Krukenberg (1987) en Drewnowski *et al* (1995) wil die adolessent met anoreksia nervosa steeds maerder wees as wat sy is, ongeag hoe maer sy is en hoe sy met ander vergelyk. Volgens navorsers soos Barlow en Durand (1999:237) en Benokraitis (1999:417) mag die massa-media en kledingindustrie se siening met betrekking tot die daarstel van 'n rolmodel moontlik 'n faktor wees in die adolessent met anoreksia nervosa se strewe na steeds 'n maerder figuur. Daarteenoor glo navorsers soos Field *et al* (2001) dat die portuurgroep se druk 'n rol mag speel in die adolessent met anoreksia nervosa se belewenis van haar self, terwyl navorsers soos Hill en Bhatti (1995) en Waugh en Bulik (1999) meen dat die rol van die gesin as betekenisvolle ander nie onderskat moet word in die adolessent met anoreksia nervosa se belewenis van haar fisieke self nie.

Vanuit hierdie navorsing lyk dit egter asof die belewenis van die fisieke self nie noodwendig as 'n oorsaak uitgesonder kan word met betrekking tot die ontstaan en ontwikkeling van anoreksia nervosa by die adolessent nie, maar veel eerder dat die belewenis van die fisieke self binne konteks van die totale self plaasvind en verweef is in die adolessent met anoreksia nervosa se belewenis van ook ander dimensies van die self, soos byvoorbeeld dat dit vir haar 'n simbool van ander dimensies van die self word.

Met betrekking tot die teorie rondom die liggaam en die belewenis van die fisieke self, was dit uit hierdie studie duidelik dat die adolessent met anoreksia nervosa, in aansluiting met die teorie, 'n verstoorte liggaamsbeeld het. Dit is nie duidelik dat daar enkele oorsake vir die ontstaan van hierdie verstoorte beeld uitgesonder kan word nie. Wat wel duidelik na vore gekom het is dat die vader, as betekenisvolle ander, maar moontlik ook die opset in die gesin, 'n rol mag speel, veral met betrekking tot die feit dat die verstoorte fisieke beeld nie net as sulks deur die adolessent met anoreksia nervosa ervaar word nie, maar gesien word as simbool van bepaalde aspekte van die geestelike self. Hier moet moontlik melding gemaak word van Festinger (1954:118-119) se teorie met betrekking tot sosiale vergelyking. Festinger (1954:118-120) is van mening dat, by gebrek aan objektiewe ondersteuning van die individu se siening/beeld van homself (in hierdie geval die adolessent met anoreksia nervosa se persepsie/beeld van haar fisieke self), die individu toenemend aspekte van die self vergelyk met dié van ander. Met betrekking tot die adolessent met anoreksia nervosa sou dit beteken dat indien sy nie tydens die kinder- en vroeë adolessente jare 'n objektiewe

beeld van haar fisieke en geestelike self kon vestig nie, veral met betrekking tot die liggaamsgrootte en –massa nie, sy toenemend moet staatmaak op vergelyking met ander ten einde so 'n beeld te kan vestig. Hierdie ander met wie sy haar nou vergelyk mag wel die portuurgroep en massa-media se opinie met betrekking tot die ideale grootte en massa wees. Vanuit hierdie studie lyk dit egter asof haar sieninge veel eerder die vader se siening van die fisieke self asook sekere geestelike kwaliteite wat in die gesin daaraan gekoppel word, insluit.

Hoewel, soos vroeër genoem, die teorie dit stel dat die adolessent met anoreksia nervosa waarskynlik oor 'n verstoorte liggaamsbeeld beskik, is dit nie duidelik hoe dit enigszins moontlik is dat, soos wat die siekte vorder en haar fisieke self al hoe meer afwyk van die aanvaarde sosiale norme nie, die adolessent met anoreksia nervosa kan volhou met die verstoorte beeld nie. Die navorser wil dit waag om dié tendens te verklaar aan die hand van Goffman (1963:7-19) se teorie met betrekking tot stigma. Goffman (1963: 3-4) stel dit dat 'n stigma verwys na fisieke, geestelike of sosiale eienskappe wat die individu distansieer of anders maak van die standarde in die samelewing. Dit sluit onder meer fisieke gebreke, sekere geestelike kwaliteite soos weerspieël deur siektes soos alkoholisme, asook sekere sosiale gebreke, soos behorende tot 'n spesifieke ras, in. Hierby sou eetversteurings, en spesifiek ook anoreksia nervosa gevoeg kan word, aangesien die persoon met anoreksia nervosa se fisieke self, en moontlik ook die sosiale self, as afwykend van die norm gesien kan word. Goffman (1963:6-19) wys daarop dat die individu wat gestigmatiseer voel, kontak met sogenaamde normale ander mag vermy – soos in die geval met die adolessent met anoreksia nervosa – omrede interaksie met sogenaamde normale ander verskille tussen die gestigmatiseerde en die sogenaamde normale ander steeds groter mag maak. Goffman (1963:7-8) wys daarop dat dit ook tot gevolg mag hê dat die gestigmatiseerde persoon, soos in die geval van die adolessent met anoreksia nervosa, later glad nie meer gekonfronteer wil word met aspekte van die self nie. In die geval van die liggaamsgestremde, of persone wat fisies afwyk van die sosiaal aanvaarbare norm (soos in die geval van die adolessent met anoreksia nervosa), weier die individu in baie gevalle om met die fisieke self gekonfronteer te word (soos in die geval dat die adolessent met anoreksia nervosa weier om haarself in die spieël te sien).

Die vraag is, indien die gestigmatiseerde persoon dit uiteindelik sou waag om 'n beeld van haar self te kry, hoe sou sy daarop reageer? Volgens Goffman (1963:9) het die adolessent met anoreksia nervosa in hierdie geval die keuse om 'n verandering aan te bring aan die fisieke self, soos om meer te eet, of in die geval van die geestelike en sosiale self te gaan vir

terapie ten einde die bepaalde gedrag te verander, of om te probeer om die situasie te verander. Vanuit die resultate van hierdie studie en die interpretasies waartoe gekom is, lyk dit asof bogenoemde opsies die keuse was van die adolessent wat besluit het om te herstel van anoreksia nervosa.

Vanuit die voorafgaande is dit dus duidelik dat hierdie navorsing nie noodwendig onvoorwaardelik sekere uitsprake van vorige navorsing met betrekking tot die fisieke self as redes en oorsake vir die adolessent met anoreksia nervosa se eetgedrag aanvaar nie. Die bydrae tot die teorie van hierdie navorsing lê veel eerder in die domein van 'n holistiese benadering, waar enkele aspekte nie as predisponerend tot die ontwikkeling van anoreksia nervosa gesien word nie, maar dat die verskynsel van anoreksia nervosa veel eerder binne die konteks van die adolessent se belewenis van haar self in interaksie met haar self en met ander gesien moet word.

7.4.5.4 Die rol van ander in die ontstaan en ontwikkeling van anoreksia nervosa by die vroulike adolessent

Daar is tydens adolessensie 'n natuurlike geneigdheid is om weg te beweeg van slegs die gesin as betekenisvolle ander se opinie, maar om ook toenemend die opinie van die portuurgroep as deel van die verwysingsgroep ander, asook die opinie van die massamedia as veralgemene ander as belangrik te ag (Thom *et al*, 1998:428). In aansluiting hiermee is dit ook duidelik dat die gesin as betekenisvolle ander, die portuurgroep as verwysingsgroep ander, maar ook die siening van die massamedia as veralgemene ander 'n invloed mag hê op adolessente se voedselkeuses en eetpatrone (Beals & Mannore, 1998; Field *et al*, 2001; Blades, 2001). Vanuit die literatuur met betrekking tot die adolessent met anoreksia nervosa is dit duidelik dat daar 'n groot groep navorsers is wat meen dat ander mense 'n belangrike rol speel in die ontstaan en ontwikkeling van anoreksia nervosa by die adolessent. Navorsers soos Hill en Bhatti (1995) en Byely *et al* (2000) is van mening dat veral die gesin as betekenisvolle ander 'n belangrike rol speel in die ontwikkeling van anoreksia nervosa, in die sin dat voedselkeuses en liggaamsmassa dikwels omstrede kwessies in 'n gesin is. Daarmee saam wys Bloom (1999) daarop dat ouers dikwels onredelike standaarde aan kinders stel en dat die adolessent later slegs sukses en tevredenheid kan ervaar op terreine waaroor sy self beheer het, soos oor haar eetgewoontes en liggaamsmassa en -grootte. Laastens is daar die groep navorsers wat meen dat die massamedia se siening asook die siening van die portuurgroep met betrekking tot 'n ideale figuur, 'n daadwerklike faktor mag

wees in die ontstaan en ontwikkeling van anoreksia nervosa by adolessente (Posavac *et al*, 1998).

Vanuit die resultate van hierdie navorsing was dit egter duidelik dat die oorsaak vir die ontstaan van anoreksia nervosa nie maar eenvoudig voor die deur van 'n enkele ander gelê kan word nie. Die portuurgroep as deel van die verwysingsgroep ander en massamedia as deel van die veralgemene ander speel waarskynlik slegs 'n rol tot die mate dat dit vir die adolessent met anoreksia nervosa 'n fisieke beeld daar stel waarteen sy haar eie fisieke self kan vergelyk. Kwessies of strydpunte in die gesin met betrekking tot liggaamsgrootte en – massa blyk egter deel te wees van die adolessent met anoreksia nervosa se gesinslewe. Daarmee saam was dit ook duidelik dat daar in die gesin van die adolessent met anoreksia nervosa klaarblyklik ook kwessies is met betrekking tot bepaalde geestelike eienskappe wat verkieslik is ten einde vir die huisgesin (en spesifiek die vader) aanvaarbaar te wees. Vanuit hierdie studie sou daar tot die gevolgtrekking gekom kan word dat die vader as betekenisvolle ander waarskynlik 'n rol te speel het in die ontstaan van anoreksia nervosa by die vroulike adolessent – in die sin dat die vader bepaalde sieninge met betrekking tot liggaamsgrootte en –massa handhaaf, asook dat hy bepaalde sieninge met betrekking tot voorkeureienskappe van mense handhaaf. Vir die adolessent met anoreksia nervosa gaan dit nie om die een of die ander nie, maar om die feit dat die een vir haar as bewys van die ander dien (dat haar maer liggaam aan die vader moet wys dat sy oor die voorkeur geestelike eienskappe beskik). Sonder om die rede vir die ontstaan van anoreksia nervosa slegs voor die vader as deel van die betekenisvolle ander te lê wil dit dus uit hierdie studie lyk asof die gesin, en spesifiek die vader as betekenisvolle ander 'n rol te speel het in die ontstaan van anoreksia nervosa by die vroulike adolessent. Dit lyk egter ook vanuit hierdie studie dat, soos wat die intensiteit van die siekte by die adolessent toeneem, die vader se opinie met betrekking tot hierdie nuwe liggaam wat glad nie meer aan die norm voldoen nie, toenemend minder belangrik word ten behoeve van die adolessent se eie kognitiewe redenasies met betrekking tot haarself. Die studie se bydrae tot die teorie met betrekking tot die rol van ander en spesifiek die rol van die gesin as betekenisvolle ander in die ontstaan van anoreksia nervosa lê dus op die vlak dat die gesin (en spesifiek die vader van die vroulike adolessent) waarskynlik 'n rol speel met betrekking tot die ontstaan van anoreksia nervosa, maar nie op die vlak waarop dit as die enigste of belangrikste oorsaak tot die ontstaan van die siekte gedien het nie.

7.5 AANBEVELINGS

Uit die resultate en gevolgtrekking van hierdie navorsing word gevolglik enkele aanbevelings gedoen.

7.5.1 Aanbevelings met betrekking tot navorsing op die gebied van eetversteurings met spesifieke verwysing na anoreksia nervosa

Die navorser is van mening dat die keuse van die bepaalde perspektiewe en gepaardgaande metodes meermale deur die voedingsnavorsers ingespan behoort te word in die bestudering van eetversteurings in die algemeen, maar ook in navorsing op die gebied van anoreksia nervosa. So 'n benadering gee aan die navorser die geleentheid om na die probleem in totaliteit te kyk sonder om slegs enkele faktore of oorsake uit te sonder. Dit gee ook aan die navorser die geleentheid om die verskynsel ryk te beskryf en begrip daarvoor te ontwikkel.

7.5.2 Aanbevelings met betrekking tot die terapeutiese program van die adolessent met anoreksia nervosa

Vanuit die resultate en interpretasies met betrekking tot elk van die drie respondente asook die uiteindelijke gevolgtrekkings waartoe gekom is, is dit duidelik dat die adolessent met anoreksia nervosa teen die einde van die siekte, glad nie ingestel is op enige terugvoering met betrekking tot haar fisieke self asook haar eetgewoontes nie. Sy glo steeds in haar eie siening, tree manipulerend op en het steeds die begeerte na kontrole en beheer.

Hoewel terapeute dus ferm behoort op te tree en nie manipulerende gedrag behoort toe te laat nie, sal enige negatiewe opmerkings oor die adolessent met anoreksia nervosa se fisieke self en eetgewoontes waarskynlik negatief beskou word. Die navorser is van mening dat daar in die terapie gesteun kan word op die adolessent met anoreksia nervosa se begeerte om kontrole te behou asook haar religieuse siening met betrekking tot voedsel in stede daarvan om dadelik net met voedingsterapie te begin. 'n Gevoel dat sy weer sukses behaal of kan behaal op die terreine van haar lewe en weer in beheer kan wees moet 'n praktiese bydrae maak tot die bereidwilligheid om weer te eet, terwyl die ervaring van die bystand van die Hoërhand moontlik die daaglikse stryd draagliker kan maak.



- BABBIE, E. 1989. *The practice of social research*. 5th ed. Belmont. Wadsworth.
- BABBIE, E & MOUTON, J. 2001. *The practice of social research*. Kaapstad. Oxford University Press.
- BARLOW, DH & DURAND, VM. 1999. *Abnormal psychology*. 2nd ed. Pacific Grove. Brooks, Cole.
- BARON, RA & BYRNE, D. 1987. *Social psychology: understanding human interaction*. 5th ed. Boston. Allyn and Bacon.
- BEALLS, KA & MANORE, MM. 1998. Nutritional status of female athletes with subclinical eating disorders. *Journal of the American Dietetic Association* 98(4): 419-425.
- BENOKRAITES, NV. 1999. *Marriages and families*. 3rd ed. Englewood Cliffs. Prentice-Hall.
- BLADES, M. 2001. Factors affecting what we eat. *Nutrition and Food Science* 31(2):71-74.
- BLOOM, ET. 1999. Combined effects of family systems and societal influences on eating behaviors. *PROGRESS: Family Systems Research and Therapy, Philips*. Summer:35-46.
- BURNS, RB. 1981. *The self concept*. 2nd ed. New York. Longman.
- BULLIK, CM, SULLIVAN, PF, FEAR, JL & PICKERING, F. 2000. Outcome of anorexia nervosa: eating attitudes, personality, and parental bonding. *International Journal of Eating Disorders* 28:139-147.
- BYELY, L, ARCHIBALD, AB, GRABER, J & BROOKS-GUNN, J. 2000. A prospective of familial and social influences on girls' body image an dieting. *International Journal of Eating Disorders* 28:155-164.

CARDELLO, AV. 1996. The role of the human senses in food acceptance. In Meiselman, HL & Macfie, HJH. *Food choice, acceptance and consumption*. Londen. Blackie Academic & Professional.

CHARON, JM. 1998. *Symbolic interaction*. 6th ed. New Jersey. Prentice-Hall.

CRESWELL, JW. 1998. *Quantitative inquiry and research design*. Londen. Sage.

DE KLERK, HM. 1995. 'n Sosiaal-sielkundige benadering tot die studie van menslike gedrag binne die huishoudkunde-studieveld. *Journal of Dietetics and Home Economics* 231:41-47.

DENNISSON, CM & SHEPHERD, R. 1995. Adolescent food choice: an application of the theory of planned behaviour. *Journal of Human Nutrition* 8:9-23.

DE VOS, AS. 2002. Qualitative data analysis and interpretation. In De Vos, AS. Strydom, H, Fouche, CB, Poggenpoel M & Schurink, EW. *Research at grass roots*. 2nd ed. Paarl. Van Schaik.

DORLAND'S POCKET MEDICAL DICTIONARY. 1982. 23rd ed. Londen. Saunders.

DREWNOWSKI, A, KURTH, CL. & KRAHN, DD. 1995. Effects of body image on dieting, exercise, and anabolic steroid use in adolescent males. *International Journal of Eating Disorders* 17(4):381-386.

ELDREDGE, K, WILSON, GT & WHALEY, A. 1990. Failure, self-evaluation, and feeling fat in women. *International Journal of Eating Disorders* 9 (1):37-50.

FABIAN, LJ & THOMPSON, JK. 1989. Body image and eating disturbances in young females. *International Journal of Eating Disorders* 8 (1): 63-74.

FESTINGER, L. 1954. *Human relations. Studies towards the integration of the social sciences*. Londen. Tavistock.

FIELD, CA, CAMARGO, CA, TAYLOR, CB, BERKEY, CS, ROBERTS, SB & COLDITZ, GA. 2001. Peer, parent, and media influences on the development of weight concerns and frequent dieting among preadolescents and adolescent girls and boys. *Pediatrics* 107:54.

- FIELDHOUSE, P. 1995. *Food and nutrition: customs and culture*. 2nd ed. London. Chapman & Hall.
- FURST, T, CONNORS, M, BISOGNI, CA, SOBAL, J & FALK, LW. 1996. Food choice: a conceptual model of the process. *Appetite* 26:247-266.
- GOFFMAN, E. 1963. *Stigma notes on the management of spoiled identity*. Englewood Cliffs. Prentice-Hall.
- GORMLY, VG & BRODZINSKY, DM. 1989. *Lifespan human development*. 4th ed. Chicago. Holt Rinehart Winston.
- GULAS, CS & McKEAGE, K. 2000. Extending social comparison: an examination of the unintended consequences of idealized advertising imagery. *Journal of Advertising* (2):17-38
- HEINBERG, LJ & THOMPSON, JK. 1992. Social comparison: gender, target importance ratings and relations to body image disturbance. *Journal of Social Behavior and Personality* 7: 335-344.
- HART, K & KENNY, ME. 1997. Adherence to the super woman idea and eating disorders symptoms among college woman. *A Journal of Research* 36 (7-8):461-479.
- HILL, AJ & BHATTI, R. 1995. Body shape perception and dieting in preadolescent British Asian girls: links with eating disorders. *International Journal of Eating Disorders* 17(2):175-183.
- INGERSOLL, GM & ORR, DP. 1998. Adolescents at risk. In Carlson J & Lewis, J. *Counseling the adolescent*. Denver. Love Publishing Company.
- JUNG, J, LENNON, SJ & RUDD, NA. 2001. Self-schema or self-discrepancy? Which best explains body image? *Clothing and Textiles Research Journal* 19:171-184.
- KAISER, SB. 1990. *The social psychology of clothing: symbolic appearances in context*. 2nd ed. New York. Macmillan.

KOWALSKI, KM. 2000. Focuses on the impact of eating habits on teenagers' overall health. Inset: Recognizing eating disorders. *Current Health* 27(4):6-12.

KRONDL, M & COLEMAN, MS. 1988. The role of food perception in food use. *Current concepts in Nutrition* 16:53-78.

KRUCKENBERG, HS. 1987. Judgement of body size and attractiveness by Mexican-American mothers and daughters. D Phil. Houston. University of Houston.

KVALE, S. 1996. *An introduction to qualitative interviewing*. Londen. Sage.

LANDRETH, S & BOWER, A. 2001. Is beauty best? Highly versus normally attractive models in advertising. *Journal of Advertising* 30:1-20.

LEEDY, PD. 1997. *Practical research planning and design*. 6th ed. Englewood Cliffs. Prentice Hall.

McCLELLAND, S. 2000. Distorted images: Western cultures are exporting their dangerous obsession with thinness. *MacLean's*:41-46.

McINTOSH, J. 1999. *Eating disorders and the role of the dietitian in patient care*. Kaapstad. (Versprei deur die outeur).

McKEE, LM & HARDEN, ML. 1990. Genetic and environment origins of food patterns. *Nutrition Today* Sept/Oct: 26-31.

MEAD, GH. 1934. *Mind, self, and society*. Chicago. University of Chicago Press.

MELAMED, T. 1994. Correlates of physical features: some gender differences. *Personality Individual Differences* 17(5):689-480.

MOORE, DC. 1993. Body image and eating behavior in adolescents. *Journal of the American College of Nutrition* 12(5):505-510.

MORGAN, JP, MARSDEN, P & LACEY, JH. 2000. "Spiritual starvation?" A case series concerning Christianity and eating disorders. *International Journal of Eating Disorders* 28: 476-480.

NEUMARK-SZTAINER, D & STOREY, M. 1998. Dieting and binge eating among adolescents: what do they really mean? *Journal of the American Dietetic Association* 98(4):446-450.

NEUMARK-SZTAINER, D, STOREY, M, PERRY, C & CASEY, MA. 1999. Factors influencing food choices of adolescents: findings from focus-group discussions with adolescents. *Journal of the American Dietetic Association* 99 (8):929-934.

NICHT, M. 2000. Listening to girls talk about their bodies. *Reclaiming Children and Youth* 9(3):182-188.

NORRIS, DL. 1986. Anorexia nervosa: the adolescent epidemic. *S A Tydskrif vir Voortgesette Geneeskundige Onderrig* 4:39-45.

ORBACH, S. 1985. Visibility / Invisibility: Social considerations in anorexia nervosa. In Emett, SW. *Theory and treatment of anorexia nervosa and bulimia*. Newyork. Brunner & Mazel.

PAXTON, SJ, SCHUTZ, HK, WERTHEIM, EH & MUIR, SL. 1999. Friendship clique and peer influences on body concerns, dietary restraint, extreme weight-loss behaviors, and binge eating in adolescent girls. *Journal of Abnormal Psychology* 108(2):255-266.

POSITION STATEMENT: 1992 of the American Dietetic Association: Nutrition intervention in the treatment of anorexia nervosa, bulimia nervosa, and binge eating. In *Journal of the American Dietetic Association* 94 (8):902-907 (1994).

POSITION STATEMENT: 1998 of the American Dietetic Association: Nutrition intervention in the treatment of anorexia nervosa, bulimia nervosa, and eating disorders not otherwise specified (EDNOS). In *Journal of the American Dietetic Association* 101(7):810-818 (2001).

POSOVAC, HD, POSOVAC, SS & POSOVAC, EJ. 1998. Exposure to media images of female attractiveness and concern with body weight among young women. *A Journal of Research* 38(3-4):187.

PRETORIUS, JVM. 1988. *Opvoeding, samelewing, jeug: 'n sosio-pedagogiek-leerboek*. 2 de uitgawe. Pretoria. JL van Schaik.

REIFF, DW & REIFF, KKL. 1992. *Eating disorders. Nutrition therapy in the recovery process*. Maryland. Aspen.

SCHMIDT, R. 1980. *Exploring religion*. Belmont. Wadsworth.

SCHNEIDER, LH, COOPER, SJ & HALMI, KA. 1989. The psychobiology of human eating disorders: preclinical and clinical perspectives. *Annals of the New York Academy of Sciences*. 575:13-30.

SCHURINK, EW. 1998. Deciding to use a qualitative research approach. In De Vos, AS, Strydom, H, Fouche, CB, Poggenpoel, M, Schurink, EW. *Research at grass roots*. Pretoria. JL van Schaik

SENEKAL, M, STEYN, NP, MASHEGO, TB & NEL, JH. 2001. Evaluation of body shape, eating disorders and weight management related parameters in black female students of rural and urban origins. *South African Journal of Psychology* 31(1):45-53.

SERPELL, L, TREASURE, J, TEASDALE, J & SULLIVAN, V. 1999. Anorexia nervosa: friend or foe. *International Journal of Eating Disorders* 25:177-186.

SHEPHERD, R, & SPARKS, P. 1994. Modelling food choice. In MACFIE, HJH & THOMSON, DMH. 1994. *Measurement of food preferences*. Londen. Springer-Verlag.

SLABBER, M. 1985. Anorexia nervosa. *Journal of Dietetics and Home Economics* 13(2): 55-59.

TAYLOR, CB, SHARPE, T, SHISLAK, C, BRYSON, S, ESTES, LS., GRAY, N, MCKNIGHT, K M, CRAGO, M, KRAEMER, H & KILLEN, JD. 1998. Factors with weight concerns in adolescent girls. *International Journal of Eating Disorders* 24: 31-42.

THOM, DP, LOUW, AE, VAN EDE, DM & FIRNS, I. 1998. Adolessensie. In Louw, DA, Van Ede, DM & Louw, AE. *Menslike ontwikkeling*. 3rd ed. Pretoria. Kagiso.



BYLAAG A

INLEIDING

Ten einde die resultate met betrekking tot die gestelde kategorieë (na aanleiding van die doelwitte) te kon bespreek, die interpretasie met betrekking tot elke respondent te kon doen en tot 'n gevolgtrekking te kon kom met betrekking tot die adolessent met anoreksia nervosa, is die volgende stappe gevolg:

1. VOORBEELD VAN OOP-KODERING VAN VERBATIMTRANSKRIPSIE VAN ONDERHOUD MET ELNA

Ten einde die oop-kodering te kon doen en resultate te kon bespreek is daar in die verbatim transkripsies gesoek na verifiërende stellings met betrekking tot die onderskeie kategorieë (sien onderstaande voorbeeld asook vetdruk). Mettertyd is daar ook subkategorieë geskep ten einde die data beter te organiseer.

1.1 KATEGORIEë EN SUBKATEGORIEë

- Die respondent se belewenis van haar fisieke self
- Die respondent se belewenis van haar sosiale self
- Die respondent se belewenis van haar geestelike self
 - ❖ reëls
 - ❖ beheer
 - ❖ perfeksionisties
 - ❖ obsessief
 - ❖ manipulerend
 - ❖ selfsugtig
 - ❖ krities
 - ❖ prestasie / prestasie
 - ❖ geloofsoortuiging / religieuse perspektief
 - ❖ innerlike sterkte

- ❖ deursettingsvermoë
- ❖ behoefte aan erkenning
- Die respondente se belewenis van haar self in interaksie met haar gesin as betekenisvolle ander
 - ❖ pa
 - ❖ ma
 - ❖ broers / susters
- Die respondente se belewenis van haar self in interaksie met die portuurgroep as verwysingsgroep ander
- Die respondente se belewenis van haar self in interaksie met haar sportafrigter as betekenisvolle ander (waar van toepassing)
- Die respondente se belewenis van haar self in interaksie met haar onderwysers as betekenisvolle ander (waar van toepassing)
- Die respondente se belewenis van haar self in interaksie met die media as veralgemene ander
 - ❖ tydskrifte
 - ❖ televisie
 - ❖ modebedryf
- Die respondente se belewenis van haar self in interaksie met stereotipe as veralgemene ander
- Die respondente se gebruik van haar liggaam as simbool van bepaalde aspekte van haar geestelike self
 - ❖ simbool van sukses / prestasie
 - ❖ simbool van mislukking
 - ❖ simbool van deursettingsvermoë / wilskrag
 - ❖ simbool van sekuriteit
- Die respondente se gebruik van voedsel as simbool van bepaalde aspekte van haar self
 - ❖ simbool van beloning / verdienste (wanneer reëls nagekom word)
 - ❖ simbool van gedissiplineerdheid / sterk wilskrag / selfbeheersing (die onthouding daarvan)
 - ❖ swakheid / mislukking
 - ❖ vrees / straf
- Die respondente se gebruik van self-attribusie in die begrip van haar self

THOMPSON, AM & CHAD, KE. 2000. The relationship of pubertal status to body image, social physique anxiety, preoccupation with weight and nutritional status in young females. *Canadian Journal of Public Health* 91(3):207-211.

TIGGEMANN, M. 1992. Body size dissatisfaction: an individual difference in age and gender, and relationship with self-esteem. *Personality and Individual Differences* 13(1):39-43.

TIGGEMANN, M & DYER, GM. 1995. Ideal body shape preferences and eating disorders scores in adolescent women. *Psychology and Health* 10:345-347.

TOUYZ, SW, BEAUMONT, PJV, COLLINS, JK, McCABE, M & JUPP, J. 1984. Body shape perception and its disturbance in anorexia nervosa. *British Journal of Psychiatry* 144:167-171.

VOHS, KD, BARDONE, AM, JOINER, TE & ABRAMSON, LY. 1999. *Journal of abnormal Psychology* 108(4):695-700.

WARDLAW, GM. 1999. *Perspectives in nutrition*. 4th ed. Boston. McGraw-Hill.

WARDLAW, GM & KESSEL, M. 2002. *Perspectives in nutrition*. 5th ed. Boston. McGraw-Hill.

WARDLE, J, MARSLAND, L, SHEIKH, Y, QUINN, M, PEDODROFF, I & OGDEN, J. 1992. Eating style and eating behaviour in adolescents. *Appetite* 18:167-183.

WAUGH, E & BULIK, CM. 1999. Offspring of women with eating disorders. *International Journal of Eating Disorders* 25:123-133.

WHITNEY, EN & ROLFES, SR. 1999. *Understanding nutrition*. 8th ed. Londen. Wadsworth.

WHITNEY, EN, CATALDO, CB, DEBRUYNE, LK & ROLFES, SR. 2001. *Nutrition for health and health care*. 6th ed. Londen. Wadsworth.

1.2 VOORBEELD VAN WERKSWYSE

En hoekom mag jy dit (die kos) nie geniet nie? Is dit 'n manier om ...

Ja dit is soort van jy wil **in beheer voel**. Dit is my gevoel as ek dit nou geniet gaan ek oor hierdie probleem kom en ek dink nie eintlik ek wil nie. Ja dit is so soort van 'n ontkenning. Ek weet nie regtig waarom nie. Selfs al het hul ... hul het allerhande goed soos muffins vir my gegee en dan lyk dit verskriklik lekker of "chocolates". Ek weet nie of hul dit daar gesit het om my **wilskrag** te toets nie. Maar die goeters is daar en dit lyk so lekker, maar as ek my neus toedruk en my rug daarop draai ... ek mag dit nie sien nie; ek mag dit nie ruik nie. Dit is net so ... ek weet ek sal dit nie eet nie, maar dit is net so ... erg.

En by die huis?

Ja. dit gaan net elke keer so oor en oor ... die hele siklus. Dit het net gevoel hul het my nie reg hanteer nie. As iemand my reg hanteer het sou ek seker daarvoor gekom het, maar omdat almal my heelyd dwing om te eet. Ek het net heelyd weer alles verloor en ek het skelm begin oefen. Toe het ek net heeltemal teruggeval in die ding. Dit het vir my ma hul so baie gekos ... soos 'n R1000 per aand om my in hierdie plek te hou met doktorskosse daarby ingesluit. Hul kon net niks meer doen nie. Die mediese fonds was uitgeput. Hul het my net gelos. Toe het ek net op my eie aangegaan. En toe het my ma ook net al hoe maerder begin word seker omdat sy bekommerd is oor haar kind. My pa het vir my gesê doen dit net ter wille van jou ma. Begin net eet. "Okay" al is ek my **ma se oogappel** en al is ek **so lief vir haar** en al het ons so 'n **goeie verhouding gehad**, ek kon net nie. Ek kan net nie myself oorreed nie. Ek en my ma het soos vreemdelinge vir mekaar geword, want my ma is kwaad vir my **en my pa verwyt** my en jy begin net al meer jouself onttrek en ek is heeltemal 'n ander persoon. Ek sal net heelyd sit in 'n ou bondeltjie op die plaas en al is ek is vreeslik lief vir diere want ek wou graag 'n veearts geword het. Ek stel nie belang in diere nie ... ag ek sal net so op die stoep sit. Almal kon verbygaan en almal kon maar verbygaan soos hulle wil. Omdat ek so depressief was en omdat ek so min eet. Ja.

Jy het netnou gesê as hul my net reg sou hanteer het. Ek weet jy het vertede keer ook 'n paar goed genoem oor hoe 'n terapeut behoort op te tree. Hoe sou jy wou hê hul moes optree?

Wat ek gevoel het, selfs toe ... toe ek net daar gesit het en ek was so jonk. As hul net nie

goed op my afdwing nie, want hul dink deur hierdie reëls en deur my in isolasie te sit, sal hul my straf maar omdat ek nou so 'n obsessie het, maak nie saak watter straf hul my gegee het nie. Hul het my byvoorbeeld gedreig ... vir my stories vertel en foto's gewys van meisies wat doodgaan. Dit het niks aan my gedoen nie. Dit het net vir my gevoel ... maak nie saak wat hul doen en waarmee hul my dreig nie. Dit gaan my nie help om daarvoor te kom nie. In elk geval ... ek weet nie hoe nie ... hul moet my nie bang maak en goed nie. Ek weet dit is seker maar bangmaak en realiteit maar ek het my nie daaraan gesteur nie. Ek het gevoel as ek doodgaan, "so what"! Net so lank ek net nie al die kos hoof te eet nie.

So sou jy sê as hul jou liewers kon oortuig of om uit jousef te begin eet het.

Ja, want weet mevrou wat nê? My ma hulle het my toe gelos. Want ek het mos aan die begin vertel daai "jelly-baby" was so 'n deurbraak. Dit het my seker ... ek dink dit was aan die einde standerd sewe, begin standerd agt - toe sê ek vir my mā: gee my net 'n karis. Ek het nog steeds feitlik niks geëet nie. Ek het toe darem 40 kg geweeg. Gee net weer vir my 'n kans dan sal ek julle wys. **As ek net weer my sport kon terugkry, dan sou ek 'n bietjie meer begin eet. Toe het ek my later begin oortuig as ek ten minste spiere het en nie vet nie dan is ek nog steeds aanvaarbaar. So ek kan 'n bietjie meer weeg, maar dan moet alles spiere wees ... niks vet nie.** So toe het ek met my ma 'n kompromie aangegaan: as ek my sport kon terugkry, dan sou ek meer eet. Want jy weet ek het geglo solank as ek net spiere kry dan - dan is dit reg. Ja toe het ek so stelselmatig ... toe het ek weer begin oefen maar dit was vir my sleg gewees want almal doen so goed en ek weet ek het natuurlike talent en hier is ek hier agter. En so stelselmatig as ek kompetisies doen en ek "perform" nie ... toe het ek besef. Toe het ek baie sportvoedinglesings en goeters bygewoon. **Toe het ek later begin besef ek moet meer begin eet as ek wil "perform". Toe het ek die atletiek daar gesit as 'n beloning. As ek net beter kan begin word ... en daarom sal ek eet.** So aan die einde van standerd nege het ek so begin eet ... nie eet-eet nie maar soos wat ek geoefen het moes ek meer gereeld eet om "carbo loading" te doen en goed so dat die obsessie half natuurlik begin weggaan het. Ek weet nie of die obsessie natuurlik weggegaan het nie, want dit is nog steeds daar al die gedagtes en neigings en elke keer as ek iets eet voel ek skuldig. Ek kan byvoorbeeld een "swee" eet, maar ek het nog steeds vir myself gesê kos, nie sweets nie. In matriek kon ek sê as ek iets eet het ek nie so erg skuldig gevoel as vroeër nie. En ek dink so het dit net stelselmatig beter en beter en beter gegaan. Wel ek het nog steeds sekere goed wat ek moes terughou. Ek dink in 'n mate as 'n mens iets vir 'n persoon kan kry wat vir 'n persoon 'n beloning is of iets wat vir hom so waardevol was soos my atletiek. Dit is seker individueel. Dit was vir my so waardevol omdat ek **so prestasie**

ingestel is, was dit vir my soort van die ding as hul miskien dit gebruik het om my te motiveer, sou ek miskien vinniger daaruit gekom het en sou daar minder skade gewees het want ek het eers in matriek begin menstrueer en sulke goeters en osteoporose en al daai klas van goeters het hul vir my gesê gaan 'n probleem wees en ek het seker nog steeds nierskade oorgehou of sulke goeters. Ek weet nie hoe alles in mekaar steek nie, maar, ja ...

So jy sal sê dit is 'n baie beter benadering om iemand positief te benader en 'n beloning wat vir haar belangrik is as vooruitsig te stel as die wegneem, die negatiewe?

Dit hang seker van persoon tot persoon af maar my persoonlikheid is van so 'n aard omdat ek so **prestasië-gerig** was dat dit nou regtig vir my 'n beloning was. Dit is vir my 'n beloning om weer goed te doen in sport en akademie. Toe hul vir my gesê het hul vat my boeke van my af ... dit was net vir my verskriklik want omdat ek nie meer my sport gehad het nie, het ek gedink ek het darem nog die beloning om te swot en goed te kan doen aan die einde van die kwartaal. Met sekere persone werk dit seker om dinge weg te neem ... die negatiewe. As ek daar in my bed lê, het ek altyd gedink: as hul my net anders hanteer. As hul my net meer volwasse ... "Oay" ek reageer soos 'n kind seker maar dit het vir my gevoel as hul my net meer inspraak gee in my kondisie in want soos van die psigiater vra vrae en hy sal nooit terugvoer gee nie. Hy het altyd met my ma ... hulle agter geslote deure gepraat. Daar is nooit met my persoonlik ... soos van ek is daar eenkant. In sielkunde leer 'n mens dat in **gesinsverband moet 'n mens probleme hanteer. Hul haal my daaruit en sodra hul my terugsit in die omgewing is ek weer dieselfde.** Hul het my nooit in konteks behandel nie. As hul my net anders behandel het. **My pa is ook ... jy weet hy is moeilik. Ek dink nog steeds alles het daar begin. Hy was nie iemand wat ... ek weet nie hoe om dit te sê nie en ek wil nie rêrig oor hom praat nie. Hy was verseker moeilik. Hy het my ook seker op daardie stadium verwerp.** Die psigiater het 'n manier gehad van werk. In elk geval as ek net ingetrek kon word sou dit soveel makliker gewees het om weer daar uit te kom want toe ek ... ek het eers gewerk en toe is ek in Tzaneen die jaar na matriek. **Toe is ek weg van my ouers en goed en toe het dit net weer vir my gevoel ek het nie beheer nie ... ek het beheer oor niks nie.** En toe het al daai neigings weer begin terugkom, maar toe ek universiteit toe gekom het het dit weer vir my beter geword. Ek het daardie jaar gevoel ek werk in 'n "gym" en daar is geen uitdaging vir my nie. Ek kan in niks presteer nie en toe ek nou weer op universiteit kom het hierdie obsessie met kos verdwyn want toe kan ek darem weer **presteer**, want dit was sleg. Niemand ken my nie ... op ons dorp weet hul Elna is dit en dit en dit. Hier is ek in hierdie vreemde situasie en niemand ken my nie. Dit voel vir my asof ek my soort van moet bewys en ek kan nie. Dan voel jy **buite beheer** en dan het ek weer

terug gegaan daarheen. Die neiging was daar, maar ek het darem nie weer teruggeval in iets nie. In my eerste jaar is my ouers mos geskei. Gelukkig het ek toe vir Francois ontmoet. Ek weet ... ek ken myself ... as ek alleen was, want nou is my ouers besig om te skei en dit voel asof ek nie in beheer is nie. Dit voel dis my skuld dat hul skei en goeters ... dan sou ek seker weer daarin verval het.

Hoekom dink jy dis jou skuld dat hul skei?

Ag van kleins af of dit het seker maar begin by die sielkundige wat gesê het dat dit **my pa se skuld** is dat ek siek is. So ek het heelyd gedink dit is my skuld. Heelyd in jou agterkop dink jy seker maar dit is jou skuld. En in my eerste jaar as ek nie ondersteuning gehad het nie en as ek nie werklik geglo het of oortuig was dat dit nie my skuld is nie het ek seker soos in weer daarin geval. Maar ek kan nou ... dit sal nie ooit weer met my gebeur nie, want goeie ondersteuning is belangrik want toe ek in daardie situasie was lank terug, want my ma hulle het my nie ondersteun nie; ek het my sussie glad nie meer gesien nie; **my Pa wou eintlik glad nie met my praat nie** en omdat ek myself so onttrek het en depressief was en apaties is en so was dit seker nie lekker om saam met my te wees nie alhoewel ek soms sulke maniese gedrag gehad het ... as 'n mens depressief is is jy mos soms manies. Dan het ek partykeer sulke gedrag gehad ... dan sal my ma sê hier is my kind terug, maar dit is net vir 'n halwe uur. Na alles het ek nog steeds so 'n depressiewe houding. Ek was nog nooit ... 'n mens kan nie eintlik sê nie ... ek was nog nooit weer myself nie. Ek het redelik idees oor hoe ek was en hoe ek is en so ek dink soos ek was ... ek is nie meer so nie. En die ding van ... ek is so onseker ... ek was baie populêr en ek was baie goed in atletiek en baie goed in akademie en toe was ek nou hierdie 3 maande of 4 maande (as jy alles bymekaar tel) uit die skool uit. Toe ek terugkom was ek baie onseker oor myself en ek weet nie of die hoof nou met almal gepraat het ...vroeg die oggend en gesê het ek kom nou terug, maak dit nou net vir my aangenaam. Jy weet maar ek was so onseker oor myself en van toe af ... jy is net nie meer spontaan nie. Vir 4 maande was jy weg en nou is jy weer terug. Almal reageer anders op jou. So, jy weet, dit is moeilik om weer vriende te maak, want 'n mens kan nie net weer die bande optel nie.

As voorbeeld van Elna se belewenis van haar geestelike self en haar belewenis van haar self in interaksie met die gesin as betekenisvolle ander asook die gebruik van self-attribusie in die belewenis van haar self, word die volgende voorbeelde aangehaal:

- Voorbeeld van Elna se belewenis van haar geestelike self:

Beheer

Toe is ek weg van my ouers en goed en toe het dit net weer vir my gevoel ek het nie beheer nie ... ek het beheer oor niks nie. En toe het al daai neigings weer begin terugkom

Prestasie

Ek kan in niks presteer nie en toe ek nou weer op universiteit kom het hierdie obsessie met kos verdwyn want toe kan ek darem weer presteer,

Dit hang seker van persoon tot persoon af maar my persoonlikheid is van so 'n aard omdat ek so prestasie-gerig was dat dit nou regtig vir my 'n beloning was. Dit is vir my 'n beloning om weer goed te doen in sport en akademie.

Wilskrag

Ek weet nie of hul dit daar gesit het om my wilskrag te toets nie. Maar die goeters is daar en dit lyk so lekker, maar as ek my neus toedruk en my rug daarop draai ... ek mag dit nie sien nie; ek mag dit nie ruik nie. Dit is net so ... ek weet ek sal dit nie eet nie, maar dit is net so ... erg.

- Voorbeeld van Elna se belewenis van haar self in interaksie met die gesin as betekenisvolle ander

Pa

... my pa wou eintlik glad nie met my praat nie en omdat ek myself so onttrek het en depressief was en apaties is en so was dit seker nie lekker om saam met my te wees nie ...

Ag van kleins af of dit het seker maar begin by die sielkundige wat gesê het dat dit my pa se skuld is dat ek siek is

My pa is ook ... jy weet hy is moeilik. Ek dink nog steeds alles het daar begin. Hy was nie iemand wat ... ek weet nie hoe om dit te sê nie en ek wil nie rêrig oor hom praat nie. Hy was verseker moeilik. Hy het my ook seker op daardie stadium verwerp.

Ma

“Okay” al is ek my ma se oogappel en al is ek so lief vir haar en al het ons so ‘n goeie verhouding gehad, ek kon net nie. Ek kan net nie myself oorreed nie.

- Voorbeeld van Elna se gebruik van self-attribusie in die belewenis van haar self

Toe het ek later begin beseef ek moet meer begin eet as ek wil “perform”. Toe het ek die atletiek daar gesit as ‘n beloning. As ek net beter kan begin word ... en daarom sal ek eet.

Bogenoemde metode is met betrekking tot al die ander kategorieë gedoen. In sommige gevalle is daar ook gebruik gemaak van subkategorieë. Die subkategorieë het gedien as ‘n aanvanklike stap vir meer effektiewe data-organisering.

2. DIE SKRYF VAN INTERPRETASIES

Ten einde die aksiale kodering te kon doen en die interpretasies met betrekking tot elke respondent te kon doen, is daar is gekyk na elke respondent in geheel. Die verloop van die siekte en die verweefdheid van al die faktore wat moontlik ‘n rol in haar selfbelewenis gehad het, is in aanmerking geneem. Dit is nie gedoen in volgorde van die bespreking van die resultate nie en die doelwitte is nie afsonderlik bespreek nie om sodoende ‘n breër oorsig van die respondent te kry.

- Voorbeeld van interpretasie met betrekking tot Elna

Vanuit die vorige is dit duidelik dat self-attribusie ook ‘n belangrike rol in haar belewenis van haarself gespeel het. Soos reeds gesê, het sy haar fisieke self as simbool van bepaalde aspekte van die geestelike self gebruik. Sy is gedurig in gesprek met haarself en probeer haar gedrag en eetgedrag regverdig en verstaan. Om voedsel te eet, het sy geredeneer, sou ‘n aanduiding wees dat sy besig was om beheer te verloor oor haar eetgedrag. Daarom mag sy dit nooit geniet het nie en moes sy altyd daarvan oorlos op haar bord. Indien sy nie kon volhard om reëls na te kom nie, sal dit ‘n aanduiding wees dat sy nie innerlik so sterk is nie. Sy het dit ook vir haarself uitgemaak dat haar siekte en alles wat daarmee gepaardgaan, toegeskryf kon word aan haar pa se toedoen. Sy het ook moontlik attribusie gebruik tydens die herstelproses deur die eet van voedsel te sien as ‘n wyse om weer te presteer in atletiek. Op die manier kon sy haarself oorreed om wel te eet.

Dit blyk egter uit die bespreking dat die gesin 'n beduidende rol gespeel het in die belewenis van haar geestelike self. Haar vader wat baie uitgesproke was oor sy siening oor oormassa het 'n groot invloed op haar gehad en sy het hom dikwels geassosieer met alles wat sleg was in haar lewe. Wat haar pa betref het sy het ook totale verwerping beleef. Haar ma kon ook moontlik 'n rol gespeel het in die etiologie van die siekte deur haar eie gesentreerdheid rondom en die beklemtoning van 'n maer figuur as die aanvaarbare sosiale simbool. Deur haar uitgeteerde liggaam wou Elna moontlik aan haar pa iets toon van haar sterk wil en het sy haar ouers in 'n groot mate gemanipuleer. Moontlik wou sy ook emosies van opstand daardeur demonstreer. Weereens is dit 'n bewys van die sterk verband wat getrek kan word tussen die belewenis van die fisieke en geestelike self.

3. DIE MAAK VAN GEVOLGTREKKINGS MET BETREKKING TOT DIE DRIE RESPONDENTE

Ten einde die selektiewe (tema-kodering) te kon doen of gevolgtrekkings te kon maak, is die interpretasies van al drie respondente in ag geneem en is die mees uitstaande aspekte bespreek en met die teorie in verband gebring.